UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFDELING C.

## DIE PERIODE 1800 - 1825.

## PREDIKERS EN HUL PREDIKING ONDER INVLOED VAN DIE SUPRA-NATURALISME.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 16.

## KERK EN PREDIKING IN NEDERLAND.

### Die leer van die Verligting.

As 'n koue regsinnigheid in die kerk heers, kom daar gewoonlik verset van twee kante af, beide van die gevoel en van die intellek. Toe die leer oorskat word ten koste van die lewe het die Piëtisme, die Labadisme en Metodisme hul verskyning gemaak om die waarde van die gemoedslewe te beklemtoon. Maar daar was ook 'n tweede reaksie, die bevryding van die kluisters wat die rede aan bande gelê het, soos in die Deisme en Rasionalisme gekenmerk. Van die middel van die agtiende eeu reeds is daar klein stroompies van onregsinnigheid telkens uit die breë rivier van Dordt uitgekeer, wat met die verloop van jare groter afmetings sou aanneem tot onnoembare skade van die kerklike lewe van Nederland.

Die staatkundige omwentelinge het groteliks daartoe bygedra om die land vir vreemde geestesrigtinge ryp te maak en die ongeloof in die hand te werk. Toe die Franse in 1795 Nederland in besit neem en Prins Willem V na Engeland vlug, het die Bataafse Republiek aan bewind gekom. Die kreet van vryheid, gelykheid en broederskap het orals weerklink, maar hierdie mooiklinkende beloftes het die Nederlanders suur bekom. Familietekens is van die huise se gewels verwyder, omdat dit 'n meerwaardigheid bo andere betuig. Om dieselfde rede is graftombes geskend. Ds. Floh val die Heidelbergse Kategismus aan waar dit leer dat die mens van nature geneig is om God en sy medemens te haat, as in stryd synde met die broederskap-idee. 1)

Deur 'n dekreet van die Nasionale konvensie (1796) word staat en kerk tans definitief geskei. Sondag is nie

meer/........

1) Ypey en Dermout a.w. IV.175.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer heiliger as ander dae nie; leraars moet trou sweer aan die staat; die Regering betaal nie meer die traktement van die predikante nie; die Nederlandse Hervormde Kerk is dus nie meer staatskerk nie. 1) Die eiendomme wat die kerk na 1581 in besit gekry het, word die gesamentlike besit van die ingesetenes en deur die beginsel van naasting verdeel onder alle kerke. „Allerdonkerst waren nu de uitzigten der Hervormde Kerk van Nederland; zy scheen geheel ten ondergang te hellen." 2)

Die veroweraars het veral 'n totale omwenteling van begrippe onder die volk gebring. Frankryk het nie slegs sy ongeloof geïmporteer nie, maar die deur wyd oopgesit vir die Engelse Deïsme en die Duitse Rasionalisme. Die aanbidding van die Rede het nou sy koue asem oor die kerk geblaas. Onder die leuse van verligting en veredeling stel hulle die intellek in die plek van Gods Woord, die wonder word verwyder, die verlossing heet verligting, die geloof verstandsoortuiging, die bekering verbetering, Christus is 'n sedeleraar, die kerk 'n verbeteringshuis, die doop 'n formaliteit en die nagmaal 'n broederfees. 3) Op Kersdag word nou gepreek oor die waarde van stalvoer, op Palmsondag oor die skend van bome en op Paassondag oor die skyndood. 4)

Die gevolg van die skeiding van die Kerk en Staat was dat die vryere denkbeelde gouer 'n vrugbare bodem gevind het. Die staat het egter nog nie heeltemal sy hand van die kerk afgehou nie. Toe Napoleon verslaan is en Koning Willem na sy vaderland terugkeer, is deur sy bemoeiing „De Algemeen Reglement van het Ned. Herv. Kerk-genootschap" vasgestel, wat die ou Kerkorde van 1618 moes vervang. „De inhoud van dit/.......

---

1) De toestand der Gereformeerde kerk in de Nederlanden, K.B. 1854.227.

2) Ypey en Dermout a.w. IV.172.

3) Vos a.w. 410.

4) S.D. Van Veen: Eene Eeu van Worsteling (Groningen, 1904), 15.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit reglement, dat onwettig in de wereld kwam, was anti-gereformeerd; het keerde de Calvinistische beginselen om." [1) ] Die jaar daarna word 'n Sinode gehou. Een belangrike besluit hier was dat die ondertekeningsformulier vir aankomende leraars gewysig word in dié voege dat die ondertekenaars nie meer verplig was tot ondertekening van die formuliere nie omdat maar in soverre dit met die Woord van God ooreenkom. Met hierdie verandering is die leuen 'n patent gegee om ongehinderd die oopgesette deur van die Kerk binne te gaan. Die belydenisskrifte is in die formule opsetlik geswyg, sodat die ondertekenaar self moes weet welke belydenisskrifte hy bedoel en in hoeverre dit na sy mening met Gods Woord ooreenstem. Die manne van allerlei rigting wat reeds was of later nog sou kom, kon dus almal 'n plek vind onder dieselfde kerkverband. [2)]

Die toonaangewende party was ewewel met hierdie toestand uitnemend tevrede. „By den aanvang van de 19e Eeuw was het meerendeel der godgeleerden en predikanten werkelijk heterodox in hun verklaring der leer van Dordrecht, geneigd om bezadigd de vryheid des geloofs en ware verlichting te verbreiden." [3)]

Daar is egter ook ligpunte in hierdie periode. Een van die gunstige uitwerkinge van die broederskap-idee was dat minder twiste onder die teoloë geheers het. In 1797 het daar ook via Engeland 'n ontwaking op sendinggebied gekom en is 'n genootskap gestig om sendelinge voor te berei en uit te stuur na die heidene. 'n Beter manier van prediking sou ook ontstaan, soos ons later sal sien.

Die/.......

---

1) F. van Kooij: Geschiedenis der Christelijke kerk, 463.

2) Idem, 464.

3) Reitsma a.w. 353.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die opkoms van die Supra-naturalisme.

Teen die koue godsdiens van die Rasionalisme het daar ook verset gekom. Die Supra-naturalisme sien die noodsaaklikheid van die besondere openbaring in, die leer wat deur Jesus Christus gegee en deur wondere en van Godsmanne bevestig is. Hulle wil 'n lansie breek vir die goeie reg van die geopenbaarde godsdiens. Tog verval hulle nou weer in 'n ander uiterste deurdat hulle verdedigend optree en die waarheid aanbeveel vanweë sy nuttigheid. Die Bybel word as boek nie verwerp nie, maar gedurig aan die rede getoets. Die rede is nog goed en gaaf en het slegs voorligting van die Heilige Gees nodig. Van God word nou as 'n Opperwese gepraat. Deug bestaan uit burgerlike braafheid en van „plig" en „deug" hoor 'n mens dikwels.

Luister net na die klanke van die supra-naturele godsdiens in Gesang 74 vers 2 van die Nuwe Gesangboek:

De deugd, O ja! ik vind ze schoon,
Zy strekt zich zelv' ten grooten loon.
Ik volg haar pad met vreugd en moed;
Ik weet dat, die geen zonde doet,
Die zyne plichten niet vergeet,
Met reden hoogst gelukkig heet."

Hier word die burgerlike braafheid na supra-naturalistiese sin verheerlik. [1)]

'n Ander kenmerk van hierdie leer is die pleidooi vir toleransie. In 1760 reeds het prof. E. Hollebeek met 'n gevoel van droefheid 'n Latynse redevoering gegee oor „den bedorven toestand van het hedendaagsche Christendom in de Nederlanden", waarin hy ween oor die twisgierigheid van die teoloë waar hulle nie alleen mekaar beskuldig van onregsinnigheid nie, maar mekaar die hatelikste skelwoorde na

die/.......

---

1) Van Veen a.w. 16.

© University of Pretoria

die hoof slinger. Hierdie wekroep van verdraagsaamheid is dikwels gehoor en dié vlag moes heelwat oneerlike lading dek. Hollebeek self het nie meer vierkant by Dordt gestaan nie. Daar was selfs eenkeer 'n poging om die leer van die kerk te verenig met die Remonstrantisme, alles onder die dekmantel van toleransie. Gysbert Bonnet staan hulle egter teen. In 1766 lewer hy sy rede oor „die verkeerde en nadelige strekking van 'n godsdienstige verdraagsaamheid", waarin hy dié oordrewe opvattings bekamp. Hy bestraf veral Voltaire se beskouing wat die broederskap toereik aan heiden, Jood en Mohammedaan. [1] Canzuis se poging om alle gesindtes in een vereniging „Christo Sacrum" saam te vat, blyk wel 'n mislukking te wees, [2] maar is 'n teken van die tyd. Almal wat die ou pad van Dordt verdedig is volgens hierdie nuwe rigting O, so onverdraagsaam, maar die liberales wat die duurgekoopte belydenis vertrap, ja, <u>hulle</u> besit die monopolie van christelike verdraagsaamheid en toleransie.

Die Supra-naturaliste het die ortodoksie verlaat en aan die kerklike dogmata 'n verswakte betekenis gegee, Hierdie teologiese rigting het byna die hele kerk in Nederland die eerste helfte van die neëntiende eeu beheers. Van die leiers word gesê: „Byna alle godgeleerden en predikanten stonden op een rationeel-supranaturalistisch standpunt" [3] en van die gewone lidmate: „Het confessionele standpunt van de meeste leden der onderscheidene kerken was zoo al niet geheel weggezonken, dan toch zeer wankel geworden." [4]

'n/.........

1) Ypey en Dermout a.w. III.532.

2) Reitsma a.w. 350

3) Reitsma a.w. 364.

4) Van Veen a.w. 18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Nuwe preekmetode.

Op hierdie stadium is dit interessant hoe die prediking by die geestelike dampkring aangepas en in welke vorm dit tot die volk gekom het. Daar het 'n verandering ten goede in die preekwyse gekom, dank sy invloede wat van Engeland se kant op Nederland ingewerk het. Engelse predikers soos Tillotson, 1) Watts 2) en Doddridge 3) het hul boodskappe vir die gemeente planmatig en bevattelik ingerig en lewendig voorgedra. Die waarheid van die teks word met weinige hoofpunte saamgevat, ordelik betoog en met alle nadruk op die harte van die hoorders toegepas. Dit was 'n nova methodus in die evangelieprediking en het die naam gekry van die „Engelse metode", in vergelyking met die ou Hollandse of analitiese metode wat in oneindige onderverdelinge en langdradigheid verval het.

Aan Ewaldus Hollebeek ( + 1796) kom die eer toe om in Nederland baanbreker op hierdie terrein te wees. Die verbetering het nie met 'n towerslag gekom nie, want voor hom was daar o.a. Leydekker en Jacobus Hinlopen wat voor-

bereidend/......

---

1) Van John Tillotson, Aartsbiskop van Canterbury, word gesê dat hy die klem laat val het „on reason rather than faith, moral character rather than religious experience, and under the influence of science and philosophy, the Christian message was rationalised and moralised." Garvie: The Christian Preacher, 162.

2) Isaac Watts was veral himnoloog, maar sy preke is nie poëties of emosioneel aangelê nie. Hy en Doddridge was in teenstelling met Tillotson evangelies van inslag. Garvie a.w. 166.

3) Die „Z.A. Christelijke Boekvereeniging", waarvan dr. A. Faure die leier was, gee in 1858 by N.H. Marais 'n vertaling uit „Oorsprong en Voortgang van ware godsdienstigheid in Menschen ziel door P. Doddridge, in leven Doctor in de H. Godgeleerdheid en Gereformeerd Predikant te Northampton," waarin die metode van die skrywer duidelik vertoon word. „His sermons are judicious rather than weighty in thought, evangelical in theology, clear in order and style, but with no special unction or eloquence." Garvie a.w. 166.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bereidend gewerk het, maar Hollebeek was die eerste om vaste vorm aan die sg. sintetiese of Engelse metode te gee en 'n ywerige pleitbesorger daarvoor te word. Hy was van 1752 - 1762 professor in Groningen, maar het later 'n leerstoel in Leiden beklee. In 1768 gee hy sy drie <u>dissertationes</u> uit „de optimo concionum genere, quibus ea divinas literas e suggestu sacro exponendi methodus, quae vulgo Anglicana dicitur, modeste defenditur" waarin hy 'n lansie breek vir die bogenoemde Engelse preekwyse. Hy wil geen oppervlakkige verklaring van die teks nie, maar wel dat die uitlê van bekende sake of vertoon van geleerdheid vermy moet word, sodat die verklaring alleen sou strek om die sake in die teks toe te lig, te bewys en te verdedig. As voorbeeld gee hy twee sketse oor Luk. 24 v. 13 - 17, die een volgens die analitiese en die ander volgens die sintetiese metode bewerk. [1)]

Daar het egter heftige teenkanting teen die nuwe orientering opgevlam, sodat die nuwe metode langsaam ingang gevind het. Die kerk het reeds gewoon geraak aan die oue en die kerk in sy aard konserwatief. Wat meer is, Remonstrante en Doopsgesindes het hierdie nuwe weg opgegaan en van ketters kan niks goeds verwag word nie. Verder was die kerk bang vir moraalprediking wat gedurig van plig en deug praat en wat naby aan die leer van goeie werke grens. Ten laaste, in woorde van ds. ~~Michael~~ Verboom, die nuwe preekwyse sal „leuije herders en domme leeken" maak. [2)]

Verskeie geeste het Hollebeek gevolg, maar nie daarvan 'n sukses gemaak nie. S.H. Manger, akademieprediker in Francken moes selfs daarom sy betrekking bedank.

Paulus Chevallier (+ 1795), professor van Groningen, was dit roerend eens met Hollebeek, soos blyk uit/.......

---

1) Hartog a.w. 233 - 238.

2) de Bie en Loosjes a.w. IV. 170 - 172.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit sy „Ordo lectionum" van 1771 en 1772, waar agter sy naam opgeteken staan: „artis homileticae praecepta cum ad Methodum, quae nostratibus cum maxime recepta est, tum ad eam, quae liberior sive Anglicana vocatur, ad temperata, exponet, illorum praxin sermone ad calamum dictandis, illustraturus." Voor hierdie woorde egter op die series gepryk het, het van hom verskyn „Zestal van Kerkelyke Redevoeringen over zommige algemene gronden der zedeleere" (1770), 'n praktiese proewe van die aangeprese metode. 1) Hy wil die „vrijere predikstijl" van die Engelse invoer en ywer vir die behartiging van die Christelike sedeleer op die kansel. Sy toepassinge veral getuig van warmte en krag en sy taal was indrukwekkend. Maar die skaduwee-sy van sy prediking of redevoeringe was dat dit nie vry te pleit was van „eene doode naturalistische moraal" nie en dat hy te veel aandag skenk aan die „gesonde rede". Die geleerdheid en gerektheid wat ander leraars vir die verklaring van die woorde ten toon sprei, word by hom in sy lange toepassinge gevind en was baie droog. Die Achilleshak van die sintetiese metode word duidelik in sy predikasie oor Joh. 7 v. 46 gesien, waar die teks tersy gelê en oor ander sake gepraat word, wat gladnie by die stof pas nie. Sy preke word dan meer redevoeringe, wysgeriggetinte verhandelinge. 2)

Waar die ontleding van die teks ook nie streng gevolg word nie, is daar meer kans om eie gedagtes en ketterye in die preek te vleg. Ypey en Dermout sê: „allen waren afgeweken van de leer der Hervormde kerk...... doortrokken van Pelagiaansche, Sociniaansche en, hetgene meer is, jezuitische grondbeginzelen." Die skrywers gaan egter/..........

1) de Bie en Loosjes a.w. II. 45 - 51.

2) Hartog a.w. 241 - 243.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egter 'n bietjie te ver wanneer hulle van Hollebeek en Chevallier as „vuile Arminianen" praat. [1] Vos beweer dat die sintetiese metode nooit in die hart van die regsinniges geval het nie; „vooral de ketterijen, in de naar die methode bewerkte preeken van P. Chevallier, Hoogleraar te Groningen, ontdekt of gewaand, maakten veler afkeerigheid van haar steeds grooter." [2] Gelukkig vir Hollebeek dat hy nie alleen van Chevallier afhanklik was om sy metode te propageer nie, want dan sou hy swak gevaar het. Daar was beter vertolkers daarvan as Chevallier.

Jodocus Heringa E/S, hoogleraar aan die Utrechtse Hoëskool (+ 1840), het nie slegs lesings in die homiletiek gegee nie, maar meesal elke Sondag voor die gemeente opgetree en dus die praktyk by die teorie gevoeg. Saam met proff. H.J. Rooyaards, H.E. Vinke en H. Bouwman het hy meegewerk om 'n groot aantal Suid-Afrikaanse studente vir die evangeliebediening te vorm. Heringa was 'n leerling van Chevallier en, al het hy nie redevoeringe in plaas van leerredene gegee nie, dwaal hy tog dikwels op die grens van sintetiese algemeenheid. Sy „Tiental Leerredenen ter aanprijzing van Christelijke deugden" is daardeur ontsier, want die teksverband word byna nie in ag geneem nie. Sy aanprysing van die <u>Christelike</u> deug, selfs met tekste uit die Ou Testament doen ook nie aangenaam aan nie. Van veel groter waarde is sy „Bybeloefeningen". Die Sinode van 1817 het aanbeveel dat hierdie rigting gevolg moet word en Heringa was die eerste om sodanige „Oefeningen" te publiseer (1808). [3]

Dit is te verwag dat onder die leerlinge van Hollebeek meer dan een hom in die besonder sou toelê op die moraal. Ewaldus Kist het veral hierin uitgeblink. Sy

krag/.......

---

1) a.w. III. 488.

2) a.w. 299.

3) Hartog a.w. 279, 280.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



krag het gelê op die terrein van die lewensleer, sonder dat hy die geloofsleer onreg aangedoen het. As dissipel van Hollebeek het hy geleer om hom te wag vir die breedsprakigheid van die ontledende metode en die sintese te hulp te roep, maar hy het nie geweld gedoen aan die teks nie. Daarby was Kist nie onregsinnig in die leer nie. Hy het baie preke in die lig gestuur, eintlik te veel, maar het groot invloed uitgeoefen. 1) Sy groot verdienste lê hierin dat hy geloof en lewe verenig het. Van der Palm het getuig dat Kist hom gedurig tot model was. 2)

Die analities-sintetiese metode.

Onder die indruk van die nie-gelukkige wyse waarop die sintetiese metode ingelui is, voel Gysbertus Bonnet (+ 1805) die noodsaaklikheid om 'n ander weg in te slaan. Hy was hoogleraar aan die Universiteit van Utrecht waar ds. M.C. Vos o.a. aan sy voete gesit het. Die verkeerde waartoe én analise én sintese dit kan bring sien hy in en probeer om die uiterstes van albei te vermy en 'n middeweg te soek. 3) Hy het teruggekeer tot Chrysostomus en tot die ou Hollandse metode, maar die sintetiese element belangrik verbeter wat dit in eenheid en krag laat toeneem het. In 1774 gee hy 'n versameling van leerredene uit om 'n proewe van 'n ander en beter preekmanier aan te bied. Die saak lê hom baie na aan die hart, want twee jaar later laat hy weer 'n bundel druk, hierdie keer met 'n voorrede waarin hy openlik vir 'n ander metode pleit. Hy is diep

afkerig/.....

1) Sy „Leerredenen over Gods deugden" (Dordrecht, 1824) het na 'n nuttige diens onder die Voortrekkers in die Voortrekker Museum, Pietermaritzburg, 'n huisvesting gevind.

2) Hartog a.w. 287, 289.

3) Ypey & Dermont a.w. IV 73; Reitsma a.w. 328.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afkerig van die vervelende en niks beduidende skrifverklaring wat tot in alle kleinhede afdaal en wat eerder woordsiftery as uitlegging moet heet. Hy wil dat die gedagtes, in die teks opgesluit, ontwikkel moet word sonder om oppervlakkig daaroor heen te loop. Wat die inhoud van die preek betref dring hy daarop aan dat die geloofsleer nie ten koste van die sedeleer moet behandel word nie, of omgekeerd, maar dat geloof en lewe onafskeidelik verbind moet wees. 1)

Te oordeel na die talle van herdrukke wat sy preekbundels beleef, was die volk baie ingenome daarmee. Sy stof was streng christelik en hy kon die hoofmomente van sy teks mooi raakvat. Sy denkbeelde word helder ontwikkel, terwyl die taal en styl voortreflik was. Maar dit is vir die mens moeilik om hom volkome los te maak van die dwalinge van sy tyd. Soms maak Bonnet hom skuldig aan lange uitweidinge bv. om uit te pluis welke soort voëls die kwartels van Num. 11 was, en om Plinius, Porphyrius, Josephus en Philo as getuies in te roep om sy mening te staaf. Dit is duidelik dat hy nie bokant die gebreke van die analitiese metode kon uitstyg nie. 'n Ander bundel verskyn in 1793 uit sy pen: „Vijftal Leerredenen ter aanpryzing van ondersoek in zaaken den Godsdienst betreffende, door G. Bonnet," waarin hy bewys lewer dat ettelike van die ou gebreke oorwin is. Sy verdienste op homiletiese gebied kan nie oorskat word nie. 2)

Ander het op die analities-sintetiese stramien voortborduur en met die vervolmaking daarvan voortgehelp. In I.J. Dermont, Haagse hofprediker (+ 1867) het hierdie metode sy glansryke seëpraal behaal. By hom word alles verenig; in die ontleed van sy teks en die analise van

die/.........

---

1) de Bie en Loosjes a.w. I.486.

2) Hartog a.w. 244 - 248.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



karakter van sy hoorder was hy 'n meester. Hy is tuis in die leer en in die hart van die mense en verstaan die kuns om die lidmaat aan homself te ontdek. Sy seldsame seggingskrag het nie so seer in die eufonie gelê nie, as in die graviteit van sy styl. Hy is die Napoleon van die kansel genoem. 1)

Johannes Henricus van der Palm (+ 1840) het die prediking in die eerste helfte van die neëntiende eeu baie beïnvloed. Hy was 'n onvermoeide pleitbesorger van die supranaturele godsdiens en „de geheele prediking, vooral in de groote steden, in 't byzonder 's Gravenhage, Arnhem, Dordrecht, en Amsterdam en Rotterdam..... was in dien geest." 2) Hy het Hoogleraar in die gewyde welsprekenheid in Leiden geword en vir die geskiedenis van die homiletiek groot belangrikheid verkry. In 1806 lewer hy sy redevoering „de oratore sacro litterarum divinarum interprete" waarin hy duidelik principia homiletica neerlê en veral beklemtoon dat die uitlê van die Skrif die werk van die prediker is. Hy self het 'n paar honderde preke saamgestel as bewys van sy metode. As akademieprediker het hy die ore van elkeen in Leiden laat tuit. Met die Leydse Coccejane het hy enigsins verband deurdat hy die <u>scrutatio verbi divini</u> gebruik en sy hoorders in verskeie stadia van geestelike wasdom verdeel. Verder glo hy aan die <u>interpretatio simplex</u>, die eenvoud in die uitleg. Sy tydgenote het beweer dat hulle nog nooit desgelyks van die kansel gehoor het nie. Sy preke was deurdring met warmte wat lewe wek, regte evangeliese stigting. Die teksverklaring is saaklik en vrugbaar, die verdeling eenvoudig en omvattend en die

hele/........

---

1) Van Oosterzee a.w. 211.

2) W.A. Joubert: De Verhouding van Gelooven en Weten in de Nederlandsche Theologie der XIXe Eeuw, in het byzonder by Doedes en Van Oosterzee, 4, 47.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hele voorstelling lewendig, ernstig en hartelik.[1] Sy rede was soos 'n lieflikestroom langs bloemryke oewers, maar wat ook soos 'n bergstroom na benede kan neerstort.[2] Van der Palm het die analities-sintetiese metode vir goed ingeburger in die kerk, want hy was die modelprediker vir duisende.

Met die wenteling van die eeu het daar 'n nuwe preekmetode in die ou Moederkerk sy verskyning gemaak. Die analise van die Hollandse metode is eers vervang deur die sintese van die Engelse metode en toe die swakhede van laasgenoemde aan die daglig kom, het die analities-sintetiese preekbou algaande die oorhand verkry. Die Engelse metode was nie suiwer Woordverkondiging meer nie, maar het 'n opening gegee aan die prediker om sy eie gedagtes in te voeg en so het die Aufklärung en veral die Supra-naturalisme 'n inkleding aan die prediking begin gee. Hierdie geestesrigtinge het die suiwere stroom van Dordt baie vertroebel.

Hierdie veranderinge het in Suid-Afrika weerklank gevind.

HOOFSTUK 17/.........

---

1) Hartog a.w. 301 - 309.

2) Van Oosterzee a.w. 212.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 17.

## GEESTESRIGTINGE EN GODSDIENS AAN DIE KAAP.

### Spore van Supra-naturalisme.

Die end van die agtiende eeu staan in die geskiedenis van Europa bekend as die tydperk van veranderinge. Die trone van konings het gewankel en geval, wat verreikende reperkussies meegebring het. Aan die Suiderstrande van ons groot vasteland sou op die deininge van die breë wêreldsee ook verskillende magte en invloede aangespoel kom. Van 1795 tot 1806 het die Kaap drie keer van besitter verwissel, eers van die Hollanders na die Engelse, toe weer in 1803 terug na die Bataafse Republiek en in 1806 het die Britte ferme beslag op hierdie begeerlike kolonie gelê. Uiterlik kon geen groot verandering bespeur word nie, want die kerklike en burgerlike lewe het sy ou gang gegaan. In die Akte van Kapitulasie van 1795 en 1806 is die waarborg geskenk: „De Colonisten zullen al haare Voorregten, welke zy thands genieten, blijven behouden, zo wel als der presente Godsdienst, zonder eenige verandering." 1) Vir praktiese doeleindes is die Kerkorde van de Mist na die besetting van die Engelse in die kerk gehandhaaf. Ds. M. Borcherds getuig verder van die kerklike lewe: „De godsdienst der Vaderen was onafgebroken voortgegaan en had dezelfde protectie onder het Engelsche Goevernement genoten, als sedert ruim een geheele eeuw onder de Hollandsche Regering." 2) Die nuwe heersers was natuurlik versigtig om die rus van die burgers nie te verstoor nie.

Na die val van die H.O.I.K. is in 1796 die "Comité/......

---

1) Records I.219, V. 264, 301.

2) N.Z.A.T. 1829. 116.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Comité tot de Zaken van den Oost Indischen handel" benoem om in die plek van die Here Sewentien die bewind te voer oor die toemalige besittings van die Kompanjie en in 1800 is dit vervang deur die „Raad der Aziatische Bezittingen en Coloniën." Toe die verband in 1806 staatkundig met Nederland verbreek word, mog die kerk in Suid-Afrika hom nie meer wend na hierdie liggame nie, want die nuwe Regering sou dit eenvoudig nie duld nie. Veral was dit lastiger as ooit om nou in die predikantenood te voorsien, waar die Kaap suiwer en alleen van Holland vir sy leraars afhanklik was.

In 1795 staan in die moedergemeente die volgende leraars: J.P. Serrurier , C. Fleck en J.A. Kuys; in Stellenbosch arbei ds. M. Borcherds, in Drakenstein ds. R.N. Aling, in Waveren ds. M.C. Vos, in Zwartland ds. P.J. van der Spuy, en in Graaff-Reinet ds. J.H. von Manger. Vier jaar later sterf di. Kuys en Aling, terwyl 'n nuwe „Kerspel" in Swellendam gestig is, sodat drie vakatures ontstaan. Nou rys die vraag van waar die predikante gehaal moet word. Volgens die K.O. van de Mist moes die kolonie voorsien word van leraars deur die „Hoofbestuur in Nederland", maar dit kon nie nou onder die Engelse Bestuur onmiddellik gebeur nie - „iets wat byna die direkte oorsaak geword het van die totale verbritsing van die Hervormde Kerk alhier." 1)

Toe die waarnemende Goewerneur Gen. Dundas met die saak belas word het hy dadelik na Londen geskryf om 'n Hollandse Geref. predikant, omdat „de tegenswoordige ongelukkige en ten eenemaal onder het strenge juk van onbegrensde ongebondenheid verdrukte staat van Holland, alle lieden van eigendom of caracter genoodzaakt heeft,

des/.......

---

1) J.P. Jooste a.w. 97.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



des mogelijk hunne toevlucht te neemen tot gewesten, waar vryheid onder de bepaaling van heilzaame wetten, voor de algemeene veijligheid van die perzoon en 't eigendom van ijder individu is." 1)

In 1808 is 'n brief van die Koloniale Sekretaris in Londen ontvang waarin hy handel oor die werwing van predikante vir die kolonie. Daaruit blyk dit dat die Goewerneur aandring op die noodsaaklikheid om predikante vir die Hollandse gemeentes te vind en dat die Sekretaris in verbinding tree met ds. J. Werninck, destyds van die Hervormde gemeente, Austin Friars, in Londen, met die versoek om behulpsaam te wees in die urgente saak. Laasgenoemde tree in verbinding met ds. D.C. van Voorst in Nederland, deur wie se bemiddeling o.a. die dienste van di. J.C. Berrangé, J. Spyker en C. Mol verseker is. Die vakatures word telkens in „De Boekzaal" bekend gemaak. 2)

Die kerk in Suid-Afrika was tans buite verband met die Classis van Amsterdam en het geen Sinode of Ring van sy eie besit om sy inwendige aangeleenthede te bestuur nie. Daar was geen liggaam wat die aankomende predikante kon toets na bevoegdheid of regsinnigheid nie, sodat die kerk volkome afhanklik was van die ou Moederkerk om bekwame manne uit te stuur. Die gevaar was nie denkbeeldig nie dat verkeerde leringe makliker die kerk nou kon binnesluip. Eers in 1824 nadat die eerste Algemene Kerkvergadering gehou is en die Ringe tot stand gekom het,

het/.......

---

1) Spoelstra II.357, Records XI. 334, 343, 350.

2) J.P. Jooste a.w. 98; Moorrees a.w. 493.
Op 7 Sept. 1818 besluit die kerkraad van Kaapstad op voorstel van ds. C. Fleck om „eene correspondentie te hernieuwen met de Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Londen" en langs dié weg met die ou Hollandse Moederkerk. Ds. J. Werninck antwoord dat sy gemeente sedert die oprigting in 1550 met geen Nederduitse kerke in Holland of elders verbintenis gehad het nie en dus nie aan die Kaapse versoek kan voldoen nie; hy is egter gewillig om enige Suid-Afrikaanse versoek persoonlik af te handel en nie namens sy kerkraad nie. Dreyer: Boustowwe, 145, 147.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het hierdie onbevredigende toestand opgehou en het die Kerk weer kontrole oor sy leraars erlang.

Tog het die Kaapse Kerk die band met Nederland nie maklik gelos nie en nog steeds vormende invloede vandaar ontvang. Prof. H.J. Rooyaards sê: „Geene echter is er, welke meer in alles haar Nederlandsch karakter handhaaft, dan de Gereformeerde Zuid-Afrikaansche kerk aan de Kaap de Goede Hoop. Opmerkelijk is het bovenal, dat de Kaapsche Hervormde Gemeenten, nadat de Kolonie niet meer aan het Nederlandsche Bestuur onderworpen is, zich naauwer, dan vroeger, aan de Nederlandsche Kerken hebben aangesloten: niet door uitwendige, maar door inwendige banden." 1) In die eerste kwartaal van die neëntiende eeu was dit in die besonder die geval, maar later sou die Suid-Afrikaanse kerk langs eie bane ontwikkel en al meer tot selfstandigheid geraak.

Een van die gevolge van die noue verband tussen die twee kerke is dat die gees van verdraagsaamheid na die Kaap oorgeplant is. Dit het veral met die K.O. van de Mist 'n vaste voet hier verkry. Reeds voor die Kommissaris-Generaal se vertrek na Suid-Afrika was daar enige Kapenaars, E. Bergh en H.A. Vermaak, in Holland om te protesteer teen die alleen-bevoorregting van die Gereformeerdes bo die Lutherane, Katolieke en Mohammedane. 2) Die Gereformeerde Kerk was staatskerk (ecclesia probata) en die ander is geduld (ecclesiae toleratae). In 1780 het die Lutherse die reg van openbare godsdiens ontvang en hulle lede mog sitting in die Politieke Raad hê (dog sonder stem), maar die ander gesindtes mog nie hoë ampte beklee nie. Die nuwe K.O. het egter aan alle kerke aan die Kaap gelyke regte verskaf.

De/........

1) De Nederduitsch-Gereformeerde Kerk in Z.A. in haar Kerkregterlijken toestand, vooral in betrekking tot Nederland (Archief voor Kerkelyke Geschiedenis), deel 8, 275.

2) Theal: Historische Dokumenten III. 118, 119.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



De Mist was 'n kind van sy tyd. Hy was lid van die Nasionale vergadering en het 'n werksame aandeel gehad in die gebeurtenisse van daardie dae in Nederland. Al was hy een van die gematigdes het hy ook volkome die beginsels van die Rewolusie onderskryf. Hy was uitnemend geskik om na die Kaap te kom en as werktuig van die nuwe owerheid op te tree. Sy supra-naturalistiese standpunt word dadelik in die aanhef van sy K.O. herken: „Alle Kerkgenootschappen, welke ter bevordering van deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen, genieten in deze Volkplanting eene gelijke bescherming der Wetten." 1) Om van „deug" en „sedes" te praat was die taal van die tyd. In plaas van „God" is die „Opperwese" aangespreek. In Art. 5 behou die Goewerment hom die onvervreembare reg om die uitwerkinge van die leerstelsels op die burgerstaat en op die gedrag van die ingesetenes te beoordeel; as dit skadelik is sal die Goewerment verplig wees om dit teen te gaan. In art. 7 word die kerkrade belas om toe te sien dat in die eredienste „geene onbehoorlijkheden plaats hebben, noch eenige Leeringen geleerd worden, die strydig zyn met de goede zeden, of met de rust van den Burgerstaat."

Die lot van die ingestenes van Simons Baai word deur hom aangetrek en hy beveel dat een van die predikante vier keer per jaar daar moet preek „korte leerende, vermaanende en troostende discoursen" en Psalmzingen, zonder het aanvoeren van eenige dogmatische geschillen tusschen bijzondere kerkgenootschappen." 2) De Mist het 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid beoog, Die skool is ook nou tot instrument van die staat omgeskep en die enigste doel van die onderwys is om die kind 'n goeie staatsburger te maak. 3)

Behalwe/......

1) Dreyer: Boustowwe, 9.
2) J.P. van der Merwe a.w. 199.
3) T. Hamersma, S.O. Los en J.D. du Toit: De Geschiedenis van de Christelike Kerk, 315, 316.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Behalwe enkele uitsonderinge was die gees van die K.O. absoluut vreemd vir die Kapenaar, wat nie so snel ontwikkel het soos die mense van Nederland nie. Dr. A. Wypkema wat niks as lof vir die bydrae van de Mist het nie, beskou die K.O. as 'n „weldaad" vir die Kaap, want dit het die Kaapse Kerk 'n mate van selfstandigheid gegee, die mense leer dink, die Kerk as geheel organiseer en die traktemente van die predikante verhoog. Hy tas seker mis as hy verder beweer dat de Mist „op kerkelijk gebied niet zozeer nieuwe ideën gegeven heeft", 1) want hy self erken „de kerkorde van de Mist ademde geheel de geest der Bataafse Republiek, zoals die in de staatsregeling van 1798, vooral van 1801, was uitgedrukt, zowel door de algemene verdraagzaamheid als door het beginsel van scheiding tussen Kerk en Staat." 2)

Hierdie gees van toleransie het nie met die Bataafse Republiek verdwyn nie, maar het gekom om lank te bly. Met die eerste Algemene Kerkvergadering (1824) is 'n Herderlike Brief aan die gemeentes van die kerk uitgestuur, wat deur die scriba, ds. M. Borcherds, opgestel is. Daarin wy hy meer as 'n bladsy aan die groot verandering wat in die kerklike denke en praktyk intussen tot stand gekom het. Die rede waarom die Gereformeerde Kerk tot dusver geen ander godsdiens wou duld nie skryf hy, is te verstaan uit die agtergrond van die stryd, wat teen die Roomse Kerk gevoer moes word. Vandaar die sorgvuldige bekommernis van ons Vaders om 'n heersende kerk te wil wees en wil bly.

Dit was meer 'n gevolg van die gebeurtenisse en die gees van die tyd dan die samestelling van hul geloofsbelydenis. Dit was dus natuurlik dat toe die hitte van hul ywer afgekoel het, hulle begin insien het dat gewetens-

vryheid/.......

---

1) De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881 (Pretoria, 1939), 129.

© University of Pretoria

2) Idem 127.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vryheid net so wenslik was vir elke ander christelike gemeente as vir ons eie. „Met de gewigtige verandering van Gouvernement, begonnen in het jaar 1795", gaan hy voort, „en de daaruit voortvloeijende gevolgen, werd het stelsel van verdraagzaamheid meer algemeen. De onderscheidene takken der Protestantsche Kerken, dulden nu elkander niet alleen, maar slaan zelf broederlijk de handen in een, om den Christelyken Godsdienst, door de verspreiding van den Bybel, als de eenige fontein en toetsteen der waarheid, by monde en geschrifte te bevorderen, en wij mogen ons gelukkig achten, dat wij betere dagen beleven, waarin Broeders in hetzelfde huis der Kerke vreedzaam te zamen wonen, in elkanders Godshuizen prediken, en in genootschappen van verschillenden aard en nuttigheid zich vereenigen." 1)

Dit is duidelik dat sekere Kerkleiers hierdie nuwe toleransie-gees verwelkom en wou bestendig het. In die derde Sinode (1829) tree ds. T.J. Herold as praeses op en hou 'n rede waarin hy erken dat luide jammerkreeten uit den mond van godvrugtigen" gehoor word oor die verbastering van sedes of die uitoefening van verdraagsaamheid teenoor andersdenkendes, maar getuig ewewel dat daar geen onverskilligheid in die godsdiens ingetree het en dat die Woord nie leeg terugkeer nie. Inteendeel „de vrylating des gewetens.... heeft onder ons geene andere uitwerking gehad, dan dat het kaf met den wind verstoven is, terwyl daarentegen het stichten van Gemeenten, het vermeerderen van het aantal Leeraren, het ondersteunen van elke Godsdienstige inrichting.... ons overtuigen, dat ons zaaisel niet geheel door den roest van ongodsdienstigheid verteerd is." 2)

Jare/.......

1) Acta Synodi 1824, S.l. 262, K.K.A.; N.Z.A.T. 1824.436 v.v.
2) N.Z.A.T. 1830, 6, 7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jare later toe ds. T.J. van der Riet van Mosselbaai met geleentheid van die viering van die tweehonderdjarige bestaan van die Volksplanting (1852) 'n preek lewer vertel hy van dieselfde vordering wat gemaak is. „Wat verder onze betrekkingen tot andere Kerkgenootschappen aangaat, is het verblijdend de onderlinge verdraagzaamheid welke tot nog toe tusschen ons geheerscht heeft, optemerken, zoodat in vele gevallen onze heiligdommen voor elkander ten dienste stonden, en het niet zelden gebeurde dat de onderscheidene Leeraren voor elkander hunnen kansel inruimden. En hierin is de Nederduitsch Gereformeerde Kerk hare jongere zusteren weder voorgegaan, en heeft zy dus openbaar gemaekt dat de oude geest der onverdraagzaamheid reeds lang is uitgestorven." Dan voeg hy 'n bede by wat betekenisvol is, want die geskiedenis het bewys dat die so geroemde toleransie dikwels die deur oopgemaak het vir verwatering van die geloofsverskille. „Moge slechts de verdraagzaamheid de palen haar gesteldheid niet overschreijden, en tot onverschilligheid omtrent de reinheid des geloofs vervallen of ontaarden in koudheid omtrent welke gegrondvest is in het bloed onzer vaderen." 1)

Sy vrees was nie ongegrond nie want ons lees 'n berig in 'n tydskrif van 1829 dat Mnr. J.A. Truter in de Loge de Goede Hoop plegtig geïnstalleer is tot Provinsiale Grootmeester van alle loges in S.A. en dat daarna „eene op de omstandigheid passende leerrede in de Gereformeerde kerk alhier" gegee is. 2) Die Vrymesselaarsbeweging is by uitstek 'n liggaam wat alle gesindtes, self nie-christene, wil insluit en kan nie by die Gereformeerde belydenis ingepas word nie.

Lutherse/....

---

1) Leerrede gebouden aan de Mosselbaai op Dinsdag den 6 April 1852 door T.J. van der Riet V.D.M. ter Gedachtenisviering van het twee honderd jarig bestaan der Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop (Kaapstad 1852), 20.

2) N.Z.A.T. 1829.76; ook 1830.236.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lutherse prediking.

Beide di. M. Borcherds en T.J. van der Riet het die nuwe gewoonte geloof dat leraars van verskillende kerke kansels omruil. Op hierdie manier het die Gereformeerde gemeente aan die Kaap in aanraking gekom met predikers van 'n ander belydenis. 'n Korrespondent van Het Z.A. Tydschrift skryf in 1827: „Onder het goede van de XIX eeu behoort zeker ook die meerdere verdraagzaamheid en toenadering, welke men alom onder de Evangelische Christenen ontwaart en die toch (ten zij men zich schrikkelyk bezondige) niet overal aan eene laakbare onverschilligheid kan worden toegeschreven. Het zij men zich naar Luther noemt, dan wel Calvijn aan het hoofd zyner gezindte wil hebben gesteld, dit belet thans niet dat men elkanderen niet slechts als Broeders beschouwt, maar ook als de zoodanige behandelt en geene zwarigheid langer maakt, om wederkeerig kerkelijk gemeenschap te oefenen." Dan maak hy melding dat verlede Sondag 15 Julie, ds. Kloek van Staveren van die Lutherse gemeente die diens in die Gereformeerde Kerk van Kaapstad gelei het en wel na aanleiding van 1 Kor. 3 v. 11. Die verslaggewer meen dat daar mense is „die het zeer euvel schijnen op te nemen, dat er door Hervormde Predikanten in de Lutherse, en wederkeerig door eenen Lutherschen Leeraar in die Hervormde Kerk gepredikt wordt, hoewel anderen van eene minder bekrompene denkwijze zich daarover hartelijk verheugen." 1)

Reeds vroeër, 27 Junie 1824, het ds. J.C. Berrangé by die aanddiens die preekbeurt in die Lutherse Kerk waargeneem oor die teks 1 Kor. 13 v. 13 en gepreek oor „de Broederlijke Liefde, als eene der bestanddeelen des Christendoms/.........

1) N.Z.A.T. 1827.253. Die korrespondent berig verder dat reëlings getref is om die Gereformeerde en die Lutherse gemeente op Curacas te verenig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Christendoms, en dus onafscheidelijk van ware Godsdienstigheid." Die beriggewer voeg by: „Hartelijk was inzonderheid de opwekking tot de beoefening dier liefde, welke Christenen, ofschoon ook in allen deele niet eensdenkend, nogtans ten duurste aan elkanderen verpligt zijn." 1)

Van die vriendbroederlike verhouding tussen die Gereformeerde en die Lutherse Kerk in Kaapstad getuig ook die feit dat by die jaarlikse herdenking van die oorhandiging van die Augsburgse Konfessie Gereformeerde predikante met lede van hul kerkraad aan die diens in die Lutherse Kerk deelgeneem en soms selfs preke gelewer het. 2)

Die eerste Lutherse predikant van die Kaap was Andreas Lutgerus Kolver, wat van sy Rotterdamse gemeente na Suid-Afrika in 1780 oorgekom het. Op Sondag, 10 Desember hou hy sy intreepreek „voor een ontzaggelijken toevloed van menschen, wordende de godsdienst begonnen en geëindigd met vocaal- en instrumentaalmusiek." 3) Na sestien jaar het hy begin ly aan lighoofdigheid en 'n swaar drukking op die kop, sodat hy nie meer bo-op die preekstoel staan nie, maar aan die voet daarvan preek. In Desember 1796 het hy sy emeritaat aanvaar. 4) Na hom het ds. C.H.F. Hesse (1800 - 1817), ds. Friedrich Kaufmann (1817 - 1827) en ds. J.H. Kloek van Staveren (1827 - 1867) die herderstaf suksessiewelik opgeneem. Waar die ander in Hoogduits gepreek en dus nie veel invloed op die Gereformeerdes sou uitgeoefen het nie, word van Kloek van Staveren se intreepreek oor Luk. 8 v. 4 - 15 in <u>Het Z.A. Tydschrift</u> gerapporteer dat dit „in zuiver Nederduitsch gesteld" was. 5) Ons het gesien dat hy ook met vrymoedigheid/.........

1) N.Z.A.T. 1824.238.
2) Idem 1830. 316, 1835.239.
3) Brief van Kolver aan die Konsistorie van 25.1.1781, by J. Hoge: Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap (Argief-Jaarboek vir S.A.Geskiedenis 1938 II),80.
4) Hoge a.w. 115.
5) 1827.235.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid in die Hollandse Kerk gepreek het.

Intussen het die Lutherse Kerk in Holland 'n skeuring deurgemaak as gevolg van rasionalistiese invloede. Die ortodokse leraars het die andere verwyt „dat zy zich byna heesch schreeuwden om de deugd aan te beveelen, terwyl zy hare zuivere bronwel: het geloof, toestopten." 1) Die regsinniges het die „Hersteld Luthersch Gemeente" gestig. Die dogterkerk aan die suidhoek van Afrika het ongelukkig nie aan al hierdie liberale gevoelens ontkom nie.

Ds. G.W. Stegmann, 'n gebore Kapenaar, wat in 1836 as tweede leraar van die Lutherse gemeente aangestel is, maar wat sterk na die Gereformeerde belydenis, veral ten opsigte van die doop, oorgehel het, het die regsinnigheid van Kloek van Staveren in twyfel getrek. In sy dagboek skryf hy: „The impression made upon my mind is that he preaches error. Nor can I avoid coming to the conclusion that my colleague neither knows nor preaches the truth. In the first place, I have never heard him give during all the time I have heard him, any direct exposition of any of the fundamental truths of Christianity." En dan gaan hy verder om van Staveren se leer oor die mens se val, die persoonlikheid van die Heilige Gees, die sakrament van die Nagmaal en die regverdigmaking deur die geloof in dubio te stel. 2)

Die hooggeroemde toleransie kon dus in sekere opsigte voordele meegebring het, maar die skerp kante van die konfessionele bewussyn is by die gemeente al meer weggevyl.

Anglikaanse/.........

---

1) Hoge a.w. 151.

2) Idem 175, 176.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Anglikaanse Prediking.

'n Ander kerk, behalwe die Lutherse, wat hom al meer in die jonge Volksplanting laat geld het, was die Anglikaanse. Die eerste erediens deur hulle aan die Kaap gehou, was op 20 April 1749 en wel deur 'n vlootkapelaan op pad na Indië. Toe die Engelse in 1806 die land in besit kom neem, was die bekende Henry Martin aan boord skip in die Baai en dit word vertel dat volgens 'n aantekening later gevind, hy die gebed uitgespreek het dat Engeland heroute van die Evangelie na Suid-Afrika mag uitstuur. Hierdie bede is verhoor en die eerste Engelse geestelike om gereëlde diens hier te doen was eerw. R.E. Griffiths wat na drie maande egter weer teruggekeer het.[1)]

Die Anglikane het oor geen kerkgebou beskik nie en van tyd tot tyd van die Hollandse kerk gebruik gemaak. In die Cape Town Gazette and African Advertiser [2)] word in 1808 bekendgemaak dat openbare godsdiens vir die Engelse inwoners in die Gereformeerde Kerk elke Sondagaand om ses uur gehou sal word. Hierdie welwillende vergunning van die kant van die kerkraad het hulle heelwat hoofbrekens besorg. Gedurig het daar verdere versoeke om geriewe in die kerk van die Anglikane gekom en dit het langdurige debatte in die kerkraadsvergaderings gekos. So het eerw. Robert Jones, die eerste koloniale Kapelaan vir die gewone burgerlike gemeente - die voriges was militêre Kapelane - gevra „om een ambulante predikstoel te mogen hebben voor zijn gebruik" en om die klok te laat lui wanneer die Engelse diens 'n aanvang neem. Die antwoord van die kerkraad was dat daar te min tyd was tussen die twee eredienste om die „ambulante predikstoel" in en uit te dra, en wat die klokgelui betref, moet hulle hul na die Goewerneur wend. [3)]

Vir/......

1) A.C. Kearnes: A brief sketch of the Church of England in S.A. and the Church of the Province in S.A. (1913), 1 v.v.

2) III, no. 108, 6 Feb. 1808.

©University of Pretoria

3) Ekstrak uit Kaapstadse Resolusieboek,K.R.11.K.K.A.35.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir die Anglikaan is die preekstoel nie die belangrikste meubelstuk in die kerk nie, maar die altaar. So het daar 'n verdere versoek gekom om „portable altar" voor die kansel op te rig. Trouens, Ouderling onder-Kerkmeester G.S. Vos, rapporteer dat hy geroep was om te aanskou „het opslaan van zekere Hekwerk cum annexis op het terrein van den Predikstoel, en aan dat gestoelte zelvs vast te maken." Eerw. Hough wou selfs so ver gaan om gate in die preekstoel te boor ten einde 'n gordyn voor die twee leeus te hang. 1) Die Goewerneur het hom selfs hiermee bemoei en gevra dat die versoek tog toegestaan moet word. 2) Die Kerkraad antwoord Lord Charles Somerset hierop dat hulle prinsipieel geen beswaar het teen die invoer van so'n beweegbare altaar nie, mits dit nie opgerig word voordat die Hollandse gemeente klaar is met hul erediens nie. So'n vreemde voorwerp voor die kansel sal net die aandag van die hoorders aflei. Daar mag ook geen gate in die preekstoel geboor word nie.

Die kerkraad neem nou ook hul kans waar om by die Goewerneur te kla oor die ongerief wat die Anglikaanse dienste meegebring het: „Churchwardens feel themselves constrained candidly to represent to your Excellency the manner in which they have often been obliged to hurry over the solemn services at the Holy Sacrament, to the annoyance of the dispencer, and the communicants, in order to quit our Church in time, that the English Congregation may be enabled to perform their religious ceremonies." 3) Die Goewerneur het hierop laat hoor dat hy 'n bepaling getref het om die Engelse dienste voortaan later te laat begin, sodat alle hindernisse uit die weg geruim mag word. 4)

Nadat/.........

---

1) Notule buitengewone Kerkraadsvergadering, 29 Jan. 1823, K.R. 13, K.K.A., 78.

2) Brieven van het Gouvernement, 1790 - 1830, K.155, K.K.A., 75.

3) Kerkraads-Resolusieboek, K.R. 13., K.K.A., 90.

4) Brieven van het Gouvernement, 1790 - 1830, K.155., K.K.A., 76.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat dit vir agt-en-twintig jaar so voortgegaan het, is die St. Georges Cathedral op 28 Desember 1834 ingewy en het die feesredenaar spesiale dank op dié dag aan die Ned. Geref. Gemeente gebring vir die bruikleen van hulle kerk vir so'n lange tydperk. 1)

Dit het ons geluk om enige preekproewe van die Anglikaanse kerk te bekom. Dr. Laurence Halloran het 'n paar preke in druk laat verskyn. Eintlik was hy geen predikant nie, maar het hom as sodanig voorgedoen. Deur lis wis hy 'n aanstelling as militêre Kapelaan aan die Kaap te verkry (1807). Nadat hy 'n tydlank in die Hollandse Kerk gepreek en ander offisiële werk verrig het, is sy bedrog ontdek en het die outoriteite hom uit die land verban. 2) In 1800 verskyn van hom „A Funeral Sermon delivered at the internment of an exemplary Parish Priest" met sy teks uit Jes. 57 v. 1, 2(a): „The Righteous perisheth and no man layeth it to heart; and merciful men are taken away - none considering that the righteous is taken away from the evil to come. He shall enter into peace." 'n Tweede preek is 'n „Redevoering ter gelegenheid van de luisterrijke en beslissende overwinning door de Britsche vloot onder bevel van Lord Viscount Nelson, behaald over de vereenigde en talrijker macht van Frankrijk en Spanje, op de hoogte van Trafalgar, op Maandag den 21 October 1805. Gehouden aan boord van zijne maj. schip Britannia in zee op Zondag den 3 Nov. 1805 door Laurens Halloran, doctor der godgeleerdheid, Kapellaan op het voornoemde schip, en secretaris van den schout-by-nacht den Graaf van Northesk."

Dit is van belang dat hierdie preek vertaal en deur die Goewerment se drukkery in 1808 te Kaapstad die lig ingestuur is; hulle wou graag 'n wyer sirkulasie daarvan gee.

Vreemd/.....

1) Kerkraads-Resolusieboek, K.R. 17, 5 Jan. 1835, K.K.A. Sien ook Dreyer: Boustowwe, 148 - 162.

©University of Pretoria

2) Voetnoot by Halloran, Dreyer: Boustowwe, 148.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vreemd kom dit voor wanneer die prediker sy teks uit die Apokriewe boeke neem, 1 Maccab. 6 v. 44: „Hy begaf zich gevaarlykheid op dat hy zyn volk mogt verlossen, en zich eenen altoosduurenden naam maken." By die deurlees hiervan is dit duidelik dat dit nie so seer 'n „preek" is nie, maar volgens die opskrif 'n „redevoering". Die groot doel is dan ook om vaderlandsliefde as 'n egte „deug" aan te beveel, wat baie aan die supra-naturaliste laat herinner. [1)]

Eerw. Robert Jones was 'n ander Anglikaan wat homiletiese proeflektuur nagelaat het. Op Sondag 10 Januarie 1813, preek hy oor „The Universal Charity of the Gospel" na aanleiding van Hand. 10 v. 34 „God is geen aannemer van die persoon nie," wat op spesiale versoek van die Goewerneur, Sir John Cradock deur die Staatsdrukkers gedruk word. [2)] Sy teksverdeling is eenvoudig nl.

1) „the text as a matter of fact" en

2) „the text as a subject of instruction".

Teksuitleg skitter deur sy afwesigheid. Hy lewer 'n pleidooi vir die regte behandeling van die slawe. „As slavery does exist in this colony (though generally in as mild a shape as in any part of the world, yet as it does exist) it is my single aim to correct its abuses..... I would ameliorate an evil, which I cannot hope to remove. As it is now allowed by the law of the Colony, that the slave may enjoy the benefit of baptism, without consequent manumission, there can be no excuse for debarring him from the attention and protection, which the performance

of/.......

---

1) Altwee preke is in die Staatsbiblioteek, Kaapstad.

2) „A sermon preached on Sunday, January 10, 1813 in the Established Church of Cape Town by the Rev. Robert Jones B.A. Colonial Chaplain, and published at the request of his Excellency, Lieut. General Sir John Francis Cradock, K.B. and K.C., Governor and Commander in Chief."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of such a rite must demand." 1) In 'n aanbeveling roem die Goewerneur die rede omdat dit „pious and enlightened Doctrine" bevat „so peculiarly appropriate to a country, where slavery unfortunately subsists."

Eerw. Jones het in dieselfde jaar 'n „discourse" gegee oor „The Benefits of Religious Education." 2) In 'n voorberig tot die brosjure meld hy van die metodes van dr. Bell, uitgebrei deur Mnr. Lancaster, wat in Engeland sukses geniet en spreek die verlange uit dat hierdie pedagogiese metodes, wat reeds in die Garnisoenskole gebruik word, gou in Suid-Afrika pos mag vat. Sy teks is Spr. 19 v. 20: „Luister na raad en neem tug aan, sodat jy in die vervolg wys kan wees," waarin die prediker wys op die waarde van opvoeding vir die jong gemoed. Geen moeilikheid mag in die weg staan van so'n ontwerp met sy „sedelike verligting" nie. Hier is feitlik ook nie van 'n „preek" te praat nie, want daar is geen skrifverklaring of verdelings nie, en dit lyk meer op 'n opstel. Dit is uit die Engels in Hollands vertaal deur die Staatsdrukkers. 3)

As ons na die inhoud van hierdie Anglikaanse prediking kyk, dan tref dit ons welke onderwerpe hulle kies: patriotisme, filantropie en opvoeding. Die predikers was besig om weg te kom daarvan om enkel en alleen die geloofsleer te behandel en ook die sedeleer by te bring. Uit 'n metodologiese oogpunt beskou is dit duidelik dat die kerk deur die sintetiese metode van P. Doddridge cum suis oorweldig is. Langs hierdie weg is die Gereformeerde Kerk ook voorberei vir die nuwe metode in die prediking.

Staat/.........

1) Idem, 13.

2) „A sermon preached on Sunday, March 14, 1813, in the English Church of Cape Town, by the Rev. Robert Jones B.A." (Cape Town, 1813).

3) 'n Eksemplaar hiervan is in die Staatsbiblioteek, Kaapstad.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Staat van die Godsdiens.

Ons het gelet op die geestesrigtinge wat van die buiteland en van ander kerkgenootskappe op die Kaapse Kerk ingewerk het en nou kom ons tot die eintlike godsdienstige lewe in die eerste kwartaal van die eeu. Die kwik van die termometer het nou, net soos in die vorige eeu, op en af gegaan, miskien meer op as af. 'n Gebeurtenis wat 'n geweldige ontsteltenis by die inwoners van Kaapstad en omgewing te weeg gebring en selfs die kerklike lewe beinvloed het, was die aardbewing wat in die nag van 4 Desember 1809 hier ondervind is. 'n Skrikwekkende rommelende geluid is plotseling verneem „alsof een honderdtal van wagens in vollen galop de straat opreden, of liever met de snelheid van den bliksem over dezelve heenvlogen..... en tevens rolde datzelve akelig geluid, zoo het scheen, honderden van voeten diep onder ons door het aardrijk." 1) Huise is beskadig en op die baai is mense uit hul hangmatte op die skepe geslinger. „The consequence of this wonderful circumstance is (religion stood at the point of ruin) that hundreds of old and young, rich and old, black and white, all thronged to hear the word of God. They had meetings every evening in the new chapel, but the place was too small to contain the hearers. The reformed church which is very large, had likewise been too small to contain the multitude. The Lord's people received great power and freedom to speak in His name. Some seemed to be pricked to their hearts and began to cry for mercy. The ministers preached very suitably to the occasion." 2)

Ds. M.C. Vos sê dat spotters van die godsdiens met skrik en bewing uitgeskreeu het: „bid vir ons, bid vir ons!" Hy voeg egter by dat geeneen van die leraars na die tyds-

omstandighede/.....

---

1) N.Z.A.T. 1830. 278 v.v.

2) Verslag van dr. v.d. Kemp en eerw. E. Smit, Transactions Missionary Society no. xxii, 298.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omstandighede na vore gekom het om hul plig te doen nie. [1] Onthou moet egter word dat Vos baie bevooroordeeld teen die predikante van die Kaap was. Nee, volgens die rapport van die sendelinge hierbo aangehaal „(they) preached very suitably to the occasion." Hulle het die geleentheid aangegryp om die hoorders wat in sulke groot getalle na die kerke toegestroom het, op te wek tot 'n dadelike bekering en tot 'n ernstige najaag van heiligmaking. [2] Dit lyk dus of geskikte tydprediking aan die orde was. In sulke oomblikke wanneer die vaste bodem onder jou voete dreig te ontsink, voel jy jou magteloosheid en dink jy meteens aan die oordeelsdag, waarvan die Skrifte getuig. Daar was dus vrug op die prediking. Dat die opgewondenheid later sou bedaar en die godsdienstige geesdrif sou verkoel is begryplik. „But alas! the goodness of too many of these was as the morning cloud, and as the early dew which vanisheth away..... On some, however, lasting impressions were made, and among that number was Mrs. Thom." [3] Ten spyte van afdwalinge het baie met groter erns aan hul sieleheil begin dink en is 'n weeklikse bidstond op elke Saterdagaand begin, naas die maandelikse biduur elke eerste Sondag van die maand vir die uitbreiding van Gods Koninkryk. [4]

Met die heiliging van die dag van die Here het dit nie altyd na behore toegegaan nie. Mevrou Thom skryf in haar dagboek in 1815: „This day is a holy day, chosen of God for himself; but how very many are there who break through the rules of this day. Few go to the house of God in this country. How heavy will be the punishment of such/.....

1) Merkwaardig Verhaal, 209.
2) Moorrees a.w. 519.
3) Cobbin: Memoirs of Mrs. Christiana Louisa Thom, 9.
4) Aantekening van Prof. J. du Plessis: „De Aardbeving van het jaar 1809" in Merkwaardig Verhaal, 277.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

such in the day of judgment." 1) Die Kerkraad van Stellenbosch kla dat sommige op Sondag dobbel en dat hulle so ver gaan om „het gewone zinnebeeld der Alwetendheid" teenoor die speeltafel te plaas en dit nog wel „onder directie van den Landdrost." Om hierdie speelsug teen te gaan besluit hulle om 'n aanddiens in te voer. Enige jare later is die kerkraad verplig om die Landdros te versoek om die keëlspel op Sondag teen te gaan. 2)

Uit Tulbagh kom klagtes (1823) dat die kantiene op Sondag oop bly sodat die diensbodes van die plase nie na die kerk kom nie, maar die kantien besoek en allerlei ongereeldhede uitvoer. 3)

So erg het dit geword dat die Eerste Sinode (1824) onthuts is „door het onnodig koopen en verkoopen, geruchtmakend geraas op 's Heeren wegen en straten, het spelen en dobbelen, het openzetten van taphuizen op den dag voor den godsdienst bestemd" en besluit om die Goewerment te versoek om voortaan deur die ganse kolonie die kantiene Sondae in die geheel te sluit en die ontheiliging van die Christelike Sabbat te verbied. 4)

In 'n heel ernstige Herderlike Brief van die volgende Sinode (1826) word die euwel weer beklemtoon. 'n Droewige gesig word gegee van soveel Sabbatskennis in die land. „De schandtoneelen daarvan op te halen en af te malen, zou een bezoedelen zijn van dit ons Herderlijk Blad." Die leraars en opsieners het die ontroerendste berigte gegee „en huivering voer door onze leden, terwyl gevoelige smart onze harten vervulde over de grootheid van dat kwaad hetwelk overal, en rondom zich heen, als een verpestende kanker ten sterksten had doorgevreten, en als nog voortging aan de

grondzuilen/.......

---

1) Cobbin a.w. 34.

2) Notulen Kerkraad, 18 Julie 1802, 8 Maart 1803, 29 Okt. 1817.

3) Records XVII.355.

© University of Pretoria

4) Acta Synodi 1824, S.1.396, K.K.A.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grondzuilen van 's Lands bestaan en volksgeluk, die nl. van Godsdienst en Zedelijkheid te knagen en een ganschelyke omverwerping en omkeering van deeze Volkplanting, als aanstaande, en van naby dreigende, schynt te verkondigen." Eindelik wys die Vaders op die tugroede van die sprinkane en die aardskokke, wat baie aan dié van 1809 laat terugdink, as gevolge van die Sondagsontheiliging. [1)]

Dr. A. Faure hou in 1828 'n aanspraak voor die maandelikse bidstond van Kaapstad oor die vraag: „Waarom is die huis van die Here verlaat?" en kla dat waar die godsgeboue in die gulde dae te klein was en sommige toehoorders buite moes staan, die opkomste by die eredienste nou baie gering is. Een van die oorsake daarvan vind hy in die feit dat mense op Sondag moet werk om hul gesinne te kan onderhou. [2)]

By al hierdie skaduwees was daar egter baie ligpunte in die kerk. By die duisternis skyn die lig ook steeds en die belofte is dat die duisternis die lig nie sal oorweldig nie (Joh. 1 v.5). Trouens, die son het al meer die middaghoogte bereik. In 'n vorige afdeling het ons die opkoms en vordering van die sendingywer aan die Kaap beskou. Die christelike liefdadigheid verder het onder leiding van Moeder Machteld Smith algaande gegroei. Deur haar inisiatief het die „Zuid Afrikaansche Weeshuis" in 1815 tot stand gekom. Ds. C. Fleck begin weer in 1818 „de Zuid-Afrikaansche Bybelvereeniging" om Bybels, Psalm- en Gesangboeke [3)] en traktaatjies onder die bevolking te versprei. [4)] Dit alles was tekens van 'n nuwe opgewekte kerklike lewe aan die begin van die nuwe eeu.

As daar insinking en agteruitgang in die kerk te

bespeur/....

---

1) Acta Synodi 1826, S.2.262, K.K.A.
2) N.Z.A.T. 1828. 73 - 83.
3) Die Evangeliese Gesange is in Januarie 1814 in die kerk ingevoer.
4) N.Z.A.T. 1824.93.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bespeur was, dan moes dit meer in Kaapstad en omstreke geskied het, wat die eerste in aanraking gekom het met die demoraliserende invloede van die buiteland. Die geestelike peil van die plattelandse bewoner was oor die algemeen nog heg en gesond. Lichtenstein getuig dat die dagwerk van die Karooboer elke môre na die opgang van die son met die sing van 'n psalm en die lees van 'n hoofstuk uit die Bybel begin het. Nie alleen die kinders nie, maar al die slawe en Hottentotte moes by die huisgodsdiens teenwoordig wees en hulle, veral die vroue, het die mooiste psalms van buite geken en gesing. Saans na die arbeid van die dag gedaan is het 'n Hottentottin die voete van die hele gesin gewas en is weer godsdiens gehou. Die slawe sit op hulle hurke langs die muur, terwyl die huisvader 'n godsdienstige oordenking uit een van sy ou preekboeke voorlees en afsluit met sang en gebed. Sondagoggende word 'n plegtige godsdiensoefening gehou, waar 'n baie lang preek voorgelees is. [1)]

Die rol van die preekbundel in die geskiedenis van die evangelieprediking in Suid-Afrika mag nie onderskat word nie. Die lees van preke was 'n onmisbare deel in die mooie patriargale leefswyse soos hierbo geskilder, want die grensboere was verstoke van die voorreg om dikwels onder die geklank van Gods Woord te kom. As hoëpriester van sy gesin het hy die huisaltaar brandende gehou. [2)]

Natuurlik die afstande het meegebring dat onderwysfasiliteite gebrekkig was. Die Kommissie van Ommegang (1811) het hiervan hartroerende taferele opgehang: by die Drosdye waar daar kerke en onderwysers was het skole bestaan waar die jeug kon leer om te lees en skrywe en onderrig in die godsdiens kon geniet. Vir die orige was dit droewig

gesteld/........

---

1) Reisen, Holl. vert. IV.397.

2) Gebedeboeke, bv. dié van Coenraad Mel en Johannes Haverman is dikwels gebruik; Moorrees a.w. 522.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesteld. Hulle het welgestelde huise aangetref met twaalf of meer kinders, waarvan die oudste nie eers sy naam kon skrywe nie. In die distrik Graaff-Reinet bereken hulle 3,400 kinders, waarvan 100 'n kans het om die skool by te woon. Dit het die kommissie egter getref om ou mense te ontmoet wat die gewone geriewe ontbeer en tog geen ander klag besit as dat die kerk te ver weg is. Sommige het selfs hul plase verkoop, en op die dorp gaan bly om nader aan die kerk te wees. [1]

Teen sekere lasterlike aantygings deur reisigers gemaak, het iemand in Het Zuid Afrikaansche Tydschrift as volg gereageer dat „men onder de buitenlieden (caeteris paribus) meer godsvrucht, meer godsdienstige kennis en reiner zeden aantreft an onder vele dorpelingen in Holland en Engeland." Daar is die kerk en pastorie slegs weinige minute van die huise van die parogiane, hier moet hulle sestig en meer myle ry om by die kerk te kom. Daar is die kerk met al die voorregte baie kere leeg, hier verlang hulle menigmaal na die feesdae om die gedagtenis aan die Verlosser se lyding en sterwe te vier. Hoewel baie die uiterste grense bewoon en soms drie weke van huis afwesig moet wees, sien 'n mens hulle nogtans van alle kante oor steil berge en deur diep en gevaarlike riviere tot die kerk toevloei, soos die Jode van ouds tot die tempel van Jerusalem. „En op hunne terugreis overdenken zy het gehoorde om het zich dus ten nutte te maken." [2]

HOOFSTUK 18/.......

1) Records VIII. 288 v.v.

2) N.Z.A.T. 1824.28.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 18.

## DS. MEENT BORCHERDS.

### Sy Agtergrond.

Een van die duidelikste verteenwoordigers van die supra-naturalistiese rigting in Suid-Afrika is die Stellenbosse predikant, Meent Borcherds. In meer as een opsig was hy 'n merkwaardige figuur in ons kerkgeskiedenis.

In Jemgum, Oos Friesland, op 3 September 1762 gebore, het hy op tienjarige leeftyd met die skoolbanke van Leer in dieselfde provinsie kennis gemaak, waar hy in die eerste beginsels van die skryf- en leeskuns ingewy is. Die leraar van die Ned. Hervormde Kerk van Jemgum, Bernardus Sanders, het hom vervolgens onder sy sorg geneem en hom in die Latynse, Griekse en Hebreeuse tale en ander voorbereidende wetenskappe tot die godgeleerdheid onderwys gegee. Nadat hy weer 'n tydjie onder Rektor Muller studeer het, is hy op 1 September 1780 as student in die Hoëskool van Groningen [1] aangeneem, waar hy Logika en Metafisika onder prof. Wedder, Joodse oudhede onder die beroemde Schroeder, die eerste beginsels van die oratorie vir die preekstoel onder prof. Kuypers en die beginsels van uitlegkunde onder prof. Abresch ontvang het. Veral het hy sy lig gaan opsteek by prof. Paulus Chevallier. Hy is later na die Gimnasium van Lingen waar hy vir twee jaar teologiese onderrig van proff. S. en H. Meylen geniet het. Hier het hy ook vir R.N. Aling ontmoet, die latere predikant van die Paarl en 'n ander Afrikaner, Perzoon, wat mettertyd hoogleraar te Parys en 'n groot botanicus geword het. Hy het dikwels met die jonge Borcherds gesprekke oor Suid-Afrika gevoer en waarskynlik die lus om hierheen te kom opgewek. [2]

Hy het onder baie moeilike omstandighede studeer,

want/.......

1) Stud. Alb. Kol. 235.

2) N.Z.A.T. 1832. 137 - 153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



want sy ouers was nie vermoënd nie. Sy Vader was in die handel, maar 'n nagtelike oorstroming van die Eems het 'n groot deel van sy eiendom verlore laat gaan. Na sy dood moes die Moeder alleen vir die onderhoud van haar seun sorg. Meent het haar nie teleurgestel nie, want na die eerste eksamen in 1783 voor die Classis word hy kandidaat in die teologie en na 'n tweede ondersoek te Emden, verkry hy sy ‚Licentia Concionandi' van die Pruissiese Oos-Friese Konsistorie. Hy het verwag om in die naburige Groninger Land geplaas te word, maar 'n vonkie vuur was die oorsaak dat al sy planne omver gewerp word. 1)

Hy was juis besig om onder die gehoor van die wel-sprekende Chevallier te sit, toe die tyding kom dat hulle huis afgebrand het! Watter gewaarwordings het deur sy hart geflits toe hy alles tot die fondamente toe vernietig vind en sy gespaarde moeder met sy arms omhels. Hy besef nou dat hy dadelik moet gaan verdien om haar te onderhou en besluit om na Suid-Afrika te vertrek. Deur die be-moeiing van ds. Herman Hubert ontvang hy sy aanstelling en lê hy eers weer eksamen voor die Classis van Amsterdam af. Die skip „Het Meeuwtje" waarmee hy oorvaar, kom 19 April 1785 in Kaapstad aan.

Ds. Borcherds was bestem om derde predikant van die gemeente in die hoofstad te wees, maar hy het spoedig om 'n verplasing na Stellenbosch aangevra, omdat sy bors hom las gegee en sy stem nie sterk genoeg vir so'n groot kerk was nie. „Door zwakheid van stem en borst, niet als met moeite en op een fatiguante wyze sijne Leerredenen aan het gehoor

der/........

---

1) An Auto-Biographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds, Esq. Late civil commissioner of Cape Division and Resident Magistrate for Cape Town and district thereof, and Cape District - being a plain narrative of occurrences from early life to advanced age, chiefly intended for his children and descendants, countrymen and friends. (Cape Town, A.S. Robertson, Adderleystraat 1861), 1 - 12

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



der gemeente brengen kunnende, zig zelfs dus beter voor een kleiner kerk geschikt vind," 1) staan in die notule van die Politieke Raad aangeteken.

Vir vyf-en-veertig jaar was hy die gesiene leraar van Stellenbosch en die spil waarom die kulturele en geestelike lewe van die dorpie gedraai het. Kort na sy aankoms in 1785 is hy getroud met 'n Afrikaanse dame, Aletta Jacoba de Wit, uit 'n Kaapse familie uit die tyd van die Van der Stels. Sy inkomste aan die begin was slegs £75 per annum sodat hy 'n stuk grond moes bewerk om sy huisgesin aan die lewe te hou. Toe hy reeds ingeburger was in die dorp, het hy die huis met „Het Alziend Oog" in Kaaps-Hollandse styl daargestel en dit „La Gratitude" genoem. Die oog in die portiek was vir hom die sinnebeelde van Gods waakzaamheid en die naam 'n bewys van sy dankbaarheid vir al die gunsbewyse wat hy reeds in die land geniet het.

Dit was 'n baie gasvrye pastorie waar alle besoekers welkom was. Meent Borcherds was die ideale vader vir sy drie seuns en sewe dogters en het 'n gelukkige atmosfeer in sy huis geskep. Dit kon ook nie anders nie, want die godsdiens het die hooftoon aangegee. Sommige aande het sy vriende hom in die somerhuise agter op die walle van die Eersterivier gevind, besig om na die sterre te kyk. As liefhebber van die natuur kon hy dan vir ure uitwei oor die wondere van die skepping en die almag van die Skepper. Gewillig het hy meegedeel van die skatte van die wetenskap en was bly as hy ander kan inlig. Wanneer die geselskap 'n wending neem na sy ou moederland, sy universiteit en die huislike kring, het hy dikwels weemoedig geword, want hy

het/........

---

1) Resolutiën v.d. Pol. Raad, No. 80 p.p. 1007 - 9, K.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het innig verlang om eendag weer daar te wees. Maar dit het deur die praktiese omstandighede nooit gebeur nie en sy moeder is die ewigheid binne sonder om hom weer te ontmoet.

As hy aan sy jeug dink sou sy gees in die binneste wakker word: „Hoe verrukkelijk breekt dan in Jemgum en Reyderland de dag aan", skryf hy op 24 Junie 1830. 1) „Vroeg tusschen drie of vier uren in den morgenstond ziet men den dageraad, dikwyls uit dunne wolken opryzen, in het Noordoosten. De leeuwerik vliegt dan omhoog en heft zyn verrukkelik morgenzang aan, als of hy, by het naderen van de zon, dezelve begroeten en zijnen weldadigen en Almagtige Schepper loven wilde. Klapwiekend en als in eenen kring vliegt het lieve vogeltje omhoog, en kwinkeleert met zÿn gorgel de welluidenste toonen, tot vermaak van den stillen wandelaar, die dan in die landstreken door het bedaauwde gras daarheen stapt, om de verfrisschende morgenlucht inte-ademen.

Hoog—omhoog! het hart naar <u>boven</u>
Hier beneden is het niet!
't Regte leven, lieven <u>loven</u>
Is maar daar men Jezus <u>ziet</u>."

Ons bemerk dadelik sy digterlike talent, want hy was 'n vriend van die Muse. Sy seun vertel ons van enige letterkundige voortbrengsels van die Vader. „When in 1800, the first printing press was introduced unto this colony, he produced a poem, thankfully received by the original "Society to promote Agriculture, Arts and Science," established under the patronage of the Governor; and also another entitled <u>De Maan</u> (The Moon), and these were the first literary productions of the Cape Press." 2) Hierdie laaste/.......

---

1) N.Z.A.T. 1832. 152.

2) P.B. Borcherds a.w. 7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



laaste gedig wat in 1858 'n herdruk beleef, het uit vier sange bestaan, waarin agtereenvolgens oor die lewensloop, begrafnis en oordeel van 'n grysaard met die digterlike naam van Philander gesing word. 1) Hierin openbaar hy hom as 'n verteenwoordiger van die klassisme, die man van die verstand wat die Gees van die Wysheid aanroep:

„Kom, daal neer op myn gedichten,
Bestraal het oog der ziel! help myn verstand
verlichten."

Sy supra-naturalistiese neigings kan nie verberg word nie: die „religie" word geroem as „de grondslag der Maatschappy" en verder as die „lief en hemelsch band" wat al die harte moet saambind, terwyl die deugde, bv. die „nutte deugd der matigheid", hoog aangeprys word.

Uit 'n letterkundige oogpunt beskou som dr. E. Conradie die gedig wat sy in extenso behandel, as volg op: „die taaie klassistiese leerdig staan ver van ons eeu af, daar sit te weinig gevoel in, 'n enkele geslaagde reël uitgesluit, die bou en die toespelings is te verstandelik uitgedink, maar as 'n kultuurhistoriese monument is dit enig van sy soort." 2)

Die gedig ter gelukwensing van die Genootskap van landbou en kunste het ongelukkig verlore gegaan, maar verskeie ander het vir ons in Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, waarmee hy sedert die oprigting 'n ywerige medewerker was, bewaar gebly. 3)

Maar ds. M. Borcherds was nie net digter nie, hy het

hom/........

---

1) „De Maan, een leerdicht in vier afdeelingen door wylen den wel eerw. Heer M. Borcherds in leven predikant (van 1786 tot 1830) te Stellenbosch, Kaap de Goede Hoop. Herdrukt naar het oorspronkelyke in 1802, uitgegeven en destyds de eerste lettervrucht in de kolonie." (Kaapstad, 1858)

2) Hollandse skrywers uit S.A., 144.

3) Troostgronden voor stervende christenen (III.93), Lucretia's bede om een Echtgenoot (III.148), Een Levensreis (III.337) ens.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom as skrywer ook van prosa bedien. Veral was hy lief vir die historiese wetenskap en kan as pionier van die beskrywing van ons vaderlandse en kerkgeskiedenis beskou word. Sodra die N.Z.A. Tydschrift in 1824, onder leiding van ds. A. Faure, sy verskyning maak, beraam hy die plan om allerlei merkwaardighede uit die Stellenbosse Argief te versamel en in die vorm van 'n „Beschryving van Stellenbosch" in die tydskrif te plaas. In die tweede deel verskyn daar vier stukke, nl. oor die ligging van die dorp, die burgerlike en kerklike besture en skole. In 1826 het hy die vraag geopper of die tyd nie reeds daar was om „eene algemeene geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, niet uit losse geruchten of partiale beschrijvingen van doortrekkende Reizigers, maar uit de oorspronklijke Archieven des lands opgemaakt, behoorde beschreven te worden eer de kennis van de oudste manier van schrijven in publieke documenten, die reeds merkbaar begint af te nemen, geheel zal zyn verloren gegaan." [1]

Hierop het die Redakteur in 'n noot geantwoord dat niemand anders as die predikant van Stellenbosch die geskikste persoon was om die taak op hom te neem nie. Hy nooi hom daartoe uit en bid dat hy die nodige krag daartoe mag vind „waardoor ons niet alleen, maar ook de nakomelingschap een wezenlijken dienst zal worden bewezen." Gevolglik het hy in 1828 stof begin versamel uit die argief van die kolonie vir die „Algemene Geschiedenis." Hy het verlof gekry om die materiaal uit Kaapstad te verwyder en na huis te neem, waar hy dit behandel het. Spoelstra verwys ook na 'n artikel van hom in die N.Z.A.T. van daardie jaar: „Geschiedenis der Gecombineerde Kerkvergadering gehouden in de Kaapstad, in de jaren 1745 - 1757." [2] Hierdie

liggaam/........

---

1) N.Z.A.T. 1826.211.

2) Spoelstra II.529.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liggaam het in 1745 uit 'n drang tot selfstandigheid ontstaan sodat die Kaapse gemeentes een keer per jaar vergader het om sekere gemeenskaplike vraagstukke te bespreek. Die Amsterdamse Classis het dit egter in 1757 verbied, omdat gemeen is dat op die gebied van die Classis getree word en dit mog nie! Ds. Borcherds deel in sy genoemde artikel mee dat hy by toeval die gewenste stuk onder ander byna onleesbare papiere ontdek het en gee dan verslag van slegs ses vergaderings. Ongelukkig het die oorspronklike intussen verlore gegaan en was dit nie vir Borcherds nie, dan sou ons miskien niks van die Gekombineerde Kerkvergadering geweet het nie. Hy het in die N.Z.A.T. onder die skuilnaam van E.D.P. geskryf.

<u>Sy teologiese standpunt.</u>

Die stryd van Meent Borcherds teen die dryf van sending deur genootskappe in plaas van deur die kerkraad het ons reeds behandel in die deel oor die prediking van die sendelinge en oefenaars. [1] Hy was nooit teen die uitbreiding van Gods koninkryk as sodanig nie. Die historieskrywer van Genadendal wil dit beweer maar ten onregte. Enige Kaapse vriende het aan die sendingpos 'n kerkklok present gegee instede van die blik, waarmee hulle vroeër hul kudde byeengeroep het. „Wonderlyk te zeggen," skryf die beskuldiger, „de eerste die zich over het geluid der klok ergerde was een predikant, en wel dié te Stellenbosch wonende, met name Borchards. Hy beklaagde zich dat men het geluid daarvan in Stellenbosch hoorde," en het dus 'n klagbrief aan die Regering opgestuur. [2] Maar hierdie aantyging is so belaglik dat 'n mens dit nie in/.......

1) Hoofstuk 13, vgl. Moorrees a.w. 362 - 402.

2) Geschiedverhaal van Genadendal, de eerste zendingstatie in Zuid-Afrika van 1737 tot 1806 (Kaapstad 1893), 211.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in 'n ernstige lig kan beskou nie; Stellenbosch en Genadendal lê vyftig myl van mekaar!

Weliswaar het hy gebots met Ouderling Groenewald en diaken Desch, met die sendelinge Bakker en Erasmus Smit, maar dit het by hom gegaan om die metode van sendingwerk. As enigeen geestelike arbeid binne 'n gevestigde gemeente kom verrig, dan ontstaan daar botsende belange en dan word die woorde van Landdrost R.J. van der Riet waar „dat het by de kerk goddeloos en sloffig toeging." Die vraag egter is of dit verstandig van hom was om sy voet so dwars te sit teen die sending in die Overbergse en verafgeleë streke, waar niemand anders hulle bekommer het oor die verlore toestand van die inboorlinge nie.

Agter die verset van Borcherds teen die sendelinge en die hou van oefeninge het daar nog meer geskuil as die genoemde besware. In die gemeente van Stellenbosch het daar 'n ontevredenheid onder die lede algaande gegroei teen hul leraar se opvatting van die „redelike godsdiens" en het hulle gevoeg by aparte godsdienstige samekomste, wat soms op dieselfde uur as dié van die kerkdienste gehou is. Hierdie misnoeë het o.a. openbaar geword toe die Kommissaris-Generaal de Mist, wat dieselfde denkwyse as ds. Borcherds toegedaan was, op sy landsreis by Stellenbosch kom en die erediens op 18 Maart 1804 bywoon. Die preek van ds. Borcherds het die ontevredenes daardie dag nie aangestaan nie. [1)]

Meent Borcherds was geen aanhanger van die Rasionalisme nie, want hy laat homself ondubbelsinnig daaromtrent as volg uit: „Het verderfelijk stelsel des ongeloofs, hetwelk destyds zyn slangenhoofd in een ge-

deelte/......

---

1) Theal: Bel. Hist. Dok. III.186; Ink. St. 343 M. Borcherds - de Mist, Not. de Mist, dl. X, Kol. Arch. 4366, by J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 206.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deelte van Europa had opgestoken, en in die landen en plaatsen, waar hetzelve was aangekweekt en gekoesterd zijn doodelyk gift wijd en zijd had uitgespogen, scheen wel hier en daar as de pest in het duistere rond te waren, doch vond hier in den diepgewortelden afkeer, waarmede het gevestigd christendom onzer kerken die beginselen plagt te beschouwen, eenen keerdam, die het niet in oorweldigen." Dan gee hy die redes aan waarom die ongeloof nie weelderig toegeneem het nie en wel die invloed van die openbare godsdiens op die eerste dag van die week en van die oefeninge wat ongewoon toeneem, maar die verderflike stroom betyds gekeer het. [1] Dit is nogal vreemd dat hy aan die eenkant die oefeninge so bestry [2] en aan die ander kant die waarde daarvan insien. Sou hy toe al besef het dat sy lede juis dieselfde middel aangewend het as 'n teenwig teen sy leringe?

Hy het nie die ongeloof gevolg nie, maar hom gevoeg by dié skool wat 'n middeweg wou inslaan en wat die Bybel met die rede wou versoen en wat gepleit het vir verdraagsaamheid in die godsdiens, m.a.w. die supra-naturele rigting. Toe de Mist gewonder het hoe die bevolking sy nuwe kerkorde sou begroet, was Borcherds een van die eerste entoesiaste wat dit verwelkom het. „Als individu, en afgezonderd van de wette der gezindheid, tot dewelke ik behoor, ben ik, zoo door opvoeding als de beginselen van mijn geboorteland van de toleransie; er is geen Christelijke secte die ik niet meen verdragen te moeten worden en er kan kwalijk groter afkeer tegen eigentlyke gezegde conscientiedwang by iemant gevonden worden, dan

ik/........

1) N.Z.A.T. 1829.116.

2) Vir die eerste Sinode (1824) het hy 'n beskrywingspunt: „Hoe ver strek die kerklike gesag van die afsonderlike kerkrade uit oor die godsdienstige verrigtinge van die lede van sy gemeente, in besonder met betrekking tot die hou van oefeninge."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ik U met vreugde durf melden, dat my in mijne jeugd is ingeprent - laat ieder onsterflijk mensch daaromtrent vry, geheelenal verantwoordelyk zijn voor den Opperste Rigter." [1] En tog het hy die Hernhutters nie vryheid van beweging gegun nie! Dit lyk of hy hierdie inkonsekwensie later self ingesien het en sy begrip van toleransie en sy houding teenoor die Morawiese sending wou verduidelik. [2]

Ds. Borcherds praat van sy opvoeding en van die beginsels van sy geboorteland wat hom beïnvloed het. Ongetwyfeld was hy ook baie bekoor deur prof. Chevallier van Groningen, een van die bekende supra-naturaliste van Nederland. Van die Stellenbosse dominee word getuig dat hy geoefen was „in de kundigheden tot zijn vak en ambt behoorende, oordeelde en redeneerde met gezond verstand en verwierp alle dweepzucht. Hy was niet gebonden aan uiterlijkheden, maar schatte den inwendigen christelijken toestand des menschen, den stillen en verborgen omgang met God, de erkentenis van des Zaligmakers verdiensten, en de nakoming en beoefening der christelijke en zedekundige pligten, als de gronden waarop het gebouw des christendoms moest gevestigd worden. Hy was verdraagzaam, en wist gesprekswyze de schoonheden van den christelijken Godsdienst zoo voor te stellen dat daaruit troost zoo in leven als sterven gevonden werd." [3]

Dit is duidelik dat hy met die „dweepsug" en die „uiterlijkheden" van di. H.R. van Lier en M.C. Vos nie gediend sou gewees het nie en sy bediening anders aangepak het. Hy het oor die „schoonheden" van die godsdiens gepreek, terwyl ds. van Lier bv. dit nie genoeg oor die

bederf/..........

1) J.P. van der Merwe a.w. 212.

2) Sien Theal: History after 1795 III.302.

3) N.Z.A.T. 1832, 138.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bederf en die sonde van die mens kon hê nie. Dit was nie dat Borcherds „uit die ou skool, konserwatief met 'n hekel aan die nuwerwetse" was en daarom die sendingywer van van Lier en Vos nie kon verstaan nie, [1] maar hulle was verteenwoordigers van verskillende teologiese denkwyses.

<u>Sy prediking</u>.

Wanneer sommige in die gemeente aanstoot neem aan sy „redelike godsdiens", wil dit nie sê dat hy oor die algemeen ongewild in die samelewing was nie. Sy seun getuig: „My Father had confirmed many as members of the church, had joined almost all the couples then living in the happy union of matrimony, and had administered to all the sacred sacraments. These sacred duties had engendered, on the part of his parishioners, feelings of no ordinary attachment; and the endearing appellation by which he was usually known among them, for many years, was Father Borcherds." [2] Toe hy veertig jaar reeds die preekdiens aldaar waargeneem het, is die gebeurtenis op 22 Oktober 1826 gevier en 'n silver vaas as geskenk hom aangebied.

By hierdie heuglike dag in sy ampsbediening het hy in die kerk 'n geleentheidsrede [3] na aanleiding van die teks Deut. 8 v. 1, 2 uitgespreek: „Al die gebooie wat ek jou vandag beveel, moet hulle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat die Here aan julle vaders met 'n eed beloof het. En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het....." Die prediker wil hom nie met Moses gelykstel nie, maar vind in Moses se lewe sekere ooreenkomste met sy eie loopbaan. Moses se lewe word verdeel in drie tydperke van veertig jaar elk en al kan ds. Borcherds nie van so'n lang

skof/......

1) A.L. Geyer a.w. 57.

2) Memoirs, 3.

3) N.Z.A.T. 1826.396 v.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skof getuig nie, het die Here hom tog veertig jaar in die tuig gespaar. „Veertig jaren - welk eene verandering van tijden, zaken en personen! - waar zijn nu uwe Vaderen, uwe Voorvaderen! uwe Moeders, in een woord, het geheele voorgeslacht? ...... Eens omringden zy, elke Zondag, my op dezen predikstoel, eens zongen wij hier te zamen liederen en psalmen, eens aanboden wy onzen God en Zaligmaker, aan deze Godgewyde plaatse...."

Die preek het 'n baie eenvoudige tweeverdeling:
(1) die nadruklike bevel om alle gebooie waar te neem en te doen wat Israel se Profeet en Leidsman hulle nogmaals by die nadering van die einde van sy aardse loopbaan sou voorskrywe, opdat hulle mag leef, ens. en
(2) die nadruklike vermaning om te dink aan die hele weg waarlangs die Here hulle gelei het. Om die waarheid te sê, dit steek baie af by die preke waarvan ons voorbeelde van Van Gendt, Bode, Van der Spuy, van Lier en Vos gegee het. Waar hulle besondere aandag aan die uitlê van die teksverband en die verklaring van elke woord van die teks gewy het, neem Borcherds net die hoofgedagte van sy teks as stramien, om dan met algemeenhede daarop voort te borduur.

Na die Sinode van 1867 skryf „Protos" in die predikante-korrespondensie kolom van <u>De Gereformeerde Kerkbode</u> dat hy in die voorreg was om verskillende leraars tydens die sitting van die Sinode te hoor preek. „Opvallend was het my te zien dat de synthetische preekmetode elke andere verdrongen heeft. Eene oud-Hollandsche preek met zorgvuldige Bybelverklaring hoort men thans byna nooit." Dan betreur hy die feit want die Bybel moet aan die volk <u>uitgelê</u> word en die gevaar van 'n kort teks is dat daar baie inlegkunde bygebring word. [1] Hierdie inruiling van die ou

Hollandse/......

---

1) K.B. 1870. 409.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hollandse metode vir die Engelse sintetiese preekstyl wat volgens „Protos" in 1867 so algemeen was, het reeds baie vroeër begin. Meent Borcherds was die eerste, so ver ons weet, wat hom konsekwent van hierdie soort preke of „redevoeringe", soos dit by voorkeur dan genoem word, bedien het. In hierdie opsig was hy ook 'n getroue volgeling van sy leermeester, Paulus Chevallier.

Uit sy jubileumpreek straal sy teologiese beskouing ook duidelik uit. Wanneer hy Moses se arbeid beskryf dan is dit dat hy „al den pligt der dankbaarheid en wederliefde, als de krachtigste drangredenen voor <u>redelyke wezens</u>" voorstel; en as hy kom by sy eie aandeel, dan bid hy hulle dat „elk uwer toch by mijn leven en na mijnen dood, zich moge benaarstigen en waarnemen, om te doen alle de Geboden van uwen <u>redelyken Godsdienst</u>, die eigenlyk alleen maar op uwen Bybel is gegrondvest." 1)

By die eerste Algemene Kerkvergadering van die Ned. Geref. Kerk in 1824 is ds. M. Borcherds tot scriba gekies, welke plig hy bekwaam uitgevoer het. Dit was die reël dat met die volgende Sinode die scriba van die vorige vergadering tot moderator gepromoveer word en so bevind hy hom in 1826 met die hamer in die hand. Dit was duidelik vir Meent Borcherds 'n baie groot oomblik in sy lewe, sodat hy hom met die voorbereiding van sy openingsrede 2) veel moeite getroos. Bo-aan sy manuskrip het hy elke item van die prosedure neergepen soos:

(1) „lastbrieven opnemen,
(2) afgevaardigden plaatsen aanwijzen,
(3) moderatoren te kiezen,
(4) blootleggen van gronden voor de wettigheid van de Synodale Vergadering." Sy voorgebed word woord vir woord uitgeskryf. Wanneer hy sy „redevoering" begin,

benader/.......

1) a.w. 398, 401.

2) Bylaag, Acta Synodi 1826, S.2. 29, K.K.A.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



benader hy die saak met skroomvalligheid, omdat hy sy swakheid met die klim van die jare gevoel. Al het hy die Reglemente met die vorige Sinode opgetrek en verstand gekry in gewone kerklike sake, moet hulle sy grysheid nie vergeet nie. Onder die omstandighede het hy geen beter grond vir bemoediging as sy teks nie: „Hy wat jou roep, is getrou; Hy sal dit ook doen" (1 Thess. 5 v. 24). Verder herhaal hy sy teks dwarsdeur sonder dat hy die grondgedagte duidelik uitwerk.

Sy slotrede 1) is net so power aan inhoud en vorm. Hierdie keer beslaan sy teks sewe verse, 2) wat hulle maklik leen vir ontleding en verklaring, maar hy maak hom weer daarvan af, net soos met die vorige preek met dié woorde: „Verwagt echter niet van my by deze geleegenheid een gewone verklaring dezer woorden......." Nadat die Moderator die vergadering aan God opgedra het, bemoedig hy hulle met die gedagte dat hulle „een redelijken Godsdienst hebben die ons beveeld en aanmoedigd om ter onzer vertroosting te zien op een hooger en beter leeven, waar geen scheiding meer zal plaats hebben." Voordat hy die „Amen" uitspreek gaan hy uit sy pad om die toleransiegedagte wat hy met die opening van die Sinode reeds aangehaal het, andermaal te onderstreep: „Doch met eenen zorgvuldigen in agt neeming van die beginselen der verdraagzaamheid, waarvan wy reeds in onzen Herderlyke Brief nu twee jaaren geleden een opentlyke belydenis op deezen predikstoel hebben afgelegd." As scriba het hy waarskynlik daardie pastorale brief opgestel.

Ds.Meent Borcherds het in sy bediening 2,670 preke gelewer, volgens sy eie berekening, 3) maar daarvan het ons slegs vier oorgehou. Drie het ons reeds genoem; die vierde het/.......

---

1) Bylaag, Acta Synodi 1826, S.2. 272, K.K.A.
2) Hand. 20 v. 32 - 38.
3) P.B. Borcherds: a.w. bl.

©University of Pretoria

het hy in die aand van sy lewe uitgespreek. Sewe dae na die stigting van die gemeente Wijnberg [1] het hy daar in die Engelse kerk gepreek om die jong gemeente aan te moedig, [2] en tot teks geneem 2 Kor. 5 v. 1. Weens sy hoë ouderdom dink hy reeds oor die dood en daarna. „Aandoenlijke gedachte! dat het aardsche huis dezes tabernakels vroeg of laat zal en moet verbroken worden;.... eens breekt het oog, en ziet niet meer; eens breekt het oor, en hoort niet meer; eens breekt de tong, en smaakt niet meer; eens breekt het hart, en voelt niet meer." Sy hooftema is dat ons almal moet sterwe, maar dat daar voorsiening vir ons gemaak is.

Sy tekskeuse is nie baie gelukkig nie; miskien was dit 'n ou preek wat vir die geleentheid weer opgeknap is. Vir die aanmoediging om die gemeente fluks op te bou, sou hy baie geskikter tekste in die Bybel kon gevind het. Sy redenering kom nou daarop neer dat die stig van gemeentes nuttig is, aangesien die hoop op die hemel by die mense beter verwek word. Dit is seker een kant van die waarheid, maar wat van die lewe aan hierdie kant van die graf waarvoor die gemeente ook voorberei moet word? Ons moet nie net leer om te sterwe nie, maar leer om te lewe. As aanhanger van die Supra-naturalisme, wat so graag praat van „deug" en „plig" sou 'n mens 'n ander tipe boodskap van Borcherds verwag het.

In een opsig egter het hy 'n voorsprong bo die ander predikers wat tot dus ver behandel is: ds. Borcherds

preek/......

---

1) Op 20 Sept. 1829 gestig vgl. Dreyer: Kerksouvenir van Wynberg 1829 - 1929, 9.

2) „Redevoering tot aanmoediging van den opbouw der thans zoo voorspoedige kerk der Nederduitsche Hervormde Gemeente aan den Wynberg, gehouden door wijlen den Weleerw Hr. M. Borcherds, in leven Predikant te Stellenbosch, op Zondag den 27 Sept. 1829 door hem uitgesproken in de Engelse Kerk aan de Wynberg, in de 67e jaar van zyn ouderdom," N.Z.A.T. 1839.133 v.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



preek kort! Die laasgenoemde preek bevat slegs 2,259 woorde. Daar was ongetwyfeld seën op die bediening van die Woord en die kerkraad kan rapporteer „dat er zommige zijn, die vruchten dragen des geloofs en der bekeering waardig," maar aan die ander kant vrees hulle dat die saad by baie „in eene onbekwaame aarde" val „waarin het óf geen wortel schiet of welras verstikt wordt door de zorgvuldigheden dezes levens." 1) Vader Borcherds leef in die harte van sy lidmate. Wanneer 'n kommando op die been gebring word om, „vagebonderende" Hottentotte en Kaffers 'n les te leer, dan preek hy oor die Pottebakker en die Klei, (Jer. 18 v. 5 - 10) en bid in die kerk om die Allerhoogste se seën en beskerming oor hulle. 2) Toe 'n verwoestende brand Stellenbosch teister en 'n groot deel van die dorp in puin lê, preek hy oor Job. 14 v. 1 - 6 om op die onbestendigheid van die lewe te wys. Hierdie preek het gelukkige gevolge geniet „en menige troostelijke herinnering zweeft my nog voor den geest, van en betrekkelyk deze tyden en verrigtingen; doch daar ze mij zelven aangaan, betaamt het my niet, iets verder daarvan te melden, dan dat ik er voor my zelven uit geleerd heb, dat de dierbare Bybel schatten behelst van hemelse wysheid, die wij vruchteloos in de diepste afgronden der menslijke wysbegeerte zouden zoeken." 3)

Hoofstuk 19/.......

---

1) Spoelstra I.571.

2) N.Z.A.T. 1829. 39.

3) N.Z.A.T. 1830. 181.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 19.

## DS. JAN CHRISTOFFEL BERRANGÉ.

### Sy loopbaan.

„Mijne waardige, medebroeders, medearbeiders in en dienst van het Evangelie onzes Heeren J.C., welaan, verblijden wij ons in en laten wij onze zielen met die hope troosten dat het Evangelie, hetwelk wij verkondigen zich hoe langer zoo meer zal uitbreiden, gelijk overal in de wereld, zoo ook onder ons, dat dat kleine mosterdsaad waaruit een groote boom nu reeds geworden is, allengs nog wijder deszelfs schaduwrijke akker zal uitbreiden." [1] So beëindig die voorsitter van die eerste Kaapse Sinode sy sluitingsrede, wanneer hy die afgevaardigdes terugstuur na hul gemeentes. Hy was oortuig van die onoorwinlike krag van die Evangelie, wat hy en sy medebroeders verkondig en wat gegroei het van 'n klein begin tot 'n magtige invloed in die land.

Ds. J.C. Berrangé was in die eerste kwartaal van hierdie eeu een van die welsprekendste en vermaardste predikers van Suid-Afrika, en het selfs in die ou moederland in kerklike kringe hoog aangeskryf gestaan.

Hy was 'n seun van ons land en het in 1769 in Kaapstad die lewenslig aanskou. Reeds vroeg het hy die roepstem verneem om evangeliedienaar te word en het as twaalfjarige seun deur bemiddeling van ds. H.R. van Lier na Europa vertrek om in die teologie te gaan studeer. [2] Hy bevind hom eers aan die Gimnasium van Delft vir sy propaedeutiese studies en studeer later aan die Universiteit van Leiden. [3]

Hier/.........

1) Bylaag, Acta Synodi 1824, S.1.288, K.K.A.

2) E. Conradie a.w. 125.

3) Stud. Album Kol. 1161.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hier kom hy onder die bekoring van sulke hoogleraars soos C. Boers, B. Broes en S.F. Rau. [1] In 1792 word hy eers voor die Classis van Gouda en later voor dié van Arnhem geëksamineer, om so tot die bediening van die Woord toegelaat te word.

Hy het nie dadelik tot sy vaderland teruggekeer nie, maar sy eerste kragte aan die Moederkerk gewy. Sy eerste staanplek was Spankeren en Dieren, waar hy tot 1797 vertoef, toe hy na Bloemendaal beroep is. Hier het hy met 'n Nederlandse dame, Mej. E. von Boekom, getrou, met wie hy gelukkig saamgeleef het, totdat sy in 1818 tot hoër diens opgeroep is. 'n Tweede huwelik is later gesluit met Mej. Cornelia Surrier. [2]

Terwyl hy predikant van Bloemendaal was, het die onderskeiding hom te beurt geval om op 'n kommissie van vier te dien, wat na Parys moes afreis om Napoleon te spreek en die besware van die Hervormde Kerk voor te lê. Al het hulle sending misluk, ds. Berrangé het belangrike ondervinding opgedoen wat hom later in sy bediening goed tot nut gestrek het. Die feit dat hy op so'n belangrike kommissie gekies was, toon die vertroue wat in die Afrikaner-predikant gestel was.

In 1814 het hy gevoel dat sy werk in Nederland klaar is. Sy eie vaderland het dan ook sy dienste nodig gehad. Sy Oom, ds. Christiaan Fleck, het daarop aangedring dat hy terugkeer en daar was by hom persoonlik 'n sterk begeerte om sy tagtigjarige ou vader nog in lewe te sien. Aan hom, Antonius Berrangé, gebore in Delft, „mercatori in Promontorio Bonae Spei, Patri indulgentissimo, omni honore et obsequio ad rogum usque colendo" het hy 'n versameling van Latynse liedere, getitel: „Carmina Heroicum et Elegiacum/.......

---

1) N.Z.A.T. 1827.127.

2) A. Dreyer: „Kerksouvenir van Durbanville, Gemeente-Eeuwfeest 1826 - 1926 (Kaapstad 1926), 11, 12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elegiacum", opgedra. Sy vader was eers sieketrooster in die gemeente Kaapstad, maar het later 'n welvarende koopman geword.

Intussen was hy deur Lord Bathhurst, Sekretaris van Staat vir die Britse Kolonies, by Lord Charles Somerset sterk aanbeveel vir 'n predikantsplek en toe hy op 30 Julie 1815 op die Nederlandse skip „De Zeeploeg" onder seil gegaan het, was dit onder die verstandhouding dat hy by sy aankoms in Kaapstad as derde leraar van die hoofstad en tegelyk as rektor van die „Grammar School" aangestel sou word. „De Zeeploeg" het maar uiters stadig deur die see geploeg want eers op 12 November het hy in Tafelbaai geanker. Wat was ds. Berrangé se teleurstelling groot toe by sy aankoms, na 'n afwesigheid van 34 jare, hy moes hoor dat sy ou vader kort tevore oorlede is. Nog groter was sy teleurstelling toe hy ontdek dat die rektoraat verval het en dat die Goewerneur nie sy weg oopsien om sy aanstelling as predikant van Kaapstad te bekragtig nie. 1)

Gelukkig moes hy nie lank op 'n staanplek wag nie, want reeds op 15 Desember 1815 is hy aangestel as predikant van Swellendam, waar hy vir byna twee jaar werksaam was. Sy voorganger, ds. Schutz, is in sy amp geskors omdat hy hom nie goed gedra het nie. Ds. Berrangé was egter te kort in Swellendam om 'n groot werk daar te verrig, want hy is in 1817 as derde leraar van Kaapstad bevestig. Sy Oom, ds. C. Fleck, was reeds oud en gedaan sodat die kerkraad ernstige petisies aan die Goewerneur rig om 'n nuwe werkkrag vir Kaapstad. 2) Hier het hy ruim tien jaar

gestaan/.......

---

1) A. Dreyer: Die Eerste Moderators van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in S.A. by Almanak vir die Ned. Geref Kerke in S.A. vir 1929, 26. Die Goewerneur wou liewers 'n Engelsman aan die hoof van die skool sien, omdat dit pas by sy verengelsing-beleid. Records IX.38.39.

2) Faure: Redevoering by het Tweede Eeuw-feest (Kaapstad 1852), 85.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gestaan en is onverwags, nadat hy die vorige Sondag nog sy kanselwerk verrig het, in die ouderdom van 57 jaar ontslape.

Ds. J.C. Berrangé sal altyd onthou word as die eerste praeses van ons eerste Sinode. As 'n mens die Acta daarvan deurblaai sien jy orals die spore van sy aandadigheid in die vorm van 'n breë forse handskrif. Die Kaapse Kerk het aan die drempel van sy selfstandige organisering gestaan en het manne nodig gehad wat bedrewe in kerklike sake was. Deur die Voorsienigheid is so iemand juis op hierdie tydstip uitgestoot. Dr. A. Faure getuig van Berrangé in sy Z.A. Tydschrift: „Eene man van grondige kennis, buitengewone doorzigt, en groote bedrewenheid in kerklyke zaken. Daarvan gaf hy blyken op onderscheidene synoden in Nederland, vooral op eene Noordhollandsche te Alkmaar gehouden, op welke hy als questor eene zaak van de grootste aangelegenheid tot vereffening bracht." 1) Daar moes bv. wette en bepalinge vir die bestuur van die kerk opgestel word en op voetspoor van die Reglement van die Nederlandse Hervormde kerk van 1816 het hy een vir die Kaapse Kerk saamgestel, gewysig na die aard van plaaslike omstandighede.

Sy prediking.

Aan die begin van die Algemene Kerkvergadering verwelkom hy die afgevaardigdes met 'n kort hartelike woord en lei vervolgens die byeenkoms met bekwaamheid en vlugheid van gees. Met die slotverrigtinge lewer hy 'n „Kerkelyke Redevoering by het sluiten van de Algemeene Kerkvergadering der Nederduitsche Hervormde Gemeente in Zuid-Afrika gehouden in de Hervormde Kerk binne de Kaap-

stad/.......

---

1) N.Z.A.T. 1827. 127.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stad den 19en Nov$^{r}$. 1824 door den tydelyken voorzitter J.C.B. Predikant aan de Hoofdplaats." 1) Haarfyn word die orde van die erediens op sy manuskrip aangegee en die voorgebed volledig uitgeskryf, terwyl sekere gedeeltes daarvan selfs rojeer en weer oorgeskryf is. Deftig vang hy aan na die eis van die hoogeerwaardige vergadering: „Zeer waarde, Hooggeëerde, Welgenegene, Welaandachtige Toehoorders!"

Sy teks is geneem uit die gelykenis van die mosterdsaad (Matt. 13 v. 31, 32), wat 'n gepaste aanleiding bied om die klein begin van die christendom (en tewens die Kaapse Kerk) te skets en die ongeëwenaarde groei daarvan in die loop van jare aan te merk. Eendag sal die heidene en Jode ook nog inkom, want die belofte is daar dat op die dag van die oes die wasdom aanwesig sal wees.

Die hele rede is sinteties opgestel, met die behandeling van die hoofwaarheid daarin opgesluit, terwyl geen verdelings gebruik word nie. Dit wil nie sê dat dit 'n mottopreek was nie, inteendeel die woorde van die teks word behandel en selfs vergelyk met die gelykluidende plekke in die ander drie evangelies.

Hierdie laaste element nl. dat allerlei uitweidinge en langdradigheid toegelaat word, is nogal vervelend. Die Hollandse aard en sy degelikheid word telkens verraai.
Let op sy definisie van 'n Gelykenis: „in het algemeen een verhaal, niet van iets verdicht - want dan wordt het fabel en is het niet meer parabel - maar gelykenis bestaat in het voorstellen van iets hetwelk uit de wereld van mooglijkheden en gebeurlijke dingen en plaats gehad hebbende omstandigheden genomen, strekken moet, om een andere daarmede, in zekere punten van overeenkomst gelijkstaande zaak, en wel de zoodanige, welke verstandelijk en geestelijk is, te kennen te

geven/........

---

1) Bylaag tot Acta Synodi 1824, K.K.A., S.1.288; ook N.Z.A.T. 1824. 424 - 435.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geven, op te helderen, levendig af te beelden, en het voorstel daarvan, sierlijker, aannemelijker, meer indrukmakend en overtuigend te doen zijn." Hoe ingewikkeld in teenstelling met die eenvoud wat Jesus Christus in sy gelykenisse self bedoel het!

Of luister na sy verduideliking van wat die Koninkryk van die hemele is: „Die Godsdienstige inrichting welke God, in en door Jesus Christus gemaakt heeft, tot zaligworden van zondaren; inrichting by de Eeuwig ontfermende Liefde opgekomen en bepaald en vastgesteld in de nimmer aangevangene Eeuwigheid - uitgevoerd op aarde en begonnen in hetgeen Gods Woord noemt de volheid des tyds en te voltooijen door alle wentelende eeuwen heen en met den afloop derzelven, tot aan den voleindiging der wereld toe, om als dan over te gaan in de Eeuwigheid en haren zetel te vestigen in de Hemelen." Die voorskrifte van die homiletiek verwag baie meer eenvoud en bevattelikheid as hierdie lang Duitse sin.

Dit tref ons verder in hierdie preek dat Berrangé telkens uit sy pad gaan om „de bestrijders van onze Goddelijke Openbaringschriften" teen te gaan. Hulle wat twyfel of die mosterdsaad die kleinste saadsoort is en of sulke groot mosterdbome aangetref kan word, word tereg gewys, terwyl 'n verdediging van die deugdelikheid van die Bybel en die Christelike Godsdiens dan volg. Hier is hy op die spoor van die aanhangers van die „Redelyke Godsdienst."

Ds. J.C. Berrangé was konsulent van die gemeente Tijgerberg (later Durbanville) en is gevra om die inwydingsdiens van die nuwe kerkgebou waar te neem. Hierdie „Godsdienstige Redevoering", soos hy gereeld 'n preek in navolging van Chevallier cum suis noem, het in druk verskyn en is gelukkig in ons besit. Dit heet: „Godsdienstige Redevoering by gelegenheid der Kerk-inwyding aan den Tijger-

berg/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



berg, aldaar gehouden den 6 Augustus 1826, door J.C. Berrangé, predikant by de Nederduitsche Gereformeerde, aan de Hoofdplaats van de Kaap de Goede Hoop." 1)

In sy voorwoord skryf hy dat die rede uitgespreek is „hoewel in veel zwakheid naar het ligchaam doch niet te min, in betooning van hoogere kracht, naar den geest." Dit blyk dat hy 'n pynlike ongeval aan sy been gehad het, sodat dit moeilik was om so lank te staan onder die uitspreek van die al te lange sermoen. Die brosjure beslaan 26 paginas van 5 x 7 duim grootte! Geen wonder dat tydens die preek alleen „ter verpoozing" nie minder as drie keer tussensange aangegee en „opgezongen" is nie.

Met sy tekswoord voorop nl. „My huis moet 'n huis van gebed genoem word." (Matt. 21 v. 13) maak hy gebruik van die gewone inleiding en wil „dadelijk" tot sy teksverklaring kom, maar veroorloof hom nogtans soveel uitweidinge dat die inleiding meer 'n omleiding word. Na sy teksverklaring volg 'n „Vertoog over het aloud bestaan van kerken in de christenheid, mitsgaders derzelve gebruiklike Inwijding tot den openbaren Godsdienst." Mooi beskryf hy hoe die eerste christene in privaat huise vergader het om later tot die gebruik van kerkgeboue oor te gaan. As hy die begrip „inwyding" behandel noem hy verskillende Latynse woorde daarvoor: initiare, inaugurari, consecrare en dedicare, elk met sy besondere betekenis. Die geleerdheid van die ou Hollandse metode het in die sintetiese raamwerk nog nie heeltemal verdwyn nie! In die „statelyk deel" van die inwydingsplegtigheid leer hy die Roomse die les dat hulle die name van martelare en afgestorwe heiliges aan kerkgeboue heg, 'n eer wat alleen aan God toekom.

Na/..........

---

1) „Gedrukt ten voordele van Gez. Kerk. Kaapstad deur George Greig, Markt-plein." Treffend dat hy sy kerk hier „gereformeerd" noem, terwyl in die vorige preek „hervormd" gebruik word; nog 'n bewys dat hierdie twee woorde wisselterme in daardie dae was.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na 'n inwydingsgebed rig hy nog 'n narede aan die Goewerment om te dank vir die bouterrein, aan die Heemrade vir die preekstoel en aan die Landdros vir sy belangstelling. Daarna geskied nog die doopsbediening en die inseëning van Ouderlinge en Diakens. So'n erediens moes die beste deel van 'n môre geduur het.

Uit hierdie twee preke kan ons aflei dat J.C. Berrangé die nuwe Engelse metode gevolg het, dog sonder om tot sintetiese algemeenheid en mottoprediking te verval. Hy gee verder die indruk van 'n knappe en flinke prediker te wees.

Na sy dood het dr. A. Faure van hom geskryf: „Die de overledenen gekend en zijne Leerredenen gehoord hebben, zullen geredelijk erkennen, dat hy een verstandig aankleever was van de leer der Hervormde Kerk, gelyk zijne catechetische verhandelingen daarvan vooral getuigenis droegen." [1] Die woord „verstandig" herinner ons daaraan dat dit die tyd van die verstandelike godsdiens is. Trouens, hy was 'n leerling van prof. Broerius Broes, 'n voorstander van die rasionele bybelse gematigde godsdiensopvatting. [2]

Die vermoede dat hy 'n supra-naturalis was, word versterk uit die berig dat hy so „tolerant" was om soms in die Lutherse kerk te preek. Een keer was sy teks oor 1 Kor. 13 v. 13 „De Broederlijke Liefde" en die korrespondent voeg daarby: „Hartelijk was inzonderheid de opwekking tot de beoefening dier liefde, welke Christenen, ofschoon ook in allen deele niet eensdenkend, nogtans ten duurste aan elkanderen verpligt zijn." [3]

Ds. Berrangé was in aanraking met P. Chevallier en, net soos ds. M. Borcherds, is hy duidelik deur hom in sy

prediking/......

---

1) N.Z.A.T. 1827.127.
2) T. Hamersma, S.O. Los en J.D. du Toit a.w. 317.
3) N.Z.A.T. 1824.238.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prediking en rigting beïnvloed. So was hy gedronge om 'n preek van hom en van L'Ange uit Frans te vertaal om dit 'n groter leserskring te besorg. Die volle titel lui: „Leerredenen ter viering van het Derde Eeuwgetyde der Kerkhervorming, uitgesproken in de Waalsche Kerk te Amsterdam, den 2 den November 1817, door J. Teissedre L'Ange en P. Chevallier, predikanten by diezelfde Gemeente."[1]

Die twee preke gaan oor Ps. 2 v. 11b en Hand. 5 v. 38 b en 39 a respektiewelik en toon 'n duidelike sintetiese inkleding.

In 'n voorwoord deel die vertaler aan die leser mee dat hy die twee redevoeringe (let op die gebruik van hierdie woord) vertaal het vir diegene wat geen Frans kan lees nie. L'Ange noem hy sy „nou verbonde vriend" en P. Chevallier sy „welbekende medebroeder". Hulle sal hom nie kwalik neem vir sy vertaling nie, maar sal bly wees dat „wij die tevoren nader zamen vereenigd waren, nu nog op dien afstand zelven, waarop wij ons van elkander thans verwijderd vinden, aan elkander de hand mogen bieden, om ook in dit afgelegen land iets van het Europisch Hervormingsfeest der Christenkerk te doen hooren." Hy beveel die lees hiervan sterk aan: „Leest en herleest ze en verwarmt en laaft er elk uw hart mede; en laat het u zijn als de naklank van dat Feest, zoo als dat elders alom gevierd werd." Selfs Pous Pius VII het die Protestante in Italië vergun om dit in hul Kapelle te lees!

Ek het die eksemplaar wat Berrangé se persoonlike besit was, in hande gehad. Op die titelblad staan in sy eie handskrif 'n gedig wat iemand anoniem hom toegestuur het kort na die verskyning van die vertaling, waaruit straal

dat/......

1) Uit die Frans vertaal, Kaapstad, Goew. Drukkery, 1818

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die brosjure by minstens een leser 'n warm ontvangs geniet het:

„'t Gevoelen van een 74 jarigen

Wie deez' vertaler, en zijn keus geen hulde doet,
Kwelt nijd, of heeft geen smaak, of wel een slecht
gemoed;
Myne koude bloed wierd warm, ik moet mijn ouden
oogen
By't lezen van die schoone stukken, telkens droogen
Hoe warm is nog Gods Volk (dacht ik) in Zwitserland
'T vure mijn geloofsgenoten, - Volk, en Vaderland
Tot ijver aan, om ook gedachtenis te houden,
Wat beider Vad'ren leden, deden, op God betrouwden!
Van L'Ange een vriend te zijn, bekend met
Chevallier,
Doet d' achting rijzen voor d' Eerwaarden Berrange!'

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 20.

## DS. CHRISTIAAN FLECK.

### Troue herder van sy gemeente.

In die eerste kwartaal van die nuwe eeu het die Supra-naturalisme heelwat geeste aan die Kaap betower, maar wanneer dr. J.D. du Toit beweer dat „de gereformeerde waarheid werd op de kansels byna niet meer gehoord; de kerk was diep ingezonken; de meeste predikanten en leden waren half-Remonstrants", [1] dan maak hy hom skuldig aan 'n ernstige oordrywing. Om sy stelling te staaf, noem hy die name van di. M. Borcherds, J.C. Berrangé en Abraham Faure, as predikante wat die gereformeerde lyn sou afgebuig het. Ek gee toe dat die eerste twee genoemde leraars verteenwoordigers van die „redelike godsdiens" in ons land was, maar ek sal later bewyse aanvoer om te toon dat ds. A. Faure geen supra-naturalis was nie.

En kan van di. J.P. van der Spuy (Paarl 1806 - 1807), J.W.L. Gebhard (Paarl 1810 - 1822), D. Mol (Uitenhage 1817 - 1823, Swellendam 1823 - 1833), T.J. Herold (George 1811 - 1823, Paarl 1823 - 1831, Stellenbosch 1831 - 1857), J. Schutz (Swellendam 1804 - 1816, Graaff-Reinet 1816 - 1818), H.W. Ballot (Swellendam 1803 - 1804, Waveren 1803 - 1814), en J. Scholtz (Swartland 1810 - 1827) - om die merendeel van die diensdoende predikante van die eerste kwarteeu te noem - gesê word dat hulle supra-naturalisties of half-remonstrants was? Dr. du Toit het daar geen bewyse voor nie.

Dat die gereformeerde waarheid terdeë nog van ons kansels aan die begin van die neëntiende eeu gehoor is, blyk

o.a./.....

---

1) T. Hamersma, S.O. Los en J.D. du Toit: De Geschiedenis van de Christelike Kerk, 323.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



o.a. uit die prediking van ds. Christiaan Fleck. Gebore in Kaapstad en aangetrokke na die roeping van die evangeliedienaar moes hy reeds vroeg na Holland gaan om hom daarvoor te bekwaam. As student aan die Akademie van Leiden [1] het hy goeie tekens van kunde en sedelikheid gegee, sodat veel goeds van hom in die toekoms verwag was. Hier is dit waar hy die student D.C. van Voorst ontmoet, met wie 'n lewenslange vriendskap aangeknoop is en wat later predikant van Amsterdam geword het.

Toe daar 'n vakature in die hoofgemeente deur die afsterwe van ds. H. Kroonenburg ontstaan, het die bewindhebbers begeerlike oë op hierdie jong Kapenaar, toe slegs vier-en-twintig jaar oud, geslaan en is hy daar in 1781 aangestel. Die kerkraad hoop dat hy „Zijn bediening allezins aan zijn geboorteplaats mag heerlijk maken, en zijne hem van God geschonken gaven mag besteeden tot opbouwing van dit ons Zion, en bevordering van alle christelijke deugd en godzaligheid," en bedank die Classis „voor de zending van zulk een veelbelovenden dienstknecht in den wijngaard des Heeren." Op Sondag 18 Februarie 1781, hou hy sy plegtige intreerede en begin sy werksaamhede. [2] Die spreuk dat die profeet in sy eie vaderland nie geëer word nie, was nie van toepassing op ds. Fleck nie, want later skryf die kerkraad met veel voldoening na Batavia dat dit „de Heer des Oogstes" behaag het om 'n bekwame leraar uit te stoot „dat hier geboren is, en thans het Evangelium in zijn geboorteplaats verkondigt met een algemeen genoegen." [3]

In 1785 kon hy self aan die Classis berig dat tot hulle blydskap bespeur word dat die lus om die uitwendige godsdiens by te woon, in plaas van te verflou, veelmeer van

tyd/........

---

1) Stud. Album Kol. 1113.

2) Spoelstra I.473.

3) Idem I.477.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tyd tot tyd aanwakker, alhoewel daar oorvloedige bewys is dat baie met die uitwendige diens alleen tevrede is. [1]) Twee jaar later roem hy in nederigheid van hart dat „de predikinge des Woords ook onder ons niet geheel en al ongezegend is", alhoewel ongeloof, weelde en wêreldsgesindheid „die sints korte jaren in deese gewesten onbedenklijk sijn toegenomen" die vernaamste oorsaak is dat vele die Evangelie versmaad. [2]) Hierdie klagte herinner ons aan die soortgelyke taal van sy kollega, ds. H.R. van Lier. Ds. Fleck het dit sy gemeente ten kwade gedui dat hulle temidde van die ontstellende wêreldgebeurtenisse - dit was die Europese oorlog van 1795, wat later na die Kaap beweeg het - op die ou weg van sonde bly voortwandel asof daar vrede en geen gevaar is nie; die inwoners van die land behoort die dag van hulle besoeking te leer ken, hulle sondige lewenswyse na te laat en hulle skik tot 'n waaragtige bekering. [3])

Dit is duidelik dat die gemeente baie ingenome met hulle nuwe leraar was. Toe hy twee jaar na sy oorkoms 'n beroep na Drakenstein ontvang, was hulle nie geneë om hom te sien vertrek nie en het 'n deputasie gestuur om hom te beweeg om langer in Kaapstad te bly. Met groot blydskap kon hulle 'n maand later verneem dat hy die beroep bedank het. [4]) In hierdie gemeente het hy dan vir die res van sy bediening gebly, veertig jaar lank.

Die wens van sy kerkraad heel aan die begin dat hy sy bediening aan sy geboorteplek in elke opsig heerlik mag maak, is nie beskaam nie. Op soveel terreine van die openbare kerklike lewe het ds. Fleck beweeg. Dit was veral hy wat hom beywer het vir die herstel van die vryheid van die kerk bv. om die Gekombineerde Kerkvergadering weer te mag

byeen-/......

1) Idem I.524.
2) Idem I.541.
3) Idem I.585.
4) Idem II.324.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



byeenroep, asook vir die vrye keuse van kerkraadslede. [1] Verder was hy een van die stigters en voorstanders van die vrye skool, waarin onvermoëndes onderwys ontvang het.

Dat die toegeneentheid tussen herder en kudde nie eensydig was nie, maar dat ook die dominee sy gemeente innig lief gehad het, blyk uit die Voorwoorde van die twee preekbundels wat hy hulle nagelaat het, preke ten aanhore van hulle uitgespreek, wat ook na sy dood tot stigting moes dien. Die eerste het in die „Louwmaand" 1818 verskyn en as titel gedra : „Christus de Geliefde des Vaders genegen om zondaars te ontvangen of voorstel van den dierbaren en veiligen verzoeningsweg, geschetst in eenige Leerredenen door Christiaan Fleck, Predikant aan die Hoofdplaats van de Kaap de Goede Hoop." [2] Toe hierdie uitgawe so'n welkome afsetgebied ontvang, besluit hy om 'n tweede in die lig te stuur: „Leerredenen over verschillende onderwerpen". [3] Die Voorberig waarvan hy in Kaapstad „den 31 van Oogstmaand 1820" skrywe. Toe die laaste vier preke van hierdie bundel sy akademievriend, ds. D.C. van Voorst, wat albei uitgawes vir hom persklaar gemaak het, bereik in Amsterdam, het hy reeds die tyd met die ewigheid verwissel.

Ds. Fleck het in die mag van die geskrewe woord geglo. Hy wil sy „Leerredenen" as 'n „Huisboek" sien gebruik deur diegene wat ver van die kerk verwyderd is en die openbare godsdiens nie kan bywoon nie. „Deze lieden zijn doorgaans schaars van goede boeken, en die welke zij hebben, zyn door stijl en voordracht gemeenlijk zoo duister, dat zij genoegzaam onverstaanbaar zijn", skryf hy in die Voorberig van sy tweede bundel. Tog voel hy dat die Bybel, die Boek van alle boeke, die ereplek onder hulle moes inneem

en/........

---

1) K.B. 1854.173.

2) By A.B. Saakes, Amsterdam; voortaan slegs as „Christus de Geliefde" aangehaal.

3) By dieselfde uitgewers in 1821 verskyn; voortaan slegs as „Leerredenen" aangehaal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en stig hy die Bybelvereniging in Kaapstad, wat tot vandag toe sy geseënde vrugte afwerp. Daarvoor sal Christiaan Fleck altyd onthou word. In 'n Herderlike Brief [1] om die Bybelgenootskap te steun gewaar ons sy ywer vir die saak: „Komt dan, mijne waarde Mede-Christenen, toont dat het u een regten ernst is, om Christenen te zijn, niet in naam, maar in de daad! Vergeet niet, dat het geen wij aan Jezus en Zijne zaak doen, Hy in de grote dag der vergelding rekenen zal aan Hem zelven geschied te zijn!" Hy maak 'n oproep om bydraes, want die Bybel moet veral in die huise van die armes kom.

'n Kwartuur voor sy dood het hy nog enige besluite van die Bybelvereniging laat resumeer en onderteken en met die sekretaris oor die werk onderhandel. Toe was sy dagtaak afgehandel en het hy sag in die arms van sy dogter, Mev. Smuts, ingesluimer, vir altyd. [2]

Gereformeerde Prediking.

Uit die Herderlike Brief en uit die opskrif van die eerste preekbundel kan al dadelik bemerk word dat ds. C. Fleck in sy wese geen supra-naturalis was nie. Hy gaan ook telkens in sy leerredes uit sy pad om die leer van die Rede teen te spreek. Wanneer hy bv. preek oor die rus van die gemoed wat siele vind in die versoening met die Heiland, dan tref hy 'n vergelyking tussen die leer van die Rede en die evangelie en vra hulle om die Rede op die proef te stel. Die resultaat sal slegs wees dat hulle dit 'n gebroke bak vind, wat geen water kan hou nie. Dan gaan hy later voort:

"Zoekt/......

1) Herderlijke Brief van Christiaan Fleck, Predikant in de Kaapstad aan zijne Gemeente en alle andere gemeenten der Heiligen, dewelke den Naam van onzen grooten Verlosser, den Heere Jezus Christus, beleiden en eerbiedigen, in dit land (Kaapstad: gedrukt ter Gouvernements Drukkery, 1818).

2) „Een Woord aan de Hervormde Gemeente van de Hoofdplaats aan Cabo de Goede Hoop" deur D.C. van Voorst in „Leerredenen", v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Zoekt dat (die rus vir die gemoed) in den godsdienst der rede, by het nieuw wysgerig Christendom, daar men in deze zoogenaamde verlichte eeuw zoo veel mede op heeft; arm mensch! men zal u daar eene reeks van pligten opleggen, u wys maken, dat, zoo gij maar eenige moeite wilt doen, gy die wel zult kunnen volbrengen: men zal u uwe doodelyke krankheid, als eene zwakheid, voorstellen; u zoogenoemd eenen weg aanwyzen, waardoor dezelve kan geheeld worden; doch beproef dien, zie, of uw hart er in zal kunnen berusten!" 1)

In 'n volgende leerrede het hy dit weer oor die sogenaamde hooggeroemde eeu „by uitstek de verlichte, de wysgeerige eeuw." Hy gee toe dat dit meer beskaaf en verlig is as die vorige eeu of die middeleeue; dat vordering gemaak is in goddelike en menslike wetenskappe, in opvoeding en skoolwese en in die vertalinge van die Bybel. „Doch, zegt mij, van welk nut is dit geweest, welk voordeel heeft de wysgerige eeuw ons gegeven? Hebben de wijsgeren ons meerdere zekerheid geschonken nopens der menschen onsterflykheid? Is het menschdom er deugzamer door geworden? Hebben de regtbanken nu minder te doen? Wordt het Woord der opperste Wysheid, de taal van den godsdienst nu meer eerbiedigd?" Dan vra hy of daar in enige eeu burgeroorloë met meer woede en bitterheid gevoer is, dan in „de zoogenaamde beschaafde eeuw;" meer oproer, moord bloedtonele, ontsinde wraak, ja alle bekende en onbekende goddeloosheid bedryf is? Om te besluit „dat wy de ware verbetering niet langer moeten zoeken daar, waar wij die nooit zullen vinden, in pogingen der menschen op zich zelve ........ dat men moet trachten naar deze trekking van boven, om van den Heer zelve geleerd te worden." 2) Sterker taal, as waarin hy hom uitdruk teen die heersende denkrigting van sy tyd, sal nie maklik gevind word nie.

Ds./.......

---

1) Christus de Geliefde, 191.

2) Idem, 229, 23

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ds. Fleck openbaar hom as 'n gereformeerde, wat God al die eer wil skenk en te velde trek teen enige mensgemaakte godsdiens, waar die mens deur sy eie pogings sy saligheid wil verwerf. In sy leerrede oor die teks „Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie" (Joh. 6 v. 44) onderstreep hy die waarheid ondubbelsinnig dat dit God is wat eerste die mens roep en trek. Die gedagte dat die mens sy lewe in eie hande het, word deur sekere skrywers van die vrye wil voorgestaan, sê hy, maar dis 'n beskouing wat nie op die Heilige Skrif gegrond is nie. Fleck is onteenseggelik geen remonstrant nie![1)]

Die Semi-Pelagiaanse leer dat by die sondaar 'n sekere mate van goed oorgebly het, waarop hy net moet voortbou, word deur hom by die wortel afgesny. „Onze natuur is na den droevigen jammerval niet alleen verzwakt, geestelijk krank, maar de Schrift zegt met nadruk, dat wij dood zijn door de zonden en misdaden (Ef. 2 v. 1); dat, zoo min een moorman zijne huid kan veranderen of eene luipaard zijne vlekken, de mensch, in den staat der natuur, even min goed kan doen, daar hy geneigd is om kwaad te doen (Jer. 13 v. 23); nog meer, dat wij zelfs niet bekwaam zijn, om iets goeds te denken, als uit ons zelve (2 Kor. 3 : 5)."[2)]

Die Semi-Pelagiane het ook beweer dat die mens nie onmagtig is om goed te doen nie, maar dat sy menslike natuur net verswak is, veroorsaak deur die daelikse doen van die sonde. Hierdie beskouing word deur Fleck in sy neënde leerrede van die eerste bundel weerlê.[3)] Trouens, hy beskou die totale verdorwenheid van die menslike natuur as 'n kenmerkende leerstuk van sy kerk. „Onder de byzondere begrippen, waardoor de Hervormde kerk zich van andere gezindheden/........

1) Idem, 228.

2) Leerrede oor Joh. 6 v. 44, idem 204.

3) De Boetvaardige Zondares een toonbeeld van vrye genade, idem 331.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heden onderscheidt, is ook dit, dat wy ons den mensch na den jammerval voorstellen, als geheel bedorven in zijne zedelyke vermogens" en dit vind geen byval by mense buite sy kerkgenootskap nie. [1]

Nie alleen is hy geen remonstrant nie, maar hy staan ook ver van die Metodisme. Hulle hou van dadelike en skok-bekerings, maar hy leer dat die trekkrag van God so langsaam soms werk dat die sondaar dit op die oomblik nie merk nie. Dit is net soos die opkomende son, waarvan eers die strale gesien word om later ten volle te verskyn. [2] Die Metodisme kry hulle naam daarvan dat hulle glo dat elke bekering volgens 'n vasgestelde metode moet geskied, anders is dit nie eg nie. Fleck egter waarsku sy hoorders dat hulle nie allerlei gestaltes in die godsdiens moet nastreef nie; nie te let op die bekeringsweg van die of daardie kind van God nie, maar die heilsweg alleen in die Woord van die Here te soek. [3]

## Gereformeerd-piëtistiese prediking.

In sy vroegste bediening toon ds. Fleck piëtistiese tendense. Ons onthou dat hy ds. H.R. van Lier se bevestigings rede in die Kaapse gemeente uitgespreek, [4] daarna vir sewe jaar intiem met hom saamgewerk het, by sy sterfbed teen-woordig was en die lykrede by sy begrafenis uitgespreek het. [5] 'n Mens kan verwag dat iemand wat in die kring van van Lier se geestelike gloed beweeg het, daardeur aangesteek sou word. Verder, waar die Engelse Piëtis Hervey op van Lier spore nagelaat het, lyk dit of Fleck ook met die-

selfde/......

---

1) Leerrede oor Matt. 16 v. 26, idem 403.
2) Idem, 217.
3) Leerrede oor Matt. 11 v. 28, idem 125.
4) Spoelstra I.545.
5) H.R. van Lier: Eenvoudige Leerredenen, Voorrede, xxvi.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfde kwas bestryk was. Twee keer haal hy Hervey se „Theron en Aspasio" aan, om in 'n voetnoot daarby te voeg: „Een werk, hetwelk niet genoeg kan worden aangeprezen, omdat het de rijpe en lang bekookte vrucht is van een man, wiens geleerdheid zeer groot, wiens oordeel allerfijnst, en wiens godsvrucht by uitnemendheid sierlyk was." Hy beveel die lees daarvan daarom allerhartelikst aan. 1)

Die Piëtisme het aan sy vroegste prediking 'n warmte en hartelikheid gegee. Luister na sy opwekkende en dringende uitnodiging om na die Here te kom. „Daarom hoe welkom: kom herwaarts! ‚Zijt gij verlegen' wil de opperste Wysheid zeggen, in uwen toestand; vindt gy nergens raad, noch by u zelve, daar gy bespeurt geene geregtigheid te bezitten, die in Gods vierschaar kan bestaan; noch by enig schepsel; daar niemand zijnen broeder immermeer kan verlossen, noch God den geëischten losprys kan opbrengen. Ziet van dat alles af; hier ben Ik, in Wien alle uwe behoeften kunnen worden voldaan, volkomen voldaan; nadert tot My, legt alle uwe bezwaren aan my bloot; Ik, Ik ben het, die uwe overtredingen voor myn rekening neem, die uwe schuld zal uitdelgen om mynent wil, in en om Wien uwe zonden, hoe vele zij zijn, al waren die ook nog zoo snood, nimmermeer zullen gedacht worden. Wel! wendt het dan naar My toe, en zyt verzekerd, dat gij, zoo ergens, by My uitkomst zult vinden; dat gij zult behouden worden!" 2) Dit laat dink aan die sieldeursoekende pleitredes van van Lier.

Dit is asof die prediker die ongeredde sondaar by die hand wil neem en vlak voor die kruis wil plaas. „Meent gy daarop te kunnen zeggen: ja, dat is de wensch mijnes harten/........

1) Christus Verheerlyking op den berg, Christus de Geliefde, 19, 27.

2) Christus de Geliefde, 135.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



harten (om na die Heer se wette te leef), wel, waarin zou uwe onmagt u dan hinderlijk zijn? Is het niet klaarblijkelyk, dat Jezus daarom in Zijn Evangelie tot u komt, omdat gy tot Hem niet kunt komen?.... Ik bid u, by de ontfermingen Gods, breekt door; kunt gij niet voort door eigen kracht, geen stap doen, om tot Jezus te naderen, roept met de bruid uit: trek my, Heer, en ik zal U naloopen. Daar Jezus klopt, doet Hem spoedig de deur open, geeft Hem toegang tot uw hart. [1] Dit is wat die hoorder tog verlang dat die leraar hom die pad sal aanwys!

Dan is die gemeente weer rondom die nagmaalstafel en verneem die hartelike uitnodiging om aan te sit. „Wel, staat dan niet langer van verre; komt, zoo als gij zijt: hier is gelegenheid, om alle uwe schulden te kunnen werpen op het kostelijk Offerlam.... Heden, heden zal Jezus welligt uwen druk veranderen in eenen rei, U vrolyke lofzang van bevryding doen zingen. Mogelyk is het uurgeboren, dat het licht der genade op dezen dag in het hart zal doorbreken; dat U dat troostrijke woord zal worden toegevoegd: Uw geloof heeft u behouden!" [2]

Fleck se woordverkondiging was Christosentries. Sy eerste bundel trouens handel oor die versoeningsweg. In die Voorwoord skryf hy dat hy onder hulle begeer „niets anders te kennen, dan Christus en dien gekruisigd; gelijk dit bestendig onze toeleg geweest is, gedurende al dien tyd, dat wij onder U mogten arbeiden." In hoeverre sy leerredene in die smaak sal val weet hy nie, maar hy het in daardie vorm gegiet, wat hy die geskikste geag het „om zielen voor Jezus te gewinnen" en nie so seer om mense te behaag nie. Hy wil preek na die hart van ware heilbegeriges.

Om/.......

---

1) Idem, 155.

2) De Zondares Bemoedigd, idem, 328.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om die boodskap van die Meester aan die verlore-gaande wêreld te bring, was vir hom erns. In sy inleiding op Matt. 11 v. 28 sê hy dat hy baie nie sal behaag nie, wat liewer 'n sedekundige voorstel of 'n verhandeling oor dit of dat sou wil hoor. Vir die leraar van die evangelie egter moet die swaarste altyd die swaarste weeg en hy mag nie homself preek nie, maar Christus, ons Here. 1)

Die Piëtisme sit egter nie in sy hele wese vas, soos dit met van Lier die geval was nie. Sommige preke mis daardie warmte, en, soos ons weleer sal sien, in sy latere preke is die Christosentriese element selfs op die agter-grond.

Jeugprediking.

In sy „Leerredenen" verskyn vier jeugpreke, preke wat opgestel en uitgespreek is met die oog op die behoeftes van die jongmense van die gemeente. Dit is die eerste van sy soort waarmee ons in hierdie studie kennis maak. Weliswaar word in streng gereformeerde kringe afsonderlike jeugpreke afgekeur, omdat die gemeente van die Here een is en sowel die volwassenes as kinders in elke erediens saam wil sien, 2) maar Fleck se „Josefpreke" 3) verhandel nie alleen sy stof volgens die behoeftes van die jeug nie, maar veronderstel dat die ouers teenwoordig is, want hy rig hom soms ook tot hulle. 4)

Ds.Fleck was reeds aan die aand van sy lewe toe hy hierdie vier leerredes gelewer het en gewoonlik kan die ouderdom hom nie maklik inleef in die probleme van die jeug nie. Daar word gou: O tempora, O mores! uitgeroep, met die bygedagte dat die vorige geslag baie beter was as die huidige. Ook hy vertel van 'n geheime vrees wat hy koester.

waarom?

1) Idem, 121.
2) Hoekstra : Gereformeerde Homiletiek, 188.
3) Leerredenen Nos. 8 - 11.
4) Sien Leerredenen: Voorberig, XVII.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waarom? „Ik wil het u openhartig zeggen: omdat de verleiding in onze dagen zoo groot, en, aan den anderen kant, onze jeugd voor een groot gedeelte onbedachtzaam en ligtzinnig is, waarby nog komt eene verkeerde, zoo niet geheel verwaarloosde, opvoeding..... " Hy erken dat daar nog vele brawe seuns en dogters aangetref word, maar so baie word aan die ander kant gevind wat vryheid soek voordat hulle hulself kan regeer. „Als ik mij zulke jonge lieden voorstelle, dan bloedt mijn hart; en hoe kan dat anders wezen, als ik my te binnen breng dat zij wandelen op een weg welke ten laatste zal bevonden worden een weg des doods te zijn." Hy praat egter nie uit die hoogte met hulle om somar fout te vind nie, maar sy jare van ondervinding het hom soveel droewige voorbeelde laat sien. 1)

Die materiaal wat hy vir sy jeugpreke gekies het, die versoekinge en oorwinnings van Josef, is genoegsaam om enige seun en dogter dadelik te interesseer. Die slaapkamertoneel waar Potifar se vrou die jonge Hebreeuse dienskneg wil verlei, word in extenso behandel en soms lewendig geskets. „Goede Hemel! hoe zal het hier afloopen! mijn hart beeft; de verzoeking is te zwaar! houdt de bedachtzaamheid over hem niet de wacht, is hy niet zorgvuldig op zijn hoede, dan ligt de zonde aan de deur, en - Jozef is verloren! " 2) Hy prikkel egter nooit die nuuskierigheid of wek die laere drifte op nie, maar laat die gehoor 'n afkeur in die sondigheid van die sonde kry.

Wanneer hy die jeug waarsku teen die onsedelikheid wil hy hê dat hulle na die vleitaal van oppervlakkige minnaars nie moet luister nie; „fraai opgetooide romans met alle roerende liefde of driftopwekkende toneelstukken"

moet/..........

---

1) De Deugd zwaar bestreden, doch niet overwonnen, idem, 272, 273.

2) Leerredenen, 254.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moet vermy word; hulle moet dink aan hul doopspligte en die belydenis wat afgelê is; bo alles „wapent u by tyds met de deugd" en „denkt om God, het eenigste goed des menschen."[1] Baie mooi vermanings en raadgewings, maar jammer dat die „deugd" die groot woord is en dat Christus as Saligmaker vir die jeug nie voorgehou word nie!

Verbondsmatige prediking.

Nadat ds. Fleck 'n kindjie deur die dood verloor het, het hy 'n leerrede opgestel, wat vir homself tot groot troos was. Hy noem dit „Gods wegen wys en goed" na aanleiding van Hosea 14 v. 10, waarin hy berusting vind vir sy gemoed, die wetenis nl. dat alles wat ons in die weg van Gods voorsienigheid oorkom, weldadig vir die sterfling is. Hy behandel onder andere die vraag wat in die hart van menige treurende ouer leef: wat van my gestorwe kindjie, waar is hy? Om Adam se sonde is hy verdoemelik voor God, wyl hy in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore is. „Doch hier moeten wij in ons oordeel niet te streng zijn: onze Kerk leert, ja wel, dat jonge kinderen in Adam verdoemelijk zijn, dat God hen als een onrein zaad aan het verderf kan en moet overgeven; maar nergens bepaalt onze Geloofsbelydenis, dat God dat doen zal; en zulks zeer voorzigtig: want wat menschelijk gezag vermag stellig te verklaren, hoe ver de rykdom van Gods genade gaat in Christus, of zulke jonge kinderen daar al of niet voorwerpen van kunnen worden."[2] En dan haal hy art. 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aan om sy sienswyse te staaf.

Hy siteer verder die enigste twee plekke in die Skrif van vroeg gestorwe kindertjies (2 Sam. 12 v. 23 en 1 Kon. 14 v. 13) om die ouers te troos, en bring hulle eindelik by die verbond. „Een gelowige verbondsbetrekking tot den Heere/......

1) Idem, 278.

2) Gods wegen wys en goed, idem, 236.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Heere kan alle onrust des gemoeds in zulke gevallen, welke ons anders grootelyks bekommeren, bedaren, zelfs juichensstoffe verschaffen te midde der bitterste droefenis: men schikke zich daarom toch, om den Heere voortaan opregt te vereeren, en ondervinde dan, hoeveel er in dat Woord der belofte ligt: „het zaad zal Hem dienen, het zal den Heere worden aangeschreven tot in geslachten!" Maar dan kom hy ook terdeë by die plig van die ouers om godvrugtig te lewe en hulle kroos in die vrees van die Here groot te maak. 1)

Behalwe in hierdie besondere preek is daar in die ander ook bewys dat hy terdeë rekening hou met die verbondsgedagte.

Pars Formalis.

Christiaan Fleck se kanseltaal en -styl is baie eenvoudig, want sy hele toeleg was om deur die hoorder begryp te word. In sy Voorwoord van die eerste bundel skryf hy: „Die styl valt noch in het lage, noch in het verhevene, maar in zulk eenen toon, dat wij gaarn zagen, dat de minst kundige onder U ons gemakkelijk kon verstaan; en waartoe prediken wy toch anders? Moet het niet zijn tot stichting en opbouwing; niet om verwondering te wekken; het heet immers niet Christus, maar zich zelve prediken." Hy veroorloof hom geen vreemde woorde nie, behalwe in een geval waar hy praat van Magor Missabib (skrik van rondom), 2) maar preek, soos van Lier, om verstaan te word, sonder dat hy die eise vir 'n verhewe kanseltaal veronagsaam.

Hier en daar laat hy dink aan die Coccejane wat hulle tekswoorde skep uit die oseaan van Moses, die vierde springbron, die vyfde emmer, die twaalfde druppel. As hy bv. dit het oor die loopbaan en lyde van Christus vra hy:

"Hoe/.....

---

1) Idem, 240.

2) Christus de Geliefde, 417.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Hoe treffend vond men dit gedrag niet reeds geschetst in het gewyd orakelblad?" 1) Dawid word later weer aangehaal om „in zijne gewijde snarenliederen" te sê hoe lief hy die wet van die Here het. 2) Die ernstige Coccejaan, F.A. Lampe, word in 'n ander leerrede ook tot stawing van sy eksegese ingeroep, maar by dit alles is Fleck tog geen wesentlike Coccejaan nie. Daartoe ontbreek o.a. die onderskeidenlike prediking by hom, wat 'n kenmerk van die Coccejane was.

Hy is geneig om baie langdradig te wees, 'n gebrek meer eie aan sy taal as aan die man. Hy veroorloof hom dikwels die reg om 'n uitstappie te maak en in allerlei sypaaie te verval. In sy preek oor „Christus, Mozes en Elia in onderling gesprek" behandel hy die vraag uitvoerig „waarom juis Moses en Elia moes verskyn en nie Henog of engele nie; in welke taal sou hulle met mekaar gepraat het, miskien engeletaal? Na hy ses paginas hieraan gewy het, hervat hy sy draad: „Keeren wy nu na dezen uitstap tot deze mannen terug." 3) Sulke digressies vermoei die aandag van die hoorder.

Wanneer hy die wolk wat hulle oordek het, beskryf, dan is dit as volg: „Onverwacht openbaarde zich eene luchtige wolk, naar de letter van den grondtekst, eene helder lichtende, eene glansryke, eene vurige, niet een dikke, eene opeengepakte wolk, als by de wetgewing, gelyk wy elders vermelden, vinden, dat de Heer daarvan zeide: Ziet, ik zal tot U komen in een dikke wolk; eene wolk, die duister was, zoo als die beschreven wordt, waaruit naderhand vuur, als dat van het onweder, schitterde; maar welke zich, en luchtig, en als blinkende, gelyk het licht, vertoonde"/......

---

1) Idem, 4.

2) Idem, 183.

3) Idem, 56.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toonde." [1] Nie alleen is dit 'n uiters lange sin nie, maar die vraag rys: watter verskil maak dit aan die geestelike betekenis watter soort wolk dit was!

Dit tref ons dat die prediker die eise van 'n goeie preek en die reëls vir welsprekenheid ken en weergee. 'n Goeie rede moet volgens hom die volgende eienskappe wegdra: (i) die saak daarin behandel moet op homself voortreflik en die aandag waardig wees; (ii) die voordrag daarvan nie uitgebreider as wat nodig is nie, veral geen ding byvoeg wat nie daartoe behoort nie; (iii) 'n natuurlike en heldere styl en (iv) nie om die oor te kittel, die verbeeldingskrag te streel nie, maar om die hart te tref, die verstand te verlig en die wandel te verbeter. [2] Fleck beantwoord nie aan die eerste drie vereistes nie. Wel is sy stof die aandag waardig, want dit is uit die Ewige Woord geneem. Sy voordrag egter is te uitgebreid, want hy behandel dikwels sake wat agterweë gelaat kon word. Sy preke is ook glad te lank bv. no. 6. uit die eerste bundel, wat 8,960 woorde insluit. [3]

Daar is 'n merkwaardige verskil in vorm en gees tussen die eerste en latere preekbundel van ds. Fleck. Die preekbou van die eerste is meer analities van aard, veral die heel eerste drie oor „Die Verskyning op die Berg," wat waarskynlik uit die vroegste jare van sy bediening dateer. Daar hou hy hom besig, soos 'n M.C. Vos en J.F. Bode, met die kleinste besonderhede van die woorde van die teks. Hy gebruik dan ook by voorkeur perikope tot tekswoord, wat hulle meer leen vir hierdie metode. In sy tweede bundel kom die sintese meer na vore, sodat Fleck, wat dit betref, duidelik deur die gees van sy tyd oor die lange tydperk van veertig jaar beïnvloed was.

Sy/.....

---

1) Idem, 95.

2) Idem, 84.

3) Vgl. ook Leerredenen, Nos. 1 en 8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy verdelinge is die elementêre nl verklaring en toepassing, met enkele uitsonderings, [1] bv. Matt. 11. v. 29, 30 „Neem mijn jok op u, enz." Hy oorweeg dan om: (i) „den Tekst zelve toe te lichten, daar dezelve eenige opheldering behoeft; (ii) om dan nader, by het een en ander, daarin voorkomende, meer byzonder stil te staan." [2] Of om nog 'n voorbeeld te noem Luk. 5 v. 1 - 11 (die ryke visvangs): (i) „wij zullen eerst den Tekst in het verhaal gadeslaan; (ii) dan, by eenige weinige bijzonderheden, daartoe betrekkelyk, stilstaan." [3] Afgesien van die lompe bewoording van sy punte moet ons kommentarieer dat die elementêre verdeling nie die gelukkigste is nie, want die eerste deel rig hom meer tot die intellek van die hoorder en die tweede tot die gemoedslewe en daardeur word die harmonie van die preek uit 'n psigologiese oogpunt enigsins verbreek.

Ons vind verder dat sy toepassing al te moraliserend en in-die-oog-lopend is. Gedurig heet dit: „hieruit is te leeren"; [4] „laat myne verdere leering deze zijn"; [5] „voor het overige sluite ik alle verdere lessen." [6] Die gemeente moet so min moontlik voel dat die boodskap van die preek los van die Skrif staan en op hulle afgedwing word, want die toepassing behoort natuurlik uit die behandelde stof te vloei en tot die gewete van die hoorder gerig te word.

Deugprediking?

As 'n mens die naam van Chr. Fleck nie by albei preekbundels gesien het nie, sou dit moeilik wees om te glo dat albei uit sy pen afkomstig is. Hulle verskil van mekaar nie/......

1) Idem, No. 7.
2) Christus de Geliefde, 162.
3) Leerredenen, 45.
4) Leerredenen, 73.
5) Idem, 140.
6) Idem, 241; Sien verder 183, 279, 303, 333.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie alleen metodologies nie, maar die gees en atmosfeer is ook anders. Waar die eerste (veral die eerste drie leerredene) piëtistiese neigings openbaar, het die tweede groep (by name die vier Josefpreke, wat na sy dood in die hande van die uitgewer gekom het) 'n gemis aan warmte van toon. Daarin vind ons 'n verheerliking van die Deug. 'n Mens kan dit aflei van sy opskrifte: „De deugd zwaar bestreden, doch niet overwonnen," „de deugd onderdrukt, doch beschermd," „de deugd in hare verwachting te leur gesteld" en „de deugd uitmuntend beloond."

Toe Josef in Potifar se woning sulke uitmuntende dienste verrig, vind die prediker die geleentheid goed om die deug aan te beveel: „Merkt hier op, vooral jonge lieden! hoe de deugd u het beste aanpryst, wanneer gij in een vreemd land, buiten het toezigt en de teedere zorg van uwe ouderen, moet omzwerven! buiten dat zwak van de feilen zijner broederen aan zijnen vader te gaan overbrengen was Jozef een deugzaam jongeling, en God, die de deugd overal vergezelt en beschermt, droeg daarom ook hier voor hem zorg.'[1]

Wanneer die held van die drama dan triomfantelik die toets in die versoeking teen Potifar se vrou weerstaan, roep hy as volg uit: „Waar kan men een schooner en leerzamer zedekundig tafereel, waar een uitmuntender voorbeeld van deugd en pligtsbetragting aantreffen? Grootmoedigheid en trouw, boven alle aardsche vermaken en belangen verheven, blinken hier met hare sterkste en bevalligste stralen! Waarlyk, een schoon beginsel; een edel gedrag, hetwelk ons doet zien, dat Josefs deugd wezenlijk deugd was!" [2)]

Ter verdediging van Fleck kan egter gesê word dat die woord „deug" op die lippe van byna almal in daardie tyd

was/........

---

1) Idem, 252.

2) Idem, 257. Sien verder Leerredenen, 246, 255, 270, 283, 291, 292, 294, 300 en 305.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was en dat hy die heersende terminologie net oorgeneem het. Of daar kan aangevoer word dat deug vir hom net 'n ander uitdrukking vir „die vrees van die Here" is. Bv. „Dit zijn de vruchten der vreeze des Heeren! Godsvrucht de eenige steun van menschlijke deugd." 1) Of „wapent u bij tijds met de deugd, of, om met de H. Schrift te spreken, laat de vreeze Gods uw schat zijn." 2)

Ds. Fleck is geen supra-naturalis in die gewone sin van die woord nie. Daarvoor het ons genoeg bewyse in sy preke.

HOOFSTUK 21/.......

---

1) Leerredenen, 258.

2) Idem, 274.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 21.

## Ds. JOHAN HEINRICH VON MANGER.

### Predikant van Graaff-Reinet, Swellendam en Kaapstad.

Nog 'n bewys dat al die predikante van die Kaap aan die begin van die neëntiende eeu nie supra-naturaliste was nie, vind ons in die lewe en arbeid van ds. J.H. von Manger. In sy prediking het hy hom teen die godsdiens van die Rede skerp uitgespreek en getoon dat hy in elke opsig getrou aan die letter en gees van die belydenisskrifte van sy kerk was.

Hy is een van die weinige Duitse seuns wat via Holland na die Kaapse Kerk oorgekom het. Gebore te Hesse Cassel op 20 Februarie 1767 het hy in verskillende Duitse skole sy eerste opleiding geniet, vanwaar hy loflike getuigskrifte saamgebring het. Daarna besoek hy die Nederlande en woon in Utrecht die lesse in die godgeleerdheid van Gysbert Bonnet en H. Rooyaards by. Na sy letteroefeninge hier voltooi is, bied hy sy dienste aan die Here Bewindhebbers van die H.O.I.K. en verlang om as verkondiger van die evangelie in die Groot Ooste werksaam te wees. Op sy versoek word hy deur die Classis van Amsterdam ondersoek en ontvang 'n loflike getuigskrif van hulle, waaruit o.a. blyk dat hy 'n voorstel oor die opgegewe teks Matt. 5 v. 8 „met doorslaande blijken van oordeel en bekwaamheid " gedoen het; bewyse gelewer het van vaardig te wees in die ou tale en verder getoon het „meer dan gemeene kunde en doorzicht" te besit. Met algemene genoeë is hy tot die preekdiens in die Indiese kerke toegelaat. Die bede word geslaak dat „deze wakkere Evangeliedienaar" tot heil van Sion gunstig gebruik word. Op 19 Julie 1790 word hy deur ds. H. Hubert ingeseën en bevestig. 1)

In/.......

1) Voorberig in Nagelatene Leerredenen van ds. J.H. von Manger, gedruk by Rickert, Pike & Co., Kaapstad 1843; voortaan verkort tot N.L.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1792 betree hy die Afrikaanse bodem en begeef hom kort daarna na sy eerste staanplek, Graaff-Reinet, waarheen hy beroep is nadat ds. Herbst daarvoor bedank het. Die indruk van die Classis van Amsterdam dat von Manger so'n wakkere evangeliedienaar is, was sekerlik nie gedeel deur die lidmate van sy nuwe gemeente nie. Hy het hier 'n swak figuur geslaan. Toestande was nie juis in sy guns nie. Hy vind daar geen kerkgebou nie en moes in 'n private woning dienste hou. Die hele gemeente was as gevolg van die kafferstrooptogte in 'n allertreurigste staat. 1) In 1795 rebelleer die Boere teen die Engelse Regering en word sy bediening verstoor.

Dat die mense sy prediking waardeer, blyk uit 'n getuienis van M.C. Vos wat daar besoek afgelê het. Dit word bevestig deur dr. van der Kemp wat die Boere geensins goedgesind was nie. Van die Sneeuberge sprekende sê hy: „De lust van het volk, zoo Heidenen als Christenbelijders, om Gods Woord te hooren, gaat alle verbeelding te boven. Vele kwamen 36 mylen ver daartoe reizen." Maar dan voeg hy daarby: „In geheel de streek tusschen het Sneeuwgebergte en der Elandsberg heeft nooit te voren een leraar gespreekt. 2) Theal wil hierdie aantyging van versuim ondersteun deur te sê: „Mr. Manger considered he was fulfilling his duty, if he conducted public worship regularly at the drostdy, and put himself to no trouble in travelling about. In consequence he never acquired much influence with the frontier farmers." 3) Dis vreemd dat hy ook daar geen notule van die kerkraadsvergaderings gehou het nie.

Toe die burgers hulle eie regering vorm verklaar hy hom/.......

---

1) De Honigby 1839.221.

2) Brief van van der Kemp d.d. 16 Jul. 1779, by Moorrees: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk, 354.

3) History before 1795 III. 176; Bel. Hist. Dok. III. 239.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom bereid om die nuwe bewind te erken, dog vertrek kort daarna na Kaapstad, waar hy skynbaar meer tuis is as by die grens. Lady Anne Barnard weet te vertel dat von Manger 'n vrou in die Hoofstad kom soek het! 1) Na die Engelse okkupasie in begin van 1796 is hy weer terug na Graaff-Reinet. Toe die burgers weier om hulle aan die nuwe regering te onderwerp en hom voorstel om onder hulle bestuur te bly werk, antwoord hy dat hy nie kan nie, omdat hy die eed van getrouheid aan die koning afgelê het. Hy trek nou weer Kaaptoe. Selfs toe die Graaff-Reinetters hul onderwerp het en die Goewerneur hom gelas om sy werk te hervat, is hy onwillig om terug te keer en getroos hom liewers die verlies van sy traktement. 2)

Dit is tydens sy Graaff-Reinetse bediening dat hy in 'n preek die gemeente tot onderwerping aan die Engelse Regering aangespoor het, en dat iemand uitgeroep het: „Kleine Manger, ga maar aan, vandaag is het jouw beurt, maar morgen of overmorgen zal het onze beurt zijn." 3) Die burgers het niks van hom gehou nie. Lady Anne Barnard sê: „It was alledged by some that from his pulpit he was rather too free in giving publick opinions of private people. I don't know if it is true or not, perhaps it may be, but his lambs disliked him so much as often to threaten his life, and at last he gave up the point and came to the Cape." 4)

Sy gee verder 'n beskrywing van hom dat hy klein van persoon was, met 'n lang bo lip en 'n ronde puriteinse gesig. 'n Mens sou dink dat hy reeds vyftig jaar oud is, terwyl hy nog maar vyf-en-twintig somers getel het. Sy vertel verder dat/........

---

1) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope, 64. Maria Elizabeth van Rheenen het hom eers geweier, maar is na sewe jaar tog met hom getroud.

2) Moorrees a.w. 355.

3) Theal: Records III. 263.

4) D. Fairbridge a.w. 64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat hy „a very good natured little man" was en selfs saam met haar in 1797 die Paarlberg bestyg het.

In 1798 is hy na Swellendam verplaas teen 'n salaris van 756 Rds. Hier moes hy die gemeente van die fondamente opbou en het meer ywer aan die dag gelê. Hy begin om kerk te bou en deurreis self die gemeente om die fondse te kollekteer. Op 4 Januarie 1802 is hy, na die oorlyde van ds. A. Kuys, na Kaapstad beroep, waar hy sy vrugbaarste termyn tegemoet gegaan het. 1)

Waar hy hom vroeër so'n lojale onderdaan van die Engelse Regering openbaar het, het hy tog in 1810 verset teen dieselfde bestuur getoon, toe dit sy persoonlike belange aangegaan het. Daar was egter meer as net die persoonlike element, beide vir hom en sy kerk, betrokke, want dit het gegaan om die ou spannende verhouding van kerk en staat. Wat was die geval? Hy het 'n sarkastiese missiewe aan die ondersekretaris, Mnr. C. Bird gerig, nadat 'n brief van hom onverseëld teruggestuur is, omdat dit nie in Engels vertaal was nie. Die gewraakte sin in die epistel was: „Ik kan niet voorby om U Ed. mijn compliment te maken over de zeer discrete wyze, op welke myne missive van den 28sten December 1810 my is teruggezonden." Bird kla von Manger aan by die Goewerneur wat hom subiet na Uitenhage verplaas! Dit was 'n baie willekeurige handeling van die staatshoof, want volgens die reglemente kon so'n verplasing alleen geskied as daar bevordering mee gepaard gaan. Von Manger is so onthuts, dat hy hom gereed maak om na Engeland te reis teneinde sy saak te verdedig. Hy moes ewentueel egter maar 'n apologie teken, waarop die verskuiwing teruggetrek is. 2)

Wanneer ons kom tot sy prediking ag ons ons gelukkig om 'n preekbundel van hom in hande te mag hê. Dit is deur sy opvolger dr. S.P. Heyns persklaar gemaak, wat sekere leer-

redes/...

1) Spoelstra II.527, 528.

2) A. Faure: Eeuwfeest, 43 - 46; Dreyer: Boustowwe, 131; Elpis 1859, 7; Moorrees a.w. 470.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



redes gekies het met die oog op die dringendste behoeftes van die mens. [1]

Regsinnige prediking.

Ds. J.H. von Manger was baie behoudend in sy standpunt teenoor die Bybel en die leer van sy kerk. Dit gaan vir die prediker tog om die Woord en alles hang daarvan af of hy onvoorwaardelik daarvoor buig en of hy sekere reserwes daarop na hou. In 'n leerrede oor die goddelikheid en nut van die Heilige Skrif [2] bely hy openlik die inspirasie van die Bybel (en wel die organiese inspirasie) en neem die Mosaiese oorsprong van die pentateug heelhartig aan. So kon hy met gesag die boodskap van die kansel bring.

Von Manger was beslis geen aanhanger van die „redelike godsdiens" nie. Weliswaar is hy 'n kind van sy tyd en neem hy die heersende taalgebruik oor en word die „deug" opgehemel as 'n voorwaarde vir 'n bloeiende staat, [3] en staan die opvoeding in diens van „deug" en godsdiens. [4] Maar vir hom spreek die rede nie die laaste woord nie. Wanneer hy dit het oor die oorsprong van die O.T. offerandes, sê hy: „Het licht der rede leert den mensch niet, om God op deze wijze gehoorzaamheid en dank te betoonen; neen, de rede aan zich zelve overgelaten merkt het veel meer voor dwaasheid aan, dat God, de volmaakte God, aan het bloed en het verbranden van redelooze schepselen behagen zou kunnen vinden. [5] Wanneer hy preek oor die gebed en die onmag van die gevalle sondaar teken, dan is die rede alleen nie genoeg nie. „Te vergeefs, om ons van de zonde los te rukken, roepen wy gindsche hoogdravende lessen en moeijelijke sluitredenen/....

---

1) Voorberig N.L., x.
2) No. 1 in N.L.
3) De bloeijende staat van een land en volk, hetwelk de Heer genadig is, N.L. 293.
4) N.Z.A.T. 1832. 165.
5) Jezus Christus het tegenbeeldig zondoffer, N.L. 177.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

redenen van wereldwysheid en derzelver leeringen in, zy kunnen ons tegen de aanvallen der weelde niet beschermen; veel te zwak tegen deze is de stem der rede; geene diepzinnige overdenkingen zijn tegen de woedende hartstogten bestand." [1]

Die supra-naturaliste wou die waarhede van Gods Woord aan die verstand onderwerp. Von Manger leer dat die meeste leerstukke van ons godsdiens met 'n gesonde rede ooreenstem, maar dat dit ook verborgenhede bevat „wier diepte door het eindige vernuft niet kan gepeild en begrepen, doch welker goddelyke openbaring ontegensprekelijk kan betoogd worden." [2]

Saam met C. Fleck is hy ook geen semi-pelagiaan of half-remonstrant, wat aan die mens nog 'n sekere mate van deug en goed toeskryf nie. „Niemand kan tot Christus komen. Niemand uit en door zich zelven zich door het geloof tot Hem henen wenden, Hem tot zaligheid omhelzen. Voor den val bezat Adam het vermogen om te kunnen gelooven, alle waarheden van God aan hem voorgesteld te omhelzen en aan te nemen; dan helaas! door den val heeft de mensch dit vermogen verloren en is hy nu gansch magteloos om te kunnen gelooven, daartoe schieten zijne natuurlijke krachten veel te kort." [3]

Hoe sal die sondaar dan ooit tereg kom? Alleen as die Vader hom dit gee uit vrye genade. Dit geskied, wanneer die Here die geestelik dode sondaar in en deur die inwendige roeping lewendig maak, hom die hebbelikheid van die geloof instort, waardeur hy dan die vermoë ontvang om te kan glo. Dit is 'n <u>onweerstaanbare</u> werking, anders sou nie God nie, maar die mens self die vernaamste oorsaak van sy bekering wees; Dit sal kan gebeur, dat niemand glo nie, dan sou Jesus ook nie volkome salig maak nie, en sulke ongerymdhede meer. [4]

Teen/......

---

1) Over het gebed, N.L. 193.
2) Christus juk zacht, zijn last ligt, N.L. 280.
3) Onweerstaanbare inwendige roeping, N.L. 53.
4) N.L. 53, 56.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teen die leer van die vrye genade is daar veel teenstand, want dit verneder die mens op die diepste en verhef Gods vrye genade; dit ontneem die sondaar alle eie roem en ken alleen alles aan die genade toe. 1) Die leer van die Hervormde kerk strook volkome met die woord van die ewige waarheid, aangesien almal buite ons kerk in hierdie gewigtige stuk min of meer afwyk en die menslike natuurlike krag minder of meer verhef. „Door dit hoofdstuk van onze Hervormde leer, nogtans, wordt God hoogst verheerlykt, de mensch diepst vernederd, een heilbegerig zondaar krachtig vertroost, en de geloovigen aangespoord tot heiligmaking. Mogten wij dit pand der waarheid aan ons toevertrouwd, zorgvuldig bewaren en hoogschatten, vooral in de booze dagen die wy beleven, ten einde geoefende zinnen te hebben en te houden in het woord der waarheid." 2)

Hy praat van teenstand. 'n Stem wat in 1815 aan die Kaap gehoor is, klaag teen hierdie soort prediking wat gedurig die sonde, die sedelike kwaad en die onmag van die mens beklemtoon. Von Manger en C. Fleck het gedurig hierdie snaar geroer. P.C.S. skryf uit Kaapstad, onder datum 1815, in „De Gereformeerde Kerkbode" 3) oor „Het Prediken":

„Als men my preekt genadeleer
Dan strekt men my tot heilbewerker;
Lofzingend tot des Hoogsten eer,
Dan gloeit de liefde in my sterker.
Maar, als men op 't gestoelte staat,
En spreekt van niets als zeed'lijk kwaad,
Dan wordt Gods tempel my een kerker.
Ja, wat men dan voor schoons ook preekt,
Het is de hoop die my ontbreekt."

Hierop laat die geniale ds. Pierre Huet veel later uit

Ladysmith/.....

---

1) N.L., 61.
2) N.L., 63.
3) Hierdie brief het om een of ander rede in 1855 eers verskyn.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ladysmith, Natal, van hom hoor:

„Gy wilt slechts van genade hooren
En niet van zonde of zeed'lyk kwaad?
Slechts liefdetaal kan u bekoren,
Maar niet, dat God de zonde haat?

Myne arme vriend, gij doet my vreezen,
dat gij, hoe schoon uw taal ook schijn,
Niet weet hoe ge eerst moet zondaar wezen
Om slechts daarna verlost te zijn." 1)

Bekeringsprediking.

Daar is beweer dat in die christelike kerk wel „reformasie" en „suiwering" gepreek mag word, maar nie bekering, asof die lede van die kerk ongelowiges is nie. 2) Dit is ongetwyfeld waar dat die prediker in 'n christelike gemeente nie voor hom 'n aantal heidene moet aanskou nie, maar 'n gemeente van heiliges en geroepenes. Hy spreek tot die volk van God, waarmee hy één in die geloof is. Sy woord is met krag, omdat hy tot die geloof en liefde van die lede van Christus se liggaam appeleer.

Om egter te sê dat bekeringsprediking in 'n christelike gemeente nie pas nie, is onjuis. Die Heilige Skrif leer nergens dat elke lid van die gemeente, hoof vir hoof, in der waarheid 'n kind van God is nie. Die Heilige Skrif herinner ons daaraan, en die ervaring bevestig dit, dat in die mees suiwere kerk, waar die tug oor leer en lewe na Gods Woord gehandhaaf word, daar kaf onder die koring is. Die eis van die bekering moet dus gedurig aan die gemeente voorgehou word. 3)

Von Manger het hom dikwels tot die onbekeerde sondaar gerig. „Onbekeerde zondaar! geef het niet in vertwyfeling

op/......

---

1) K.B. 1855.285.

2) K.B. 1936.333.

3) Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, 186.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op, tot verharding in uwe zonden. Immers Paulus, een vervolger en lasteraar, is bekeerd, behouden; ook voor u is daartoe nog mogelykheid. Dat woord, Jezus kwam om zondaars te zaligen, strekt zich ook tot u uit en sluit niemand uwer buiten; ach! dat het u dan nog heden mogt overreden, om voor den Heer in de schuld te vallen. Of meent gy u daarom by voortgang te mogen verharden, omdat de Heer zoo onbegrypelijk langmoedig over u is, dat gij evenwel op zijnen tijd zult bekeerd worden?" 1) Sou dit sy leermeester Bonnet se invloed wees wat op hom ingewerk het en wat hom tot hierdie geestelike warmte bring?

Kragtig dring hy by sy hoorders aan op 'n dadelike bekering en maan hulle om nie uit te stel nie. „Stel uwe bekeering niet uit van dag tot dag. Steun er niet op, dat gij nog tyd zult hebben om u tot God te wenden en u met Hem te verzoenen, Neen, heden, heden terwijl gij des Heeren stem hoort, verhard uw hart niet, bekeer u, geloof nog heden, nog heden maak uwen vrede in het bloed des Verlossers." 2)

Die valse fondamente waarop soveel lidmate nog bou, word deur hom heftig aangeval en omgestoot. „De onbekeerde zegt: ik ben in de Christelijke Godsdienst geboren en opgevoed, in Christus naam gedoopt, in de waarheden wel onderwezen, en dus twijfel ik geen oogenblik aan mijne zaligheid. Dan dit alles is wel, doch voor u geen genoegzame grond tot eene zalige hoop. Talloozen, in den schoot der kerk geboren en opgevoed, zullen op den geduchten oordeelsdag moeten staan aan des Regters linkerhand..... Even weinig reden ook hebt gij, om te steunen op uwen doop en godsdienstig onderwys; want uwe doopbeloften hebt gij nimmer v ervuld; gy zijt nog nimmer bekeerd." 3)

Al het hy die soewereiniteit van Gods genade dikwels

benadruk/......

---

1) Ook voor den grootsten zondaar is by God in Christus genade te vinden, N.L. 47.

2) De onzekerheid van ons leven en lotgevallen, N.L.138.

3) De valsche hoop der goddeloozen, N.L. 224

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



benadruk, het hy die vryheid van die menslike wil nie losgelaat nie. Die sondaar het 'n verantwoordelikheid voor God wat hy met die gawe van die Seun aangevang het. In sy voortreflike leerede oor Joh. 6 v. 65 „die onweerstaanbare inwendige roeping," waarsku hy die gemeente om nie teen die Here te mor, asof Hy onregverdig of wreed sou wees in sy verkiesing nie. „Wie zijt gij, die tegen God antwoordt? Wie is de oorzaak van uw onvermogen? Hebt gij het niet al zoo veel aan kwaadwilligheid en vyandschap, als aan onmagt te wijten, dat gij onbekeerd blyft?..... Is God dan de oorzaak? Dwingt Hy u daartoe? Of is het niet uwe afkeerigheid van het goede, uwe geneigdheid tot het kwade, die dit doet?" 1)

Toe hy aan die einde van sy bediening staan het hy in sy afskeidsrede getuig dat dit steeds sy doel was om hulle harte te raak en vir sy Meester Jesus te wen. „Steeds was het hoofdoogmerk mijner prediking, om u overtuigend te doen beseffen, dat er voor den zondaar, buiten de geloofsgemeenschap en vereeniging met Christus den Borg, geen heil, geene ware rust in tijd noch eeuwigheid kan worden gevonden." 2)

Gerig op die praktyk.

By die lewensverandering moet daar die vrugte kom wat by die bekering pas. Ds. van Manger sê in sy afskeidsrede, reeds bo genoem, dat hy steeds aangedring het „op een dadelijk en beoefenend christendom......waardoor men vele vruchten draagt, in Christus blijft, als geestelijke ranken uit dien hemelschen wijnstok gedurige levenssappen trekt." Op die werke het hy dikwels die klem laat val.

Sy preek tot aanprysing van skole vir klein kindertjies gehou/.....

1) N.L., 65.

2) N.Z.A.T. 1840.92.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehou in Kaapstad op 7 Augustus 1831, is iets besonders.[1] Hy breek 'n lansie vir die twee opgerigte skole, een vir kinders van onvermoënde ouers en slawe en 'n ander vir ryk mense se kinders. Hy vra om vaste bydraes vir die inrigtinge.[2] In teenstelling met die moderne pedagogiek glo hy dat die kind van nature geneig is tot die kwaad en dat terdeë rekening daarmee moet gehou word.

As 'n voorbeeld van sy praktiese prediking vind ook sy een-en-twintigste leerrede oor „de bloeijende staat van een land en volk, hetwelk de Heer genadig is." Die deugde van 'n goeie vaderlander word aan sy gemeente voorgehou, hul plig teenoor die maatskaplike lewe, die vernaamste waarvan weer berus op hul plik teenoor die Here.

Die wil egter nie beteken dat hy die geloofsleer afgeskeep het nie. Teenoor diegene wat uitroep: „Men spare de leer des geloofs wat meer, maar dringe sterker aan op de leer der pligten" antwoord hy: „Maar wat is dit anders, dan hetgeen Paulus noemt een verkeeren van Jezus Evangelie? Het is droevig genoeg, dat het onder ons niet ontbreekt aan de zoodanigen, door welke de waarheid gelasterd en het bloed van het beter Verbond met den voet wordt getreden; dat velen de leer des geloofs niet, gelyk het behoort, kennen en gebruiken. Dan het is der leer zelve niet te wijten, dat menschen van haar geen betamelijke gebruik maken. En zal men dus deze zoo heilzame, zoo onontbeerlijke en zalige leer moeten laten varen; het kwaad erger maken? Zullen de bedienaars van het Evangelie blote verkondigers van wet en zedepligten zijn?"[3] Nee, self het hy die band tussen regverdigmaking en heiligmaking nooit losgelaat nie. Sy

preke/.......

---

1) Idem, 1832. 163 - 179.

2) Vgl. 'n berig in De Zuid-Afrikaan, 9 Des. 1831: To be published tomorrow, and sold at the shop of Mr. Tedgold, No. 93 Longstreet, for the benefit of the Infant School Society, a sermon, by the Rev. Dr. Philip - on the importance of Education.

3) De zalige vryheid van Gods kinderen, N.L. 171.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



preke oor leerkwessies doen ook aangenaam aan.

Lydensprediking.

Die gereformeerde kerke ken geen perikopedwang soos die Roomse en Lutherse nie, waar deur die kerk aan hulle voorgeskryf word oor welke dele van die Bybel elke Sondag van die jaar gepreek moet word. Die gereformeerdes glo dat die prediker in sy tekskeuse vry moet wees. Daar is egter een uitsondering in die verband nl. dat van die predikant verwag word om die sewe Sondae voor Paas oor die lydensstowwe te preek, sonder dat sy vryheid om 'n eie teks te kies geweld aangedoen word.

Die geskiedenis van die lydensprediking is byna net so oud soos die christendom self. Reeds in die Apostoliese verkondiging en oud-christelike herinnering sien ons dat die lyde van Christus op die voorgrond staan (Hand. 2 v. 24, 4 v. 27, 28, 8 v. 32 - 35), en Paulus verklaar dat hy die gekruisigde Christus voor die oë van sy hoorders geskilder het (Gal. 3 v. 1). Vanself was elke Vrydag heilig vir die gevoel van die eerste gemeente, insonderheid die Vrydag wat voor Paasfees voorafgegaan het. In sover kan 'n mens reeds van 'n eendaagse lydensverkondiging gedurende die eerste twee eeue gewaag. In die derde eeu is die viering van die lydenspasga verleng na een hele week. Reeds in die tweede helfte van die vyfde eeu sien ons die sewedaagse tot 'n seweweekse lydensprediking uitgebrei. By die Hervormers is hierdie gewoonte gehandhaaf selfs bo menige ander fees- en gedenkdag. Al het die Hervormde Kerk die passieprediking in die sestiende en sewentiende eeu slegs onreëlmatig gehou, reeds spoedig daarna kon dit spoediger wortelskiet, omdat hulle nie deur perikope gebonde was nie.[1)]

Von Manger lewer daar proewe van in sy elfde leer-

rede/......

1) Van Oosterzee : Practische Theologie (1895) I.330.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rede oor Heb. 12 v. 1 - 3. 'n Besondere indruk het so'n predikasie van hom op die gevoelige Mev. Christiana Louisa Thom gemaak, toe sy hom eendag oor 1 Kor. 1 v. 30 gehoor het. Sy skryf: „Jesus purchased us at a dear rate. His blood was the price. I felt much during the service; sorrow was in my soul when I thought of the sufferings and death of my blessed Redeemer; but what joy I felt when I reflected, Jesus died that I might live, yes, He has paid the debt......" [1]

Vir hom persoonlik het die lyding en sterwe van die Heiland ook groot waarde gehad. Sy laaste preek, op 14 Februarie 1841 in Kaapstad uitgespreek, het die locus classicus van sy lyding in die O.T. behandel, Jes. 53 v. 2 - 5. Op een moment roep hy uit: „Driewerf gelukkig! die, wanneer al het ondermaansche aan uwe voeten ontzinkt, het afnemen der ligchaamskrachten u den dood verkondigt, dan het lyden en sterven van uwen Jezus zoo diep in het hart gegraveerd vindt, dat gij door dezelve de duisternissen van dood en graf kunt ophelderen en verlichten." [2] Dit was juis sy stut en sy steun in die oomblikke van sy uitvaart.

Pars formalis.

Die taal van von Manger is eenvoudig en hy bedien hom nie van vreemde woorde nie. Soms sou 'n mens dit meer beeldryk verwag het, waar die styl ook stroef en houterig is. In hierdie tydperk het die Franse taal baie oorheersend begin word en is Nederlands deurspek met Franse invloed. So skryf die Kerkraad van Kaapstad, nadat hulle die biblioteekgebou aan die „Societeit van Konsten" geweier het: „Met verdere avanceering, dat schoon men op goede gronden sonde refuseeren, het gebruijk van dit gebouw tot de vooren aangehaalde/..

1) Ingram Cobbin: Memoirs of Mrs. C.L. Thom, 44.

2) De Honigby 1841. 137.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangehaalde eijndens, Zijn Eerw. sustineerde het Gouvernement het gedrag van dit Collegie niet soude billijken, op het voorbeeld van het Burgerwagthuijs, welligt een ordre konde expedieeren, en, om sulx niet aftewagten, in het gedaan versoek van den Heer Rhenius te conscendeeren." 1) Dit tref ons egter dat die kanseltaal nie daardeur ontsier is nie. Dit blyk duidelik uit die preke van ds. von Manger. Sy taal is verstaanbaar vir die gewone hoorder. In sy afskeidsrede herinner hy sy gemeente dat hy hulle nooit probeer vermaak het met skoonskynende verdigsels of winderige wetenskap nie, „of uw gehoor te kittelen met fraaije woorden van menschelijke wysheid."

Wat sy preekbou betref pas hy goed in hierdie afdeling. Hy het die analitiese metode van die sewentiende en agtiende eeu ver agter gelaat en maak gebruik van sintetiese en analities-sintetiese metodes. As proewe van hierdie laaste verwys ons na sy meermaal genoemde afskeidspreek, 'n geleentheidsrede waar hy dwarsdeur sy teks behandel en sy stof in twee punte saamvat, om slegs teen die einde sekere ontboeseminge van die hart kwyt te raak. Hoe anders is die leerrede van ds. M. Borcherds - ook aan die einde van sy loopbaan - oor Deut. 8 v. 1, 2, waar hy net sy teks inlei, om nooit weer kontakt daarmee te maak nie. Ander voorbeelde van die analities-sintetiese metode by von Manger vind ons in leerredes 1, 2, 3, 5 en 24.

Hy is baie lief vir die tweeverdeling en laat sy teks gewoonlik mooi uiteen val, bv. Ps. 33 v. 8 - 11 oor „Davids uitnoodiging om den Heer te vreezen:" (1) die vermaning om God te vrees; en (2) die drangredes tot die plig om die Here te vrees. 2)

Dikwels verval hy tot sintetiese prediking. Dit dien tot sy skade genoem te word. Sy leerrede oor Joh. 10. v. 9/.....

1) Spoelstra II.360.
2) N.L. 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



v. 9 is niks anders as 'n mottopreek met as tema „geluk" nie, waar die Heilige Skrif eenvoudig links gelê word. [1] Dieselfde geld van die preek oor Heb. 12 v. 1 - 3, met die tema hierdie keer oor „lyding"; die oorsprong van die gedagte van die „wolk van getuie" en die heerlike troos-woorde daarin opgesluit, word nie behandel nie. Met sulke leerredes word dit dan nie meer bediening van die Woord nie, maar bediening van die lewe. [2]

Sy preek oor Joh. 21 v. 15 - 20 gaan mank aan dieselfde gebrek. Hy verklaar ruiterlik aan die begin dat hy „zonder ons aan de letterlijke verklaring dezer woorden te binden" sekere voorstelle sal maak. [3] Wanneer 'n mens ds. H.R. van Lier se preek oor dieselfde teks hiermee vergelyk dan daal hy in die dieptes van die goudmyn om die lieflikste erts te voorskyn te haal; hy toon die verskil tussen agapao en phileo (om lief te hê) aan [4] en bring die nuanse van betekenis na vore. Ds. von Manger bly by die oppervlakte; dit is die skaduwee-kant van die sintetiese prediking.

Die feit egter dat hy hom nie by een metode bepaal nie, toon aan dat hy 'n oorspronklike prediker was. Waarom moet hy hom deur sy ganse bediening hou aan een model en aan dieselfde afgesaagde manier van teksindeling (mottoprediking egter is nooit verskoonbaar nie). So bedien hy hom eenkeer van 'n homilie, d.w.s. 'n woord-vir-woord verklaring van Ps. 85 v. 9 - 14, maar tog met die nodige eenheid wat die gewone homilie gewoonlik mis. [5] Ook sy preek oor Joh. 8 v. 31 is 'n deurwrogte studie van Gal. 2 tot 5. Hy kan dus die Woord en niks anders as die Woord bring en dit is jammer dat/.......

---

1) N.L., 70.
2) Ander voorbeelde is die sewende en vyftiende leerrede.
3) N.L., 120.
4) Eenvoudige Leerredenen, 220.
5) N.L., 286.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat hy nie meer homilieë gelewer het nie.

Die bou van sy preke is ook nie altyd simmetries juis nie. Die twee inleidinge is meesal te kort, soms slegs 5½ alinea. [1] Dan het hy weer 'n exordium van drie paginas. [2] In sy tweede leerrede is sy toepassing buite verhouding lank in teenstelling met die liggaam van die preek, 3½ teenoor 4½ bladsye. Dit is die natuurlike uit-uitvloeisel van die sintetiese metode. In moderne taal sou ons sê dat sy preke nie genoegsaam vaartbelynd was nie.

'n Belangrike metode wat soms deur von Manger met groot sukses aangewend word, is om die applikasie nie te bewaar slegs vir die slot van die leerrede nie, maar om tussen die ontleding van die teks deur hom reeds te rig tot die hoorder. Hierin was hy nie 'n getroue volgeling van Bonnet nie, wat trou gesweer het by die „afsonderlike toepassing." Veeleer volg hy die voorbeeld van die homiletiese genie E.A. Borger en van Johannes Clarisse wat verklaar het dat die hele preek eintlik moet toepassing wees. [3]

In sy leerrede oor die gebed, kort na die aangee van die verdelings, spreek hy onmiddellik sy gemeente aan en wag nie vir die einddeel nie. „Ja, Geliefden! in den gewonen weg der Voorzienigheid wordt genade op het gebed verleend..... Om by u, heilbegeerige zondaars, te beginnen; gy zucht onder uwen ondragelyken last, gaarne zaagt gij uwe slaafsche ketenen verbryzeld....." [4]

Sy Woordverkondiging was ongetwyfeld pakkend, ook omdat hy die hoorders nie so lank gehou het nie. Sy preke is heelwat korter as dié van sy voorgangers. Die eerste leerrede/.....

---

1) N.L., 15.
2) N.L., 315.
3) Hartog: Geschiedenis van de Predikkunde, 275.
4) N.L., 193; sien ook verdere voorbeelde op p.p. 123, 134 en 138.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leerrede bevat 3,676 woorde. Soms kan hy egter dit ook lank uitrek, soos bv. die elfde leerrede met sy 6,767 woorde.

Sy afskeid.

In 1833 het ds. J.H. von Manger die hoeksteen gelê van die Nieuwe Kerk. J. Suasso de Lima , 'n bekende joernalis van daardie dae, deel ons mee dat die geleentheidsrede oor 1 Pet. 2 v. 6 met sy „gewone duidelijkheid" gelewer is en noem dit 'n „meesterlijke leerrede". Dit was tegelyk die viering van die vyf-en-twintigjarige dienstermyn van die feesredenaar en de Lima dig die volgende reëls omtrent hom:

„Een vierde van eene eeuw verstrekte Hy tot baak,
Een vierde van eene eeuw, mogt men hier Manger hooren,
Hy oefent steeds 't gebod der God gewijde zaak,
En volgt men zyne leer, dan gaat men niet verlooren.

De deugd zijn gezellin, de wysheid zijn' trawant
Zij blijven hem staag bij om 't menschdom te verlichten;
En door de eerbaarheid van zijn verheven stand,
Toont hy der Christen-leek, zijn te betrachten plichten.

Hy leve lang noch by den deugd beminden schaar
Die der Voorzienigheid met hartsgevoel blyft bidden,
Dat hy in welvaarts-heil ook nog na vyftig jaar
Het Leeraars-ambt bekleedt, hier in een dankbaar midden." 1)

Terloops wys ons net daarop dat de Lima se supra-

naturalistiese/....

---

1) Ter herinnering aan de Godsdienstige plegtigheid by het leggen van den hoeksteen der Nieuwe Nederduitsche Hervormde Kerk in de Kaapstad op den 18 April 1833: J. Suasso de Lima, (Kaapstad, 1833), 10.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naturalistiese beskouing duidelik deurskemer in die taal van hierdie gedig.

Sy wens dat die beminde leraar nog vyf-en-twintig jaar in aktiewe diens mag wees, is nie vervul nie. Op Sondag, 21 Julie 1839, het hy sy amp openlik neergelê met die woorde van die Apostel Paulus van 1 Thess. 4 v. 1, 2 in die mond. Die gebou was „opgepropt vol" sodat die deure oopgegooi was. De Zuid-Afrikaan skryf dat die gesig van 'n ou gryse leraar wat van die geheiligde preekstoel afskeid neem van sy gemeente, onder wie hy sewe-en-dertig jaar die Woord verklaar het, 'n diep indruk nagelaat het. Hulle harte het met heilige ontroering sy laaste seëninge ontvang.[1)]

In sy laaste boodskap aan hulle betuig hy dat sy prediking met sy wandel ooreengekom het. „Uw geweten zal mij dit getuigenis moeten geven, dat ik als een Godgezant onder u verkeerd en u geleerd heb, hoe gij moet wandelen en Gode behagen."[2)] Dit is al 'n groot saak as 'n prediker dit kan getuig. Al was hy ernstig op die preekstoel, kon hy in die omgang minsaam en inskikkelik wees in sy gesprekke selfs luimig. Graag het mense dus sy geselskap opgesoek.[3)] Nooit was hy egter so gemeensaam dat sy gemeente die respek vir hom verloor het. Nee, soos 'n Godgesant was hy onder hulle.

Op 2 Mei 1842 het hy in die hoë ouderdom van vyf-en-sewentig jaar gesterwe. Ds. A. Faure het op die begrafenis die oorledene se lange en vrugbare dienstyd in herinnering gebring. Hoe dikwels het hy nie van die kansel, as getroue herout van sy Here, die hele raad van die Allerhoogste verkondig nie. Hoe ernstig het hy die moedswillige

oortreder/.......

---

1) De Zuid-Afrikaan, 26 Julie 1839; De Honigby 1839.319.
2) N.Z.A.T. 1839.92.
3) Voorberig in N.L., viii.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oortreder en roekelose skender van die goddelike gebooie bestraf. Hoe gemoedelik kon hy hulle almal vermaan om die weg te betree, wat die mens voer tot die genot van die reinste genoeëns. Hoe minsaam poog hy die balsem van vertroosting in bedrukte en bedroefde harte te stort. Hoe baie godvrugtiges het nie die tempelgebou verlaat nie, God lowende en dankende vir die bestiering, troos, raad en onderrig wat hulle van die lippe van hierdie waardige dienskneg van God mog ontvang. [1]

'n Besondere kenmerk van sy nagelate preekbundel is dat die voorbedes almal uitgeskryf is en in druk verskyn. In een van hulle kom hierdie versugting voor:

„Laat de krachtige werking uwes Geestes met de verkondiging uws woords gepaard gaan, opdat hetzelve ook voor onbekeerden moge bevonden worden eene kracht en wysheid Gods tot zaligheid. Want toch niet door kracht of geweld, maar door uwen Geest moet het geschieden, zullen zondaren behouden worden, hunne zaligheid uitwerken, en zoo strekken tot prijs der heerlykheid uwer eeuwige ontferming." [2]

In hierdie gesindheid van afhanklikheid van die hemel het hy geleef en was daar vrugte op sy prediking.

BESLUIT/........

---

1) De Honigby 1842.155.

2) N.L., 14.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## B E S L U I T.

Teen die eensydig-dogmatiese rigting het nie slegs verset van die kant van die Piëtisme gekom nie; ook die Rasionalisme en Supra-naturalisme het hulle stemme daarteen verhef. In Nederland het 'n gees van vrysinnigheid die kerk binnegestroom, weg van die ou ankers van die belydenis. Die supra-naturele godsdiens wou enigsins 'n teenwig daarteen opwerp, maar het aan die rede 'n al te belangrike plek gegee.

In Suid-Afrika het die Rasionalisme aan die begin van die neëntiende eeu nie vaste voet gekry nie, maar die „redelike godsdiens" het baie geeste betower. Nie alleen het die kerkorde van de Mist die deur daartoe oopgemaak nie, maar sommige predikers het van Holland oorgekom, deurtrek met daardie invloede. 'n Nuwe gees van toleransie bring die kerk nou in aanraking met die Anglikaanse en Lutherse prediking, wat afgewyk het van die ou Hollandse metode. Die verkondiging van di. M. Borcherds en J.C. Berrangé staan duidelik in die teken van die supranaturalisme. Hierdie wind wat oor die Kaapse kerk gewaai het, het hier en daar die warmte uit die prediking gesteel. Dit is egter nie so, soos beweer is, dat die gereformeerde waarheid selde in die eerste kwartaal van die neëntiende eeu van die kansels gehoor is nie, want di. von Manger, Fleck en andere het terdeë die ou pad bewandel, al was die woorde „deug" en „plig" op die lippe van almal en het dit oppervlakkig beskou, gelyk of hulle Supra-naturaliste was.

Die „redelike godsdiens" het die praktyk van die godsaligheid beklemtoon en wat die Piëtiste reeds aangevoor

het/.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het, is nou met krag voortgesit. Die verhouding teenoor God is nie meer die hoofinhoud van die preke nie, maar die relasie met die medemens word bygebring. 'n Beoefenende christendom is bepleit. Daardeur het die prediking aan die Kaap gebaat.

Formeel het die preekmetode 'n rewolusie in hierdie periode ondergaan. Die Piëtiste het die ou analitiese metode met sy baie onderverdelings gehou, al het hulle daar nuwe lewe ingeblaas. Deur die aanraking van ons Kaapse dominees met Chevallier en andere in Nederland, is die ou Hollandse metode vervolgens ingeruil vir die Engelse en het die sintetiese prediking sy verskyning gemaak. Deurdat 'n strenge en stroewe eksegese losgelaat is, kon die prediker makliker sy eie gedagtes by die toepassing invoeg en sou die deur vir die vrysinnigheid later maklik wyer oopgaan. Gelukkig dus dat ander predikers soos Fleck en von Manger die voorkeur aan die analities-sintetiese metode gegee het, 'n metode wat die verkondiging in Nederland tot glanspunte gevoer het. Inhoud en vorm laat 'n preek die beste aan sy ideaal beantwoord, indien leer en praktyk, analise en sintese verenig is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFDELING D.

## DIE PERIODE 1825 - 1860.

## PREDIKERS EN HUL PREDIKING ONDER DIE VOORTREKKERS.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INLEIDING.

Om 'n heldere begrip van die prediking onder die Voortrekkers te kry, verdeel ons die materie onder drie hoofde. Eers vind ons die verkondiging van vasgestelde predikers, hulle wat vir 'n korter of langer tyd hulle verbind het om die Brood van die Lewe aan die emigrante te breek. Eerww. Lindley en Döhne het hulself wel as tydelike arbeiders onder die Boere beskou, maar hulle het tog vir 'n paar jaar onder die volk gewoon. Die eerste werklik vas-aangestelde predikant in Natal was dr. H.E. Faure.

Teenoor hierdie groep van predikers kry ons vervolgens die verkondiging van besoekende leraars. Soms was dit 'n toevallige ontmoeting met die Voortrekkers deur sendelinge of predikante wat uit eie motief die swerwendes 'n besoek gebring het. Dan weer was dit predikante wat deur die Kaapse kerk afgevaardig was om aan die wegtrekkendes die genademiddels uit te deel.

Vir 'n groot deel egter moes die „uitgewekenes" hulle behelp met preekbundels en ander godsdienstige literatuur. Die gehalte hiervan sal nagegaan moet word.

Al word daar gedurig hier van „Voortrekkers" gepraat, kom sulke manne soos ds. A. Murray (op Bloemfontein), H.E. Faure en P. Huet ook onder bespreking, al val hul arbeid meer in 'n tydperk toe die baanbrekerstadium van die Voortrekkers reeds verby en 'n meer geordende samelewing reeds bereik was. Ons het hul preekarbeid tog geskets om 'n volledige beeld van die prediking van die kerk benoorde die Oranjerivier tot op 1860 te kry.

---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# I. VAS-AANGESTELDE LERAARS.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 22.

## EERW. ERASMUS SMIT.

### Sy voorgeskiedenis.

Tereg noem dr. Elizabeth Conradie hom 'n „miskende kultuurdraer," 1) want al was hy deur sy moeilike temperament nie 'n beminde figuur onder al die Voortrekkers nie, kom hom tog die eer toe dat hy in 'n tyd, toe geen ander Kaapse predikant gewillig was om saam te trek nie, die enigste geestelike leier onder die emigrante was. Hy het die voortreisende volk op die moeilike weg met raad en daad bygestaan; hulle vreugde was sy vreugde, hulle leed sy leed. Erasmus Smit was nie slegs 'n miskende kultuurdraer nie, maar, die omstandighede waarin hy opgetree het in ag geneem, 'n miskende evangelieprediker.

Hy was Hollander van geboorte. Die eerste lewenslig het hy op 2 Augustus 1778 in Buiksloot naby Purmerend gesien. Toe sy moeder die jaar daarop dood is, het sy vader wat op vertrek na Oos-Indië gestaan het, die kleine Erasmus in die Aalmoeseniersweeshuis in Amsterdam geplaas. As jong seun het hy die Franse troepe op 19 Januarie 1795 deur die Leidse poort sien binnemarsjeer en jare later, in die skroeiende Vrystaatse son, herinner hy hom nog hoe die soldate sonder genoegsame klere, hoede en skoene was en dit in die middel van 'n strenge koue winter. Hulle het slegs 'n ou vuil kombers om die naakte lyf omgehang en 'n stuk rou vlees en brood aan die spits van hul bajonette gesteek. 2)

Die feit dat hy in 'n weeshuis grootgeword het, het miskien daartoe bygedra dat hy later so teruggetrokke was en/.......

---

1) Hollandse skrywers uit S.A., 194.

2) Dagboek van Erasmus Smit, Predikant by de Voortrekkers. Geredigeerd door H.F. Schoon, Ned. Geref. Predikant te Ladysmith, Natal. (Kaapstad 1897), in dato 19 Jan. 1837

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en moeilik met mense gemeng het. Die inrigting het hom versorg tot 1801 toe hy weg is na Rotterdam om onder leiding van die Nederlandse sendinggenootskap as missionaris opgelei te word. Hierdie onderrig kon nie baie degelik gewees het nie, want reeds op 5 September 1802 is hy met twee andere „ingezegend" met die doel om in Suid-Afrika onder die heidene te arbei. Aangesien daar later altyd 'n kwessie oor Smit se ordening was, dien daarop gelet te word, dat dit nie 'n ordening met oplegging van hande was wat hom die reg van bediening van sakrament verleen het nie. Sy afsondering het hierin bestaan dat op die maandelikse bidstond van die Genootskap Smit en sy vriende „de last opgelegd en een plegtig vaarwel gezegd is." [1)]

Op 20 September 1802 het Smit met die „Zeenimf" van Texel weggeseil. In daardie dae het die reis na die Kaap wel enige maande geduur maar in hierdie geval sou dit twee jaar in beslag neem, want eers op 16 Oktober 1804 het hy in Simonsbaai geland. Die geval was dat die skip deur hewige storms bedreig in Amerika in plaas van in Suid-Afrika te lande gekom het. Later het die „Zeenimf" ondergegaan, terwyl hy 'n tweede, derde en selfs vierde vaartuig moes bestyg om behoue aan te kom. Van die 250 reisigers aan boord was hy die enigste wat sy bestemming bereik het. [2)] Die verskrikkinge van die storm het hom altyd later bygebly, maar op die Trek moes hy nog swaarder storms beleef, wat hom laat getuig: „Ik heb nooit in mijn leven op aarde zulke zware, aanhoudende en hardklaterende donderslagen gehoord. Op myn tweejarige zeereis in 1802 heb ik, aan de westkus van Afrika, wel zwaren donder gehoord; maar niet zoo vreeselijk, geducht en hard en lang aanhoudend, als heden/......

1) S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 33.

2) Dagboek in dato 20 September 1837.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heden een uur van den Drakenberg, zijnde in Zuid Oost Afrika." 1)

Die geestelike storms sou vir hom nog heftiger woed; sy pad in Afrika was 'n opdraende. Smit het met verlof van sy Rotterdamse Sendinggenootskap 'n tyd lank die heiden-slawe in verband met die S.A. Sendinggenootskap in Kaapstad onderwys gegee. In 1806 vind ons hom op Bethelsdorp in diens van die L.M.S. as assistent van dr. J.T. van der Kemp. Dit skyn asof hy sy voorneme om onder die kaffers te gaan arbei - hy het selfs die taal begin aanleer - later prysgegee het. Van der Kemp skryf in 1806 dat Smit en Broeder Tromp „te Bethelsdorp slechts occasioneel wonen in de hoedanigheid van super-numeraire zendelingen." 2) Erasmus het daar ruim sewe jaar gewerk.

In 1813 is hy met Susanna Catharina Maritz, 'n suster van die latere Voortrekkerleier, Gert Maritz, getroud. Sy was slegs veertien jaar oud en twintig jaar jonger as haar man. Saam is hulle na Tooverberg (ook vir 'n tyd Genadeberg genoem, nou Colesberg) om aan die Boesmans die evangelie te bring, waartoe hy deur eerw. Read georden is. Volgens 'n brief van ds. A. Faure , destyds predikant van Graaff-Reinet, aan dr. J. Philip, was die werk van Smit 'n sukses, want bekeerde Boesmans het 'n redelike begrip van die beginsels van die godsdiens getoon, wat 'n gunstige uitwerking op hulle gedrag gehad het. 3) Maar ook vir die blankes va n die omgewing was hy tot seën. Christiaan Liebenberg, wat deur hom 'n „bevindelyke christen" genoem word, getuig op die trekpad dat hy Smit op Genadeberg dikwels hoor preek het „en eenmaal een bijzonderen zegen gesmaakt had (welke hy nog niet vergeten had) onder het

voorstel/.......

---

1) Idem in dato 26 Okotber 1837.
2) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 195.
3) J. du Plessis: History of Christian Missions in S.A.,270.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorstel: „Ik zal u onder de roede doen doorgaan, en brengen u onder den band des verbonds." 1)

As gevolg van troebele landsomstandighede en met toestemming van Lord Charles Somerset, verskuif hy na Klipfontein, distrik Beaufort, om 'n nuwe stasie onder die Boesmans en Basters op te rig, waar hy tot 1821 werksaam bly. 2)

Waarom hy die L.M.S. bedank het, weet ons nie, maar hy vervolg hom as onderwyser by die Goewerment-Slaweskool van Stellenbosch en as sendeling van die plaaslike medewerkend sendinggenootskap. Die moeilikhede tussen ds. M. Borcherds en laasgenoemde liggaam het ons vroeër bespreek. 3) Die Stellenbosse predikant het nieteenstaande hierdie wrywing sy mense aangemoedig om onder Smit se gehoor te gaan „als zijnde deszelfs leer, ofschoon niet hoog verheven, echter zuiver en oprecht." 4) Onder die sinspreuk „Genootschap van Christelijke Menschlievendheid" rig enige blanke lede 'n afsonderlike genootskap op en stel hom as leraar onder die heidene aan. Die skaduwee van sy gebrekkige ordening volg hom ook hier. Toe enige heidene hulle tot die doop aanbied, het sommige sy reg tot die sakramentsbediening betwyfel. Ds. A. Faure, direkteur van die Rotterdamse Sendinggenootskap, wie se advies hieromtrent gesoek is, verduidelik dat Eerw. Smit kragtens sy ordening tot sendeling onder die heidene die bondseëls aan die <u>heidene</u> mag toereik, maar nie aan lede van die Herv. Kerk of enige ander kerkgenootskap nie. 5)

Tot die uitdeel van die sakramente aan die blankes

het/......

1) Dagboek in dato 16 Nov. 1836, (20 Sept. 1837.?)
2) Brief van E. Smit aan M. West, lieut. Goew. vir Natal, in Engels, 14 April 1847, C.S.O. 38 p. 49, N.S.A.
3) Vide p. 223.
4) Moorrees a.w. 607.
5) Dreyer a.w. 198.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het hy nog nie geaspireer nie, maar wel om tot hulle te preek. Toe hy op Stellenbosch konwentiekels begin hou, was die kerkraad glad nie daarmee gediend nie, en word hy daarop gewys dat dit teenstrydig met die sinodale bepaling insake oefeninghouers is. Wanneer Smit hom nie daaraan wil onderwerp nie, wend die kerkraad hom na die Sinode, wat op sy beurt adviseer dat art. 6 van die Reglemente toegepas moet word en dat hy die bewyse van sy wettige ordening en van sy lidmaatskap moet toon. [1] Hy bly hieromtrent egter in gebreke en die posisie word vir hom onhoudbaar sodat hy Stellenbosch in 1830 vir Olifantshoek (Alexandria) verruil. Hy self sê dat die rede vir sy verskuiwing sy swak gesondheid was. [2]

Hier het hy vir ses jaar as onderwyser vir die kinders van die omgewing opgetree. Juis op hierdie tydstip het die derde groep Voortrekkers onder Gert Maritz Graaff-Reinet verlaat. Eerw. Erasmus Smit, waarskynlik onder aandrang van sy swaer, besluit om sy lot as prediker met die emigrante in te werp. Mev. Smit skryf later: „Ware mijn Man niet verdrukt geweest en dat namelijk door zijne mede leeraren te Stellenbsoch, Uiten-Haage en Graaffrijnet, zoude hy zekerlijk niet hebben besloten Een Zwerver te worden door de heete ingewanden van Z. Afrika." [3]. Hy was toe reeds 58 jaar oud en sieklik.

## Sy prediking.

Smit het 'n dagboek van sy omswerwinge nagelaat van November 1836 tot 31 Januarie 1839 - die eerste deel het verlore gegaan - wanneer hulle in Pietermaritzburg kom en hy/..........

1) Acta Synodi 1829, S.5. No. 122 p. 14, K.K.A.
2) C.S.O. 38 p. 49, N.S.A.
3) Dagboek IV. 17, 18, N.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy die pen neerlê in die verwagting dat hy die beloofde land deelagtig geword het. Uit sy pennevrug merk ons dat die reisende leraar getrou sy pligte nagekom het. Sondae het hy twee keer gepreek in 'n 'kerkgebou' bestaande uit 'n paar waens naas mekaar getrek en 'n seil daaroor gespan. Soveel moontlik is probeer om die kerklike usansies van die ou kolonie te behou. 'n Klok lui om die aanvangs van die diens aan te kondig [1] en 'n voorleser [2] word gebruik om die tien gebooie, belydenis, skriflesing en afkondigings te lees. Dikwels lees ons dat die eredienste nie waargeneem is nie weens 'n haelbui of 'n reënstorm. [3] Soms word sangaande [4] gereël of 'n konferensie [5] in plaas van die gewone preekbeurt. Die maandelikse bidstond [6] vir die uitbreiding van Gods koninkryk word ook nie gemis nie. J. Boshoff, die latere president, skryf dat selfs drie keer per Sondag gepreek is en ook nog Woensdae en Saterdagaande. Gedurende die week vind die katkisasie plaas, terwyl Mev. Smit die kleines onderwys. [7]

Ons besit geen leerrede van Eerw. Smit nie en is daarom alleen op sy dagboek aangewys vir sy preekmanier. Gelukkig dat hy soveel besonderhede daaroor aangee en dit is jammer dat ds. Schoon sekere gegewens weggelaat het, wat vir ons doel nuttig sou gewees het.

Uit die tekste wat hy noem blyk dit dat hy die Leipziger-metode in die prediking toegedaan was, dit wil sê dat twee of drie exordia vir een preek gebruik word. Dit is 'n metode wat van Duitsland na Holland oorgekom het en Smit moes daarmee in die opleidingskool van Rotterdam kennis gemaak/.......

---

1) Dagboek in dato 10 Junie 1838.
2) 'n Kleurling Bantjes het soms as voorleser opgetree.
3) Idem in dato 4 Desember 1836.
4) Idem in dato 1 Januarie 1837.
5) Idem in dato 12 Oktober 1838.
6) Idem in dato 3 Julie 1837.
7) Graham's Town Journal, 23 Augustus 1838.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemaak het. Die inleiding word verdeel in generale, speciale en specialissimum elk met 'n afsonderlike teks aan die hoof, sodat tenslotte vir elke behoorlike preek nie minder as drie tekste gevorder word nie. 1) Eerw. Smit deel ons mee dat hy op Sondag, 18 Desember 1837 eers die voorrede oor Klaagl. 3 v. 18 daarna die inleiding oor Pred. 11 v. 3 verhandel het om dan tot sy eintlike teks te kom, Luk. 19 v. 41, 42. 2)

'n Ander afleiding wat ons maak is dat hy by voorkeur uit die Ou Testament gepreek het. Ongeveer drie uit elke vier tekste is uit daardie deel van die Bybel gekies. Dit strook met die opvatting van die Voortrekkers, wat in hul lotgevalle en dié van die Israeliete 'n treffende ooreenkoms sien. Smit self noem telkens sy kudde die trekkende gemeente deur die woestyn. 3)

'n Derde kenmerk van sy verkondiging was tydprediking. Hy leef intens mee met sy mense en sy boodskappe hou rekening met hul daelikse ontberinge en ontmoetinge. Gedurig bv. was hulle omring deur die kaffergevaar. Sondag, 11 Desember 1837, preek hy oor 1 Sam. 7 v. 12, baie toepaslik op hierdie dank- en biddag vir die wonderbare uitredding van 'n aantal van sy gemeentelede na die tweemalige aanval van Oemzilikats op die reisigers. 18 Januarie 1837 hou hy 'n biduur om vir die uittrekkende kommando seën en voorspoed af te smeek. Dan weer 'n dankdag omdat Piet Retief gunstig deur die Soeloes ontvang is.

Van 22 Desember 1837 begin hy om elke aand die adventstowwe te behandel en die gemeente voor te berei vir

Kersfees/.....

---

1) Van Oosterzee: Practischer Theologie I.205; Hartog a.w. 129.
2) Ook 11 Jun. 1837 oor Joël 2 v. 1, Ps. 126 v. 2, 3 en 1 Kron. 11 v. 1 - 3.
3) Ds. D. van Velden skryf - Winburg d.d. 19 Aug. 1851 - aan die Kerkraad van Pietermaritzburg dat hy te Leijden die boek "De Kaapsche Landverhuizers" van prof. Lants gelees het en in die emigrante sien (a) "den getrouw Israël, eene keurbende van den Heer der Leerscharen; (b) een verdrukt Israël en vooral (c) Israël dat brandt van een Elia's ijver voor de eer huns Gods." Korr. Lêer II.2. No.16, N.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kersfees. Op 25 Desember rapporteer hy: „Heden Kerstdag's Voormiddags predikte E. Smit over de Kerststof, Luk. 2 v. 1 - 14". Eintlik voer hy die Kersgedagte te ver wanneer hy op Nuwejaarsdag die onderwerp kontinueer. Ter verskoning voer hy aan dat die stof agt dae gelede bekend gemaak is, maar dat die onweer hom verhinder het om te preek.

Belydenispredikasies was soms ook aan die orde. Eendag het hy oor Matt. 10 v. 32, 33 gepreek, omdat hy deur die gemeente daartoe aanleiding ontvang het en hy meen dat die uitwerking stigtend was. Wat was die aanleiding? Hy sê dat eerw. Archbell die namiddag in die laer gepreek het. 'n Mens kan jou voorstel dat hy in sy belydenispredikasie die hoorders gewaarsku het teen die „remonstrantse" leraar en hulle maan om getrou te bly aan die belydenis. Later skryf hy dat enige ontevrede was omdat hy op hulle sou geskimp het. 1)

Wanneer die kerkjaar dit vereis, vergeet Erasmus Smit die lydensstowwe nie. Hy preek oor die verraaier van die Heiland na aanleiding van Matt. 26 v. 1 - 13. Iemand deel hom mee dat sommige hoorders meen dat hy hulle in die oog gehad het. Smit was 'n baie gevoelige siel en daarby kleingeestig, sodat hy geen kritiek op sy preek wou duld nie. Die prediker mag tog nie let op allerlei praatjies na sy preek en veral nie van die kansel met indiwidue afreken nie. Dieselfde aand vertel die Voortrekkerpredikant sy gemeente die waarheid en gee hulle te kenne dat niemand hom die karakter van Judas hoef aan te trek nie; as die Woord hom tref, moet hy nie kwaad word nie. 2)

'n Besondere dag is dit vir hom wanneer Piet Retief as goewerneur bevestig word. Nadat die nodige formulier gelees/.....

---

1) Dagboek in dato 8 Januarie en 5 Februarie 1837.
2) Idem in dato 5 Februarie 1837.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelees is, doen die leraar 'n aanspraak tot die owerhede, tot teks nemende 2 Kron. 19 v. 6, 7: „En hy het vir die regters gesê: Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die Here, ens." Skynbaar was die Trekkers so ingenome met sy diens dat hy deur Retief en ander genooi word om die aand 'n dankdiens te hou. Nie minder ingenome nie was Erasmus Smit self, want nou is hy blykbaar onmisbaar en ander erken sy dienste. Hy herinner die goewerneur dat, met die haastig opstel van die eedformulier, 'n belangrike artikel vergeet is nl. dat hy hom verbind aan die Geloofsbelydenis van die Ned. Geref. Kerk volgens art. 36. 'n Sirkulêre word vervolgens na die laers deurgestuur dat „de Eerw. heer E. Smit 'n nadere eedsbevestigings- of Godsdienstige inwydings-predikatie zou houden op Zondag eerstkomende." [1)]

Toe die uur daarvoor aanbreek, gee hy 'n kort opwekkende toespraak oor die redes van die samekoms „om namelijk, onder andere, ook onder ons (die allen lidmaten der onderscheidene dorpen binne de kolonie waren) de Hervormde Gereformeerde Nederduitse Geloofsbelydenis, tegen inbreuk en vervalsing, naar het voorbeeld onzer vrome voorvaderen te helpen voortplanten en als 'n schat der waarheid by ons te bewaren." [2)] Dan laat hy die goewerneur op 'n kussing kniel voor die kansel - in hierdie geval 'n tafel - en open die Bybel voor hom waar die Heidelbergse Kategismus begin, waarop die goewerneur sy hand moet lê, terwyl die vingers van die regterhand in die lug gehef word onder die doen van 'n eed.

Soos kan begryp word, is die viering van die heilige nagmaal getrou nagekom. Op 22 Junie 1837 skryf die leraar

'n/.......

---

1) Idem in dato 7 Junie 1837.

2) Dagboek in dato 11 Junie 1837.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n herderlike brief aan die lede van die gemeente dat die dood van die Here op die gebruiklike wyse herdenk sal word. Ongelukkig was daar onenighede tussen die leiers P. Uys en P. Retief en al het hy hom voorberei om oor Num. 11 v. 1 - 3 te preek, omdat dit baie toepaslik was, is ewentueel besluit om die sakrament liewers nie te bedien nie. Op 10 Desember eers word die nagmaal in vrede gevier, wanneer jonge lidmate die vorige Donderdag belydenis aflê, die belydenis-predikasie gepreek word en op die volgende dag die voorbereidingspreek geskied. Tog is daar weer onderlinge geskille onder die Trekkers, wat slegs agt dae na die fees opgelos moet word, sodat die leraar deur die goewerneur versoek word om op Dinsdag 'n toepaslike redevoering te hou „ziende op des Kristens plicht tot onderlinge liefde en verzoening met elkander, en tot de vreze Gods." [1)]

Met 'n volgende geleentheid was daar geen wyn om die bondseël toe te pas nie en het die prediker, heel gevat, as teks geneem Joh. 2 v. 3: „Zij hebben geen wijn", en toe in die gees nagmaal gevier met ander christene in die land, wat op hierdie dag dit onder die tekens gedoen het. [2)]

'n Mens wonder soms hoe Erasmus Smit sy preke voorberei het onder sulke wisselende en ongerieflike omstandighede van die trekkerslewe. 'n Boekery kon hy nie meesleep nie. Bly was hy daarom dat Stephanus Maritz die Bybelse konkordansie van Trommius aangekoop en meegebring het. Veel teen sy sin moes dit wees om sy opponent, eerw. Archbell te raadpleeg oor die teks Luk. 18 v. 13, 17. Die Wesleyaan belowe hom om eers sy Bybeluitleggers te raadpleeg as hy tuiskom. [3)] Met die eerste kennismaking het die afguns-

duiweltjie/........

---

1) Idem in dato 19 Desember 1838.
2) Idem in dato 1 Julie 1838.
3) Idem in dato 11 Januarie 1837.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duiweltjie om die hoek kom loer, toe hy Archbell se stasie besoek en al die geriewe van drukpers en boeke aanskou. Smit kon natuurlik ou preke op reis geneem het, maar nou en dan sê hy dat hy besig is om sy leerrede uit te skryf en dat hy nuwe stof behandel wat hy nog nie vantevore gebruik het nie. 1) Ons bewonder hom dat hy onder die omstandighede sulke pakkende tekste kon kies en sy materiaal aanwend na die eis van omstandighede.

Verstoke van die voorreg van 'n eie biblioteek en ander homiletiese hulpmiddele het hy hom tot God gewend om van Hom sy boodskappe aan die volk af te smeek. Sulke preke van die hemel, op die knieë ontworstel, is dikwels die geseëndste. Smit het baie getrou sy gebedstye waargeneem en hom gewoonlik drie keer per dag afgesonder. Om van die gewoel van die kamp weg te kom, het hy sy wa buite die laer laat trek om stille gemeenskap met die Here te beoefen. Hy praat van sy „Bethel en Pniel." Veral het hy tydens die aanvalle van die kaffers nagte in die gebed deurgebring. Op 2 Mei 1838 skryf hy: „Driemaal wendde ik my in 't gebed tot God (eenmaal buiten 't leger en tweemaal in mijn dichte wagen); en bad om uitkomst uit deze donkere weg; ik maande Hem op Zijne beloften. Na mijn verborgen gebede begonnen wy onze avondgodsdienst." En op 18 Mei 1838: „Na 'n goede en stille nachtrust begaf ik my tot 't schryven van 'n tweede leerrede voor aanstaande Zondag. Ik was gisteren niet, en heden maar eenmaal, buiten 't leger aan mijn bidplaats; en ik schaamde my in deze voor de Heer, wegens mijne nalatigheid."

Die eerste Voortrekkerpredikant het oor 'n vroom gemoed beskik. Opgevoed in die kringe van die Sendinggenootskap/......

---

1) Idem in dato 1 Julie 1837, 18 Mei 1838.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genootskap en in aanraking met die sendelinge in Suid-Afrika, het hy die uitbreiding van Gods koninkryk steeds na-aan die hart gedra. Hy was egter geen Piëtis nie, soos sy vrou, Susanna Catharina Smit, dit wel was, [1] en ons mis by hom die warmte in en die vrugte van die prediking soos ons dit by di. H.R. van Lier en J.J. Kicherer vind.

In die begin het Erasmus Smit net die Woord verkondig sonder die sakramentsbediening, omdat hy nog nie in sy amp bevestig was nie. Toe enige persone hulle kindertjies tot die doop aanbied, het Stephanus Maritz, E. Potgieter en andere gevra dat 'n „Diclatoor", 'n beroepsbrief, vanweë die gemeente vervaardig sal word, sodat sy ordening kan geskied. Daar was onder die Trekkers, veral onder die Potgieterparty, wat niks met hom te doen wou hê nie, juis omdat sy status as predikant onseker was. Sy posisie was nie sterk nie, want die eerste kerkraadslede word gekies en die name afgelees, sonder dat die pastor loci daarin geken is. Nadat Piet Retief egter by hulle aangesluit het, word dit vir hom beter, want Retief het sy beskermende hand oor hom uitgehou.

Die datum vir sy ordening is daarna bepaal. Smit hou self die inwydingspredikatie en wou net die bevestigingsformulier lees toe „'n grote ontstichtelike beweging" in die kerk ontstaan, sodat die goewerneur dit goedvind om die plegtigheid tot 'n volgende geleentheid uit te stel. Dit het gebeur op 21 Mei 1837 en eerw. Smit lees self die formulier en antwoord daarop. Hy voeg verduidelikend daarby: „zooals by de bediening van de Heilige Doop geschiedt wanneer 'n leraar zijn eigen kind doopt, als er geen andere leraar tegenwoordig kan zijn."

Hy sit nou vaster in die saal. Tog hoor hy dat 'n

lys/......

---

1) P.L. Olivier: Susanna Catharina Smit (geb. Maritz) (ongepubliseerde skripsie, 1942), 87.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lys tot intekening vir 'n tweede predikant in die laer van Gert Maritz die ronde doen. Verskeie mense vra waarom nou 'n tweede lys nadat hulle deur die kaffers geplunder is? Waarom nie voor die uittrek uit die kolonie vir 'n tweede leraar gesorg nie? F. Schultz skryf in sy Joernaal dat Erasmus Smit tot sy betrekking „provisioneel" deur Piet Retief aangestel is „tot tyd en wijlen zij van een bekwamer en waren Gereformeerden Leeraar, mogten worden voorzien." [1] Wanneer Retief dan ook van die toneel verdwyn gaan dit met Smit decrescendo!

Sy verblyf in Natal.

Na hulle aankoms in Pietermaritzburg is dadelik 'n begin gemaak met die bou van die Geloftekerkie. Hy was toe reeds 62 jaar oud „byna bezweken door de harde rampen die Zijn Eerwaarde hebbe geleden, zedert ons Emigrerende omzwerven," volgens Susanna Smit. Hy het tot April 1841 gedien, toe aan hom 600 Rds. per jaar pensioen deur die Volksraad toegeken is en eerw. Daniel Lindley as sy opvolger optree.

Daar lê iets diep tragies in die feit dat, toe die reisende gemeente na soveel jare en soveel offers, Natal eindelik binnegaan, die getroue dienskneg van die Here nie meer goed genoeg was nie. Waar Archbell, sy vorige teenstander, veilig agtergelaat is, doem die Amerikaanse sendeling Lindley weer op die gesigseinder op om sy rus te kom verstoor. Die Volksraad vra hom nou na sy „dokumente" waaruit bewys kan word dat hy 'n geordende predikant is, maar wat 'n deerniswaardige figuur slaan hy as hy moet bely dat dit verlore is „op zijn landsreis na hier." Die versoek is dan dat hy vir 'n tyd die sakramente nie moet bedien

nie/.........

1) Dreyer a.w. 22.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. [1]

Hy word deur ene (F) Zietsman beskuldig dat hy die oorsaak is dat die Boere weer wegtrek en daarom sy pensioen moet verloor. Van Augustus 1842 tot Augustus 1843 ontvang hulle maar 204 ryksdaalders. Mev. Smit laat 'n huiwering deur ons gaan, wanneer sy skryf: „Hoe warmde wij ons in den liefde van onzen Zaligmaker, en verheugde ons met een stukje droog grofbrood en 4 á 6 zacht gekookte ijeren, en een kopje bitter koffij van gebrand mielies daar bij, terwyl onze vyanden zich verlustigen aan henne ruime tavels." [2]

Dit blyk dat die wandel van die ou vader later nie onbesproke was nie, sodat die Volksraad hom moes waarsku dat as hy sy „aanstotelijk gedrag" nie laat vaar nie, uitbetaling van sy pensioen heeltemal teruggehou sal word. Die oorlewering lui dat hy te diep in die glasie gekyk en daardeur ergerlikhede verwek het. [3]

Sy preekdae was ook getel. Eerw. Lindley het probeer om hom weer 'n preekbeurt te gee, maar die kerkraad was daarteë. As hy egter op die grond of vloer van die kerk voor die preekstoel wil staan, kan hy maar optree. [4] Smit het eenkeer 'n eie preekstoel gehad, wat 'n rus of steun vir sy arms gebied het en wat deur die wed. P. Retief, haar dogters en ander vriende aan hom geskenk is. Op 'n sekere Saterdag kom hy in sy „arme van riete kerk gebouw" en ontdek dat sy kansel weg is. Mev. Smit vertel dat 'n Duitser

naderkom/........

---

1) Preller: Voortrekkerwetgewing, 91, 92.

2) Dagboek iv.20.

3) Dreyer: Eerw. E. Smit en die Voortrekkers. Die Transvaler, 2 Des. 1938. 'n Brief van Mev. Smit (d.d. 12 Jun. 1857) bevestig hierdie vermoede: „Oude broeder Smit (dat is myn man) is tegenwoordig getrouw alle Zondagen in de kerk, en is heel gematigd in zijne levenswys. De Leeraar Faure heeft met hem op zekere dag hier aan huis gesproken.... de oude man was zeer gevoelig en is van toen af meer gematigd geworden." Acc. 8/122, N.S.A.

4) Dagboek iv.23.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naderkom „en vrieg was ies das, mijn Her Predikant. Zy hebbe myn Preekstoel gestolen: O! das ies ter Seljee ieg hat it kezien." 1)

Die Smits het gevoel dat die spoor van die ware kerk in Pietermaritzburg dood geloop het, sodat hulle nie meer die nagmaal bygewoon het nie en liewers hul private byeenkomste hou. Die verwyt was dat Lindley die leer van Wesley sou verkondig en dat hulle dus nie uit sy hand die tekens wou ontvang nie, maar liewers tuis vergader „en wy verkwikt ons met en paar uuren onder het zuivere verkondiging van Gods Woord door te bringen." 2) Eerw. Smit het selfs aan huis kinders gedoop en lidmate aangeneem, wat aanleiding tot ergenis gee. Die kerkraad vra die raad van die Kaapse Sinodale Kommissie, wat antwoord dat stappe teen so'n onwettige optrede gedoen moet word. Dit was in 1850. Daarna is geen verdere klagtes teen hom ingedien nie.

Mev. Smit en haar man is agt dae na mekaar in die skoot van die aarde weggelê. Al is die laaste bladsye van hul lewensboek in donkerder kleure geskilder, sal Erasmus Smit altyd onthou word as die baanbreker-predikant van die Noordelike geweste „houdende den Lamp des Woords brandende, smeekende de Heere om het leeven van de hem omzingelde schaaren." 3)

HOOFSTUK 23/........

---

1) Idem iv:25: Sarel Celliers word hier beskuldig; Smit was nie te vriendelik teenoor hom gestem nie.

2) Idem iv.23.

3) Idem XLII.21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 23.

## DS. DANIEL LINDLEY.

### Voorgeskiedenis.

Die nasate van die Voortrekkers mag nooit antipaties teenoor die sending staan nie, al is dit net terwille van die geskiedenis. Toe geen Kaapse predikant gewillig was om die vaders op die trekpad te volg en hulle geestelik te versorg nie, het sendelinge vorentoe getree om hul lot met dié van die Voortrekkers in te werp. Die naam van Daniel Lindley sal, net soos dié van Erasmus Smit, altyd in dankbare herinnering gehou word, as manne wat die Masedoniese smeekstem: „kom oor en help ons," nie veronagsaam het nie. Lindley se geniale innemendheid, sy reine menslikheid en sy ryke veelsydigheid het nie alleen vir hom 'n weg gebaan na die harte van die stoere baanbrekers nie, maar ook vir sy boodskap.

Daniel Lindley was die oudste van tien kinders van dr. Jacob Lindley, organiseerder van die Ohio Universiteit en vir twintig jaar president daarvan. 1) By sy geboorte in 1801 het sy vrome moeder 'n verbond met die Here gemaak om hom te wy aan die sendingsaak. Elke dag het sy gebid dat die Here sy hart daartoe mag neig. Die jong seun het al die voorregte van 'n goeie opvoeding geniet en van die begin af ruime talent op die gebied van die taalstudie, sowel die ou klassieke as die moderne tale aan die dag gelê.

Nadat hy 'n graad aan die Ohio Universiteit behaal en drie jaar as onderwyser diens gedoen het, is hy toegelaat tot/......

---

1) Mary W. Tyler Gray: Stories of the Early American Missionaries in S.A.; E.F. Rockwell: North Carolina Presbyterian; G.B.A. Gerdener: Gereformeerde Maandblad 22. 24 v.v. en Baanbrekers onder die Suiderkruis, 63 - 72. Biografiese besonderhede hieraan ontleen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot die Union Theologiese Seminarie in Virginia, om as evangeliedienaar opgelei te word. Na voltooiing hiervan en nadat hy deur die Oranje Presbytery, North Carolina, ondersoek is, het hy 'n beroep na Rocky River gemeente aangeneem, waar hy georden en bevestig is. Vir drie jaar was hy hier gelukkig werksaam. Ons hoor telkens van bekerings, sodat die gees van sy bediening evangelies moes gewees het.

Die geloof van sy moeder is op die proef gestel, maar eindelik het dit geseëvier. Haar Daniel lees in die „Missionary Herald" 'n oproep van die „American Board of Commissioners for Foreign Missions" (A.B.F.M.) om vrywilligers vir die sendingveld en hy besluit om hom beskikbaar te stel. Sy gemeente was baie onwillig om hom te mis, want baie lidmate was slawe-eienaars en die meeste vyandig teen die swartes. Nadat hy eers 'n reeks preke met groot erns oor die Koninkryk van God en die laaste bevel van die Meester uitgespreek het, is hulle harte verteder. Dit was kenmerkend van sy slag om andersdenkendes te oortuig van sy standpunt.

Hy trou met Mej. Lucy Allen en steek in Desember 1834 van wal na die Kaap toe. Saam met dr. en Mev. Wilson en eerw. en Mev. Venable onderneem hulle die duisendmylreis van Kaapstad na Mosega, die vesting van Moselekatse, op die westergrens van Transvaal. Daar was baie moeite met die Hottentot-drywers, maar die boere het hulle met gasvryheid oorlaai. So goed kon Lindley hom by die landsomstandighede aanpas, dat 'n sekere boer, toe hy verneem dat hy 'n Amerikaner is, uitroep: „Maar hy is amper so goed soos 'n Afrikaner." Algaande het hy nou die taal van die boere, sowel as Setsjoeana aangeleer. Die kennis van eersgenoemde taal sou hom later goed te stade kom.

Drie/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Drie maande lank het die missionarisse in hul waens in Mosega gewoon, terwyl hulle stene vir 'n woning vorm en geen hulp van die inboorlinge ontvang nie. Die huisie van ses kamers, twee vir elke familie, was nog nie klaar nie, toe 'n donderstorm die mure en vloer deur en deur nat maak, met die gevolg dat die geselskap later van die klammigheid almal aan sinkingkoors gely het. Mev. Wilson het beswyk en 'n eensame graf in die onbekende veld gevind.

Met die sending hier het dit nie gevlot nie. Moselekatse was hulle vyandiggesind en daar het gedurig 'n oorlog tussen die Boere en inboorlinge gewoed. Een koeël het eendag op die bed geval waar Mev. Lindley gelê het. Op 16 Oktober 1836 het die slag van Vegkop geskied en na die skermutseling te Mosega 17 Januarie 1837 het die Boere die sendelinge aangeraai om hul werk daar te staak en saam na Natal te trek. [1) ] Van toe af is hulle lotgevalle onafskeidelik ingevleg by die geskiedenis van die Voortrekkers. Dit was 'n moeitevolle reis wat deur Thaba'Nchu en Grahamstown gegaan het en eindelik in Natal afgesluit is. Vir nege dae het hulle slegs op bruinsuiker geleef. Die vindingrykheid van Lindley het die geselskap gebaat, want toe die Vaalrivier te vol was, het hy 'n ruwe vlot saamgetimmer, waarop die vrouens en andere deur drie sterk Boereswemmers oorgestoot is.

In Natal was die worsteling tussen die Voortrekkers en Dingaan in volle gang en moes die sendelinge na Port Elizabeth die wyk neem om hul lewens te behou. Dit word vertel dat ds. Lindley agtergebly het om sake van nader te betrag en dat hy P. Retief en G. Maritz gewaarsku het om die/........

---

1) G.B.A. Gerdener: Sarel Cilliers, 31.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Soeloe-opperhoof nie te vertrou nie. [1] Saam met Owen moes hy in „The Comet" die baai invlug, toe die Soeloes in Port Natal amok gemaak het.

Predikant onder die Voortrekkers.

In Januarie 1840 het die Volksraad hom genader om hul leraar in Pietermaritzburg te word, „mits hy zijn documenten toonen zal voor de volgende vergadering en dat hy onze grondstelling van de gerevormeerde kerk aanneemt voor degeene die hem verkiest." [2] Hy self vertel hoe hy die Kommissaris-Generaal, die landdros en Sekretaris van die volksraad ontmoet het oor die saak. Hy het baie besware in die weg gelê om die verband met die A.B.F.M. te breek, maar op elke beswaar het hulle 'n teenantwoord gevind. „I found it hard to answer them, for there was reason and religion too in nearly all their answers." [3] Dit het egter ruim vyftien maande geduur voordat die onderhandelings met die Presbiteriaanse Kerk en die American Board afgesluit was en die versigtige kerkraad gerus gevoel het oor „die grondstelling van die gereformeerde kerk."

Van 1840 - 1847 was Daniel Lindley Voortrekker-predikant, toe hy besluit om terug te gaan na sy oorspronklike werk as sendeling. Tot die einde toe was hy onseker of hy ooit die regte stap geneem het om hulle in die steek te laat. Sy verblyf onder die emigrante kan ook dan as die vrugbaarste tydperk van sy bediening aangemerk word. Hy het 'n traktement van £100 ontvang en in een van die ruimste huise in Pietermaritzburg gewoon. Onmiddellik het hy begin om vyf dae in die week onderwys aan die

kinders/........

1) Gray: Story of the Early American Missionaries in S.A., 20.

2) Preller: Voortrekkerwetgewing, 31.

3) Missionary Herald, April 1842, Vol. 38, No. 4 p. 129.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinders te gee en sy ondervinding as onderwyser in Amerika het hom seker baie gehelp. [1] Hy is baie begaan oor die onkunde van die mense. Mev. Lindley het veral gehelp om van huis tot huis stigtelike lektuur te versprei en hy getuig dat dit veel gehelp het om sy preke te verstaan en te waardeer. Verder het hy werk gemaak van die katkisasie en sê dat die kinders twee kategismusse geleer het, altesame 646 vrae en antwoorde. Van die leerboeke sê hy: „they are very good, though I think them inferior to the Westminister Catechisms." [2]

Sy arbeidsveld was nie beperk tot Natal nie, maar hy het oor die „Draakberge" dikwels gereis om die Trekkers in die Vrystaat, met Winburg as middepunt, en die Transvalers, met Mooirivier as sentrum, te besoek. Hy kan as die stigter van ons kerk in daardie gewestebeskou word. Die korrespondent van De Honigby [3] rapporteer dat hy met een besoekreis 496 kinders gedoop het, waarvan 264 op Winburg, en gee die volgende indruk weer: „De Wel. Eerw. Heer Lindley werd overal met de hartelijkste toegenegenheid ontvangen, en heeft niet nagelaten hun getrouw en gemoedelijk de waarheid te verkondigen." Die inwoners was ook vreedsamer as voorheen en kon rustiger bearbei word.

Met een van sulke geleenthede was hy vir meer as 68 dae van huis weg en het sy kinders en gemeente hom met groot blydskap in die dorp terug ontvang. Die herder het verwag dat sy kudde tydens sy afwesigheid getrou moet bly, want die volgende Sondag preek hy oor Luk. 12 v. 34 - 36, oor die heer wat van die bruilof terugkom en verlang dat

sy/..........

---

1) Bird Collection, N.S.A.; Gerdener: Boustowwe, 52.
2) Missionary Herald, April 1842, Vol. 38, No. 4, p. 129.
3) Maart 1846, p. 98.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy knegte voorbereid moet wees. [1]

Omdat hy Amerikaner was het die Voortrekkers sy evangelieprediking nie ten volle verstaan nie. Hy was in sy denkbeelde hulle ver vooruit en hulle het bv. beswaar aangeteken en hom as ketter beskou, omdat hy leer dat die aarde nie so plat soos 'n pannekoek nie, maar rond soos 'n bal is. Daar was natuurlik ook nog die taalmoeilikheid. Gedurig moes hy by die opstel van sy leerredes die grammatika- en woordeboek byderhand hou om daarna dit deur 'n ouderling te laat nasien. Hy laat ook verstaan dat die maak van sulke lang preke, soos die tyd toe geëis het, vir hom moeisame werk was. [2] Mev. A.C. Stucki skryf van Lindley: „hy sprak die taal, gelyk daar de meesten, zeer slecht" en informeer ons dat die gewone Engelsman in Natal so vroeg reeds 'n inwendige afkeer „van het Hottentotsch Hollandsch gelijk zij het noemen" gehad het. [3]

Ds. Lindley egter was onder die indruk dat sy kudde hom goed volg. „I preach to the emigrants and am assured by all, that they understand me perfectly well," sê hy. Later herhaal hy hierdie versekering: „I have preached plainly as I can, and they are not offended by it. They say that they understand every word I speak an apprehend every idea that I wish to communicate." [4] Hy vergroot ongetwyfeld dat sy hoorders elke woord van sy preke begryp, maar ek wil aanneem dat hulle oor die algemeen daar stigting van gevind het. Hy self moet in dieselfde asem verklaar: „It is, however, rather bungling work that I make, for I have to present truth as I can, and not as I would. In a numbe r I have seen evidence of deep feeling, and am well assured that good has been done."

Die/......

---

1) De Zuid-Afrikaan, 16 Augustus 1844.
2) Bird Collection, N.S.A.; Gerdener: Boustowwe, 52.
3) Reis naar en verblyf aan de Kaap en Natal, 96.
4) Missionary Herald, April 1842, Vol. 38, No. 4, p. 129.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die taal was vir hom persoonlik 'n struikelblok in sy prediking.

Hy moes 'n lewendige spreker gewees het. 'n Vriend, eerw. Josiah Tyler, getuig van hom: „As a preacher and platform speaker I am not in danger of speaking too highly." Hy het baie in Amerika hoor sê dat geen teruggekeerde sendeling hom oortref het nie. Hy het net geweet wat om te sê om die gehoor se belangstelling te wen en was altyd opgewasse vir die geleentheid. Hy skrywe dit toe aan die hoë mate van mensekennis waaroor Lindley beskik het. 1) Mev. Tyler Gray wat as kind in die pastorie opgegroei het, praat van sy „simple and solemn sermons" wat sy nie kan vergeet nie. 2)

Hy moes 'n maklike manier en natuurlike charme gehad het om met mense te meng. Hy was 'n uitstekende skut en fyn kenner van perde, eienskappe wat die weg tot die hart van enige Boer baan. „Wie hy ontmoette was zijn vriend en waar hy kwam, was hy welkom." 3) Hy het ook 'n hoë dunk van die Voortrekkers gehad: „Our intercourse with the emigrants here and elsewhere, has been altogether of a pleasant kind. They have uniformly manifested much good feeling towards us and with all their faults (and they are many) we love them." 4)

Ons sou graag meer wou geweet het van die inhoud van sy prediking, maar beskik ongelukkig oor geen proewe nie. Hy self getuig „the doctrines of their church are what I believe, and have vowed to preach." 5) Hy het die leer van die Presbiteriaanse Kerk dus heelhartig onder-

skrywe/......

---

1) Natal Mercury, 13 Mei 1886.
2) a.w. 31.
3) Gerdener: Boustowwe, S. bl 47
4) Missionary Herald, Feb. 1840, Vol. 36, No. 2, p. 60.
5) Idem, April 1842, Vol. 38, No. 4, p. 130.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skrywe. Weliswaar beskuldig Mev. S.C. Smit hom vir „een Americaanse zindeling.... die hier openlijk onder den naam van gereformeerd, den leer van Wesly predikte" om later te sug: „Ach, hoe treurig is het hier met den dienst des Heeren gesteld. Een Kalvinistische kerk in naam terwyl den leere van Arminius onbeschroomd geleerd wordt. De eenvoudigen bemerkt het niet en die kennis hebben, zeggen, indien de zaken van des menschen zaligheid anders staan als wat er gepredikt word, is God onregtvaardig; de Kerkraad zeggen dit is de waarheid. Christus is voor de geheele waereld gestorven. Alle menschen kunnen zalig worden zoo ze maar toe treede de zaligheid aan nemen die hen word aan geboden en zoo ze niet wille, kan God en Jezus tot hunne behoudenis niets doen." 1)

Gewoonlik moet 'n mens so versigtig wees om op die getuienis van die Smits af te gaan, want, soos ons voorheen bemerk het, skuil hulle graag agter die naam „gereformeerd" - terwyl die teenstanders dan Wesleyaans of Arminiaans sou wees - om so hulle eie posisie te beveilig.

Dit lyk hier egter of haar beskuldiging steun kry van eerw. J.L. Döhne, wat Lindley opgevolg het. Toe hy namelik deur die Kaapse Sinode vasgekeer is omtrent die suiwerheid van sy leer, het hy homself verdedig deur te verklaar dat ook Lindley die verwerping of „reprobatie" in die verkiesingsleer „noch omhelst noch hier in deze gemeente gepredikt heeft." 2) Dit lyk dus hier of ds. Lindley nie honderd prosent Dordts was nie of hy op die leerstuk van die uitverkiesing nie suiwer gestaan het nie.

Op 'n ander plek skryf Mev. Smit van hom:

„Ofschoon/......

---

1) Dagboek x.76.

2) C.O. 43 No. 128, N.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Ofschoon den Eerw. Heer Lindly een zeedig vreedzaam Leeraar was en ek dink het ook wel meende, zoo was hy toch geen zoon der kerke en stemde ook met de gronden van onzen kerk niet overeen, en uit dien hoofde Predikte hy die ook niet regt, zoo als het behoord en ik denk dat dezen achtjarigen dienst van de Eerw. L. grootelijks den oorzaak zijn dat de ledematen der kerke zoo weinig religie kennen......" [1)]

Lindley en die politiek.

Daniel Lindley het sendeling in sy hart gebly, die band met sy Genootskap nooit verbreek en die pos onder die Voortrekkers steeds as noodhulp beskou. In sy briewe huistoe het hy gedurig sy bediening onder die blankes as 'n middel gesien om eindelik die heidene te bereik. As die onkunde onder die Boere verwyder en hulle vir Christus gewen kon word, dan is daar nuwe middels om die lig onder die barbare te versprei. [2)] Al was die smagtende „uitgewekenes" innig dankbaar vir sy dienste, moes hulle steeds bewus daarvan gewees het dat sy leraarskap nie in elke opsig korrek was nie. Wanneer L. Badenhorst, T.E. Steenkamp e.a. by die heer Swart in Holland om hulp aanklop, meld hulle die goeie werk van ds. Lindley, maar voeg daarby: „niettegenstaande blijft by ons echter altoos eene oude gehechtheid aan onze zuivere voorvaderlijke geloofsbelydenis, kerken-order en kerkformulieren, heerschen," en smeek dan om leraars uit Nederland. [3)]

Die politieke aspek het ook 'n woord meegespreek Lindley was van 'n ander ras as hulle en het die Voortrekkers nie gesteun in hulle moeilikhede met die Engelse

nie/.......

1) Dagboek XLI.15.
2) Missionary Herald, Feb. 1840, Vol. 361, No. 2., p.60.
3) J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Z.A. (Amsterdam 1854), 171.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Inteendeel hy was in voortdurende kontak met die oorheerser en hom met raad bedien ten opsigte van die Boere en staatkundige aangeleenthede. So skryf Capt. Smith aan Sir George Napier: „I had an interview this morning with Mr. Lindley, the American Missionary, chiefly to state to me the position in which he stands as regards the Boers, with whose proceedings he appears not to be identified." [1]

Gen. Andries Pretorius, die stoere leier wat kon getuig dat hy „nooijd sullen ophouden Afrikaander te zijn" skryf van Welverdient, 6 Maart 1847, aan sy landgenote, dat as hulle 'n vrye volk wil bly, hulle nie gebruik moet maak van die teenswoordige leraars in die omgewing nie, maar 'n Nederlandse moet verwag. Hy meld dat ds. Lindley sy ou pos as sendeling verkies het liewer as om 'n leraar van die „soogenaamde Kristen Affrikaansche boeren" te wees, omdat hy moeg geword het. Dan maak hy die treffende opmerking: „en hy vertoont sig ook nu heel anders" om in 'n naskrif te herhaal dat hy hom nou in „een geheele ander keuleur" openbaar. [2] Dit lyk hieruit of die sterk nasionaal-voelende Afrikaners met hul geestelike leier nie tevrede was nie. Dieselfde Gen. Pretorius skryf aan Mev. Stucki hoe hulle verlang om „een Leeraar in ons Eijgen Moeder taal" te hoor, te meer, „daar wij nog den onuijdblus baaren hollandsche bloet in ons aderen geduurig ont waaren." [3] Mev. Stucki self berig dat Lindley terug na die kaffers is „ter oorzake van oneenigheid met leden der Gemeente." [4] Die onenigheid kan wees as gevolg van die politieke situasie soos hierbo verduidelik.

Sy/......

---

1) Bird: Annals, Vol. 2., 130.
2) H.S. Pretorius e.a.: Voortrekker-Argiefstukke (Pretoria, 1937), 121.
3) S.P. Engelbrecht: Geschiedenis van de Ned. Herv. Kerk van Afrika (eerste druk) I, bylae 1.
4) M. de Vooght, Wed. Stucki: Reis en verblyf aan de Kaap en Natal, 101.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy simpatie met die Engelse regime het ook sterk vertoon met die besoek van ds. A. Faure aan die Voortrekkers van Natal, om hulle tot tevredenheid onder die nuwe vlag te beïnvloed. Faure het later geskryf: „Had it not been for the seasonable and powerful interference of the Rev. Mr. Lindley, who had just returned in 1842 from his inland visit, a most sad tale would have been unfolded....... during my abode he left nothing undone to render my labours in every way beneficial." 1)

Wat was dan die geval? Toe die Voortrekkers Port Natal in 1839 in besit neem om 'n Republiek uit te roep, het die Kaapse Goewerneur, Sir George Napier, die erkenning daarvan geweier. Hy het die land deur troepe laat beset en nieteenstaande dapper verweer deur die Boere is die Republiek vernietig en het die duur gekoopte gebied in vreemdes se hande oorgegaan. Napier het toe dit goedgedink om in die godsdienstige belange van die Boere te voorsien en ds. A. Faure gestuur om vir hulle te preek. Die doel van sy sending was „om ondersoek te doen na die geestelike behoeftes van die uitgewekenes, wat so lank sonder 'n gereëlde leraar van hul kerk gewees het." 2) Maar soos dit later sou blyk, was daar nog ander bymotiewe in die spel. In 'n afskeidsrede in die Groote Kerk verhandel hy Hand. 21 v. 14: „En als hy zich niet het afraden, hielden wij ons tevreden, zeggende: de wil des Heeren geschiede." 3) Die vraag kom of mense hom afgeraai het om die reis te onderneem? Hy egter beskou dit ooreenkomstig die wil van God en kom met „The Thunderbolt" in die Natalse baai aan.

Op/.....

---

1) Verslag van ds. A. Faure aan die Goewerment, Dreyer: Kaapse Kerk en die Groot Trek, 65.

2) N.Z.A.T., September 1843.

3) Idem, Desember 1843.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 17 September 1843 preek hy in die Wesleyaanse Kerk op Port Natal en neem as teks Jes. 3 v. 10, 11: „Sê vir die regverdige dat dit met hom goed sal gaan; want die vrug van hul handelinge sal hulle eet. Wee die goddelose; met hom gaan dit sleg." Sy tekskeuse was nie baie verstandig onder die omstandighede nie, want hy het in sy amptelike verslag aan die Sekretaris van die Goewerment, geskryf: „I did not shirk from publicly and privately testifying against everything I considered contrary to christian duty." [1] En uit die verband blyk dat hy nie-onderwerping aan die Britse gesag as 'n versuim van christelike plig geag het. Inderdaad het hy later groot aanstoot gegee in die Voortrekkerkerk op Pietermaritzburg deur van die kansel vir die Koningin van Engeland te bid. [2] Toe sou dit nie deur vele as politiek op die preekstoel beskou word nie, want dit was in belang van die oorwinnaar!

Die Boere het egter anders gedink en ds. Faure wou nog verder as die hoofstad die binnelande inreis, maar die kerkraad van Weenen het by monde van Ouderlinge P. Cronje en C. Spies hom in kennis gestel dat sy dienste nie meer nodig is nie. Die sending van ds. Abraham Faure was 'n volslae mislukking.

Deur hom so aktief te ondersteun het ds. Daniel Lindley gebryplik by die Voortrekkers ook nie in die gevlei gekom nie.

Op sy krediet-kant egter staan baie meer aangeteken as op die debiet-sy. In een van die Natalse dagblaaie word gesê: „If there is a human name that warms the heart of the Natal Trek Boer from the Port to the far distant

interior/......

---

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 67.

2) Dreyer: Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1931, 59.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



interior, it is the ever to be remembered one of ‚Lindley'". [1] President Paul Kruger het sy portret in die huis gehou en op 'n keer gesê dat as Lindley met hulle langer vertoef het, hulle 'n verstandiger volk sou gewees het. Gen. Piet Joubert was altyd trots op die feit dat hy beide vir hom en Kruger gehelp het om belydenis van die geloof af te lê. [2]

Toe ds. Dirk van der Hoff reeds in die land aangekom het en vele met sy bediening nie tevrede was nie, kom daar so laat soos 1856 'n stem uit Magaliesberg tot Lindley om hulp te soek. Vier gemeentes is herderloos en die behoefte is groot. „Ik wil hope dat u ons ander maal weder zal vertroosten en gelijden met Gods heilig woord, en dat wij als dan niet weder geschijden moge worden als door den dood." [3]

Dit word vertel dat toe hy Suid-Afrika sou verlaat die Boere van ver gekom en sakkies vol geld op 'n tafel geplaas het as 'n geskenk aan ds. Lindley. Hulle het gehoop om hom nog in hierdie land te kan begrawe, maar nou dat hy hulle gaan verlaat, moet hy die geld aanneem om vir hom doodsklere te koop. Hy is in Amerika gestorwe en begrawe.

AANHANGSEL/........

---

1) Natal Witness, 3 Julie 1863.

2) Mev. Gray a.w. 31.

3) S.S. 7. R. 1207/56, T.S.A.; Gerdener: Boustowwe, 626.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# A A N H A N G S E L.

## DS. ANDRIES CONRADUS STUCKI.

Die verlange van die emigrante na 'n eie predikant, en veral een wat direk van Holland kom en wat vry staan van die Engelse juk, het haas geen perke geken nie. Daarom was die blydskap groot toe die berig lui dat ds. A.C. Stucki in aantog is en was die teleurstelling nog groter dat hy sy bestemming nooit bereik het nie. Reeds vantevore was ds. P.N. Ham op pad na hulle toe en is deur die Engelse owerheid geweier om voet aan wal in Port Natal te sit, sodat hy eers in Fransch Hoek rus vir die holte van sy voet gevind het. Hierdie tweede teleurstelling was vir die Voortrekkers 'n pynlike.

Andries Conradus Stucki is op 11 Februarie 1807 te Utrecht in Holland gebore. Die lus om vir die Here te leef, was van die vroegste kindsheid heersend in sy gemoed. In sy kindertydperk is hy op verskillende kere van die dood gered, sodat 'n mens wonder waarom die Voorsienigheid dit toegelaat het dat hy op die drempel van sy lewenswerk tot 'n einde moes kom. Die begeerte om predikant te word, is aanvanklik deur sy ouers weerstaan, maar toe die leraars van die kansels 'n opwekking om meer predikante laat hoor, het hulle toegegee. Hy het hom by die plaaslike universiteit laat inskryf en aan die voete van beroemde hoogleraars, soos J. Heringa, Ez., H.J. Rooyaards en H. Bouwman gesit.

Gewoonlik is die toestroming van teologiese studente na 'n oproep van die kerk om meer predikante, so groot dat daar weer 'n oorvloed van leerkragte ontstaan. So was dit ook hier. Stucki kon nadat hy afstudeer het

geen/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geen vaste gemeente vind nie en hy het as tydelike hulp-prediker te Zwolle en later te Maassluis diens gedoen. Op aandrang van 'n ou akademievriend, ds. A.F. du Toit van Wellington, besluit hy om na 'n veertienjarige beproewing 'n beroep na Pietermaritzburg aan te neem. Hy tree in die huwelik met Mej. M. de Vooght, wat vir ons 'n relaas van hul ondervindinge nagelaat het, [1] en gaan 22 Junie 1846 op reis na Afrika. Mnr. Berning, die skoonvader van ds. A.F. du Toit, was op die Kaai om hulle te verwelkom en hulle ook te huisves.

Dit was juis met die sitting van die Ring van Kaapstad, sodat hy baie vriende van vroeër ontmoet het. Die tweede Sondag preek hy in die Groote kerk. Die toevloed was groot en almal voel tevrede. Die gerug van sy prediking en die faam van sy godvrugtige wandel bring verskeie gemeentes daartoe om begerige oë op hom te rig. [2] Mev. Stucki deel ook mee dat onder die Afrikaners 'n groot behoefte aan die prediking van Gods Woord bestaan en dat die leraar onder hulle hoog geskat word.

Ds. A.F. du Toit kom haal die familie Stucki nou na Wellington en op 20 Desember het die vreemde dominee voor die gemeente opgetree. Van alle kante het hulle saamgevloei om hom te hoor. Saterdag reeds het baie waens aangekom en Sondagmôre vroeg nog steeds. Die kerk was vol. Met genoeë luister hulle na hom en word gestig. Dit was voorbereiding vir die nagmaal, want op Kersdag, soos die gebruik bestaan, is die dood van die Verlosser herdenk. Sondag, 27 Desember, hou ds. Stucki die danksseggingsdiens. [3]

Op oujaarsdag preek ds. du Toit en op die nuwejaarsdag sy studentevriend. Hulle hoop ook nog op 'n afskeidspreek/.....

---

1) Reis naar en Verblyf aan de Kaap en te Natal, gedurende het jaar 1846 en 1847, in brieven door M. de Vooght, wed. Stucki, by K. van Hulst, te Kampen, 1849.

2) Idem, 26.

3) Idem, 54.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afskeidspreek, want hy het nou sy aanstelling op Pietermaritzburg ontvang. Op aandrang van die gemeente besluit hy om op 3 Januarie 'n afskeidsboodskap aan Wellington te lewer. Sitplekke moes aangebring word om almal te bevat. Sy teks was uit Joh. 14 v. 2, 3: „In het huis Mijns Vaders zijn vele woningen, enz." Hierdie leerrede, saam met 'n ander oor Job 14 v. 1, 2, is bygevoeg in die meergemelde boek van Mev. Stucki. In die voorafspraak van sy preek vertel hy iets van sy lotgevalle in die moederland en hoe ds. du Toit die middel was om hom na Suid-Afrika te lok. Hy beskou die vertrek van die aarde deur die Heiland as 'n geskikte aanknopingspunt om sy vertrek na Natal te bespreek. In die slot rig hy hom o.a. tot sy vriend: „en nu Broeder! het zal, gelyk de zaak zich laat aanzien, ons niet meer vergund worden, elkander andermaal hier beneden van aangezigt tot aangezigt te aanschouwen." 1) Die ganse gemeente was bewoë en sit met betraande gesig. By die maaltyd daarna vra ds. du Toit waarom hy so vreemd gepraat het asof hulle mekaar nie weer sal sien nie. Oor ses jaar sit die Sinode tog weer in die Kaap! Stucki kon hom geen verklaring gee nie: sy gevoel het gepraat.

25 Januarie 1847 was hulle op reis na Natal, maar teenoor Algoa Baai het hy onverwags in sy slaap die tyd met die ewigheid verwissel. Hy het oorgestap in die Huis van sy Vader met baie wonings. In die rustelose see het hy 'n watergraf gevind. Onbeskryflik is die leed van sy eggenote, maar ook die smart van 'n verlangende gemeente, wat fel en intens uitgesien het na sy koms. „Stel u voor de droefheid eener Gemeente van duizende zielen, ontbloot van eenen leeraar. Snakkende naar Stucki, wiens prediken, wiens

Godsvrucht/.....

---

1) Idem, 206.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Godsvrucht, ofschoon hier eene maand van de Kaap Kolonie verwyderd, reeds bekend geworden was. Men sprak over niets anders, dan over den dood van hunnen lieven leraar." 1)

Waarlik, die Here se weë is nie ons weë nie. Hier het ons 'n jong prediker wat, volgens die proewe voorhande, die Woord reg gesny en wat oor 'n maklike styl beskik het. Sy raadgewing aan die gemeente: „Welaan! nemen wy dan, eer de draad van ons leven worde afgesneden, van nu aan het heilige voornemen op, om der zonde meer en meer af te sterven en voor Christus te leven, Die ons Gode gekocht heeft met Zijn bloed," 2) was die voorneme van sy lewe. Die draad van sy loopbaan was egter al te gou afgesny. Sy boodskap van verlossing is Jesus Christus sou deur hom nie aan die Voortrekkers gebring word nie. Wel deur andere, nie altyd so goed toegerus soos hy nie.

HOOFSTUK 24/......

---

1) Idem, 86.

2) Preek oor Job 14 v. 1, 2, idem, 178.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 24.

## EERW. JACOB LUDWIG DÖHNE.

### As prediker.

By die twee reeds genoemde sendelinge uit Holland en Amerika wat die emigrante in hulle nood te hulp gesnel het, moet nog 'n derde bygevoeg word. Hierdie keer was dit 'n Duitser. Jacob Ludwig Döhne het in 'n tydelike hoedanigheid vir vier jaar as predikant van die Ned. Geref. Gemeente, Pietermaritzburg, opgetree en, soos ons glo, was sy arbeid nie sonder seën nie.

Hy is op 9 November 1811 te Zierenberg in Hessen Cassel, Duitsland, gebore. Hy wou sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap word en het daarom sy opleiding onder die maatskappy tot bevordering van die verkondiging van die evangelie onder die heidene van Suid-Afrika in Berlyn gesoek. Na sy ordening op 1 Augustus 1835 aldaar het hy na die Kaap afgereis om op Franschhoek tydelik werksaam te wees. Hy is die stigter van die Berlynse Sendingstasie in Brits Kaffrarië in 1837, waar hy gestaan het tot 1846. [1)]

Toe dit blyk dat ds. Lindley onder geen omstandighede sy dienstermyn onder die Voortrekkers wou verleng nie en die teleurstelling met die dood van ds. Stucki hulle oorval, moes 'n ander plan beraam word. D. Moodie, die Sekretaris van die Goewerment, skryf aan die kerkraad van Pietermaritzburg: „In consequence of the death of Mr. Stucki, His Honour will appoint the Reverend Mr. Döhne, ordained minister of the Berlin Missionary Society, to the Ministry of this Branch of the Dutch Reformed Church, Mr. Döhne/.......

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 210.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Döhne having expressed his willingness to conform to the revised and approved regulations of that church." [1]
Eerw. Döhne het waarskynlik 'n eie beskouing gehad wat die leer van die Ned. Geref. Kerk is, want later het dit geblyk dat hy nie so bereid was om die leer, soos die Kaapse Sinode dit vertolk het, te onderskrywe nie.

Die Regering het Eerw. Döhne as predikant aangestel, mits dat die Sinode in die Kaap sy goedkeuring daaraan heg en van 1847 - 1850 het hy onder die Voortrekkers diens gedoen. Volgens die getuienis van die kerkraad in 'n brief aan ds. A. Faure het hy vir hulle „zoo dierbaar, ja onmisbaar" geword en het die gemeente hulle sterk ten gunste van hom verklaar. Hulle beskou hom as 'n man van God en word deur Sy Weleerw. hartelik gestig. Daarom wil die gemeente hom so graag behou, want 'n ander leraar kan miskien geleerder en voortrefliker in ander opsigte wees, maar nie die bekwaamheid of liewer genade besit, om so eenvoudig en verstaanbaar vir die vatbaarheid van die gehoor te preek nie. Hy stel onteenseggelik belang in die heil van siele. Benewens die gewone godsdiens elke Sondagmôre neem hy 'n werksame aandeel in die Sondagskool en katkisasie, wat sedert sy aankoms aanmerklik toegeneem het. Na die môregodsdiens preek die dominee vir die heidene in die kaffertaal waarin hy goed bedrewe was. Eenkee r in die maand op 'n Sondagaand word 'n oefening in die bodorp gehou, Maandags Bybelvereniging vir jongelinge en Woensdagaande Bybeloefening vir die gemeente. [2]

Dit is duidelik hieruit dat hy die evangeliese ywer van die sendelinge, net soos Kicherer in die blanke gemeente, ingedra het. Hy was egter nie net leraar nie, maar ook herder en het die siekes getrou opgesoek en die huis-/.......

---

1) C.S.O. Natal Papers 1846, No. 485, N.S.A.

2) Dreyer a.w. 212, 213.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huisbesoek nie verwaarloos tot in die verafgeleë geweste van die gemeente nie. Ook vir sy eie landgenote, die Duitsers, was hy tot seën, al het sommige van hulle die gevaarlike Rasionalisme uit die vaderland meegebring.

Selfs twee jaar na sy vertrek het die kerkraad hom weer gekry om op 6 April, die landingsdag van Jan van Riebeek, die erediens waar te neem. Die Kaapse kerk het begeer dat daardie dag as 'n dankdag beskou moet word.

Die Sinodale kommissie rig ook 'n skrywe aan die lede in Natal om hulle te herinner dat die eerste Goewerneur besluit het om 6 April altyd te vier tot 'n blywende dank- en biddag en spreek die verlange uit dat die Natalse gemeente hierdie tweede eeufees ook feestelik sal herdenk. 1)

Die leerrede van eerw. Döhne 2) maak 'n baie gunstige indruk en vergelyk goed by die eeufeespreke wat op hierdie tydstip deur dr. A. Faure en ds. T.J. van der Riet in die Kaapland uitgespreek is. Dit is 'n bietjie te lank om die nodige effek by die luisteraar te verkry, maar die inhoud is Skrifgetrou, histories juis en baie interessant. Sy teks is 1 Kor. 16 v. 34 - 36, welke drie verse mooi in drie dele uitval. Waartoe moet die feesdag hulle noop? (1) Tot dank en lof jeens die Here; (2) tot gebed aan die Here en (3) tot beseëling van sy weldade. Hy laat sy teksverband deurgaans spreek en verval nie in mottoprekery nie. Met 'n geleentheidspreek is laasgenoemde nogal 'n versoeking vir die prediker. Nee, dwarsdeur bring hy die jubelgees wat geheers het met die terugbring van die ark na die tabernakel deur Dawid van toepassing op die gebeurtenisse in Suid-Afrika.

As Duitse sendeling leef hy hom goed in met die Boerekerk se omstandighede en beproewings. By die feesvreugde was/.......

---

1) The Natal Standard and Farmers' Courant, 23 en 30 Maart, 1852.

© University of Pretoria

2) Idem, 27 April, 4 en 11 Mei, 1852.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was daar 'n wolk oor die gemeentelike hemel, omdat Pietermaritzburg herderloos was en dit terwyl Rome gedurig sy gesante na Natal stuur. Dit noop hom juis om 'n pleidooi te lewer vir die oprigting van 'n eie kweekskool - waarvoor 'n kollekte by die deur sou geskied - om die nodige predikante te voorsien, want „de Gereformeerde kerk zelve heeft veel meer van hare eigene kinderen dan dat zij met het brood des levens kan bedienen." Hy betreur dit dat van dag tot dag lede van die kerk onder die heidene verstrooi raak.

Hy gee in die tweede deel 'n belydenis van sy geloof. „Ja, er is geen ander God des heils, en de zaligheid is er ook in geen anderen, dan alleen in den Heere Jezus Christus (Hand. 4 v. 12). Deze is de gronde, het fondament van het ware geloof onzer kerk, en hy is ook haar hoeksteen. Dit geloof is het inwendige onzigtbare verband; waar dit los raakt of wankelt, moet de kerk vallen en vervallen. Waar men het slechts met den mond belijdt, maar niet levendig met hart omhelst en oefent - komt er een dood geloof in zijne plaatse." En dan gee hy 'n getuienis aangaande de Ned. Geref kerk: „Het ongeloof van het nieuwe licht en valsche geloof van het oude Babel zijn - de Heere zij geprezen! - aan de Nederduitsche Gereformeerde kerk in Z.A. vreemd gebleven; zij heeft het ware geloof zuiver bewaard en staande gehouden door leeren en prediken."

Die korrespondent van <u>De Kerkbode</u> berig oor hierdie preek van Döhne: „hy heeft wel gedaan." [1)]

Daar is nog verdere preekproewe van eerw. Döhne, nl. 'n rede wat hy in die Gestig van Kaapstad uitgespreek het, op die vooraand van sy vertrek na Kafferland. [2)] Dit was eintlik 'n/.......

1) K.B. 1852..144.

2) Redevoering over Mattheus IX v. 35 - 38 gehouden in het Gesticht van het Z.A. Zendelings Genootschap in de Kaapstad, ter gelegenheid van het Biduur op Maandag den 2 den Mei 1836, door J.L. Döhne, Zendeling van het Berlynsche Genootschap (gedrukt by Richert en Pike, 11 St. Georgestraat 1836, Kaapstad.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n biduurtoespraak. 'n Mens is verbaas dat hy so kort na sy aankoms in die land in so'n goeie Nederlands kan preek. Na aanleiding van die opdrag van die Here: Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur, spreek hy oor die Here van die bede, die las van die bede en oor die voorwerp van die bede.

Dit is duidelik dat hy deurdring is van die waarde van die gebed in die uitbreiding van Gods koninkryk. Uit die geskiedenis gee hy treffende voorbeelde hoe God deur die gebed gewerk het. Hy vertel verder van bidvereniginge van mans, vrouens, seuns en dogters in Duitsland, wat getrou vir die Berlynse Genootskap by die Genadetroon intree. Die hele redevoering getuig van behendigheid in die toepassing van Gods Woord. Veral maak hy gebruik van 'n reeks retoriese vrae om die waarhede by die hoorders tuis te bring.

Geen gereformeerde nie.

Mevrou Erasmus Smit het 'n sterk afkeer teen eerw. Döhne gekoester. Sy skryf dat hy tot 'n kerkgenootskap behoort „die Den tietel voere van de Nieuwen Evangelische Kerk. Wat dat voor een zoort van Leer is die er in gepredikt wordt weet ik niet. L.W. my vriendin thans Kestell, zegt mij, dat dien Leeraar Duone genaamd geen Kalvinist is, Dat hy in zijnen Predikeng van den voor zeiden leer onzer kerke afwykt, En wil hem niet meer gaan hooren." 1)

Eers wou Mev. Smit haar wel nog saam met die gemeente onder sy opsig begeef. Toe kom daar egter 'n botsing Dit blyk dat sy, saam met „de godvruchtige F. Wijer, Mejufr. Kestell" van hom besoek ontvang het en toe „zijnen Palegeaensche leer had tegen gesprooken." Op lewendige wyse beskrywe sy die gesig van die leraar: „Ach den man geleek naar een tolk, een Ambasadeur van den Sathan, Duivel, en Sathan Kraakte in zijn mond, terwijl zijne oogen uitgepeuld/.......

1) Dagboek XXX.29.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



peuld van woede, en zijne aangezich wit, als met kalk bepoederd, was, en een paar blaauwe lippen, die snel door scheldengen op elkanderen sloeg en zijne woorden werdt ook zeer gemene straat taal gevonden..... Toen ging hy aan het dreigen dat hy ons een dag zouden geven....."

Maar hulle was nie bang nie: „Hebben wij zijnen geblaas niet anders gedacht, dan die van een geweldige groot Blaasbalk, waarvan den Sathan den balkman was...... de stoel kraakte daar hy op zat. ik vreesde dat hy een beroerte krygen zouw." Toe die dominee egter sien dat hy niks kan uitrig nie „stoof hy het huis..... uit." Met sy gestikulasies en woorde het hy vir Vrou Smit so baie na 'n Jood gelyk dat sy tot haar dood toe sal bly dink dat hy waarlik 'n gebore Jood is „die den Messias maar Predikt om daardoor een broodwinneng te vinden, en niet omdat hy in hom gelooft." 1)

Toe Mev. Smit se suster haar beskuldig dat sy haar deur andere laat opmaak teen die leraar, was haar siel ontroer. Sy vra aan haar suster of sy die eer van mense dan liewer het as die eer van Christus „of een nakomeling van Pelachius konde erkend worden by eenig litmaad van de Herformde kerke van Christus, of hy niet zelve betuigd had, dat hy een litmaat van de Nieuwe Evangelische Kerke te Hesselkassel was, het welk een broeijnest van vele religiën te zamen gesmolten was, een stank, voor zuivere Kalvinisten." 2)

Eendag was daar 'n gerug dat eerw. Lindley sou preek. Die gemeente het saamgevloei om hom weer te hoor, maar wat was die teleurstelling groot toe die heer Döhne op die kansel verskyn om die woord te spreek. „De grootste gedeelte kwam als gemortiviceerd van hart uit de kerk anderen lachte over dien trek die de vyanden van den heer D. ge-
speeld/.......

1) Dagboek XXXIX.24.

2) Idem XLI.24.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



speeld was." [1]

'n Mens moet egter onthou dat Mev. Smit se oordeel sterk subjektief-gekleurd was. Veral was sy ontevrede dat, na die vertrek van Lindley en die dood van Stucki, haar man se aangebode dienste nie aanneemlik was nie. [2]

Aan die ander kant het daar tog 'n angel van waarheid in haar beskuldiging geskuil. Deur sy eie verklaring onderskrywe hy nie die predestinasieleer soos deur Dordt vasgelê nie. Wel is hy gewillig om art. 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te onderteken, maar teen die 'Reprobatie' of verwerping, soos dit in die vyf Dordtse canones uitgedruk is, het hy besware. Hy beweer dat vele vermaarde Godgeleerdes by die bekende Sinode van 1618, 1619 ook daarteen was en tog is hulle nie uit hul kerk gedrywe nie. Die Heidelbergse Kategismus wat op genoemde Sinode kerklik goedgekeur is, verswyg die leerstuk van die predestinasie heeltemal "waarvan de redenen geen andere kan zijn dan de bedenking die ik tegen de Reprobatie heb gemaakt." [3]

Hierdie beswaar van hom het dan ook later moeilikheid meegebring. Die Kaapse Sinode wou sy aanstelling as predikant van Pietermaritzburg nie goedkeur nie. Met die sitting van 1847 is besluit dat hy alleen aangestel kan word as hy bewys lewer dat hy die band met die Berlynse Genootskap gebreek het en as hy die geloofsbelydenis van die Ned. Geref. Kerk onderteken. [4] Hierdie laaste wou hy nie onvoorwaardelik doen nie en hy het daarom besluit om by die Amerikaanse sending aan te sluit en 'n sendingstasie naby Tafelberg binne die Inanda-gebied te begin. [5]

HOOFSTUK 25/........

---

1) Idem XLI.37.

2) Idem XXX.27.

3) In sy brief, d.d. 17 Aug. 1847, Pietermaritzburg, aan die kerkraad aan die Ned. Geref. gemeente aldaar, C.O.43; No. 128, N.S.A.; ook by Gerdener: Boustowwe, 49. Die afskrif by Gerdener is nie betroubaar nie.

4) Acta Synodi 1847, Sessie 6, S.1.8.47, K.K.A.

5) Brief aan Moodie, C.S.O. 41, No. 139, N.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 25.

## DS. ANDREW MURRAY, JNR.

### Opleiding in die buiteland.

Op hulle terugreis van die besoek aan die emigrante het die tweede sinodale afvaardiging, di. P.E. Faure en W. Robertson, in die pastorie van Graaff Reinet 'n jong proponent ontmoet van wie se ywer en bekwaamheid vir die heilige dienswerk hulle 'n hoë dunk opgevat het. Hy was Andrew Murray, tweede seun van die waardige predikant van Graaff Reinet, wat pas van die buiteland na volbragte studie teruggekeer het. Nadat hulle van hom verneem dat hy gewillig was om, ten minste vir enige tyd, die werk op hom te neem, besluit hulle om hom by die Goewerneur, Sir Harry Smith, vir die bediening van die Woord in die gemeente, Bloemfontein, aan te beveel, en tewens tot konsulent van die gemeentes Smithfield, Rietrivier en Winburg, totdat een of meer predikante vir dié parogieë sou aangestel word. Die Goewerneur stem hiermee in en in Februarie 1849 ontvang hy sy aanstelling. 1) Ds. Andrew Murray Jnr. was die eerste werklik gevestigde leraar van die Voortrekkers benoorde die Grootrivier.

Gebore in 1828 in die pastorie van Graaff Reinet, seun van Andrew Murray en Maria Susanna Stegmann, het hy in 'n besonder vroom huis grootgeword. 2) Hy het 'n evangeliese gees in sy omgewing ingeadem van sy geboorteuur af. Op tienjarige leeftyd is hy saam met sy ouer broer, John, na Skotland gegaan om 'n opleiding te geniet, degeliker as wat in die Kaap Kolonie moontlik was. Vir agt

jaar/...

1) K.B. 1849. 60.

2) Sien hiervoor p. 553

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jaar was hulle nou onder die dak van 'n oom, ds. John Murray, in Aberdeen, waar hulle eers die kursus in die „Grammar School" en later dié van Marischal Kollege deurloop het.

Dit was onder sy oom se dak dat hy William C. Burns ontmoet, een van die persoonlikhede wat, naas sy ouers, groot invloed op hom uitgeoefen het. Burns het in verband met die herlewing in Wes-Skotland gestaan en het sendeling in Indië namens die Skotse kerk geword. Om 'n denkbeeld van sy arbeid te vorm, noem ons een staaltjie. In Kilsyth preek hy eenkeer voor 'n groot skare en maak so'n beroep op hulle gevoel dat sommige op die grond flou val en groot verwarring asgevolg ontstaan. Hy moes later 'n psalmvers aangee om die gemoedere te kalmeer. In April 1840 begin hy arbeid in Aberdeen en bly in die huis van ds. John Murray, waar die jonge Andrew gedurig met hom in aanraking staan. Hy het later die eerste godsdienstige krisis van sy lewe, waarvan hy bewus was, toegeskryf aan die plegtige voorkoms en die geestelike krag van William Burns. Hy het eenkeer sy jas na die kerk gedra en as seun dit 'n groot voorreg beskou. Daardie mantel het ten dele op sy skouers geval. Hy kon hom altyd die deftige stem, die ernstige houding en die kragtige beroepe op die man af herinner, 'n arbeid wat duisende uit die duisternis tot die wonderbare lig getrek het.[1)]

Die prediking van Burns het die jongman, die onderskeid van temperament in aanmerking geneem, later bygebly en sy eie prediking gekleur. Andrew Murray het ook geen besondere bekoring van poësie of sentiment of aantreklike lieftalligheid besit nie. Sy woorde was, net soos dié van Burns, naak en onversier, maar nietemin vol krag en gewig. Terwyl daar by beide geen strewe na 'n vertoon van welsprekenheid/...

---

1) J. du Plessis: Het Leven van Andrew Murray, 44 v.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



welsprekenheid was nie, was daar tog die ware elokwensie, wat gebore is uit hartstogtelike erns en 'n lewendige verwesenliking van die dinge wat geestelik en onsigbaar is.

In 1845 slaag Andrew en John in hul M.A.-eksamen, eersgenoemde slegs sewentien jaar oud. Van Aberdeen na Utrecht in Nederland om hulle in die teologie te verdiep en die Hollandse taal aan te leer, want vir agt jaar het hulle nou net Engels gepraat. Getrou aan hul streng piëtistiese agtergrond in Suid-Afrika en Skotland het hulle dadelik aansluiting gevind by die reveil-beweging in Utrecht en met manne soos Capadoce, Beets en Da Costa kontakte aangeknoop. Met die groeiende golf van die Liberalisme wou hulle niks te make hê nie. Hulle voeg hulle by die studentekorps „Sechor Dabar", wie se hoofdoel was „geheel in de geest van het réveil de wetenschappen te beoefenen, die gevorderd worden tot het voortreffelik ambt van evangelieprediker".[1] Omdat hulle nie sterk drank op hul vergaderings toegelaat het nie is die geselskap bespot as die „sjokoladeklub" of die „bidklub" en het ook die professore met afkeuring van hul strewe gepraat. Vreemd genoeg, omdat die Murrays nie Hollands kon nie, is die gesprekke in die geselskap in Latyn gevoer. [2]

Ondanks in die oog lopende verskilpunte het daar ooreenkoms bestaan tussen die konwentiekels van die Wesleys en Oxford en dié van Utrecht. Beide het gestrewe om 'n lewe van chrsitelike beslistheid te voer, om die gedrag met die belydenis te laat ooreenstem en om aan andere goed te doen. Deur die toedoen van die Murrays is daar ook 'n sendingvereniging onder die studente gestig, „Eltheto"

genoem/...

1) Idem, 65.

2) S.P. Engelbrecht: Andrew Murray in zijn studiejaren te Utrecht in Stemmen voor Waarheid en Vrede 1917, 609 - 612.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genoem. Die invloed van „Sechor Dabar", waar Suid-Afrikaanse studente deur die jare heen hulle lig gaan opsteek het, kan nie bereken word op die geskiedenis van die Kaapse Kerk nie.

Die Murrays het heelhartig party gekies vir 'n lewende evangeliese godsdiens en was gelukkig in hierdie kring van geesgenote. Teenoor die Rasionalisme probeer hulle nou rekenskap te gee van hul geloof en ondersoek hulle hul fondamente, wat in vrome huisgesinne ontvang en vir vanselfsprekend aangeneem is. So het Andrew Murray hier die verandering ondergaan wat hy as sy bekering bestempel, waardeur hy meer beslis die eiendom van die Here geword het. Hy was gewoon om te getuig dat hy die juiste huis, juiste kamer, en die juiste datum van sy omkering kon noem. Dit was ewewel geen plotseling omwenteling nie, maar 'n bewuste en algehele oorgawe aan Christus met al sy eise, 'n skerpbelyne ondervinding, wat vir hom 'n nuwe tydperk dagteken. Hierdie ervaring het die agtergrond gevorm van sy toekomstige prediking en het steeds die vuur van die persoonlike belewing in sy boodskappe ingedra. 1)

Aan sy Vader skryf Andrew iets omtrent die werkswyse van hul korps. Woensdae is hulle in die kerk bymekaar vir oratorie, waar die een 'n predikasie lewer, die ander 'n ekstemporasie voordra en 'n derde 'n stuk poësie voorlees. Op Sondae lees, sing en bid hulle, terwyl een 'n verklaring van 'n skrifgedeelte gee. Veel liewer oefen hulle hulself in die teologiese wetenskap in eie kring, want die lesings en prediking van hul professore staan hul teë. Van hul hoogleraar in die praktiese teologie, wat ook leiding moes gee in die homiletiek, prof. Vinke, hou hulle nie. John skryf

aan/...

1) J. du Plessis a.w. 69.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan sy vader dat hy hom dikwels hoor preek het, maar word nie bevredig nie, sodat hy selde na sy kerk gaan. Andrew gaan hom nooit hoor nie en beskou John selfs as „moderate" (vrysinnig) omdat hy nog na Vinke luister. 1)

Ons staan 'n oomblik stil by die hoogleraars Vinke, Rooijaards en Bouwman, aan wie se voete Suid-Afrikaanse studente vir byna vyftig jaar gesit het. Prof. Vinke word met groot eerbied deur die Murrays genoem, maar nie met warmte nie. Prof. van Oosterzee, sy leerling, het getuig dat hy uitnemend geskik was om goed toegeruste herders en leraars vir die vaderlandse gemeentes te kweek. John Murray skryf dat Vinke die plan opneem om die Confessio Belgica te behandel ten einde die ketterye van Leiden en Groningen teen te gaan, maar dat hy self nie heeltemal reg staan nie. Hy was die Supra-naturalisme toegedaan. Prof. Bouwman, een van die bekendste Latiniste, het weinig entoesiasme by die studente opgewek. Aan Prof. Rooijaards, bekend vir sy studies oor kerkreg, het die Kaapse studente steeds gedink as die man wat hulle sterk afgeraai het van die „dwepery" van hul geliefde geselskap „Sechor Dabar". Hierdie twee professore was ook supra-naturaliste en het nie inspireer nie. Een student het kortweg gesê: „Men leerde op hun kolleges niets!" Andrew Murray skryf huistoe dat die voorlesings van so'n aard is, dat 'n mens daar geen nut uit trek nie. Die heerskappy van Latyn was nog sterk en die hoogleraars het hul taak maklik opgeneem. Iemand het gesê: „Hun Theologie rook naar lange Goudse pijpen." 2)

Daar was egter een uitsondering onder die professore, Opzoomer, hoogleraar in filosofie. Hy het baie studente getrek deur sy geleerdheid en geesdrif en

het/...

1) Idem, 74.

2) Idem, 68.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het o.a. Thomas Burgers, die latere Staatspresident van Transvaal, baie bekoor. [1]. Regsinnige studente het van sy klaskamer as die Dardanelle gepraat, jy moes daardeur, maar die vaart was gevaarlik. Opzoomer het die vader van die Liberalisme en Rasionalisme geword.

John skryf dan ook dat as die kerk in Suid-Afrika weet welke veranderinge in die formuliere, b.v. die doopformulier, aangebring is, sal alle betrekkinge met die Moederkerk verbreek word. Veral te Groningen en Leiden word met veragting van „Dordtse rechtzinnigheid" gepraat. Geen wonder nie dat die Kaapse studente die plan bespreek om na Halle af te reis, waar prof. Tholuck, hoogleraar in eksegese, die Duitse neologie bestry. Hulle sou in die vesting van die Piëtisme baie meer geesverwantskap vind. Nou nog luister hulle graag na die prediking van Beets in Utrecht. Van hierdie reveil-man sê Andrew dat hy welsprekenheid, poësie en warme vroomheid verenig. „Zulke prediking heb ik nog nooit gehoord sedert ik naar Holland gekomen ben," besluit hy. [2]

Sy bediening in die Soewereiniteit.

Op 9 Mei 1848 is die twee broers Murray georden deur die Haagse Kommissie, terwyl Andrew juis sy twintigste lewensjaar voltooi het. Terug in Suid-Afrika preek hulle, volgens die ou gewoonte, vir ds. A. Faure in die Groote Kerk. Andrew neem tot teks 1 Kor. 1 v.23: „Wij prediken Christus den Gekruisigde". Hy slaak die sug dat dit waar mag wees, want „ik vind het zeer moeilik om niet mijzelven te prediken, doordat ik teveel acht geef op schoonheid van taal en gedachte, en het te weining gevoel dat God alleen my leren kan hoe ik

prediken/...

---

1) S.P. Engelbrecht : Thomas Francois Burgers, 14.
2) J. du Plessis a.w. 71.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prediken moet." 1) Teen hierdie gevaar het hy gedurig gewaak en baie beskeie in sy optrede gewees. Hy wou sy afhanklikheid van God gedurig besef.

Tuis gekom op Graaff-Reinet was daar groot opgewondenheid en die eerste Sondag moes die twee predikante-seuns die kansel bestyg, Andrew die môre en John die aand. Die vader het eers op die preekstoel geklim, die opvoustoeltjie neergelaat, Andrew laat sit en toe onder by die ouderlinge sy plek ingeneem. In die aanddiens het hy dieselfde met John herhaal. 2) Die gemeente was diep getref deur die erns en hartstog van die jongere en die denkkrag en helderheid van die ouere.

Hier is dit waar die lede van die tweede afvaardiging Andrew Murray jnr. aantref en besluit dat hy op Bloemfontein moet staan. Nadat hy 'n afskeidsboodskap aan die Graaf-Reinetse gemeente oor die Apostoliese seënwens gegee het, is hy saam met sy vader na die gebied oorkant die Grootrivier. Die eerste Sondag is hy op Zendelingsfontein aan die Rietrivier, veertien myl van die teenswoordige Fauresmith, deur ds. A. Murray Snr. in sy amp bevestig na aanleiding van die tekswoorde: „En gij, mijn zoon Salomo, ken de God uws vaders, en dien Hem met een volkomen hart en met een willige ziel", terwyl die seun sy intreewoord grond op Rom.15 v. 29. Die volgende Sondag het die bevestiging op Bloemfontein geskied toe 2 Kor. 6 v. 1 tot teks dien en die bevestigde sy eerste predikasie aldaar lewer oor 1 Kor. 1 v. 23. Dit was dieselfde teks as dié van sy boodskap in die Groote Kerk. Daarna het hy in geselskap van sy vader na Winburg en Smithfield gereis om toe na Burgersdorp te gaan waar John ingeseën moes word.

Andrew Murray het 'n geseënde bediening in die

Soewereiniteit/...

---

1) Idem 81.
2) Helen Murray: The Andrew Murray Family Register, 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soewereiniteit gehad. Die eerste Sondag het sy gehoor in die skoolgebou, wat tot kerk moes dien, uit ongeveer honderd mense bestaan. Hy skrywe aan sy broer, John, dat hy, noudat hy tuis is van sy reise, vertrou dat God hom iets sal laat voel van die noodsaaklikheid van „een intieme proefondervindelike zielekennis van de heerlike waarheid die ik verkondigen moet, en bovenal, van die heerlike centrale waarheid - het verbazende wonder van de liefde van een gekruisigde Jezus. Laat ons zoeken, lieve broeder, om veel uit dezen bron te drinken, en de liefde van Christus te maken tot de grondslag van een gedurig vertrouwen van hoop en vreugde. Dan zullen wij weten wat wij aan stervende zondaren moeten prediken. Dan zullen wij weten hoe wij prediken moeten, met de ernst van een brandende liefde, die zich met alle kracht inspant om zielen van het eeuwig verderf te redden." [1] Die liefde van God vir sondaarmense was steeds die drang, wat hom nie kon laat swyg nie, maar met al die erns van sy siel laat preek het.

Hy was 'n rustelose werker. Hy begin 'n bybelklas, 'n sondagskool, 'n onthoudingsvereniging en 'n sendingaksie, terwyl hy as konsulent die gemeentes Winburg, Fauresmith en Smithfield gedurig bedien en preekreise oorkant die Vaalrivier onderneem. Hy preek in die Sondagmiddag vir die Engelse inwoners van Bloemfontein, maar ondervind meer moeilikheid met hulle as met sy Hollandse gehoor, en dit nog meer ten opsigte van die herderlike werk. Deur oorspanning en oorywer het hy sy jong liggaamskragte baie benadeel en gedurig gekla van afgematheid.

<u>Sy prediking</u>.

Dit lyk of sy opgewekte manier van preek veel

bygedra/...

---

1) J. du Plessis a.w. 96.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bygedra het tot die verswakking van sy senuwees. Andrew Murray was 'n baie lewendige spreker. Regter Jacob de Villiers het gemeen dat hy al te onstuimig in sy voordrag soms was. Sy vader sou eenmaal aan hom gesê het: „William is my geliefde Johannes, maar jy, Andrew, is Boanerges, sone des donders." 1) Ds. C. Rabie herinner hom van die vroegste prediking van Andrew Murray as volg: „Op de kansel gedroeg hy zich op zeer opgewondene, om niet te zeggen gewelddadige, wijze, en Bijbel en kussen ontvingen van hem veel vuistslagen." Hy was toe baie streng in sy prediking, al was hy gedring deur die liefde van Christus. Dit was asof een van die ou profete uit die dode opgestaan het. Geweldig was sy beroep op die gewete van die hoorders, dit het soos die donderslae van Sinaï geklink. 2) Sy kanselwerk het nie uitgemunt deur sierlikheid van taal of aantreklikheid van voordrag nie, maar is van die begin gekenmerk deur 'n heldere logiese gedagtegang, grote lewendigheid, eenvoud en 'n heilige hartstogtelike erns, wat sy hoorders oorweldig het. 3)

Toe hy in Engeland in 1854 was het sy gesondheid op 'n lae peil gestaan en het hy die opgewondenheid op die kansel in verband daarmee gebring. Hy het telkens voor groot gehore opgetree en sy roem as 'n ernstige en diep geestelike prediker het versprei. Hy egter voel dat „myn opgewonden manier zeer tegen my is". 4) Terug in Bloemfontein probeer hy met wilsinspanning sy natuur te beteuel. Hy skryf aan John: „Gisteren mocht ik met meer bedaardheid prediken dan ooit tevoren. Ik vertrouw dat de reeks van preken die ik over de Mozaïese eredienst aangekondigd heb, my in het

streven/...

---

1) In voorwoord by J.H. Malan: Opkoms van 'n Republiek.
2) J. du Plessis a.w. 210.
3) Moorrees: Die Ned. Geref. Kerk in S.A., 746.
4) J. du Plessis a.w. 168.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



streven om my bedaarder op de kansel te gedragen, helpen zal. Moge my genadiglijk geschonken worde het grote geheim van welslagen in deze zaak, namelik, de bedarende invloed van Gods tegenwoordigheid en zijn vrede." 1)

Volgens sy beskouing kon dit as 'n swakheid aangemerk gewees het, maar by die hoorder het daardie lewendige beweeglikheid op die kansel 'n onuitwisbare indruk gemaak. Andrew Murray was besonder welsprekend. 2) Thomas Burgers se indruk tydens sy studiejare in Holland was dat die predikante daar nie so elokwent is soos di. A. Murray Jnr. en J.F. Berrangé nie. 3)

Daar is egter twee aspekte van Murray se prediking in die Transgariep wat ons nader moet beskou. Die eerste is die feit dat hy van huis uit Engels was en dat sy afkoms sy denke, sy optrede en bediening daardeur gekleur was. Dit was 'n steen van aanstoot vir die Voortrekkers, veral vir hulle wat anderkant die Vaalrivier gewoon het. Nie dat Murray in sy preke enige politiek verkondig het nie; nee, hy was te versigtig om ergenis te veroorsaak en het selfs in sy gebede enigiets gemy wat wanorde kon stig. Die feit dat hy van Skotse oorsprong en deur Sir Harry Smith aangestel was, was 'n doring in die vlees vir meer as een, omdat hulle steeds Britse inmenging in hul staatkundige sake gevrees het. Andrew Murray was egter deur sulke edele motiewe gedryf, dat hy nie maklik die rol van politieke handlanger sou speel nie. Wanneer ds. Dirk van Velden deur die Goewerneur meteens vir Harrismith i.p.v. Winburg bestem word, dan protesteer hy skerp: „Zulke beginsellose roverij! Zulk een verlagen van de dienstknechten van Christus om de

dienaars/...

1) Idem 176.
2) I.M. Orpen: Reminiscences of Life in S.A., 267.
3) S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 16.

© University of Pretoria

dienaars van politieke spekulatie te zijn ... want het komt mij voor een zeer afschuwelike toepassing van het beginsel van uithongeren te zijn, hun van het Evangelie te beroven als straf voor politieke overtredingen, en wat meer is, om een geheel volk aldus in de ban te doen voor de zonden van enkelen." 1) Die evangelie aan andere te bring was vir hom hoofsaak.

Daarom is dit so eienaardig dat hy tog in die politieke net verward geraak het. Eers het hy 'n nie-onbelangrike aandeel gehad in die tekening van die Sandrivier Konvensie en later saam met dr. Frazer na Engeland gereis om die Britse regering te smeek om nie af te sien van die Oranjerivier Soewereiniteit nie. 2) Dit was so'n vreemde houding om nog te pleit vir die behoud van die Engelse band, nadat die saak in die Vrystaat reeds beklink was en Engeland die Soewereiniteit nie meer wou hê nie. Hier het sy Britse gevoelens ongetwyfeld hom te ver gevoer.

Daarteenoor moet egter altyd onthou word dat daar min leiers in die Noorde was en dat hy as geestelike leidsman noodgedwonge moes naderstaan om rigting aan te dui, ook in staatkundige sake. Dink aan sy aandeel in die Sandrivier Konvensie. Wanneer hy verder ywer vir die Engelse okkupasie in die Vrystaat dan oordeel hy, in die lig van die geskiedenis gesien, ongetwyfeld verkeerd, maar hy is eerlik in sy strewe. Hy het gemeen dat dit beter vir die volk sou wees as die Engelse die land behou. Daar was 'n gemis aan fondse, aan wapens, aan ontelbare geriewe vir die skepping van kerk en skool en die vestiging van 'n eie beskawing. In 1880 nog was daar slegs twee persent van

die/...

---

1) J. du Plessis a.w. 115, 122.

2) Idem, 141, 166.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die bevolking op skool. [1] Dr. Leyds het ook gemeen „omtrent zijn persoonlijke belangeloosheid en nobele bedoelingen kon hy niemand eenige twijfel opkomen". [2]

Andrew Murray het byna alles <u>sub specie aeternitatis</u> beskou, ook die staatkundige lewe. Dit blyk o.a. uit wat hy gedink het van die opbloeiende Afrikaanse strewe tydens die eerste Taalbeweging: „Het is waar dat er veel onheiligs en euvels is geweest in de anti-Engelse gevoelens, die deze beweging in het leven hebben helpen roepen. En toch zijn er ook elementen van goed in, die gekoesterd moeten worden. De ontwikkeling van een krachtiger nationaal leven in onze half-sluimerende Hollandse bevolking zal een sterker stam bieden, waarop het christelik leven kan worden ingeënt." [3]

Hoe dit sy, die feit dat hy Engels-georiënteerd was, was 'n faktor wat stremmend ingewerk het op die invloed van sy prediking by vele in die soewereiniteit en veral in die Overvaalse gebied, waar die nasionale lewe nog sterker gebloei het.

Die tweede aspek wat ons nie mag verswyg nie, is dat Andrew Murray se preke blykbaar nie al die Voortrekkers religieus bevredig het nie. J.J. Venter, eertyds waarnemende president van die Vrystaatse republiek, wat hom later by die afgeskeie kerk van ds. D. Postma voeg, getuig dat: „Het Evangelie en de bekeering niet in zijn rechte sin en betekenis door Ds. A. Murray verkondigd werd". [4]

Niemand/...

---

1) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek, 212 v.v.
2) Eerste Annexatie, 109 noot. Sien ook A. Moorrees a.w. 755 - 757 en S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk (1936) 48.
3) J. du Plessis a.w. 343.
4) Postma: Geschiedenis van de Geref. Kerk, 49.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Niemand minder nie as ds. Murray self het ook in dié rigting getuienis afgelê. Omtrent die afgeskeidenes skryf hy aan sy broer John: „Wij zijn nooit in staat geweest, zelfs waar wij gewillig waren, het gemoed van de ware stijve Doppers te bereiken. Onze taal was hun vreemd." 1)

Ek het geen preke voor my van sy Bloemfonteinse bediening nie. Ek kan my egter voorstel dat sy sterk beklemtoning van die noodsaaklikheid van die bekering hic et nunc vir die „dopper"-element, wat met die verkiesingsleer gedweep het, nie aangestaan het nie. As reveil-man het hy aangedring op die sekerheid van die geloof. Sy dogter skryf dat as daar „after-meetings" in daardie dae reeds bekend gewees het, baie siele in die openbaar die beslissing vir die Kruis sou te kenne gegee het. 2) Verder kan Venter se verklaring in hierdie lig gesien word dat Andrew Murray as geestelike seun van die „Marrow-men" die predestinasie nie so nou opgevat het soos die Dordtse vaders nie. Op die Sinode van 1870 het hy enig iemand uitgedaag om te bewys dat hy onsuiwer was op die stuk van die uitverkiesing. Ds. J.J. Kotze van Darling het die handskoen opgeneem en 'n lang pennestryd volg. Uit hierdie polemiek blyk dat ds. Murray wel die predestinasie van die Dordtse leerreëls gehuldig het, maar die verwerping - net soos Eerww. Döhne en Lindley - nie geleer het nie. 3)

Vir enkele was sy metode van Woordverkondiging nie aangenaam nie; maar vir die grootste deel van die Voortrekkers was hy 'n gewilde prediker. Daarom ook dat hulle telkens hom beroep van oorkant die Vaalrivier en niemand anders as net Andrew Murray wou hê nie. Dit lyk asof sy gevoelvolle godsdiens gepas het by daardie deel van die volk! 4)

Op/...

1) J. du Plessis a.w. 189, 190.
2) Helen Murray: Unto Children's Children.
3) De Onderzoeker, 1 Febr. 1871 v.v.
4) Vgl. Groen van Prinsterer: Het Paryssche Zendelinggenootschap werkzaam in Z.A., 29.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 28 April 1860 gee hy sy afskeidsboodskap in Bloemfontein. Hy sê dat hy meermaal Hand. 20 v. 1 en 1 Thess. 2 gelees het en treur dat hy nie die woorde van Paulus „gylieden weet" en „gij zijt onze getuigen" kan nasê nie. Daar is baie mense wat hy nie in die oë kan kyk nie, omdat hy nie steeds getrou was nie. So'n ernstige opvatting het hy van sy dienswerk gehad! Sy biograaf egter sluit hierdie hoofstuk van Murray se lewe af deur te skryf dat baie in die Oranje Vrystaat hulle bekering en spoorslag tot 'n toegewyde lewe dank aan die kragtige prediking en getroue vermaninge van die „jonge Meneer Morrie". [1)]

1) J. du Plessis a.w. 192.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 26.

## DS. DIRK VAN VELDEN.

### Sy voorbereiding in Holland.

„De lang verwachte Tychikus is gekomen. Zijn naam is Dirk Vanvelde," so lui Mev. Erasmus Smit die aankoms van ds. van Velden in Natal in. 1) Fel bewoë en intens was die verlange om 'n vaste leraar onder die Voortrekkers aldaar te besit en gretig het hulle begeer om hom vir Pietermaritzburg te verseker. Hy sou egter slegs sewe maande onder hulle vertoef, om later vanuit Winburg weer 'n besoek te bring.

Laat ons „de lang verwachte Tychikus" van nader beskou. Hy het 'n geskrif nagelaat aan sy kinders, waarin hy sy lewensloop en hoofsaaklike ontmoetinge op die weg van die wieg tot die graf beskryf. 2) Hy is in 1813 te Hoorn (Noord-Holland) gebore, afkomstig van godvresende ouers uit die middelmatige burgerstand. Sy huislike omstandighede het sy hele toekoms beïnvloed. Na die tydelike het hulle dit nie breed gehad nie, want die kruidenierswinkel het nie groot winste afgewerp nie, sodat die vader ook 'n „gruttery" begin het. Die rustelose arbeid was te veel vir sy kragte sodat hy vroeg tot die staat van 'n invalide gedwing is.

Die jonge Dirk was liggaamlik nie gelukkig nie, want as gevolg van die sogenaamde Engelse siekte was hy sy lewe lank nooit sterk nie. Van nature reeds stil en teruggetrokke het hierdie fisiese swakheid hom nog meer gedeprimeerd gemaak. Met ander kinders kon hy nie maklik opskiet/......

---

1) Dagboek, XXXI, 32.

2) Memoirs Dirk van Velden V.D.M. Slegs onlangs ontdek deur een van sy kleinkinders wat enige eksemplare by die Nasionale Pers, Kaapstad (sonder datum), laat druk het. Biografiese besonderhede hieraan ontleen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opskiet nie. Ernstig en diepdenkend van aard verdiep hy hom gedurig in boeke. Vanself leer hy die lees van die Hollandse taal aan. So skrander was hy later op skool dat die onderwyser die tienjarige seun as sy monitor of hulp aanstel. Die drang om predikant te word was reeds vroeg aanwesig en daarom moes hy na die Latynse skool. 'n Heilige vrees vir die vak Latyn het hy gekoester, maar die vrees het ongegrond geblyk, aangesien hy 'n aanleg vir tale besit het.

Tot sy groot teleurstelling moes sy skoolloopbaan op veertienjarige leeftyd afgesluit word. Sy vader het ernstig krank geword en hy was geroepe om as steun van die huishouding op te tree. Die gewone opleiding tot die evangeliebediening kon hy dus nie volg nie en dit moes later langs 'n ompad geskied - tot sy groot smart aanvankelik in Suid-Afrika.

Deur oorkragtige arbeid, ondervoeding en sielesmart het hy fisies en psigies baie gely. Hy was klein van persoon en tingerig as gevolg van vorige kwellings. 'n Heimwee na sy boeke het hom ook geweldig beetgepak. Van sy veertiende tot een-en-twintigste jaar het hy as 't ware in 'n kerker geleef. Die jaar 1834 beskryf hy as die jaar van sy verlossing. Toe is hy onder terme van die nasionale milisie opgeroep na Alkmaar om diensoefening te doen en het hy weg gekom van sy slaafse arbeid. Nou kwel hom egter 'n ander ding: die gewoel en gevloek van die kaserne is vir sy stil natuur te veel en hy kruip al dieper in sy skulp. „Zoo wierd geheel mijn zieleleven een aanhoudend gebed, een wandelen met God," skryf hy.

Andermaal sou die Here sy kind nie in die steek laat nie. Omdat hy die driloefeninge nie kon staan nie, is hy gevra om kantoorwerk te verrig en het dus 'n makliker bestaan gevoer. 'n Ou kennis van sy vader, die heer Schrieke,

het/........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het hom as seun in sy huis opgeneem en dit vir hom verder aangenaam gemaak. Deur 'n verdere gelukkige saamloop van omstandighede ontvang hy nou promosie en verdien goeie geld, sodat hy selfs tot private studie kon oorgaan. Eindelik word hy in 1839 ontslaan van verpligte militêre diens en was hy andermaal 'n vrye man.

Deur die vriendelike medewerking van die heer Schrieke sou van Velden nou sendeling word. Op 1 Mei 1840 meld hy hom aan by die Opleidingskool van die Sendinggenootskap te Rotterdam, maar in September bots hy met die Bestuur omdat hy die Bepalinge en Reglemente nie wil onderteken nie en moes hy die Sendelinghuis verlaat. Die ernstige en nougesette Christene van Alkmaar en Amsterdam keur egter sy gedragswyse goed „daar het Zending Genootschap onder hen ten opzigte van zuiverheid in de leer in geen zeer gunstigen reuk stond." Dit was ook die aanleiding tot die latere oprigting van 'n ander sendinggenootskap deur Gerritson, Lagerwey en Luyks. Wanneer in dié verband die name van Da Costa en Pierson genoem word, dan besef ons dat ons hier met die opkomende rigting teen die Rasionalisme binne die Hervormde kerk te doen het, soos dit hom openbaar in die Reveil-beweging. Dirk van Velden het hierby ingepas.

Hy gee die volgende besonderhede: „Te Alkmaar was 't ten opzigte der openbare evangeliebediening niet beter geworden. Die was reeds vroeger rationalistisch en eene prediking <u>zonder</u> den Christus. Meer en meer werd het een prediking <u>tegen</u> den Christus. Wij brachten den Zondag door, hetzy in onderlinge stichting te huis of ook nu en dan ter kerk gaande by eenen of twee der vier predikanten van wie wy hoopten iets dergelyks te hooren, doch kwamen meestal teleurgesteld zoo niet geërgerd thuis." Vervolgens gee hy 'n beskrywing van hul konwentiekels wat Woensdagaande ten huise van Schrieke gehou is, bestaande soms tot uit dertigtal christene. Hy self het voorgegaan in gesang en gebed,

© University of Pretoria

'n/........

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n stigtelike predikasie van een of ander regsinnige leraar voorgelees, maar hom self nooit aangematig om die Skrif uit te lê of te preek nie. Hy het te veel vir orde en reël-gevoel dan dat hy die voorkoms van 'n leraar wil aanneem, alvorens hy nie wettig geëksamineer en georden was nie.

Op hierdie tydstip het da Costa en Pierson gemeen dat van Velden in België tot groot nut kan wees in die Protestantse stryd teen die Pous. Daarom is hy na die Evangeliese Skool te Ryssel (Lille) in Frankryk, wat deur ds. Theophilus Marzials van die Herv. Kerk van Lille, opgerig is en wat onder toesig van die Evangeliese Belgiese Genootskap staan, wat op sy beurt die ontstaan te danke het aan Engelse Christene in Brussel om die volk van die slawe-ketting van papebedrog te bevry. Die Hollander het hier begin om eers die Franse taal magtig te word. Dit lyk of ds. Marzials 'n man met buitengewone kanselgawes, vormende invloed op die jong student se prediking gehad het. Op sy aandrang het van Velden die leiding van bidstonde en oefeninge in die voorstede van Ryssel op hom geneem.

Graag wou hy nog na Montauban vir verdere studies, maar onverwags kom 'n aansoek van die Belgiese Evangeliese Maatskappy om evangelisasiewerk in Leuven te behartig. Hy wou egter geen betrekking van hierdie aard aanvaar nie, sonder alvorens daartoe deur 'n bevoegde liggaam van eksaminatore ondersoek en georden te wees. Die Provinsiale kerkbestuur in Noordelike Frankryk moes juis vergader tot die eksamen van die Kandidaat L. Anet wat in Genéve studeer het. Op raad van Marzials meld hy hom ook aan en reis na Arras. Ds. Marzials is die enigste wat hom ken en moet hom dus eksamineer. Na elf uur die aand word 'n teks aan die examinandus gegee met die oog op 'n preek wat hy die volgende môre om nege uur moes lewer. Daarop ontvang hy sy

Akte/........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Akte van ordening tot die volle evangeliediens en is beroepbaar verklaar in enige gemeente van die gereformeerde kerk in Frankryk. Ds. Marzials hou die ordeningsrede vir beide Anet en van Velden in die kerk van Arras en met die hand op Ezeg. 3 v. 17 - 19 lê hulle die eed van getrouheid af.

En dit na slegs nege maande teologiese voorbereiding! Van sy literêre afrigting getuig hy self elders „dat ik aan geenerlei Akademie iets te danken had maar behalven het letterkundig onderrigt geheel en al een autodidact was." 1) Geen wonder dat di. S.P. Heyns en J. Spyker later goeie grond gehad het om beswaar teen sy legitimasie in die Kaapse Kerk aan te teken.

Julie 1842 begin hy sy arbeid in Leuven. Drie maande later trou hy met Elizabeth Overgaauw. Dikwels het hulle huis- en straatmoleste te verduur van die bevolking wat deur Roomse priesters aangehits is, maar nieteenstaande dit alles was daar vrug op sy bediening en het 'n hele aantal Katolieke na die gereformeerde kerk oorgekom. Sy verbasende werkkrag, tenspyte van 'n swak gestel, kom hier tot openbaring, waar hy Sondae onafgebroke besig is tot 10 n.m. en dan geskied dit alles te voet. Telkens word die geheim van sy krag verraai, dat dit biddende werk was.

Die kwessie van sy legitimasie.

Sewe jaar was hy hier werksaam. In 1849 ontvang hy 'n skrywe van dr. N. Beets, wat ook 'n aanhanger van die reveil was, of hy 'n beroep sal oorweeg na die Oranje Vrystaat. Die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk het op aandrang van Sir Harry Smith na Nederland geskryf om twee predikante van beslis regsinnige stempel, asmede van erkende Godsvrug/........

1) Memoirs, 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Godsvrug en bekwaamheid. 'n Ander brief bereik hom van Prof. Rooyaards van Utrecht met dieselfde strekking. Van Velden se lewensspreuk was Spr. 3 v. 6 en na aanhoudende gebed was hy oortuig dat dit in die weg van die Here was om na Suid-Afrika te verhuis. Die beroepsbrief het intussen van ds. A. Faure aangekom.

Na 'n baie voorspeedige reis het ds. en Mev. van Velden met vier kinders en die oppaster, Mina, in Tafelbaai geland. Ds. A. Faure was by die kaai om hulle in te wag en onder sy dak te ontvang. Die gasvryheid wat hulle aan die hand van vriende uit Wynberg, Paarl, Stellenbosch en Hottentotsholland ontvang, was oorweldigend. Maar 'n wanklank het in die melodie gekom. Toe hy vir ds. A. Faure op 16 Desember 'n preekbeurt in die Groote Kerk waarneem, het dr. S.P. Heyns en ds. J. Spyker dadelik daarteen geprotesteer. Van Velden self sê dat eersgenoemde die „roervink" was, terwyl ds. Spyker meegehelp het. 1)

Hulle skryf aan die voorsitter en lede van die Sinodale Kommissie vir die Sake van die Protestantse kerke in Nederlands Oos- en Wes-Indië 2) dat die Kaapse Sinodale Kommissie van Velden op vertoon van 'n Akte van admissie tot diepreekdiens, hom deur die „Consistoriale de Lille" verleen, tot wettige geordende leraar erken het. Hulle betwyfel egter die bevoegdheid van die gemelde „Consitorie" om predikante vir die Herv. Kerk te orden en voeg daarby dat hulle protes geen ander doel het nie, dan om die goeie orde in die kerk te bewaar.

In antwoord daarop skryf die sekretaris van die Nederlandse kommissie aan die twee dominees 3) dat hulle nie aarsel nie om as hul eenparige gevoele mee te deel dat

„de

1) Memoirs, 20.

2) Sub dato 28 Jan. 1852, S.1.9.829, K.K.A.

3) Sub dato 3 Julie 1852, S.1.9.831, K.K.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„de heer Dirk van Velden niet alleen niet beroepbaar zou zijn in eene onzer Nederduitsche of Waalse Gereformeerde Gemeente, maar dat hy gewis van academische opleiding zelfs niet tot het examen voor de predikdienst alhier zou zijn toegelaten." Gewapen met hierdie brief het hulle gemeen dat hulle saak sterk staan.

Dr. Heyns het in 'n brief aan ds. P.E. Faure sy besware as volg geformuleer: (1) die bevoegdheid van die „Consistorie" is hom onbekend; (2) hulle weet nie van waar van Velden kom nie; (3) waarom bestempel prof. Rooyaards hom as 'n „Evangelisch Predikant"? Evangelies Luthers of Gereformeerd? (4) Hulle weet niks van die bestaan van die Evangeliese Societeit in België nie. [1)]

Dirk van Velden het in die twee Faures warme ondersteuners gevind. Ds. P.E. Faure het 'n duidelike oorsig van die hele geskiedenis gegee, hoe aan van Velden gekom is; dat blanko beroepsbriewe aan proff. Rooyaards en Vinke gestuur is en dat eersgenoemde van van Velden getuig het as 'n man van „warmen Evangelieschen ijver en Christelyken zin, bezield met geestdrift voor zoodanige taak, en met zendelingsijver." Verder trag hy om Heyns se besware tegemoet te kom: (1) die „Consistoriale" is dieselfde as die Provinsiale Kerkbestuur in Nederland; (2) hierdie Bestuur het hom goedgekeur en wat wil 'n mens nog? (3) Prof. Rooyaards praat van „evangelies" omdat van Velden gewerk het vir die „Societe Evangelique" d.w.s. vir die bevordering van die Protestantisme in Rooms België; (4) nood breek wet; hy kom so pas van die Overvaalse en as daar ooit 'n saak is wat geen uitstel kan duld nie, dan is dit die versorging van die emigranté. [2)]

Ook Abraham Faure het sekerheid gesoek vir sy optrede om van Velden te legitimeer en o.a. 'n getuigskrif van

Nicolaas/........

---

1) De Zaak van den Heer D. van Velden (Kaapstad, 1850), 8.

2) Idem, 15.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nicolaas Beets bekom wat vertel dat van Velden meermaal voor sy gemeente opgetree het en dat „zijne bondige en nadrukkelijke predikatien tot hare opbouing gesticht hebben in de waarheid en tot hare verlevendiging in geloof, liefde en hope." [1]

Dirk van Velden neem die pen nou self op om sy misnoeë te kenne te gee teen die veldtog teen hom op tou gesit. Om in 'n vreemde oord met vrou en kinders te land en by wyse van welkomsgroet so behandel te word, is nie aangeneem nie. „Hadt gij liever getracht u te overtuigen...... of de Kaapsche Kerk in my een rationalist of neoloog te vinden had; of ook in hoeverre er in my al dan niet waarachtig christendom en innerlijke Godsvrucht te vinde ware, dan toch had gij iets wijzers en belangrykers verricht." [2] In sy Memoirs konkludeer hy ook dat die teenstand teen sy legitimasie net hierom was dat die gerug van sy besliste gehegtheid aan die hoofwaarhede van die Belydenis hom vooruitgeloop het. [3]

Sy prediking in Natal.

Die hele protes was maar net 'n stofstorm wat gou bedaar het en spoedig was hy op die oseaan op pad na Winburg, via Natal. [4] In plaas van 10 of 12 dae duur die reis 38 dae, omdat die teenspoede legio was. Toe hy eindelik die pastorie van Pietermaritzburg haal (na verlies aan bagasie) was die verwelkoming so gul en feestelik dat al die deurgestane ellende gou vergeet is. „In der daad, een leeraar moge ergens zoo goed, beter kan hy nergens ontvangen worden als ons daar te beurt viel." [5] Sy arbeid was ook geseënd

want/.......

1) Sub dato 8 Mei 1850, S.1.9.839, K.K.A.

2) De Zaak van den Heer D. van Velden.

3) Memoirs, 21. Hierin was hy verkeerd, want di. Heyns en Spyker was nie sulke manne om hom daarom te viktimiseer nie.

4) K.B. 1850.32.

5) Memoirs, 23.

© University of Pretoria

want die Sondagskool-leerlinge het meteens merkelik toegeneem. [1)]

Van tyd tot tyd het hy preekreise na die omgewing gemaak. Oudl. J. Boshof stuur 'n omsendbrief aan belanghebbendes - P.M. Burg, 20 Junie 1850 - dat ds. van Velden kom en hulle moet sorg vir „voorspannen van ossen, dryvers en lyders met zweep, riemen en stroppen". Die toerlys is as volg:

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| „Woensdag | den | 3 | July | naar | den | Heer | Gt. $R^{n}$ van Rooyen | 4 | uuren |
| Donderdag | " | 4 | " | " | " | " | Joh. H. Bruwer | 10 | " |
| Vrydag | " | 5 | " | " | " | " | Philip Rud. Botha | 6 | " |
| Saterdag | " | 6 | " | " | " | " | Theunis Nel | 5 | " |
| | | | | | | | | alwaar | |
| Zondag | " | 7 | " | zal gepredikt worden, Enz." | | | | | |

Tot 27 Julie hou die reis vol, terwyl op Sondae en enkele weekdae gepreek en die nagmaal uitgedeel word. Hierdie sirkulêre, wat gereeld vir sulke preekreise gebruik was, is van historiese belang. [2)]

Die Woordverkondiging van ds. D. van Velden onder die Voortrekkers het in die teken gestaan van ireniese prediking. Die ou swakheid van twis en tweedrag het hy dadelik teengekom. Hy vind die gemeente van Pietermaritzburg in vier of meer partye verdeel, terwyl seer weinig 'n denkbeeld het van die rede waarom hulle teenoor mekaar staan. Saterdag het hy aangekom en Sondag was al die partye in die kerk en van toe af het hy nooit weer van partyskappe gehoor nie. „Gods Woord, de H.S. had er van den eersten oogenblik af een einde aan gemaakt door den H. Geest. Het kerkgebouw, schoon niet groot, bleef des Zondags het verzamelingspunt van al de partijen." Beide die oggend en die aand was die kerk altyd vol, terwyl Woensdagaande/....

---

1) K.B. 1850.266.

2) Korr Lêer I.2 No. 16. N.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Woensdagaande hy in die biduur op 'n tagtig kon reken.

In 'n brief uit Winburg, d.d. 10 Desember 1850, skryf hy dat hy bly is om te verneem dat sy „getrouwe en onbewimpelde voorstelling der waarheid" welkom was.

Die kerk mag hom nie in partypolitiek inlaat nie, maar kan, soos ons hier sien, 'n sterk verenigingsfaktor wees. Die kerk behoort nie aan hierdie of daardie party nie, maar aan die hele gemeente. Rondom die kansel is dit almal broeders in die Here. As die Voortrekkers meer geestelike leiers gehad het, sou hulle waarskynlik vir sovele staatkundige twis bewaar gebly het. 1)

Die kerkraad en ganse gemeente wou ds. van Velden met krag en geweld daar hou, ja selfs die Skotte en Duitsers wat sy taal verstaan het, waarby ook die Luitenant Gouverneur Pine, wou van sy vertrek nie hoor nie. 2) Aangesien hy egter vir Winburg beroep was, wou hy nie van sy koers afwyk nie. Sy afskeidsrede het 1 Kron. 28 v. 9 verhandel. Die korrespondent van De Kerkbode rapporteer: „Onvergetelijk zal ons die dag zijn. Moge maar zijne ernstige en getrouwe vermaningen, naar aanleiding van den gemelden tekst, gelijk ook de vroegere diensten, met des Heeren ryken zegen bekroond worden." Op 25 Oktober 1850 vertrek hy. Die volgende Sondag preek hy op die plaas van diaken Naude werwaarts vele hulle begeef om die geliefde leeraar nogeens te hoor. Donderdag was hy op 'n ander plaas 3 keer die dag besig om te preek en die bondseëls te bedien. 3)

Sy/..........

---

1) Ons besit 4 preeksketse van hom, alvier in 1850 op P.M.-burg uitgewerk. Hy het sy teks in 3 of 4 punte verdeel, met talryke onderverdelings. Die sketse is deur dr. G.B.A Gerdener aan my geleen.

2) Memoirs, 24; K.B.1850.266, 410. 'n Paar „zeer genegen en liefhebbende vrienden en mede Christenen" het 'n adres aan hom gebied, waarin hulle hul spyt te kenne gee dat hy weggaan. Dit was vir hulle aangenaam om te sien „hoezeer het UwelEerw. Lust en Ernst was als middel in de hand des Heeren te mogen verstrekken om zielen voor het koningryk van onzen Zaligmaker te gewinnen." Korr. Lêer II.2. No. 16.

3) K.B. 1850.410.

© University of Pretoria

Sy arbeid op Winburg.

Telkens het hy aan die kerkraadslede wat hom kom afhaal het gevra of die pastorie al klaar gebou is, om 'n bevestigende antwoord te ontvang. Groot was sy teleurstelling om die predikantswoning op Winburg slegs een voet hoog aan te tref. Hy moes dus intrek neem „in een hok dat by eenen behoorlijken koestal in Holland 100 percent achter staat." [1] As dit reent staan die water drie duim op die vloer, sodat Mev. van Velden 'n ernstige siekte opgedoen het. Op 9 Desember 1850 word hy deur ds. A. Murray van Bloemfontein in sy amp bevestig terwyl ds. John Murray ook teenwoordig is. [2] Sy eerste preek verhandel Jes. 1 v. 19, 20. [3]

Dieselfde moeilikheid as in Pietermaritzburg openbaar hom hier: partygees onder die lidmate. Daar was die Engels- en Anti-Engelsgesindes. „Er was destyds noch tyd noch lust of aandrift om aan iets anders te denken, of over iets anders te spreken dan daarover. Men verwenschte, vervloekte en vervolgde elkander en 't was eene dagelijksche vuur en wraakuitbraking tegen elkander." [4] Die eerste jaar op Winburg het hy as gevolg hiervan geen nagmaal uitgedeel nie.

Aan sy Nederlandse vriende gee hy 'n beskrywing van die dorpie Winburg, drie jaar tevore 'n wildernis, tans bestaande uit tien huise. Daar is 'n groot behoefte aan werkvolk, timmerlui, en messelaars en Hollanders sal daar verwelkom word. Van Engeland kom daar reeds duisende werksmense die land in. Die nood om onderwysers is ook groot. Sy gemeente bestaande uit enige duisende siele,

bedek/.....

---

1) In 'n brief aan vriende in Holland, ged. 29 Januarie 1851 in „De Handwyzer", in Plakboek van eerw. A. Dreyer, K.K.A

2) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek, 217.

3) O.R.S. 94 d. 192., O.V.S.A.

4) Memoirs, 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedek 'n verbasende uitgebreide distrik. Baie van hulle wat Sondae na kerk kom moet twee of drie dae reis, sodat hulle met so'n kerkgeleentheid 'n hele week uit en tuis is. As hulle een keer per maand die erediens bywoon, moet daar 'n groot lus vir die kerkgang wees. [1)]

Meester Pierik, die onderwyser van daardie tyd, beskryf so'n nagmaal op Winburg. Hy sê dat die opkoms so goed is, dat slegs die helfte in die gebou kan kom en die res „geen stichting van de schoone leerredenen van Myn Heer van Velden konden hebben." Die Boerevrouens gaan na kerk in kostelike sy gekleed, terwyl hulle 'n sluier voor die gesig het. „Het zijn dan staatsiedames, vooral de meisjes, voor zij getrouwd zijn." Hy weet ook te vertel dat die dominee baie streng ten opsigte van die aanneming van lidmate was. „Het ware te wenschen, dat in Nederland op dit punt ook die strengheid des onderzoeks plaatsgrepe." [2)]

In Junie 1851 het hom 'n besondere ontmoeting te beurt geval. Hy was 'n entjie weg van sy huis een aand toe 'n kafferhond hom aanval, hom neerwerp en sy skouer terdeë beseer. Sewe ander verwoede honde het daartoe meegehelp. Gelukkig het kaffers op die toneel verskyn en hom ontset. [3)]

Die volgende jaar bring hy 'n besoek aan die Natalse geloofsgenote. Sy reis loop deur Harrismith, Ladysmith, Weenen en Pietermaritzburg. Toe hy die Umgienie-rivier deurgaan, beland die wa in 'n seekoeigat en skiet hy byna sy lewe in. Aan goedere en geld verloor hy van £180 tot £200 en moes hy op Pietermaritzburg 'n nuwe uitrusting aankoop. [4)] Hierdie klein maar dapper kneg van die Heer kon ook, net soos die Apostel Paulus, getuig: „Dikwels op reis, in gevare van riviere, dikwels sonder ete, in koue

en/........

---

1) De Handwyzer, 29 Januarie 1851.
2) Lauts Kolleksie, Band 5, VIII.1351, T.S.A.
3) K.B. 1851.256.
4) Idem 1852.255.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en naaktheid." 1) Hy word egter vergoed deur te bemerk dat die mense orals gretig na die evangelie luister.

Ds. van Velden het 'n mooi stem gehad en kon veral goed voorsing. Vroeër moes hy in die konwentiekels in Holland hierdie pos vul. Met die inwyding van die kerkgebou in Bloemfontein in 1852 was hy ook teenwoordig. Die heer Sluiter was al moeg van die naweek se sing en wink vir ds. van Velden om voor te gaan. Daar was egter uitstel om die bladsy te vind, toe die brawe oubaas Willem Sterrenberg Pretorius Luther se „Ouden Honderd" uitgee en die ganse vergadering hartelik saamsing. 2)

Die Kafferoorlog 3) het nog voortgeduur, maar in 1853 het die Engelse Regering besluit om die Vrystaat aan die Boere terug te gee. Van Velden ontvang nou 'n beroep na Ladysmith K.P. en al sê die gemeente: „Wy züllen nooit permitteren dat onze predikant weggaat," besluit hy om na 'n driejarige verblyf in Winburg na Ladysmith te verhuis, waar hy sy laaste bedieningsjare deurgebring het. Sy invloed in die Vrystaat in die vroegste tyd is nie te bereken nie. Nadat hy weg is skryf „One interested in his own soul" in 'n dagblad van hom: „That angel in human flesh! how does he labour among us <u>after</u> he has left! Would that all ministers reflected themselves in that apostle of our days, in that servant of his Lord, and learned <u>how</u> they are to herd the flock." 4)

Op sy reis na die nuwe verblyf verneem hy reeds van 'n dreigende skeuring as gevolg van ontevredenheid oor die grenslyne van die nuwe gemeente. Die lede aan die voet van/.....

---

1) 2 Kor. 11 v. 26, 27.

2) The Friend, 19 Julie 1852.

3) Hiervan skryf hy dat as die teenwoordige kastydingsmiddel geen algemene verootmoediging en nasionale terugkeer tot die Heer bewerk nie, ander oordele sal volg. „Het is hier met den geest der verblinding en verharding al zeer ver gekomen. Wat my aangaat, ik wensch in den naam en de kracht myns Gods Ezech. 3 v.18 steeds voor my te hebben, want met de hand op dat woord heb ik myn eed van getrouwheid afgelegd." Korr. Lêer II. 2 no.16.N.S.A

© University of Pretoria

4) De Zuid-Afrikaan, 22 Junie 1854.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Langeberg wou nie onder Ladysmith sorteer nie, maar liewers onder Riversdale val. Die Ring keur hulle versoek goed. Met sy eerste besoek aan Langeberg is die gemoedere bedaar „daar men dadelijk ontdekte met iemand te doen hebben die, regt door zee, niets anders duldde dan orde en wet." Meermaal het ds. van Velden hom openbaar as 'n vegter wat vir niks stuit nie. Hy raak nou in 'n stryd met die Ring van Swellendam, waarvan dr. W. Robertson die scriba is, oor die grenslyne, maar ook oor 'n saak van tug wat hy in die gemeente toegepas het, sake wat selfs voor verskeie Sinodes dien. Ongelukkig tree hy nie geestelik as oorwinnaar uit die hele affêre nie en konsentreer sy haat rondom die scriba, wat ampshalwe moes optree. Veral is dit die geval nadat sy vrou 'n hewige senuwee- en sinkingsiekte opdoen, waaraan sy kort daarna beswyk. Sy het uitgeroep: „Ik heb deze vreesselijke ziekte aan den aartshuichelaar Robertson te danken." [1] Ses jaar voor sy dood, in 1878, skryf hy sy herinneringe aan sy kinders neer en leef hierdie grief nog lewendig in sy hart. [2]

Dirk van Velden kan saam met di. G.W.A. van der Lingen en R. Shand in een groep gereken word: streng gereformeerd en behoudend in die leer, welke standpunt hulle onder geen stoele en banke weggesteek het nie, maar daarby 'eienaardig' in baie opsigte, sodat hulle soms mense van hulle vervreemd het.

HOOFSTUK 27/........

---

1) Memoirs, 29.

2) J. Bloemendaal tipeer van Velden aan prof. Lauts as „een regtzinnig scheurmaker, een ziellooze Dogmaticus of liever twistmaker," Lauts-Kolleksie, band 2, aanwins 13 No. 223, T.S.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 27.

## DR. HENDRIK EMANUEL FAURE.

### As prediker in Natal.

Daar bestaan 'n oorlewering dat dr. A. Faure na sy mislukte sending na Natal sou gesê het: „Julle wil my nie ontvang nie, dog as my seun as predikant uit Holland klaarkom, sal ek hom na julle stuur." [1] Dr. H.E. Faure is dan ook op 9 Mei 1853 in Pietermaritzburg as eerste permanente leraar van die Ned. Ger. Kerk in Natal bevestig.

Hy het 17 Augustus 1828 op Leeuwenrust in die Kaapstad die lewenslig aanskou en heet na sy oom wat twee maande voor sy geboorte as teologiese student te Utrecht oorlede is. Die jonge Hendrik Emanuel was leerling in die Z.A. Athenaeum waar hy hom so onderskei dat hy in 1845 tot assistent van prof dr. Adamson aangestel word. In sy neëntiende jaar vertrek hy na Holland om hom in Utrecht as evangeliedienaar te bekwaam. [2]

Hy het reeds die Here van naby geken. Na die afgryslike dood van sy ouer broer Willem deur struikrowers naby Bombaai in 1844, het die genade van God in sy hart begin werk en het hy tot bekering gekom. By 'n sekere geleentheid in Holland sou hy uitgeroep het: „Dierbare broeder Willem! Nog maar 22 jaar oud en toen reeds door moordenaarshanden gesneuveld, uw dood was mijn leven! Ik wist dat gij naar Jezus waart gegaan, en ik heb niet gerust voor dat ik kon getuigen, dat ik u zou weerzien by Hem!"

In Utrecht het hy nog die voorreg geniet om een van sy vader se professore, dr. Rooyaards, tot leermeester te hê.

Die/.......

---

1) A. Dreyer: Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke in S.A. 1931, 59.

2) Die Drie Doctores Faure by A. Dreyer: Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke in S.A. 1929, 49 - 52.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bekende Vinke was 'n ander hoogleraar. Op 3 Julie 1851 is hy tot doctor in die godgeleerdheid gepromoveer na verdediging van 'n Latynse dissertasie getitel: „Exegetico-theologica, continens annatationem in nonnulla loca Lucae in Actuum Apostolicorum libro referentis de Paulo ad Christum converso." Hy dra sy tesis op aan „Parentibus optimis carissimis", sowel as aan sy oom „Patruo dilectissimo Philippo Eduardo Faure SS. Antistiti Ecclesiae Nederlandico-Austro-Africanae Synodi h.t. Praesidi." 'n Maand later is die jonge doctor, toe slegs 22 jaar oud, deur die Provinsiale Kerkbestuur van Overyssel te Zwolle ondersoek en tot die preekdiens toegelaat. Daarna is hy in die kloosterkerk in 's Gravenhage tot sy ampswerk georden. Voor sy vertrek het hy in die huwelik getree met Jonkvroue Marianne Alewyn.

Dieselfde dag as waarop hy voet aan wal in Kaapstad sit, is hy deur sy vader, die actuarius synodi gelegitimeer. In Holland reeds het hy 'n beroep na Pietermaritzburg ontvang en ds. A. Faure het nou alle pressie op die seun uitgeoefen om die beroep aan te neem. [1] Eers bly hy egter eers in Kaapstad vir die Sinode van 1852 - om onnodige onkoste te vermy. [2]

„Dit strek my tot innerlike genoeë," so het ds. Dirk van Velden geskryf „om te verneem dat Pietermaritzburg weldra 'n getroue en wakkere leraar sal hê, en ek hou my daarvan verseker dat hierdie leraar sal ondervind dat hy met mense te doen het wat alle waarde heg aan ernstige en getroue evangelieprediking." [3] Dit was waar beide van

prediker/......

---

1) Afscheidswoord te Doesburg, Gereformeerd Maandblad, 1897, 104.

2) Brief d.d. Kaapstad 17 Julie 1852, aan Kerkraad, Korr. Lêer, II. 2 No. 17.

3) Gerdener: Ons kerk in die Transgariep, 94.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prediker en hoorders en daarom was die ontmoeting en die samewerking in die nuwe gemeente baie hartelik.

Die bevestiging het geskied op 9 Mei 1853 deur ds. van Velden van Winburg. Tot teks het hy geneem Jer. 1 v. 17 en die aandag van die gemeente ernstig bepaal by wat leraar en gemeente wederkerig van mekaar kan verwag. In die namiddag om vieruur het dr. Faure sy intreerede gehou na aanleiding van 2 Kor. 5 v. 20: „Ons tree dan op as gesante om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus ontwil: laat julle met God versoen." Hy bedank die konsulent, wat hy reeds in Nederland geken het, rig 'n woord van welkom aan ds. Dirk van der Hoff en bid Gods seën op hom af vir sy werk oorkant die Vaalrivier.[1)]

Die nuwe dominee het dadelik alles in sy uitgebreide werkkring begin reël: registers in orde gebring, 'n notuleboek aangelê en vir die geldsake die nodige boeke gevind. In tien verskillende plekke moes hy gaan preek, meesal te perd oor bruglose riviere en langs ongebaande weë. Hy het die Marianne-kerk (wat so genoem is na sy vrou) gebou en die gemeente Utrecht (also vernoem na sy akademiestad) gestig, wat hy as konsulent gedurig bearbei het. Sy arbeid was baie omvangryk, te veel vir sy kragte.

Enige maande na sy intree, nog voor die einde van die jaar, word sy vrou siek aan haar keel en adviseer die geneesheer 'n droeër klimaat. Sy wou nie daarvan hoor nie, maar op aandrang van eerw. Daniel Lindley besluit hy om haar na Kaapstad te neem. Die vertrek van die leraar het groot ontevredenheid by die nou herderlose gemeente gewek. J.D. Marquard moes van Kaapstad (d.d. 28 Desember 1853) 'n pleitbrief skrywe om hulle tot geduld te maan „Gy weet lieve Broeders wien gij hebt in dr. Faure, rechtzinnig in leer

en/.........

---

1) K.B. 1853.205, 206.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en godvruchtig in wandel." [1] Hulle weet nie welke plaasvervanger hulle sal kry nie.

Ook die leraar skryf aan hulle (d.d. 28 Desember 1853). [2] Daaruit leer ons iets van sy prediking ken. Nadat hy die omstandighede verduidelik het, verwyt hy homself dat hy sy dienswerk onder hulle gebrekkig verrig het. Daar is weemoed in sy binneste wanneer hy homself afvra watter nut hulle van sy prediking getrek het. „Die prediking was gebrekkig maar zij was ook opregt - (m.s. geskend) en opwekkingen tot bekeering en zaligheid kwamen bij my uit liefde voort. ik wilde in allen ernst en uit ware belangstelling u opwekken om den toekomenden toorn te ontvlieden door u met God te laten verzoenen: [3] door het dierbaar bloed van Christus Jesus het lam Gods dat de zonde der wereld wegdraagt - en..... waar zijn de vruchten?" Hy antwoord self op die vraag: „Helaas! ik ken er geene - ik weet van geen een die gebragt is geworden tot de kennis van zich zelven en van Zijnen Zaligmaker door mijne prediking."

Wat 'n belydenis vir 'n leraar om te doen! Daarom dat hy die fout ook by homself gaan soek het en later by Brighton getuig dat hy 'n aanvullende toerusting ontvang het. Aan die ander kant moet onthou word dat die mens nie steeds vrug op sy arbeid sien nie.

Dit is asof Faure nou in sy brief preek: „O, wat wordt er dan van uwe zielen als die woorden tegen u moeten getuigen op dien dag des Heeren..... Wat zal het u baten dat gy ryk waart en aanzienlyk en welvarend op de aarde - bedenkt dit toch myne waardsten! vooral by het wisselen van den jaarkring." Dan noem hy vrae wat elkeen vir homself moet stel ; jonk en oud, ryk en arm, ouer en kind, almal, antwoord!

as/.....

---

1) Korr. Lêer II. 2 No. 17, N.S.A.

2) Idem.

3) Vgl.sy intreepreek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as hulle aan sy liefde mag twyfel, nooit aan die liefde van die Saligmaker nie.

Aan die einde vra hy dat dié brief op Pietermaritzburg, Mooirivier (Natal), Weenen, Kliprivier e.a. wyke voorgelees moet word.

Uit die korrespondensie van daardie dae blyk dat hy met beslistheid sy man kon staan. Hy het die regte van sy kerk gehandhaaf teenoor die Regering, veral in die stryd oor die bevestiging van huwelike. 1) Vir meer as een was hy te onbuigsaam en streng. Hy het beswaar gemaak teen die doop van kinders van ouers wat op die renbaan gesien is of wat deelneem aan wêreldse vermake. Die kerkraad het toe besluit om die ouers in liefde te vermaan en die kinders te laat doop.

Dit lyk of hy, net soos sy vader, die Engelse Regering goedgesind was en dus hier goed gepas het in hulle kraam. In „een lange en indrukwekkende redevoering" bepleit hy die wenslikheid om kinders onderrig in die Engelse taal te gee. 2) Self het hy gedurig voor die Skotse gemeente opgetree en hulle bedien. Mev. Erasmus Smit skryf omtrent hom: „de Man is tegenwoordig hier, zoo gewenscht op de leerstoel, en zoo nederig, en liefdevol in zijne omgang, dat vriend en vyand hem bewonderd. de Schotten of Schotze gemeenten beschouwd hem als een wonder in dezen bedorven tijd, zij zeggen, zijne leer is als die van de oude <u>knoks</u> in Schotland. En hoord hem gaarne, als hy in de Schotsch Kerk predikt is de kerk vol." 3)

Voordat die Skotte hulle eie kerk besit het, was hulle gewoon om hul eredienste in die Ned. Geref. Kerkgebou te hou. 4) Toe die Skotse kerk in 1854 ingewy is, het die predikant/.....

---

1) K.B. 1853, 98.
2) De Ware Patriot, 10 Maart 1857.
3) Brief d.d. 2 Junie 1857, Acc. 8/122, N.S.A.
4) Notule kerkraad Pietermaritzburg, 7 Oktober 1844.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



predikant Campbell Faure gevra om „a short address" te gee en gevra „to urge your people to favour us with their presence and to aid us by their contributions at the opening services of our new church." 1) Dit lyk dus of die gesindheid sedert die besoek van die ouere Faure in 1843 baie verander het.

Hendrik Emanuel Faure moes 'n goeie prediker gewees het. Uit 'n verslag 2) van sy besoek aan Ladysmith in Natal hoor ons dat hy die Saterdagmiddag voorbereidingsdiens gehou het, „zijne toehoorders smeekende om zich met alle ootmoedigheid voor den Heere te buigen." Die aand word biduur gehou, waarin Abraham Spies, Karel Landman en Evert Potgieter voorgaan. Die Sondagmôre vind die aksiediens plaas. Sy Eerw. maak die doel van die heilige verbondsteken bekend en by die tafel spreek hy die nagmaalsgangers „op een voortreffelijke wijze" toe. Die verslaggewer laat dan volg: „Met gevoel van aandoening moet men zich overmeesterd voelen, indien men getuige is, met welke byzondere plegtigheid de Heilige Bondteekens in de Hollandsche Geref. Kerk toegediend en de diepe eerbied met welke zij ontvangen worden. De broederen doen ons aan Patriarchen van ouds gedenken." Die wens word geslaak dat hierdie waardige volk immer hulle oorspronklike eenvoud bly behou en vir altyd vry bly van die ondeugde en ongeluk wat hand aan hand met die beskawing gepaard gaan. Met die danksseggingsdiens maak dr. Faure in sy redevoering „een diep-indrukmakende toepassing" op die gebeurtenisse van die dag, welke hy op 'n sinnebeeldige wyse toepas op die toestand van sy gemeente in hul sondige stryd met die Koning van die koninge.

Die/.......

---

1) N.G. Kerk Pietermaritzburg Korr. lêer II. 1 no. 1; ook K.B. 1854, 417.

2) De Ware Patriot, 11 Februarie 1857.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die koerantberig vervolg deur te sê dat hulle nimmer dr. Faure met meer erns, geesdrif en mening die Woord van die Here hoor verkondig het as op hierdie geleentheid nie. „De indruk welke zijne predikatien, gebeden, enz. op zijne toehoorders maakten, was treffend, en oogenschynlik op ieders gelaat te lezen. Een ieder zat met de grootste aandacht en ingetogenheid, als of men in groote bekommernis verkeerde dat de Leeraar zijne leerrede te spoedig zoude afbreken." By elke uitgaan van die kerk vergader die gehoor in hul tente, waar 'n mens geen ander argument hoor nie, dan dat geen nagmaalviering meer aan sy döel beantwoord het as hierdie nie. Hulle kan nie genoeg praat van die predikant se buitengewone aanvallige en lieflike gesprekke nie, wat hy tussen die godsdiensoefeninge met elke familie in die tente onderhou het, „welke in alle waarschynlikheid veel klem aan de Leerredenen enz. hebben bij gezet."

Toe hy later as Konsulent in 1859, van Ladysmith afskeid neem, het hy ook „met grooten ernst en hartelykheid" hulle toegespreek, „ten gevolge waarvan bykans alle toehoorders tot trane bewogen werden." 1)

Die preekmetode van dr. H.E. Faure was tydens sy bediening onder die Voortrekkers dogmaties en gereformeerd, al het dit later na 'n meer metodistiese rigting oorgeslaan. Hy was baie eienaardig, maar 'n goedhartige en hulpvaardige man, met 'n warm gemoed en vrome sin en daarom deur vele bemin. Hy was met 'n groot begeerte besiel om die evangelie aan alle mense te bring. 2)

Al was daar bewyse van gevoel by die hoorders onder sy verkondiging, het hy dit nie juis aangemoedig nie. Skrywende oor „geestelike dronkenskap" sê hy: „In zulken toestand/.....

---

1) K.B. 1859.

2) de Bie en Loosjes: Biographisch Woordenboek. III. 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toestand zal het ook niet ontbreken aan eene zekere weekheid of aandoenlijkheid. Men zal kunnen tranen storten by het Avondmaal of by eene treffende voorstelling van des Heeren lijden, ook diep ontroerd kunnen worden by eene getrouwe voorstelling der waarheid." Maar gedurig vermaan hy om nugter te wees. As ons net op die emosies af gaan, word ons teleurgestel. „Wy waren gelyk een doornen vuur dat helder opflikkert, maar ook ras is uitgebrand, aan een bruischend bergstroom, en het leven des Geestes is immers den rivierstroom gelijk, wiens stille wateren de diepte van den bodem ons prediken." 1) Let op sy mooi beeldspraak.

Gereformeerd is hy ook in sy geloof dat die genade onverliesbaar is. 2)

Daarby was hy 'n warme sielsorger wat nie sy gemeente op valse fondamente laat bou het nie. Sommige het geen vrymoedigheid in die godsdiens nie, en hoop steeds dat alles sal regkom, maar hy wys hulle op die uitsprake van die apostel Paulus, soos: „want ek is versekerd dat geen dood of lewe....ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." (Rom. 8 v. 38, 39). 3)

Baie ernstig en op die man af moes sy verkondiging gewees het. „Myn vriend! gij bedriegt u zelven schromelijk. Gij zult veel eerder in staat zijn om de zandkorrels te tellen aan het zeestrand, dan uwer zondental; en wanneer zult gij die hebben geteld? Gij zult veel eerder in staat zijn den last van eenen berg op uwe schouderen te torschen, dan het gewigt van Gods toorn te dragen, dat er ligt op eene enkele zondige gedachte, die in uwen boezem opstijgt.... Welaan, laat dan varen al dat werken in eigene kracht, elke onderneming om u zelven te verbeteren, voor gij tot God komt, en ga met vrymoedigheid in en door Christus tot den troon der genade." 4)

Sy/.......

1) K.B. 1858, 57.
2) Idem, 56.
3) K.B. 1858. 72.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy intieme verhouding met die Heiland tree mooi te voorskyn in sy meditasie oor „De Goede Herder." 1) Die tere sorg van die herder vir sy skape skilder hy met duidelike kleure: „Vallen smaad en hoon, verachting, verguizing en spot, armoede, ellende, gebrek en jammer hun ten deele, de Goede Herder doet alle deze dingen medewerken tot hun eeuwig heil." Wat 'n troos moes hierdie waarheid nie vir homself gewees het nie, veral toe teleurstelling en smart hom kort daarna getref het. Dit lyk of die beeld van die herder en sy skape hom besonder getref het, want hy het later in Holland 'n leerrede daaroor uitgegee. 2) Hy het in daardie beeld 'n opwekking gesien van wat van hom verwag word as geestelike versorger van sy kudde.

Sy optrede in Kaapstad en Holland.

Teen die einde van 1858 „ten gevolge van overwerk en overspanning," sê Spoelstra „omdat hy met zijn aangeboren goedhartigheid zoveel hooi op zijn vork nam," 3) het Faure aan verbystering van die verstand begin ly. Hy self het later vertel dat dit die gevolg was van die dood van 'n seuntjie, want die droefheid het op sy harsings geslaan. In 'n profetiese oomblik het hy uitgeroep: „De Satan heeft myne ziel, maar de Here Jezus heeft mijnen geest, het zal drie maanden duren." Op die dag drie maande daarna word hy uit die Somersethospitaal, Kaapstad, ontslaan. 4)

Toe dr. Faure weer normaal word, het hy dadelik 'n beroep na die St. Stephensgemeente, Kaapstad, ontvang. Ds. A. Murray, Jnr. is tot sy opvolger in Pietermaritzburg beroep, maar 'n groot deel van die gemeente het per memorie aan die kerkraad 'n dringende versoek gerig om hul ou leraar weer terug te kry. Daar is ook gekollekteer om 'n geskenk aan hom te bied. 5) Sy nuwe gemeente het hoofsaaklik uit vry-

gemaakte/........

1) Idem, 17 en 23.
2) De Goede Herder, leerrede over Joh. X vs. 14 (Utrecht, 1863). Nie deur my gesien nie.
3) C. Spoelstra: Het kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, 39.
4) De Gereformeerde Maandblad 1897, 104. (5) K.B.1859,352.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemaakte slawe bestaan. Vir 2½ jaar het hy hier gewerk, toe hy verlof bekom om na Holland te gaan, teneinde geld te kollekteer tot afbetaling van die skuld wat op sy gemeente rus. Die verloftyd van vyftien maande is met ses vermeerder, en aan die einde daarvan het hy sy bedanking by St. Stephens ingedien. Hy het nooit weer na Suid-Afrika teruggekeer nie. Hierdie gedragslyn kan enigsins verklaar word, as ons weet dat sy vrou nooit heeltemal in Suid-Afrika gelukkig was nie, en hom gedurig gekwel het om na haar vaderland te kan teruggaan.

Dr. Faure ontvang in 1863 'n beroep na Hazerswoude, maar slaan dit af; in 1864 word hy beroep na Bergschenhoek met dieselfde gevolg; maar hy neem Doesburg aan, waar hy vir dertig jaar arbei, tot 1897. Twee jaar later het hy gesterwe.

Toe hy in Holland terugkom is hy deur die volgende gedig verwelkom: „Aan Dr. H.E. Faure":

„Zeer geliefde Kruisgezant
Welkom in ons Nederland,
's Heeren naam zy lof gegeven
Dat wy 't Evangeliewoord,
't Woord van troost, gena en leven
Hebben door uw mond gehoord.
Ja, den Heer zij lof en dank
voor uw lieflijk harpgeklank." 1)

Tydens sy verblyf in Doesburg het hy die voorvalletjie beleef, waarop hy so trots was: Sy Majesteit Willem III het tydens 'n inspeksie van troepe met die Frans-Duitse oorlog die begeerte uitgespreek dat dr. Faure as veldprediker moet meegaan. Dit het later geblyk nie nodig te

wees/.......

---

1) K.B. 1862. 380.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wees nie. Daarop voeg hy by: „Maar vyf jaren later werd ik wel opgeroepen in een hooger en belangrijker krijg door den eigen Koning van mijn hart." [1] Hy bedoel sy reise met ds. P.D.M. Huet deur Holland om geestelike opwekkingsdienste te hou.

In Engeland het hy in 1874 - 1876 in aanraking gekom met die Oxford Brighton-beweging, wat in die rigting van die Amerikaanse „revival" beweeg het. Hy en ds. Pierre Huet het 'n konferensie daar bygewoon en vergaderings van dié aard in Holland byeengeroep. Hy werk aan „Het Eeuwige Leven," die orgaan van die beweging in Nederland en tree met verskillende Baptistiese leraars op, al is hy nooit beïnvloed deur die Baptisme nie. Die Metodisme van Sankey en Moody het hom meer aangetrek. Daardeur het hy die gereformeerde lyn afgebuig; dit was egter nie tydens sy verkondiging in Natal en in die Kaap die geval nie. [2]

Behalwe sy leerrede oor Joh. 10 v. 14, wat in druk verskyn het, is daar nog „Bybelbeschouwingen" van hom in Bybel en Historie, [3] en „Herinnering aan Middachten, toespraken gehouden op het Zendingfeest van 29 July 1868," saam met Stuart, Esselen en ds. P. Huet.

HOOFSTUK 28/.........

---

1) De Gereformeerde Maandblad 1897, 105.

2) de Bie en Loosjes a.w.

3) Amsterdam, 1870.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 28.

## DS. PIERRE DAMMES MARIE HUET.

### Sy voorbereiding.

Ons kom nou tot die voorbeeld van 'n gevoels-prediker. As 'n mens die gevoel buite rekening in die godsdiens laat, dan tree daar 'n harde koue verstandsmens te voorskyn. Wanneer die emosies egter te veel aandag geniet, is die gevaar van sentimentaliteit en 'n dweperige godsdiens nie denkbeeldig nie. Die prediker moet hom steeds tot die verstand, die gemoed en die wil van die hoorder rig. Ds. P.D.M. Huet het diep gevoel en het op die gevoel gewerk. 1) Daardeur het dit geblyk dat hy baie onstandvastig was en telkens van front verander het. Hy het op die gevoel van die moment geleef, „altyd vervoerd door zijne verbeelding, altyd dweepende met iets." 2) As skrywer het hy die romantiek na Suid-Afrika oorgebring. Dr. Elizabeth Conradie sluit haar beskouing oor hom as volg af: „Konstant was die Romantikus alleen maar in sy ewige veranderlikheid." 3)

Vervoer deur sy verbeelding en onbeteuelde emosie het Huet hom ook in die voetspore van van der Kemp en Philip laat lei en onberekenbare skade in sy verkondiging onder die Voortrekkers gedoen.

Hy was 'n seun van 'n Amsterdamse predikant by die Waalse Kerk, en sy ouers het sterk daarop aangedring dat hy ook dominee sou word, maar sy lewensideaal was steeds sendeling te wees. 4) Toe hy jare later Basoetoeland besoek/.......

---

1) Elpis 1877.50.

2) K.B. 1855, 261 v.v. in 'n skets „Twee losbollen voor elkander biddend en hun gebeden verhoord."

3) Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, 309.

4) Pierre Dammes Marie Huet. Een Levenschets door de Redactie van „Woorden des Eeuwigen Levens." Uitgewers, Jacques Dusseau, Amst. Kaapstad. Lewensbesonderhede hieraan ontleen. Sien ook A. Dreyer: Jaarboek vir die Ned. Geref. Kerk 1929, 31 - 35.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besoek, het hy getuig: „Het is my altyd eene behoefte geweest om voor de gekleurden te prediken" en dat hy as kind reeds die begeerte opgeneem het. [1] Hierdie trek sou hom tot die einde toe bybly.

Sy studiejare word gekenmerk deur skommelende ondervindings. As teologiese student aan die Universiteit van Leiden openbaar hy hom as drinker, biljartspeler en dobbelaar. Sy maats hou van sy geselskap, vol humor, bytende satire, pakkende gedigte. Hy self egter is diep ongelukkig, probeer om homself te bekeer, maar val soos 'n gekortwiekte voël telkens verlam terug op die aarde. Hy wil sy teologiese studies los, maar sy moeder wil daarvan nie hoor nie. Hy verskuif na Montauban in Suid-Frankryk om weg te kom van sy omgewing. Sy gedrag verbeter, maar die siel bly onbevredig. Hy lewer vir die hoogleraars 'n paar verpligte preke en waag selfs om in naburige gemeentes die kansel te beklim. Later was hierdie proewe vir homself 'n raaisel, want al was dit deurspek met regsinnige en Bybelse waarhede, was sy hart ver van God en van Christus. „Dit is mogelijk," sê hy, „maar dan gaat er weinig of geen kracht van uit op degenen, die 't hooren."

Tydens politieke troebele in Frankryk beland hy vir 3 weke in die gevangenis, omdat hy o.a. versuim het om sy pas te laat reviseer. Te skaam om na Montauban terug te keer, swerf hy rond in sonde en keer na twee jaar weer na huis. Op pad na Maastricht lees hy die lewensgeskiedenis van Madame Guyon, wat by hom diep inslaan. 'n Besoek aan die bekende filantroop, ds. Heldring, gee hom weer hoop, want hy hou vol: „Gy kunt nog terecht komen!" Daar word voorgestel dat Pierre na Leiden vertrek om sy kandidaats af te lê. In die toespraak na sy ordening in 1862 in Kaapstad,

getuig/.....

---

1) Elpis 1857.154.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



getuig hy dat die ontmoeting met ds. Heldring die keerpunt van sy lewe meegebring het. Juis op daardie tydstip tree ds. G.W.A. van der Lingen van die Paarl met ds. Heldring in verbinding om iemand te soek wat kan help met die redaksie van 'n blad[1] teneinde die opkomende modernisme die hoof te bied. Kand. P.D.M. Huet word aanbeveel. Voor sy vertrek neem hy afskeid van Isaac da Costa, leier van die reveil, welke beweging diep spore ook op Huet nagelaat het.

In 1851 in Simonsbaai aangekom, begeef hy hom na die gasvrye pastorie van die predikant van die Paarl. Die dogter van ds. v.d. Lingen herinner hom as: „Vroolijk van aard, met een dichterlyk geest, en steeds levende onder den indruk van het oogenblik, deelnemende in het leven van ieder in huis." [2] Sy eie gevoelens druk hy in 'n gedig uit:

„Mijn hart is rusteloos meer dan de popelblâren,
Meer dan aan 't oeverstrand het ritselende lied,
Meer dan het woest geklots der fel bewogen baren
De bladers vallen af; God doet de zee bedaren;
Mijn hart, mijn hart alleen bedaart Zijn Almacht
niet." [3]

Ds. van der Lingen het, as fyn sielsorger, takvol met hom omgegaan. Hy het slegs aan die oortuigde sondaar telkens toegefluister: pleit op die beloftes! Hy versoek Huet om vir hom te preek, wat hom verontskuldig deur te sê dat dit vir hom 'n onmoontlikheid is. Tot sy verbasing kondig die dominee in die kerk aan dat kand. Huet aanstaande

Sondag/..........

---

1) Elpis.

2) Herinnering aan het leven en de arbeid van de Weleerw. Zeer geleerden Heer G.W.A. van der Lingen, predikant der Neder. Ger. Gemeente aan de Paarl. Door zijne dochter M. de Villiers, geb. van der Lingen, met een voorrede van P. Huet, Utrecht, 1875.

3) Paarlsche Gedichten, 18. Herdruk in sy Afrikaansche Gedichten, 8e. druk, 7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sondag sal preek! Met 'n bewende en biddende hart berei hy hom voor, maar is diep onder die indruk van sy onwedergebore toestand en onbekwaamheid. [1] Hy het gemeen dat sy preek nie die voortbrengsel van 'n begenadigde hart is nie. Toe hy die preekstoel afklim sê hy vir die eerste die beste wie hy toekom: „Ik ga den kansel niet weer op!" Die Here gee hom egter verlossing van die vrees en hy tree as oorwinnaar daaruit. Nog twee maal preek hy weer voor sy bekering.

Die volgende stap in sy ontwikkeling het op 2 Junie 1854 geskied. Terwyl hy op kamer was het die hemele vir hom eensklaps oopgegaan en is die liefde van God in sy hart uitgestort. Twee jaar later het hy 'n gedig aan ds. van der Lingen gewy, met die volgende slotvers:

„Aan wien, aan wien (na God) zal ik mijn danklied wijden?
Aan wien, zoo niet aan u, die my ten leidsman waart,
By wien 'k gelooven leerde en Jezus' Naam belyden,
Dien Naam, onze eenge vreugd in hemel en op aard!" [2]

Hy sien nou af van die redaksie-werk en wil Christus, wat aan hom verskyn het, verkondig. Hy wil as sendeling na die buiteland want sy Heer het hom uit 'n toestand, erger as dié van die heidene, gered. Gods wil egter was anders. Hy doen aansoek om proponents af te lê, maar die Sinodale Kommissie laat hom weet dat daar geen wet vir sy geval bestaan nie en dat hy moes wag vir die volgende sitting van die sinode in 1857. Pierre Huet het meteens nou 'n gewilde prediker geword; hy trek 'n groot gehoor in die Paarlse kerk.

Hy/........

1) Breedvoerig deur homself beskryf in K.B. 1855.266.

2) Afrikaansche Gedichten, 8e druk, 94.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy self het geen gunstige oordeel oor sy prediking nie. Hy meen dat hy veral die kinders van die Here ongelyk aangedoen het deur Hom so onmoontlik en onbereikbaar voor te stel dat dit genoeg was om die swakkes en gebrokenes te laat wanhoop. Die hoorders se mening egter was die teenoorgestelde: hulle het gedink dat hy 'n besondere gawe besit om bekommerdes voort te help. Baie het getuig: „O, die lieve mijnheer Huet, wat hebben wij een zegen door hem gehad! Wij zullen hem nooit vergeten." Met ontroering van die hart neem hy afskeid van die Paarl, waar hy sy Heiland ontmoet het, om as hulpprediker op Aliwal Noord diens te gaan doen. [1]

Op Aliwal Noord.

Die eerste indruk van hom in die nuwe oord was gunstig. De Kerkbode skryf: „Hy schenke onze kerk meer zulke Evangeliepredikers!" [2] Huet het sy bediening met groot erns aangepak, vir ure aaneen gebid en met elke siel oor sy heil onderhandel. Hy was teleurgestel met die resultate en besluit dat God hom wil leer dat nie die praat, selfs die doen nie, maar veeleer „het Gode gewijd innerlijk zijn" die sout van die evangeliedienaar is.

Nou vind hy geleentheid om sendingwerk te doen en trek die lot van die hottentotte by die Katrivier hom aan. Dit maak dat 'n deel van sy gemeente teen hom verbitterd raak „van wege mijne Philippijnsche begrippen en mijne onbewimpelde verkondiging derzelve." Later egter het sommige teenoor hom gunstig verander, wat hy as 'n wonder beskou, aangesien hulle vooroordele teen die sending baie sterk was. Onder die onverskilligste deel van sy gemeente kom daar nou ook 'n geestelike roering, wat die beloftes van 'n herlewing inhou.

Van/.....

1) K.B. 1856.93.

2) Idem, 159.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Aliwal Noord bring hy 'n besoek aan die Franse sending in Basoetoeland, wat reeds deur hul verkondiging soveel goeds aan die trekboere bewys het. Die begeerte om self tot die heidene te preek is by hom dringend, maar die feit dat hy hom nie verstaanbaar kan maak nie, hinder hom in die verkondiging. Dit is vir hom, wat gewoon is aan die onbeweeglikheid van christen-toehoorders, vreemd om die geween en gesug van die inboorlinge te hoor, wanneer hulle tot ontwaking kom en al erken hy die gevaarlike daarvan, tog verlang hy dat by die gemeentes meer emosie openbaar moet word. „Het blijft mij nog steeds een vraagstuk, of het mogelijk zijn zou, om werkelijk door den Geest van God aangegrepen te worden, en zonder diepe, om niet te zeggen hevige aandoeningen te blijven."

In 1856 verskyn „Eenige Reisindrukken en losse opmerkingen uit het Zakboek van P.H." in <u>De Kerkbode</u>. [1] Hy is verruk oor die opgaan van die gemeente na die huis van die Here. Hul statige familietogte van ure, ja soms van dae lank, herinner aan die optogte van Israel na die Jerusalemse tempel. Die eensame wêreldstreke wat hulle moet deurry, met die gewenste bergtoppe in die vooruitsig (Ps. 122 v. 1); die ryke kudde hier en daar versprei (Ps. 65 v. 14); die strale van die „heete middagzon"; met die verkwikking van 'n fontein in die gras (Ps. 84 v. 7); die gesug van die gelowige hart, aangesien hy lank laas in die kerk was (Ps. 42 v. 3), verplaas ons in die dae van Israel se bloei, toe van alle kante die stamme na die heiligdom opgeruk het. Die Voortrekkers was self lief om hulle by die Joodse volk te vergelyk. Huet word skaam as hy die opoffering van die gemeente bemerk en vind dat hy op Aliwal Noord nie genoeg aandag aan hul geestelike belange gewy het nie.

Huet/......

---

1) K.B. 1856.235

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Huet was 'n lewendige prediker. Toe hy op 24 Mei 1857 sy afskeidspreek te Aliwal Noord gee oor Jer. 9 v. 1: „Och, of mijn hoofd water ware", was die opwinding in die erediens so groot dat een van die toehoorders vir dood neergeval het. 1)

Hy gaan vervolgens op 'n preekreis om, met ds. Andrew Murray van Bloemfontein, die Trekkers te besoek, wat niks met ds. D. van der Hoff te doen wil hê nie. Alleen reis hy deur Basoetoeland en bewonder die kafferkinders wat vir hom duisend maal mooier is „dan die smaakeloze opgesierde verschijnselen, die men in onze ‚parks' ziet wandelen en ook <u>kinderen</u> noemt." Te Thaba Bosigo woon Mosjesh die erediens by, wat deur Huet in Frans gelei word. Na aanleiding van die gehuil van twee vrouens, wat hom baie laat dink aan 'n beskrywing van 'n Amerikaanse „revival", neem hy weer sy kans waar om 'n pleidooi te lewer vir meer emosie in ons godsdiens. „Gave de Heer, dat de tijd ook voor onze Christenheid aanbrake, dat de kreten des angstes en de snikken des berouws de prediking des Evangelies volgden! Het gevaar voor onze Christenheid ligt waarlijk niet in toegeven aan onmatige hartstochtelykheid."

<u>Sendingprediking</u>.

Hy ontmoet Andrew Murray op Winburg. Huet is baie vooringenome teen die Voortrekkers en gee in sy Reisjoernaal 'n ongunstige skildering van hul toestande. 2) Die kaffers se behuising en maniere is vir hom veel beter as dié van die Boere. Fyn spot hy met die kommando van die Vrystaters wat teen die Transvalers in 'n burgeroorlog uitgetrek het. Hierdie antipatie sou nie alleen by hom aanwesig wees nie, want 'n gehoor voel intuitief, of die prediker/......

1) Elpis 1857.150.

2) Reisjournaal, verhaal van een uitstapje uit Aliwal Noord naar de Fransche zendelingstatien in het Basutooland, Elpis 1857.149 - 187.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prediker se gees ooreenstem met dié van hulle. Die Boere was ook teen hom gekant.

Huet vermeerder daardie gevoel deur op Winburg oor die sending te preek. Die Sondagnamiddag wy hy uit - soos dit sy gewoonte was - oor die pligte van die christene teenoor hul heidense diensbodes. Hy maak bekend dat hy op Aliwal 'n gestig vir die kleurlinge wil bou en nou 'n kollekte vir die doel vra. Hy skryf: „De predikatiën schenen de lieden gesticht te hebben, althans sommigen kwamen my zulks betuigen. Voor myn gesticht kreeg ik echter slechts van twee personen." Een vroom kerkraadslid bedank hom ook gemoedelik, maar op die aanmerking dat hy iets moet bydra „hief hy zuchtende zijnen blikken ten hemel doch gaf niets." Dit is duidelik dat die gemeente ongewoon was om na 'n sendingpreek te luister, veral uit die mond van iemand wat openlik gelykstelling bepleit het.

Ds. Andrew Murray wat langer in die land was, het hom gewaarsku om met versigtigheid te werk te gaan. Daarop skryf die voortvarende Huet: „Dit kunnen de lieden, die anders van hunnen Predikant alles verdragen willen, niet uitstaan, dat hy eenigermate zoude schijnen party te trekken voor de kleurlingen. De grofste beleedigingen kunnen zij ongedeerd aanhoren, doch dit is de gevoelige zijde - de <u>Achilles-pees</u> van <u>Zuid-Afrika</u>." Vir enig iemand wat na populariteit soek is dit ongerade om aan hulle 'n toegeneentheid te bewys. Dan vervolg hy: „Voor mij, hoe langer ik in Zuid-Afrika ben, en hoe meer ik met beide klassen bekend word, hoe meer ik de noodzakelijkheid gevoel om te dien aanzien ernstig getuigenis af te leggen van de volle waarheid des Evangelies, dat van geene aanneming des persoons noch van onderscheid van kleuren weet."[1] Hierdie voorneme het hy dan ook uitgevoer, maar met soveel takloos-

heid/......

1) Idem, 173.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid, dat hy die goeie saak meer skade as goed berokken het.

Die Sondagaand gee die kerkraad vergunning om in die kerkgebou van die blankes vir die inboorlinge te mag preek, „een liberaliteit, welke niet overal gevonden wordt." Maandag moet hy verneem dat vier Hottentotte terstond na die kerk gaan steel en diens verlaat het. 'n Skampere Mefistofeles-stem fluister nou in sy oor: „Ziet gij wel dat gij voor een kwade zaak vecht?" Hy luister egter na 'n beter stem. Maar die vooroordeel onder die Boere teen die sendelinge word hiermee nie verminder nie.

Saam met Ds. A. Murray onderneem hy die terugreis na Bloemfontein en vandaar deur Basoetoeland na Aliwal. In sy meergenoemde reisbeskrywing hekel hy nog gedurig die Boere, let hy op hul mishandeling van die inboorling en praat hy die dade van die Franse sendelinge goed. Ds. Heldring wou dat hy sy ondervindinge moes neerskryf en vir die Nederlandse pers gereed maak. Toe hoor hy egter van die oprigting van Elpis en plaas die geskrewene, wat vir die oë van Europeërs bedoel was, in 'n Suid-Afrikaanse blad. Die verontwaardiging onder die Boere was groot en baie het dadelik hulle intekening op Elpis gestaak.

In 'n aparte boekie oor die sending het hy nog meer die waters vertroebel. 1) Daarin lê hy die volgende stellinge neer: (1) Die evangelie moet aan die heidene verkondig word; (2) Gekleurdes moet in dieselfde kerkgebou met blankes toegelaat word; (3) Waar inboorlinge nog onbeskaaf is en die evangelieprediking nie reg kan waardeer nie, kan hulle in aparte geboue godsdiensonderrig ontvang, totdat hulle bekwaam is om in dieselfde kerk met blankes te kan aanbid; (4) Gekleurdes moet tot die kerkgemeenskap met die blankes/.....

---

1) „Eene kudde en een Herder - Verhandeling over de toebrenging der Heidenen tot de Christelijke Kerkgemeenschap, door P. Huet."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blankes toegebring word, en met hulle op gelyke voet, sonder onderskeid toegelaat word tot die christelike voorregte - doop en nagmaal. Onder andere trek hy te velde teen 'n besluit van die Sinode van 1857 dat blankes en inboorlinge in aparte geboue moet aanbid en eindig sy veroordeling met die vraag: „Als Paulus in de Synodale Vergadering van 1857 verschenen ware, zou hij niet, als weleer tegenover Petrus, haar in het aangezigt hebben wederstaan?"

Hierop het iemand wat homself as „H" teken, geantwoord dat dit wenslik en nie teen-skriftuurlik is nie, dat die heidene hul voorregte in 'n afsonderlike gebou geniet, want die kleurlinge is dikwels nog op 'n lae trap van ontwikkeling en kan 'n ingewikkelde leerrede nie verstaan nie. Hulle voel hulle meesal nie tuis in die teenwoordigheid van blankes nie en sal langs die bane in eie kerkgeboue baie beter ontwikkel. Hierop het Huet weer breedvoerig gereageer. [1)]

Ook in sy berugte boekie „Het lot der Zwarten in Transvaal" [2)] bepleit hy die gelykstelling tussen wit en swart in Suid-Afrika en het daardeur die Boere teen die sending geprejudiseer.

Dit sal nou die moeite loon om na te gaan of die beskuldiging, dat die Boere teen die sending gekant was, juis is. Ds. C. Spoelstra het reeds in 'n referaat, gehou te Zwolle, 18 Oktober 1900, voor die sendingbond van predikante in die provinsies Overijsel en Drente die vraag bespreek: „Zijn de Boeren vijanden der Zending?" [3)] en tot die slotsom geraak dat die Boere nie teen die sending

as/........

1) Elpis 1860.178, 179 en 273 v.v.

2) Utrecht 1869.

3) Verskyn by H. Tulp, Zwolle 1901; ook in Engels vertaal: „Are the Boers hostile to Mission work?" The New Age Press, Londen 1902.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as sodanig was nie, maar teen die Engelse sending in diens van die Engelse politiek. Ook dr. D.J. Keet het by die aanvaarding van die hoogleraarskap in sy inougurale rede [1] die beskuldiging ondersoek of die Voortrekkers teen die uitbreiding van Gods koninkryk gekant was en tot dieselfde slotsom bogenoem gekom. Weliswaar was daar individue wat hulself as meerwaardig bo die kaffer gaan stel en hom soms wreed mishandel het. Die meeste Voortrekkers het gedurig nog gedink aan die wanpraktyke van dr. Philip, van der Kemp cum suis, want die kortsigtige sendingbeleid van die Londense Genootskap was een van die oorsake van die Groot Trek. Verder was die gevolge van die wrede uitmoording van Boerelaers deur die inboorlinge nog vars in die geheue van almal. [2] As vanself was daar dus 'n huiwering teen die swart vel van die barbare.

Die Boer was egter nie teen die kerstening van die naturel nie. Een van die beweegredes waarom hulle getrek het, was dat dit noodsaaklik is „for the extension of the Gospel among the Heathen tribes among whom they purpose settling themselves." [3] Daar is baie bewyse dat die vrome Trekker die heil van sy diensbode op die hart gedra het, maar ons volstaan met hierdie heldere verklaring van die Natalse volksraad in 1841: „Hierdie raad is nie ongeneë om die werk van die sendelinge onder die heidene tot verkondiging van die evangelie toe te laat nie, en selfs aan te

moedig/.....

---

1) Die Voortrekkers en die Sending, Pretoria 1939.

2) B.C.C. Pine skrywe aan die Goewerneur: „There is no doubt too that their feelings towards the natives are such as we cannot admire.... but consider the light in which these men must view the natives - not as a Philanthropist in England as an inoffensive and oppressed race, but as cruel treacherous foes and as faithless allies. These natives are associated in their minds with scenes of blood, blazing homesteads, foul acts of treachery, dastardly murder of women and children." Gerdener: Boustowwe, 60.

3) Volgens dr. W. Robertson, by Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 7.

© University of Pretoria

moedig en te ondersteun soveel in ons vermoë is nie, aangesien ons bekend is met die groot nut daarin geleë en die plig daaromtrent wat rus op elkeen met die naam van christen; dat egter die Hollandse boere van Suid-Afrika veel moes ly deur verkeerde en geheime berigte van baie sendelinge tot nadeel van ons nasionale eer en karakter, welke sendelinge hul meer laat gebruik het as politieke voorstanders of hoofde van die ‚gecouleerde volkere' dan as vreedsame leraars van die Woord van God; dat daardeur 'n sterk gevoel onder die Suid-Afrikaners teen die sendelinge opgewek is. Daarom het die raad besluit om geen sendelinge binne die grondgebied toe te laat nie dan alleen hulle van wie geglo kan word dat hulle opregte dienaars van die woord van waarheid en van vrede is." [1)]

Wanneer die Boere dus vooroordeel teen die krasse sendingprediking [2)] van Pierre Huet toon, dan is dit nie dat hulle in beginsel teen die uitbreiding van Gods koninkryk was nie, maar teen die verkeerde sendelinge. Verder was hulle besig om, terwille van eie behoud, 'n kleurbeleid van segregasie algaande uit te werk en het daardeur 'n bydrae vir die nasies van die wêreld gelewer. Dit het Huet nie besef nie.

In Natal en Transvaal.

Hy verlaat Aliwal Noord en doen aansoek by die Kaapse Sinode (1857) om georden te word. Dit is toegestaan. Die ondersoek na sy bekwaamheid het agter geslote deure geskied. Vir sy proefpredikasie neem hy tot teks: „Roept Simson, dat hy voor ons spele!" Toe die aanwesiges dit hoor, het daar 'n glimlag op die aangesig van meer as een

gekom/.......

---

1) Gerdener: Ons kerk in die Transgariep, 74, 75.

2) Hy was baie lomp in die voorstelling van sy saak. Self getuig hy: „Het is moeilijk te weten, hoe te handelen, om oprechtheid en voorzichtigheid te vereenigen." Een Levenschets, 143.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekom. Nietemin het die leerrede baie in die smaak geval en is dit hoog geroem. Aangesien die Sinode op leraars 'n oproep gemaak het om na Lydenburg te gaan, en Huet hom daarvoor aangebied het, word hy in die Groote Kerk voor drieduisend mense met oplegging van hande afgesonder tot die evangeliebediening. Die Assessor Synodi, ds. John Murray hou die bevestigingsrede. Daarna bestyg ds. Huet die kansel en lees sy tekswoorde uit: „My is barmhartigheid geschied!" Die indruk wat hierdie geniale maar gevoelvolle prediker op sy gehoor gemaak het, was oorweldigend. Met ongekunstelde taal vertel hy hulle die hele pad waarlangs die Here hom gelei en hoe hy in die Paarlse pastorie rus vir sy siel gevind het. Dit was 'n eg persoonlike en intieme getuienis. Daar was 'n doodse stilte in die kerk onder breek deur 'n versugting of snik. 1)

Ds. Huet reis per boot na Durban en dien die gemeente van Pietermaritzburg vir twee maande in die plek van dr. H.E. Faure. Sy reputasie het hom egter vooruitgeloop en die mense was baie gekant teen sy sendingaksie. Later toe hulle hom beter leer ken, het die vooroordeel soos ys weggesmelt, anders sou sy evangelieprediking daar baie beperk gewees het. Baie mense belas met sondes maar oortuig deur Gods Gees, bring hom daeliks besoeke, terwyl hy self by die mense in hul huise kom. Onverbreeklike ewigheidsbande is gelê tussen God en siele, tussen siele en Sy dienskneg, wat vir hulle dierbaar geword het.

In Pietermaritzburg het 'n seun, Marinus, onder sy ernstige prediking tot bekering gekom; hy ontvang godsdiens onderrig en op die laaste dag van ds. Huet se verblyf in die gemeente doen hy belydenis van die geloof en word gedoop Die teks was: „Wat verhindert my gedoopt te worden?" na

aanleiding/.....

---

1) K.B. 1857.377.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanleiding van die geskiedenis van die Moorse kamerling. Huet getuig dat dit die plegtigste stonde in sy lewe na sy ordening was. Elke hart in die kerkgebou was geroer. Die prediker het oor 'n treffende tekskeuse beskik en die aand preek hy oor: „Hy reisde zijn weg met blydschap!" Lank voor die aanvang van die diens was die kerk gevul, want die mense was bang dat deur die onweer dalk geen erediens gehou sal word nie.

Met die ossewa na Greytown hou hy gedurig godsdiensoefening vir die Boere. Een man, vermoedelik melaats, ontvang privaat kommunie. Sy vrou, sy broer en 'n onderwyser sit saam aan. Hierdie keer is die teks: „Ontfermt u mijner, ontfermt u mijner, o gij mijne vrienden, want de hand Gods heeft my aangeraakt." Die Here se lyding en sterwe word nou verkondig en Huet het self eenmaal daarvan gesê: „die Man van Smarte was daar teenwoordig." Hy gaan daarna na 'n klein kamertjie om hom af te sonder. Eensklaps gaan die deur oop en drie Hollanders tree met trane binne. Hulle was teenwoordig by die nagmaalsbediening en het diepe indrukke ontvang, sodat hulle nie meer kon uithou nie. Ds. Huet, kenlik gelei deur die Gees, spreek hulle toe en vermaan hulle om nie te rus voordat hulle getuienis van die vergiffenis van sonde ontvang het nie. Hulle het gekniel om saam te bid.

Hy reis vervolgens na Weenen en Ladysmith, waar hy vir die basters in Hollands preek. Vroeg volgende môre loop daar 'n Hottentotse meid voor sy venster heen en weer en klop later beskeie aan. Met 'n bewoë hart en trane verhaal sy haar lewensloop en stort haar ganse hart voor die leraar uit, om lug te gee aan haar beswaarde gewete. Die verkondiging van die vorige aand het met krag die lig vir haar oor haar sondige weg laat oopgaan. Hy kry nou amper nie tyd om te

eet/........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eet nie, want daar wag te veel ampsverrigtinge vir hom, maar hy het sy lewe vir homself nie dierbaar gereken nie.

Vandaar via Utrecht na Lydenburg. 1) Hier ontmoet hy onophoudelik vooroordeel, selfs vyandskap. Hulle is bekend met sy vroeëre sendingreis en reeds te Utrecht het hy gehoor dat Lydenburg hom liefs nie sal ontvang nie, omdat hy 'n voorstander is van gelykheid tussen wit en swart. Hy deins egter nie terug nie, maar hou godsdiensoefening vir die diensbodes van die dorp en verwek daardeur nog meer teenwerking. Tog het die Here sy arbeid daar geseën. Dikwels na afloop van die prediking was die dominee se klein woning gevul met ernstig ontwaakte siele, wat een vir een hom kom raadpleeg. Die Here gee hom genade en wysheid om hul toestand te verstaan en soos 'n geneesheer die nodige voorskrifte te gee. Van daardie tyd skryf hy: „In alle nederigheid en met dankzegging aan den Heer kan ik zeggen, dat de Heer wonderen doet. Het is byna de vervulling myner stoutste wenschen, dat niet alleen een groote en diepe aandoening zich soms van het geheele gehoor meester maakt, maar werkelyk bekommering by niet weinigen, gepaard gaande met eene vernieuwing van hart en leven, zelfs met betrekking tot de gewone vooroordeelen." 2)

Hierdie seën in aanmerking geneem, kom dit so vreemd voor wanneer hy later in Holland, nadat hy 'n geestelike verandering deurgemaak het, uitroep: „Ik ken die leer (nl. die gereformeerde leer van die uitverkiesing); ik heb haar ook lange tyd geloofd en gepreekt. Ik heb er zoo onder geleden. Of er ook zielen onder mijne prediking zijn toegebracht? Niet zooveel, voor zover ik weet," (hy klap met sy duim en voorvinger). 3) Vir my lyk dit of hy 'n onbillike oordeel/......

---

1) K.B. 1859. 403 v.v., amptelike verslag van sy reis.
2) Een Levenschets, 131, 132.
3) Idem 278.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oordeel oor sy werk in Suid-Afrika uitgespreek het. God het sy prediking onder die Boere bevestig. Persoonlik het hy die werk onder hulle so geniet dat hy eenkeer skryf: „Ik denk het lot van een ambulant prediker in Transvaal, is glorierijker dan dat van Napoleon op zijn keizerlijken stoel." 1)

Sy drang om die evangelie te verkondig en vrug op sy arbeid te bespeur, word beluister in 'n gedig „Uit Lydenburg":

„Geen menschengunst voor mij, maar smaadheid en verachting;
Geen aanzien hier op aard zij immer mijn verwachting
Maar O! dat op Uw Woord de zondaar zich bekeer,
Dan wenscht mijn ziel niets meer." 2)

Van Lydenburg reis hy deur na die noordelikste punt van die beskawing, na Soutpansberg, of nader beskrywe, na Schoemansdal. Hier was reeds 'n kerkie klaar gebou wat hy kon inwy. Omdat 'n predikant vier jaar laas hier gepreek het, bly hy nou vir agt Sondae in daardie gemeente. Talle mense woon sy huisgodsdiens by, so hongerig was hulle na die Woord. 'n Soeloe, ru en onbeskaafd, veroorsaak stoornis in die byeenkoms, maar begin later te snik en roep luidkeels: „Inkoos Jesu! Inkoos Jesu!" Soms het dit gebeur, wanneer hy oor die ontsaglike dinge van die ewigheid praat, dat daar nie één was, wat die hoof nie laat sak en met trane of snikke aan sy opgekropte gemoed lug gegee het nie. Een voorval was daar van 'n jonggetroude vrou wat deur Gods Gees geraak was. Byna onafgebroke dag en nag het sy in die gelukkige droefheid verkeer, wat alleen aan 'n begenadigde siel bekend is.

Hy kla nog steeds oor 'n vyandige houding teenoor die/......

---

1) K.B. 1858.353.

2) Afrikaansche Gedichten, 83.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die naturelle. Die Boere sou dan meen dat hulle afstammelinge van die Jode en derhalwe uitverkorenes van God is. Hy verskaf ons ook 'n kykie in die geestesgesteldheid van die Trekkers in daardie verafgeleë dele. Die gewone verskynsel in hul sielelewe is drome; weinige is daar wat nie 'n aangrypende droom te vertel het nie, waarin hulle die duiwel, die pad na die hel en Jesus Christus in die hemel gesien het nie en wat 'n noukeurige beskrywing van sy gelaat, hare en baard kan gee nie. Baie steun op hierdie „ontmoetinge", terwyl hulle in 'n onbekeerde, ja dikwels ergerlike lewe van drink en vloek voortleef. Almal is godsdienstig wanneer dit te pas kom. Dikwels vind iemand die grootste gewetensbeswaar in die mins skadelike dinge, terwyl hulle oor groot sondes as swakhede of as gans geen sonde nie heenstap. Hulle raak in 'n geestelike „stryd". Sommige word gedryf om dae aaneen in eensaamheid rond te swerf. Ander kerm en bid. Nog andere swyg stil. Hulle wanhoop aan die genade en wil geen troos weet nie. Die een of ander vrees die Bybel. Sommige sterf in daardie toestand, andere breek deur tot sekerheid en vreugde. Vir Huet was dit nie altyd sielsbekommering nie, maar meer 'n vorm van besetenheid. Hy ontmoet hier ook aanhangers van die Jerusalemgangers met hul sieklike eensydige apokaliptiek. Volgens hom moet hierdie vreemde verskynsels daaraan toegeskrywe word dat die Trekkers vervreemd van die genademiddels geword het. Een jongman, reeds getroud, verhaal dat ds. Huet die eerste predikant was, wat hy te sien of te hoor gekry het.

Die dominee het selfs in Schoemansdal skool gehou en baie het hom liefgekry, sodat hulle graag sy permanente dienste wou verseker. Hulle het so'n versoek aan die Uitvoerende Raad van die S.A. Republiek gerig en gevra om 'n salaris toe te ken ooreenkomstig die grondwet. Hierdie versoek is egter nie toegestaan nie „omdat de Raad de

grondige/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grondige bewyzen heeft, dat de Eerwaarde Heer Huet een rusteloos persoon is, en verwarring in het land zal bewerken." 1)

Ds. van der Hoff het die kerkraad van Soutpansberg tot verantwoording geroep vir die uitbring van die beroep sonder sy toestemming. 2)

Pierre Huet het via Waterberg en Ladysmith na Pietermaritzburg teruggereis om op 1 November 1858 sy bestemming te bereik. Aan die sendingkommissie gee hy offisieel rapport. Hy het 140 keer op die reis gepreek. 3) Hy skryf verder 'n artikel: „Het eeuwig lot der Heidenen," 4) waarin hy weer sterk pleit dat die laaste bevel van die Meester uitgevoer moet word. Daarin getuig hy dat die Here sy woord onder die „uitgewekenes" beseël het; ondanks alle vooringenomenheid en vooruitbereide teenstand is menige hart geraak en oortuig van sonde en baie het hom kom spreek oor die weg van heil. Hy sluit met dié woorde: „Geen Napoleon op den keizerstroon gezeten, zoo roemrijk en zoo heerlijk een ambt bekleedt, en zoo hooge eer geniet, als de arme onbekende Evangelieprediker in een nederig kerkgebouw of armoedige paardenstal voor een schare eenvoudige hoorders het goede Woord Gods uitleggende, en zielen winnende voor den Heere Jezus."

Dat die verkondiging vir hom 'n saak van groot erns was, word bespeur in sy gedig „Preeken", waar hy o.a. sê:

„Schoon de meesten die u hooren,
Luistren met gesloten ooren,
't Zelfde blijven wat ze zijn;
Schoon uw arbeid vruchtloos schijn',
Wein'gen aan uw woord zich storen,
Houd niet stille, pleit en smeek,
Christen-leraar, preek, ja, preek." 5)

Ds./....

1) Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Sept. 1858, art. 27; S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk, 180
2) K.B. 1859.13. (3) K.B. 1859. 403.
4) K.B. 1859. 8, 9. (5) Afrikaansche Gedichten, 110.

© University of Pretoria

Ds. Huet ontvang 'n beroep na Ladysmith, Natal, maar wou dit eers nie aanneem nie omdat hy liewers vry onder leiding van die Heilige Gees telkens wou rondswerf en verder begerig was om kennis te gaan maak met die herlewing in die buiteland. Di. Andrew Murray, Jnr., D. Postma en dr. H.E. Faure het egter by hom aangedring om na Ladysmith te gaan. Hy was die eerste leraar van hierdie Natalse gemeente en ds. H.F. Schoon getuig dat hy daar sy werk met die ywer van 'n Boanerges begin het. [1] Met Utrecht en Harrismith tot konsulentsgemeentes moes hy soms sewe Sondae na mekaar nagmaal hou. Die gedurige reis op pad het hom moeg gemaak en hy bly slegs 'n anderhalwe jaar daar. Daar was baie seën op sy arbeid, maar sy onverstandige optrede het sommige seer gemaak. So het hy bv. die moeders wat met klein kindertjies na kerk kom hard aangespreek en hulle wat selde 'n erediens kan bywoon, het hom dit erg kwalik geneem.

Dr. Faure het tydelik uit Pietermaritzburg pad gegee as gevolg van sy ongesteldheid, sodat Huet daar hulpdiens gaan verrig het. Met 'n huweliksbevestiging preek hy oor: „Ken die Here in al jou weë," en die bruid getuig later dat dit die oomblik van haar bekering was. [2] Daar begaan hy egter weer die fout om daarop aan te dring dat die kaffers saam met die blankes in een gebou moet aanbid. 'n Gemeentevergadering word daaroor gehou wat tot middernag duur, maar geen van die twee partye wou kop gee nie. Hy voel om nie nagmaal uit te deel nie, maar aan die ander kant, so baie van die gemeente het lange distansies afgelê. Na 'n worsteling in sy siel preek hy die volgende môre, Kersdag 1859, oor Luk. 2 v. 34: „Kyk, hierdie Kind is bestemd vir 'n val en opstanding van baie...." en nooi almal wat hierdie Christus aanneem tot die nagmaalstafel uit. Hy meen dat baie deur hierdie rede meer gunstig teen-

oor/.......

---

1) Na Vyftig Jaren, K.B. 1915.565.

© University of Pretoria

2) Een Levenschets, 148.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor die sending gesind sou wees, maar andermaal het hy onversigtig opgetree, en dit tydens so'n plegtige fees.

Hy ontvang nogtans 'n beroep na dieselfde gemeente nl. Pietermaritzburg, en beloof om van uit Kaapstad antwoord te gee.

Sy voorneme om in 1860 na Holland in te skeep, staan in verband met sy sendingywer; hy wil hulp gaan soek vir die uitgestrekte gemeentes van Afrika. Getrou aan sy Petrus-natuur dig hy 'n afskeidslied „Aan Zuid-Afrika" („bij mijn voornemen om eene reis naar Holland te doen", 1) heel voorbarig, want die reis is nie dadelik onderneem nie.

Toe hy in Kaapstad arriveer, het die eerste aflewering van De Onderzoeker net sy verskyning gemaak, die liberale maandblad onder redaksie van L. Marquard. Die twee partye in die kerk het hulle skrap gestel; Huet gooi sy hele gewig aan die kant van die ortodoksie en vaardig 'n pamflet uit, waarin hy die teenparty dadelik beskuldig van „liberalisme, rasionalisme, neologie, verfoeilike God honende spotterny, vergiftoedieners en vyande van die kruis van Christus." 2) Die beroep na Pietermaritzburg neem hy aan in plaas van na Europa te reis. 3)

In Elpis verskyn nou van hom 'n opstel wat hy op Lydenburg begin en op Ladysmith voltooi het: „Het Lijden dezer wereld. De Geheele wereld verdoemelijk voor God. Bespiegelingen over Rom. 111:19." 4) Daarin bepeins hy die probleem van lyding en pyn onder die mensdom, die vraag wat soveel geeste in die verlede reeds besig gehou het.

In 1861 is hy getroud met Meinouda Robbé, 'n Hollandse dame/.......

---

1) Afrikaansche Gedichten, 99.

2) Een woord by de verschyning van het eerste nummer van „De Onderzoeker", door Ds. P. Huet - met eene stem van Waarschuwing tegen „De Onderzoeker", door Dr. P.E. Faure - N.H. Marais, Kaapstad 1860. Sien De Onderzoeker, Febr. 1860, 9, 10.

3) K.B. 1860. 32.

4) Elpis 1860. 1 - 59; apart verskyn by H. Höveker, Amsterdam, 1868.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dame van geboorte. Tydens sy Pietermaritzburgse periode vertoon hy reeds tekens dat hy al meer losgewoel word van sy gereformeerde ankers en oordrywe na die Metodisme. In 'n gesamentlike vergadering in die skotse kerk gee hy 'n beskrywing van die „revivals" van die sestiende en neëntiende eeue. [1] Aan die redakteur van De Kerkbode stuur hy 'n vertaling van 'n artikel van W.E. Boardman met die byvoeging „dat op menige bladzijde van praktisch godvruchtige werkskens uit Engeland en Amerika, meer wezenlijke Theologie in te vinden zijn," dan in vrysinnige boeke uit „arm" Nederland. [2] 'n Amerikaanse opwekkingsprediker, William Taylor, besoek (1866) nou die dorp en hou dienste. Toe hy heilbegeriges uitnooi tot bekering, staan Huet ook op om na vore te kom, maar Taylor wink hom om met die bekommerdes te gaan praat. Sy gemoed ontsink hom nou om sy eie sielstoestand bloot te lê en hy gaan met die werk voort. Eers na twintig jaar, volgens sy getuienis, sou hy die „Kanaänslewe" binnegaan.

Op Pietermaritzburg is die historiese Voortrekkerkerkie nou verlaat vir 'n meer doelmatige gebou. Sy inwydingsteks was: „De heerlijkheid van dit laatste huis zal grooter zijn dan die van het eerste." (Hag. 2 vs. 10). [3]

Die onstuimige seereis van 1862, gevolg deur 'n nog onstuimiger Sinode in Kaapstad, het hy meegemaak. Hy was in die middel van die stryd teen die liberales. Sy kant van die saak het hy in die beroemde „Herderlijke Brief" van 1863, wat nie minder as tien kolomme in die Kerkbode opgevul het nie, uiteengesit, [4] en in allerlei brosjures soos „Mededeelingen van den stryd in Frankrijk tussen Modernen en Orthodoxen" en „Petrus voorzegging vervuld in onzen tijd" of „De verderfe-

lijkste/......

1) K.B. 1860.28.
2) K.B. 1860.70.
3) K.B. 1860.159.
4) Oorspronklik in pamfletvorm uitgegee.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lijkste ketterijen bedektelijk ingevoerd." 1)

Nou verlang hy om sy Moeder in Nederland weer te gaan opsoek. Benewens beroepe na Greytown en St. Stephens ontvang hy 'n uitnodiging om as reisende prediker namens die Konfessionele Vereniging in Holland op te tree. Hy besluit egter om as afgevaardigde van Suid-Afrika die byeenkoms van die Evangeliese Alliansie in Amsterdam by te woon. Wanneer hy in sy „Afscheidsbrief aan de gemeenten der Ned. Gereformeerde Kerk van Natal" in 1867 heel dramaties uitroep: „Waarlijk, wel mag ik zeggen: Indien ik u vergete, O Zuid-Afrika, zoo vergete mijne rechterhand zich zelve!" was dit nie sy bedoeling om sy gemeente vir goed te verlaat nie. Min het hy geweet dat dit 'n laaste vaarwel sou wees.

Terug in Holland.

Wat ons doel betref is ons nou met ds. D.P.M. Huet klaar, maar dit is tog interessant om sy loopbaan in die buiteland kursories te volg en veral die bevestiging van ons beskouing te sien, dat hy 'n gevoelige en onstandvastige prediker was. In Nederland het hy dit eers bont gemaak. Nadat hy die konferensie van die Alliansie bygewoon het, besluit hy om die betrekking by die Konfessionele Vereniging te aanvaar. Op plekke waar hy vroeër die wêreld gedien het, verkondig hy tans die lewende Woord. Sonde en genade is die inhoud van sy prediking. Hy is nou universalis en bring 'n ruim evangelie. Teenoor die veldwinnende ongeloof bring hy die boodskap van die Kruis as 'n krag van God tot saligheid, soos dit in die gereformeerde belydenis tot uitdrukking kom. „Overal weerklonk zijn aangrijpend woord. Overal stroomde de belangstellende schare hem toe. Overal maakte zijne prediking overweldigenden indruk." 2)

Hy/........

1) Leerrede door P. Huet, Predikant der Nederduitsch Gereformeerde Gemeente te Pietermaritzburg, Natal - N.H. Marais, Kaapstad 1866. Sien K.B. 1866.222.

2) Een Levenschets, 185.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy het egter die dooie regsinnigheid bestry nl. 'n soort leerheiligheid wat net waak vir die suiwerheid van die belydenis en nie omgee vir die ware lewe in Christus nie. Hy het kragtig aangedring op 'n lewende christendom, want 'n sleur-godsdiens het geen mag teen die ongeloof nie. 1)

Vreemd genoeg dat hy later weer hierdie verkondiging as te „ruim" gaan verwerp en dat die verkiesing en verwerping aan die een kant en die mens se onmag aan die ander kant skeuring en inslag van sy prediking uitmaak. 2)

Dit is asof hy in eie geestelike lewe nog steeds onbevredig is, daarom hierdie gedurige front-verandering. Hy lees die geskrifte van W.E. Boardman, Guyon en Louvigny en stel nou self 'n preek op oor „die tweede bekering", na aanleiding van Luk. 22 v. 32, en gee dit in druk uit. Hy lewer daarin 'n pleidooi vir 'n voller oorgawe. Toe gaan hy na Brighton in Engeland waar hy die daad by die woord voeg en hom vir die tweede keer bekeer. Saam met dr. H.E. Faure reis hy Nederland deur om orals opwekkingsdienste te hou. In die arms van die Metodisme en Perfeksionisme het hy hom nou volkome gewerp en skryf: „Niet om te twisten, maar uit gewetensdrang", waarin hy die gereformeerde verkiesingsleer verwerp as onverenigbaar met die liefde van God. Hy skryf die droewige toestand van die kerk en godsdiens ook daaraan toe.

Gedurende sy verblyf in Holland het Pierre Huet die gemeentes Veenendal, Dirksland, Nunspeet en Goes bedien. Hierdie veranderinge in sy teologiese beskouings het hom noodwendig daar in moeilikhede laat beland. Die ergste dwaling is ongetwyfeld sy oorgang in latere leeftyd na die Spiritisme. Gelukkig dat hy daarvan weer kon terugkeer. 3) Hoe hy ookal geskipper het tussen die verskillende rigtings,

een/......

---

1) Idem, 190.

2) Elpis 1877.50, 51.

3) Vgl. P. Huet: Na vyf jaren (Amsterdam 1891).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een saak staan vas, hy was 'n eerlike soeker.

As prediker was hy ongetwyfeld een van die boonste rakke. Van sy Hollandse tydperk word gesê: „Men moest naar hem luisteren, welke onderwerpen hy ook behandelde. Bepaalde leerredenen, in den Hollandschen zin van het woord, waren zijne toespraken niet. Toch noemde een der grootste godgeleerden uit zijne dagen br. Huet den besten kanselredenaar uit Nederland." 1) Die lerende element was nie daarvan uitgesluit nie, maar leerstellige en verstandelike beskouing was by hom nooit hoofsaak in die prediking nie. Die praktyk van die lewe was vir hom belangrik. Hy het aan sy hoorders iets anders gegee as die gewone leraar. Hulle vergeet moeilik wat hy preek. Welke onderwerp hy ook al behandel, sy verkondiging dra steeds die stempel van diepe erns. Vir die sondaar het hy gepreek dat daar vir hom vergiffenis is, hier en nou.

Wat die metode van sy prediking betref word vertel dat hy altyd geïmproviseer het, maar sy improviasies was dikwels meer deurwrog as die geskrewe preke van 'n ander. Van 'n toga het hy nie gehou nie; hy het soms met 'n oorjas op die kansel gekom en dit na die eerste voorgesang daar uitgetrek. Langsaam begin hy sy rede, maar al vlugger en vlugger vloei die volsinne van die lippe, sodat hy soms oomblikke van die hoogste welsprekendheid bereik het. 'n Mens moenie dink dat hierdie improvisasies sonder voorbereiding voorafgegaan het nie. Dit kon so gelyk het. Maar ten eerste was hierdie prediker 'n man van meer dan gewone vlugheid, beskawing, ervaring en belesenheid. En ten andere, sy hele lewe was voorbereiding. Hy het in noue gemeenskap met die Here gelewe. Hy was altyd <u>in</u> die onderwerp wat hy besig is om te behandel. Hy was 'n man magtig in woorde en

in/......

---

1) Een Levenschets, 273.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in werke.[1)]

As prediker in Transvaal en Natal het hy diep spore nagelaat en is deur vele steeds in dankbare herinnering onthou.

II. BESOEKENDE/.......

1) Idem, 279.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 30.

## DS. JOHN TAYLOR.

### Eerste prediker in die Vrystaat.

Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om vas te stel waarom die Voortrekkers nie predikante kon vind om hulle op die trekpad te vergesel nie. Bekwamer penne het reeds die twee kante van die saak omstandig beskrywe. Om die prediking van die Kaapse predikante teen die Groot Trek te kan verstaan, moet egter op een oorsaak gelet word. Die Kaapse Kerk het die emigrasie as 'n daad van ongehoorsaamheid teenoor die gesag van die regering beskou en daarom mag aan die emigrante die sakramente nie uitgedeel word nie. 1) Toe die Ring van Graaff-Reinet later die versoek van ds. J. Taylor om onder die Voortrekkers te gaan preek goedkeur, mits dat hy die heilige doop en nagmaal nie bedien nie, het die blad Elpis geskryf: „De voornaamste reden dezer voorwaarde scheen geweest te zijn, dat de motieven der Emigratie by velen uit onzuivere beweegredenen waren voortgesproten, en zij toen ter tyd werden beschouwd als in opstand tegen de wettige Overheid; ook had men geene vrymoedigheid eene beweging aan te moedigen, die men niet goedkeuren kon." 2)

Met die verbygaan kan ons aanmerk dat hierdie opvatting deur die Kaapse Kerk verkeerd was, aangesien die Goewerneur Sir Benjamin D'Urban openlik verklaar het dat dit hom byna onmoontlik skyn om deur bestaande wette of deur wette op te stel persone, wat die Kolonie wil verlaat, te verhinder. Ook Kaptein (later Sir) Andries Stockenstrom het in 1837 gesê dat „hy van geen wet kennis droeg die Zijner Majesteits Onderdanen beletten kon zijn gebied te verlaten,

en/.......

1) Sien die Herderlike Brief van die Sinode 1837, S.6.1350, K.K.A. Teenoor die Kaapse Kerk moet ook billikerwys aangemerk word, dat by die eerste Sinode (1824) - dus lank voor die Trek - reeds met die oog op die trekboere bepaal is dat kerklike attestasies binne 'n jaar ingelewer moet word. Dit het die uitdeel van die sakramente aan die emigrante bemoeilik. Dreyer: Boustowwe, 210.

2) Elpis, 1858 No. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en zich in een ander land te zetten, en zulk een wet als zij bestond, zou tyranniek en onderdrukkend zijn." 1)

Wanneer 'n mens weet dat veral die Skotse predikante erg teen die Groot Trek gekant was, dan tref dit ons dat die eerste twee predikante wat aanduiding gegee het om agter hul wegtrekkende kudde aan te reis, Skotte was. Hulle het die Ring van Graaff-Reinet genader met die versoek om die Woorde van Lewe aan die Trekkers te mag bring. Ds. Thomas Reid van Colesberg vra in 1840 toestemming om „eene gedeelte van de Uitgetrokkenen thans woonachtig langs Riet-, Zand- en Kaffer-rivieren" te besoek „om alleenlijk het Evangelie onder dezelve te verkondigen." Hierdie vergunning word aan hom geskenk, maar hy mag die sakramente daar nie gaan bedien nie. 2) Ds. Reid het sy plan later laat vaar, waarom weet ons nie, maar waarskynlik het die emigrante te kenne gegee dat die voorgenome besoek met die beperkinge daarby, nie erg welkom sou wees nie.

In dieselfde jaar nog doen ds. John Taylor 'n soortgelyke versoek aan die Ring. Hy het in 1818 uit Skotland saam met die welbekende sendeling, Robert Moffat, na Suid-Afrika gekom en in verband met die Londense Sendinggenootskap vir 'n anderhalwe jaar in die Paarl dien gedoen. Lord Charles Somerset het hom gevra om predikant van die Ned. Geref. kerk te word en hom aangestel in die nuwe gemeente Beaufort. In 1824 is hy na Cradock verplaas waar hy tot sy dood in 1860 gestaan het. 3)

Aanvanklik was hy sterk gekant teen die hele onderneming van die landverhuisers. „Een Inwoner" van Cradock weet te berig dat sy dominee op Sondag, 18 Maart 1838, sy teks uit die profesie van Jona geneem het, waar hy wegvlug van/......

---

1) Dreyer: Die Voortrekkers en hul kerk, 11.
2) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 29.
3) Idem, 31.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die aangesig van God „en brag het over op diegeenen, die nu staan Emigranten te worden." Dit was weer 'n geval van politiek op die kansel en die gemeente het dit so beskou. Die korrespondent vervolg: „Maar onze Leeraar heeft het hier mis, want niemand van die gemeente hier is zoo onkundig, dat hy de hand des Heeren zoude willen ontvlugten. Zy willen alleen maar trekken waar de heerschappij van Doctor Philip niet meer geërbiedigd wordt." 1)

Die hoorders het hierdie preek nie maklik gesluk nie, want twee jaar later kla iemand uit Natal - miskien 'n trekker uit Cradock - aan 'n vriend in Kaapstad dat Afrikaanse leraars nie na hulle wil oorkom nie en sê daarop: „Is het mogelyk dat onze zoo zeer beminde Afrikaansche leeraren hen niet gedrongen gevoelen zich onder ons neder te zetten, denken zij niet aan Jonas die naar Nineve moest gaan?" 2)

Ds. Taylor het self later aan die Sekretaris van die Goewerment erken: „I have always been opposed to the Emigration, I do not consider it my duty to reside among them as their minister." 3) Hierdie houding het hom bygebly tot die einde toe en die indruk wat Dreyer gee, 4) asof hy later toeskietliker was, is verkeerd. In 1848 help hy met die nagmaal op Burgersdorp en ag dit as die geskikte oomblik om die aanwesiges in te lig omtrent die Engelse Regering se politiek oorkant die Oranje Rivier, nadat hulle die grondgebied annekseer het. Die manifesto en vorige proklamasies word aan die sewe-honderd nagmaalgangers verduidelik. Mnr. J.C. Chase, Kommissaris van die distrik Albert, skryf dat ds. Taylor teen die einde van die diens na die hoeksteenlegging van die kerkgebou, die menigte met gevoel toegespreek het „reminding them of the duties they owed to themselves,

their/.........

1) De Zuid-Afrikaan, 1 Jun. 1838.
2) De Ware Afrikaner, 4 Augustus 1840.
3) Dreyer: Kaapse Kerk en die Groot Trek, 30.
4) Idem, noot p. 166.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



their deluded countrymen, their sovereign, and their God; and conjured them, as their pastor and friend, especially such as has connections over the River, at once to use their best endeavours to recall them to a sense of their folly and wickedness and to receive with a deep gratitude the boon and blessings which his Excellency's Proclamation had conferred upon them." Chase weet verder te vertel dat die toespraak van die leraar „a most salutary impression" gemaak het, want baie het kopieë van die manifes kom vra en meegedeel hoe heilsaam die rede was. [1)]

Juis omdat Taylor prinsipieel so gekant was teen die Trek, waardeer ons dit te meer dat hy die geestelike aspek van die saak raakgesien het. Hy was bekommerd oor die siele van hulle wat so verstoke was van die genademiddels. Op eie houtjie het hy reeds in 1839 oor die Oranje-Rivier gereis en daar kinders gedoop, [2)] en natuurlik ook gepreek, want woord en sakramente gaan saam. Dreyer is dus verkeerd as hy beweer dat ds. W.A. Krige die eerste Ned. Geref. predikant was om op die bodem van die Oranje Vrystaat te preek. [3)]

Soos reeds gemeld het hy op 28 September 1840 aansoek gedoen om die Voortrekkers vir drie maande te besoek. Hy skryf aan Mnr. J. Bell, die Sekretaris van die Goewerment: „I trust that through the Divine blessing such a visit would be very beneficial to many." Die Ring van Graaff-Reinet het baie besware daarteen, veral teen die uitdeel van die Sakramente, maar gee tog eindelik toestemming op voorwaarde dat hy die bondseëls nie sal bedien nie en ander predikante sal soek om in sy gemeente diens te doen. [4)]

Prof./...

---

1) Imp. Blou Boek, Vol. 46, N.S.A.; Gerdener: Boustowwe, 55.

2) In: die Cradockse Doopregister vind ons enkele name in 1839, waaragter geteken staan „Over Groot Rivier". Sien Doopregister van Ned. Geref. Gemeente, Cradock.

3) Die Voortrekkers en hul kerk, 36; Jaarboek vir die Ned. Ger. Kerke in S.A. 1931, 59.

4) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 32.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Prof. G. Lauts het beweer dat ds. Taylor met hierdie beperkings so onvergenoeg was, dat hy sy voorgenome reis afgestel het. [1] Hierin is hy nie juis nie, want al het Taylor nie van sy volle drie maande gebruik gemaak nie, was hy tog meer as eens onder die Voortrekkers, preek hy vir hulle en doop selfs kinders, soos uit die Doopregisters van Cradock blyk.

Die Voortrekkers het hierdie gebaar van hom steeds hoog gehou en geroem. In 'n brief aan dr. P.E. Faure, gedateer Magaliesberg, 23 Desember 1850, bring hulle hul dankbetuiging„aan de W. Ed. Heer Tylort die de eerste oog van medelijden heeft gevestigt op ons arme herderlooze kudde" en beskou hom as die eerste belangsteller in hul noodtoestand. Hulle weet dat hy veel aan hulle in die gebede gedink het en reken nog altyd op 'n besoek van hom in Transvaal, maar dit lyk onwaarskynlik omdat sy liggaamskragte so sterk afneem.[2]

Met die bevestiging van ds. John Murray op Burgersdorp in 1849 word 'n verslag van die verrigtinge in die koerant gegee en spesiaal melding gemaak van ds. John Taylor, die vriend van die Voortrekkers, toe niemand geroep wou gee aan hul roepstem nie. „He visited them, prayed with them and for them. He stood between the living and the dead. Among the faithful, faithful only he." [3]

Ons kan aanneem dat sy bediening van die Woord onder die uitgewekenes nie sonder seën was nie. Immers hulle was lank verstoke van alle kerklike voorregte en het verlang om onder die geklank van die evangelie weer te kom. Alhoewel hy nie in suiwer Nederlands kon preek nie, was sy prediking tog in die betoning van Gees en van krag. [4]

Hy het belowe „my intention is to attend duly to

ministerial/........

---

1) De Kaapsche Landverhuizers, 38.

2) R.247/50, T.S.A.; Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 166.

3) Grahamstown Journal, 16 Junie 1849.

4) Dood van ds. J. Taylor, K.B. 1860.188.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ministerial duties and to have nothing to do with politics." [1) ] Sy prediking in die kolonie was egter so uitgesproke anti-Trek gewees dat daar 'n reputaise aan sy persoon vasgekleef en hy vir meer as een hoorder oorkant die Grootrivier daarom tot ontstigting moes gedien het.

HOOFSTUK 31/........

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 30.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## II. BESOEKENDE LERAARS.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 29.

## WESLEYAANSE EN FRANSE SENDELINGE.

### Wesleyaanse prediking.

In 1814 seil eerw. John McKenny na Suid-Afrika as die eerste metodistiese predikant om 'n werk namens daardie kerk hier te begin. [1) ] Sy vreugde was egter van korte duur, want Lord Charles Somerset weier om hom uit vrees vir aanstoot aan die gevestigde kerke, 'n aanstelling te gee. Twee jaar later tref eerw. Barnabas Shaw dit gelukkiger en toe maak hulle sending hier eers 'n aanvang. Ons wonder soms waar die Engelse sendelinge die Hollandse taal aangeleer het. Eerw. Shaw het die taal in Londen geleer by 'n Hollander Jansen, sodat hy, 'n paar maande na sy aankoms, in die Nederduitse taal sy eerste preek kon lewer. Hy het later in Kaapstad gereeld in Hollands preke gehou. Vir baie jare was hy gevestig in Leliefontein en Namakwaland.

Hy word in 1818 versterk deur eerwaardes E. Edwards en J. Archbell. Laasgenoemde, wat bestem was om later 'n rol in die lewe van die Voortrekkers te speel, het hom op Warmbad gevestig wat sedert 1811 deur die Londense Genootskap alleen gelaat is. 'n Oorlog tussen die Namakwas en Boesmans stoor hom in sy werk, sodat hy na die Bechuanas verskuiwe. Dit was troebele dae onder die kaffers sodat hy in 1824 hom weer na die Barolongs in die Kamiesberge wend. Maar daar is die stasie deur die Batau aangeval en Maquassi is tot op die grond afgebrand. Die res van die Barolongs gaan vestig hulle by Platberg naby Warrenton. 'n Verskriklike droogte teister nou die omgewing sodat water en weiding baie skaars word en Archbell en Edwards 'n ekspedisie na beter oorde op tou sit. Op die tiende dag bereik hulle Thaba'Nchu, die

berg/.......

1) J. du Plessis: History of Christian Missions in S.A., 166 v.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



berg van donkerheid, waar 'n stasie gestig word en waar James Archbell die laers van Gert Maritz en Potgieter teenkom.

Hierdie Wesleyaan het die kwelgees van eerw. Erasmus Smit geword, omdat die Potgieter-mense voorkeur aan sy prediking gegee het. Die eerste keer wanneer Smit hiervan melding maak, is dit vir hom 'n „bedroevende Zondag". Die aand preek hy in die ope lug voor 'n klein gehoor van twintig mense oor Matt. 20 v. 1 - 16. Hy het orals die mense laat aansê maar dit gaan met sommige volgens vers 6 van sy teks, wat nie wil kom nie, maar leeg op die mark bly staan. [1] Hy gaan sy teenstander Archbell 'n besoek bring, maar het baie punte van kritiek. Hy lyk vir hom sorgeloos in die werk te wees „en liever onder de Christenreizigers te willen prediken des Zondags, dan in die Heidengemeente, welke de Heer Jezus Christus hem als 'n herder heeft toevertrouwd." [2]

Dit verontrus hom verder dat daar 'n lys rondgaan om „Archibald" [3] - soos hy hom gereeld noem - tot leraar te verkry. Op Kersdag preek hy dan ook in die kerktent van die Potgieters. Smit was 'n bloedverwant van die Maritz-familie en verder was Potgieter nie seker of hy 'n behoorlik geordende predikant is nie, sodat hy teen Smit was. Die volgende dag stel Archbell voor dat hy en Smit beurtelings op die Instituut en in die laer moes preek. Smit was daarmee glad nie eens nie en meen dat hy „de loze vond van de Arminiaanse zin der broederschap" dieper insien as wat die Wesleyaan meen. Hy antwoord dat hy te siek voel en meer sin het om in eie gemeente te preek as in 'n ander s'n.

Soms het dit tot verwarring gelei. Toe eerw. Smit op 15 Januarie 1837 die Sabbatsdiens beëindig, gewaar hy 'n verwarring. Dit blyk dat 'n paar persone Archbell genooi het/......

---

1) Dagboek in dato 20 November 1836.

2) Idem in dato 15 Desember 1836.

3) Potgieter praat van "Aartspil" en Sarel Cilliers van "Heer Andswiel" of "Aachveld".

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het om te kom preek, of, volgens andere dat hy homself genooi het. Hy het 'n bietjie te laat gekom sodat die prediker reeds op die „kansel" was. Archbell is nou gesteurd en weier om die middagdiens te verrig. Sondag, 30 April, was daar weer teleurstelling „door de Remonstrantsgezinde Wesleyaanse zendeling Jakobus Archibald" wat belowe het om te preek, maar nooit opgedaag het nie. Die dagboek-houer sien daarin „'n Arminiaanse knoop in 't touw" wat verwant is aan die gebeure van 15 Januarie 1.1.

Die spanning moes na 'n punt toe loop. Saterdag, 24 Junie, reeds het Archbell na die laers gekom om 'n preekbeurt vir die volgende Sondag te verseker. Die offisiële leraar objekteer ten sterkste as synde in stryd met die beëdigde resolusies van 6 Junie 1837, maar die andere deel, helaas! glad nie die besware van Smit nie. Archbell daag eers Maandag op en dit lei tot 'n vinnige woordewisseling tussen die twee geestelikes. Eindelik vra „die Calvinistische leeraar E. Smit" aan „de Arminiaansgezinde Wesleyaanse leeraar Jakobus Archibald" of hy kan ontken dat hy lidmaat en leraar van die Metodiste kerk is, waarop Archbell nee antwoord en Smit triomfantelik uitroep: „Ergo, dan kunt gij ook geen dienstdoende en vastgestelde leraar in onze Gereformeerde Kerkgemeente zijn," en hom verwys na ons kerkleer soos deur Dordt vasgestel is.

Dit lyk of eerw. Smit die twee teologiese rigtings wil uitbuit om sy eie posisie onder die Trekkers vaster te stel, maar dit het hulle nie gehinder om na die Wesleyaan telkens te gaan luister nie. Trouens, hulle het Smit self nie as suiwer in die leer beskou nie. Wanneer „Representanten van den Treksraad" aan leraars in die Kaap skryf om hulp, meld hulle Smit se dienste, maar versoek om 'n troue leraar „die hem vasthoud aan de zuivere oude Hollandsche gerevormeerde Godsdienst." Veral het sy gebrekkige ordening hulle gekwel.

© University of Pretoria

Eerw./......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Eerw. Archbell het in Hollands tot die Voortrekkers gepreek. Dat hy die taal magtig was, weet ons van dr. Andrew Smith, wat vertel dat Archbell selfs die Barolongs in Nederlands toegespreek en dat 'n inboorling dit vertaal het. [1] Archbell het waarskynlik nie gewone eredienste vir hulle gehou nie, maar eenvoudige diensies. Hy was geliefd onder die emigrante. Sarel Cilliers vertel hoe na die slag van Vegkop en die kinders gehuil het van honger, hy vir hulle mielies en kafferkoring gestuur het. [2] Piet Retief getuig hoe loflik hy die naturelle op sy Instituut leer en wens dat alle sendelinge sy voorbeeld sal volg. [3] Ook Potgieter roem sy werk onder die kaffers by Maroko. [4]

Later is James Archbell na Pietermaritzburg verplaas, waar hy 'n lewendige bediening ondervind en steeds nog in aanraking met die Hollandssprekendes was. Hy vra om in die Ned. Geref. Kerkgebou vir Engelssprekendes te mag preek, [5] en koop 'n deel van die erf waarop die Geloftekerk staan vir die Wesleyaanse gemeente.

Franse Prediking.

Die Societe des Missions Evangeliques chez les Peuples non-Chretiens etable a Paris is in 1822 gestig en het 'n sendelingshuis vir die opleiding van hul werkers gehad, waarvan Grand-Pierre die direkteur was. Die eerste sendelinge Isaac Bisseux, Samuel Rolland en Prosper Lemue het Suid-Afrika in 1829 bereik. [6] Hulle sou die voorlopers wees van manne wat nie slegs vir die heidene van ons land tot voordeel was nie, maar ook vir die Voortrekkers met wie hulle in aanraking gekom het.

Van/......

---

1) Kirby: The Diary of Dr. Andrew Smith, director of the Expedition for Exploring Central Africa 1834 - 36 (Van Riebeeck Society band 20), 149.
2) Gerdener: Sarel Cilliers, 95.
3) Brief, d.d. 18 Nov. 1837, Port Natal, by Dreyer a.w. 87.
4) Briewe aan Stockenström, 9 Sept. en 18 Nov. 1837, by Preller a.w. 144, 207.
5) Kerkr. Notulen Pietermaritzburg, 7 Oktober, 1844.
6) J. du Plessis: History of Christian Missions in S.A., 189 v.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van hierdie laaste aktiwiteite van die Paryse sendelinge weet ons uit 'n geskrif van Groen van Prinsterer, waarin hy die Hollanders om geldelike ondersteuning vir die Franse genootskap vra. Hy grond sy pleidooi daarop dat die Nederlandse Sendinggenootskap nie meer regsinnig is, die bloed van Christus nie meer predik nie en tweedens, op die goeie werk wat die Paryse sendelinge vir die Hollandse stamgenote benoorde die Oranjerivier verrig het. Groen van Prinsterer neem sy feite uit die rapporte wat dié sendelinge na hul hoofkwartier in Frankryk gestuur het. Dit wemel van sinspelinge op die strewe en lewe van die Voortrekkers en bied 'n veld aan wat nog braak lê vir die navorser.

Eerw. Bisseux het hom in Wagenmakersvallei (Wellington) eers gevestig, waar die oorblyfsels van die Hugenote-beskawing hier en daar nog te bespeur was. Die gewoonte was later om die Franse sendelinge na hul aankoms in Afrika daar 'n tydlank te hou, teneinde die Hollandse taal magtig te word. „Over't algemeen is de Hollandsche taal voor de zendelingen onmisbaar." 1)

Eerww. Rolland en Lemue het saam met Jean Pierre Pellissier, wat intussen bygekom het, na Bechuanaland afgereis om onder die Bahurutsi, met Mosega as sentrum, 'n sendingstasie aan te lê. Deur die optrede van Moselikatse het dit nie gevlot nie, moes hulle vlug en met 'n paar swakkelinge en basters hulle elders onledig hou. Thomas Arbousset en Eugene Casalis het vervolgens hulle geledere versterk. Deur bemiddeling van dr. Philip kom hulle in Basutoland tereg en begin hul sendingpos in 1834 24 myl suid van Thaba-Bosigo. Pellissier egter soek vir hom 'n arbeidsveld onder die Boesmans langs die Caledonrivier naby Bethulie. Toe Casalis 'n paar maande later die stasie

besoek/......

1) G. Groen van Prinsterer: Het Paryssche Zendelinggenootschap werkzaam in Z.A. vooral ook in Nederland aanpryzenswaardig ('s Gravenhage 1847), 22.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besoek, was daar 'n hele aantal hutte en het die kerkgebou 300 aanbidders bevat.

Teen 1850 was daar reeds elf poste wat deur sestien sendelinge beman was en 'n kerk met 1200 lidmate. Die Groot Trek het reeds vroeg begin sodat in 1834 eerw. Pellisier van Bethulie aan sy hoofkwartiere kan berig: „Ik houd hier 's Zondags drie maal Godsdiensoefening, twee maal in de landtaal, eens in het Hollandsch", terwyl 'n ander sendeling 'n dag na sy aankoms die vreugde geniet om die blye boodskap te verkondig aan 'n seer talryke gehoor. Hy het in Hollands oor Hand. 2 v. 37, 38 gepreek.

Baie opmerklik is die ontmoetinge van hierdie kruisgesante met die Hollandse Boere, sowel met diegene wat hulle in die kolonie of in die nabyheid gevestig het, as met die „uitgewekenes" na en van Port Natal. In die verslae vind 'n mens uitvoerige opgawes oor die oorsake van die Trek, die moeite van die reis, die stryd teen die kaffers. Dankbaar het hulle gebruik gemaak van die dienste van die Franse sendelinge. Een van laasgenoemdes skryf: „Hun godsdienstoefening, eenigzins koud, is uitnemend wat den vorm en het eerbiedige betreft. De vrouwen heffen aan met gevoel. Eene onder haar was tot tranen bewogen, toen ik, volgens Joh. 19 v. 4 van het lyden des Heeren sprak." 1)

Groen van Prinsterer som die arbeid van die Paryse sendelinge onder die emigrante as volg op: „Meer dan vyftien jaar reeds word aan duisende van ons volksgenote in die Hollandse taal onder opofferinge en besware van allerlei aard, die evangelie verkondig; word hulle teen volslae verbastering behoed; word hulle nou en dan uit die doodslaap en sonde opgewek; is hulle biddend en ywerig besig om in die behoeftes van hulle onsterflike siele en in die onderwys van hul kinders te voorsien."

Dit/....

1) Groen van Prinsterer a.w. 29.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit tref ons in die offisiële joernale van die Franse sendelinge dat hulle nie so gunstig in hul oordeel oor die Boere is nie. Dit was vir laasgenoemde, word beweer, meer te doen om die onderwerping en oorheersing van die naturel, dan sy bekering. „De zendelingen zijn voor de uitbreiding hunner magt uitermate bevreesd en achten hun zegepraal met den ondergang der zendelingposten gelyk." Gedeeltelik moet hulle vooringenomenheid teen sommige missionarisse uit 'n ongegronde wantroue verklaar word, asof hulle verspieders en handlangers sou wees.

Maar daar word ook verdere ongunstige rapport oor die godsdienstige lewe van die emigrante gegee, asof hulle onverskillig teenoor die belange van hul eie siele was, die nagmaal nagelaat, gerus en selftevrede omtrent hul saligheid gevoel het.

Hierop merk ons aan dat, afgesien van enekles wat deur gebrek aan bearbeiding geestelik verwaarloos het, die feite wil dat die Voortrekkers as 'n geheel nie onverskillig gestaan het teenoor hulle ewige heil nie. Getuige veral hul ernstige smeekgeroep om leraars wat hulle sal vergesel op die trekpad. Daar is baie getuies wat ons verder kan inroep om die streng christelike karakter van die Trekkers te bewys. 1)

In 'n tyd toe voorste Voortrekkers baie behoeftig was en verlang het na die Brood van die Lewe, het die Franse sendelinge, wat in die eerste plek vir die heidene uitgestuur was, belangeloos in hul behoeftes voorsien. Dit was egte gereformeerde prediking wat hierdie geestelike seuns van Calvijn aan hulle gebring het.

HOOFSTUK 30/.......

---

1) J. Stuart: De Hollandsch Afrikanen, 208; Mev. Stucki: Reis naar en verblyf aan de Kaap en te Natal, 102, 139.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 30.

## DS. JOHN TAYLOR.

### Eerste prediker in die Vrystaat.

Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om vas te stel waarom die Voortrekkers nie predikante kon vind om hulle op die trekpad te vergesel nie. Bekwamer penne het reeds die twee kante van die saak omstandig beskrywe. Om die prediking van die Kaapse predikante teen die Groot Trek te kan verstaan, moet egter op een oorsaak gelet word. Die Kaapse Kerk het die emigrasie as 'n daad van ongehoorsaamheid teenoor die gesag van die regering beskou en daarom mag aan die emigrante die sakramente nie uitgedeel word nie. [1] Toe die Ring van Graaff-Reinet later die versoek van ds. J. Taylor om onder die Voortrekkers te gaan preek goedkeur, mits dat hy die heilige doop en nagmaal nie bedien nie, het die blad Elpis geskryf: „De voornaamste reden dezer voorwaarde scheen geweest te zijn, dat de motieven der Emigratie by velen uit onzuivere beweegredenen waren voortgesproten, en zij toen ter tyd werden beschouwd als in opstand tegen de wettige Overheid; ook had men geene vrymoedigheid eene beweging aan te moedigen, die men niet goedkeuren kon." [2]

Met die verbygaan kan ons aanmerk dat hierdie opvatting deur die Kaapse Kerk verkeerd was, aangesien die Goewerneur Sir Benjamin D'Urban openlik verklaar het dat dit hom byna onmoontlik skyn om deur bestaande wette of deur wette op te stel persone, wat die Kolonie wil verlaat, te verhinder. Ook Kaptein (later Sir) Andries Stockenstrom het in 1837 gesê dat „hy van geen wet kennis droeg die Zijner Majesteits Onderdanen beletten kon zijn gebied te verlaten,

en/.......

1) Sien die Herderlike Brief van die Sinode 1837, S.6.1350, K.K.A. Teenoor die Kaapse Kerk moet ook billikerwys aangemerk word, dat by die eerste Sinode (1824) - dus lank voor die Trek - reeds met die oog op die trekboere bepaal is dat kerklike attestasies binne 'n jaar ingelewer moet word. Dit het die uitdeel van die sakramente aan die emigrante bemoeilik. Dreyer: Boustowwe, 210.

2) Elpis, 1858 No. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en zich in een ander land te zetten, en zulk een wet als zij bestond, zou tyranniek en onderdrukkend zijn." 1)

Wanneer 'n mens weet dat veral die Skotse predikante erg teen die Groot Trek gekant was, dan tref dit ons dat die eerste twee predikante wat aanduiding gegee het om agter hul wegtrekkende kudde aan te reis, Skotte was. Hulle het die Ring van Graaff-Reinet genader met die versoek om die Woorde van Lewe aan die Trekkers te mag bring. Ds. Thomas Reid van Colesberg vra in 1840 toestemming om „eene gedeelte van de Uitgetrokkenen thans woonachtig langs Riet-, Zand- en Kaffer-rivieren" te besoek „om alleenlijk het Evangelie onder dezelve te verkondigen." Hierdie vergunning word aan hom geskenk, maar hy mag die sakramente daar nie gaan bedien nie. 2) Ds. Reid het sy plan later laat vaar, waarom weet ons nie, maar waarskynlik het die emigrante te kenne gegee dat die voorgenome besoek met die beperkinge daarby, nie erg welkom sou wees nie.

In dieselfde jaar nog doen ds. John Taylor 'n soortgelyke versoek aan die Ring. Hy het in 1818 uit Skotland saam met die welbekende sendeling, Robert Moffat, na Suid-Afrika gekom en in verband met die Londense Sendinggenootskap vir 'n anderhalwe jaar in die Paarl dien gedoen. Lord Charles Somerset het hom gevra om predikant van die Ned. Geref. kerk te word en hom aangestel in die nuwe gemeente Beaufort. In 1824 is hy na Cradock verplaas waar hy tot sy dood in 1860 gestaan het. 3)

Aanvanklik was hy sterk gekant teen die hele onderneming van die landverhuisers. „Een Inwoner" van Cradock weet te berig dat sy dominee op Sondag, 18 Maart 1838, sy teks uit die profesie van Jona geneem het, waar hy wegvlug van/......

---

1) Dreyer: Die Voortrekkers en hul kerk, 11.
2) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 29.
3) Idem, 31.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die aangesig van God „en brag het over op diegeenen, die nu staan Emigranten te worden." Dit was weer 'n geval van politiek op die kansel en die gemeente het dit so beskou. Die korrespondent vervolg: „Maar onze Leeraar heeft het hier mis, want niemand van die gemeente hier is zoo onkundig, dat hy de hand des Heeren zoude willen ontvlugten. Zy willen alleen maar trekken waar de heerschappij van Doctor Philip niet meer geërbiedigd wordt." 1)

Die hoorders het hierdie preek nie maklik gesluk nie, want twee jaar later kla iemand uit Natal - miskien 'n trekker uit Cradock - aan 'n vriend in Kaapstad dat Afrikaanse leraars nie na hulle wil oorkom nie en sê daarop: „Is het mogelyk dat onze zoo zeer beminde Afrikaansche leeraren hen niet gedrongen gevoelen zich onder ons neder te zetten, denken zij niet aan Jonas die naar Nineve moest gaan?" 2)

Ds. Taylor het self later aan die Sekretaris van die Goewerment erken: „I have always been opposed to the Emigration, I do not consider it my duty to reside among them as their minister." 3) Hierdie houding het hom bygebly tot die einde toe en die indruk wat Dreyer gee, 4) asof hy later toeskietliker was, is verkeerd. In 1848 help hy met die nagmaal op Burgersdorp en ag dit as die geskikte oomblik om die aanwesiges in te lig omtrent die Engelse Regering se politiek oorkant die Oranje Rivier, nadat hulle die grondgebied annekseer het. Die manifesto en vorige proklamasies word aan die sewe-honderd nagmaalgangers verduidelik. Mnr. J.C. Chase, Kommissaris van die distrik Albert, skryf dat ds. Taylor teen die einde van die diens na die hoeksteenlegging van die kerkgebou, die menigte met gevoel toegespreek het „reminding them of the duties they owed to themselves,

their/.........

---

1) De Zuid-Afrikaan, 1 Jun. 1838.
2) De Ware Afrikaner, 4 Augustus 1840.
3) Dreyer: Kaapse Kerk en die Groot Trek, 30.
4) Idem, noot p. 166.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



their deluded countrymen, their sovereign, and their God; and conjured them, as their pastor and friend, especially such as has connections over the River, at once to use their best endeavours to recall them to a sense of their folly and wickedness and to receive with a deep gratitude the boon and blessings which his Excellency's Proclamation had conferred upon them." Chase weet verder te vertel dat die toespraak van die leraar „a most salutary impression" gemaak het, want baie het kopieë van die manifes kom vra en meegedeel hoe heilsaam die rede was. [1]

Juis omdat Taylor prinsipieel so gekant was teen die Trek, waardeer ons dit te meer dat hy die geestelike aspek van die saak raakgesien het. Hy was bekommerd oor die siele van hulle wat so verstoke was van die genademiddels. Op eie houtjie het hy reeds in 1839 oor die Oranje-Rivier gereis en daar kinders gedoop, [2] en natuurlik ook gepreek, want woord en sakramente gaan saam. Dreyer is dus verkeerd as hy beweer dat ds. W.A. Krige die eerste Ned. Geref. predikant was om op die bodem van die Oranje Vrystaat te preek. [3]

Soos reeds gemeld het hy op 28 September 1840 aansoek gedoen om die Voortrekkers vir drie maande te besoek. Hy skryf aan Mnr. J. Bell, die Sekretaris van die Goewerment: „I trust that through the Divine blessing such a visit would be very beneficial to many." Die Ring van Graaff-Reinet het baie besware daarteen, veral teen die uitdeel van die Sakramente, maar gee tog eindelik toestemming op voorwaarde dat hy die bondseëls nie sal bedien nie en ander predikante sal soek om in sy gemeente diens te doen. [4]

Prof./...

---

1) Imp. Blou Boek, Vol. 46, N.S.A.; Gerdener: Boustowwe, 55.

2) In: die Cradockse Doopregister vind ons enkele name in 1839, waaragter geteken staan „Over Groot Rivier". Sien Doopregister van Ned. Geref. Gemeente, Cradock.

3) Die Voortrekkers en hul kerk, 36; Jaarboek vir die Ned. Ger. Kerke in S.A. 1931, 59.

4) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 32.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Prof. G. Lauts het beweer dat ds. Taylor met hierdie beperkings so onvergenoeg was, dat hy sy voorgenome reis afgestel het. [1] Hierin is hy nie juis nie, want al het Taylor nie van sy volle drie maande gebruik gemaak nie, was hy tog meer as eens onder die Voortrekkers, preek hy vir hulle en doop selfs kinders, soos uit die Doopregisters van Cradock blyk.

Die Voortrekkers het hierdie gebaar van hom steeds hoog gehou en geroem. In 'n brief aan dr. P.E. Faure, gedateer Magaliesberg, 23 Desember 1850, bring hulle hul dankbetuiging „aan de W. Ed. Heer Tylort die de eerste oog van medelijden heeft gevestigt op ons arme herderlooze kudde" en beskou hom as die eerste belangsteller in hul noodtoestand. Hulle weet dat hy veel aan hulle in die gebede gedink het en reken nog altyd op 'n besoek van hom in Transvaal, maar dit lyk onwaarskynlik omdat sy liggaamskragte so sterk afneem. [2]

Met die bevestiging van ds. John Murray op Burgersdorp in 1849 word 'n verslag van die verrigtinge in die koerant gegee en spesiaal melding gemaak van ds. John Taylor, die vriend van die Voortrekkers, toe niemand geroep wou gee aan hul roepstem nie. „He visited them, prayed with them and for them. He stood between the living and the dead. Among the faithful, faithful only he." [3]

Ons kan aanneem dat sy bediening van die Woord onder die uitgewekenes nie sonder seën was nie. Immers hulle was lank verstoke van alle kerklike voorregte en het verlang om onder die geklank van die evangelie weer te kom. Alhoewel hy nie in suiwer Nederlands kon preek nie, was sy prediking tog in die betoning van Gees en van krag. [4]

Hy het belowe „my intention is to attend duly to

ministerial/........

---

1) De Kaapsche Landverhuizers, 38.

2) R.247/50, T.S.A.; Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 166.

3) Grahamstown Journal, 16 Junie 1849.

4) Dood van ds. J. Taylor, K.B. 1860.188.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ministerial duties and to have nothing to do with politics." 1) Sy prediking in die kolonie was egter so uitgesproke anti-Trek gewees dat daar 'n reputaise aan sy persoon vasgekleef en hy vir meer as een hoorder oorkant die Grootrivier daarom tot ontstigting moes gedien het.

HOOFSTUK 31/........

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 30.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 31.

## DS. WILLEM ADOLPH KRIGE.

### Afgevaardigde van die Ring.

Die tweede prediker om die „uitgewekenes" op te soek en hulle te bearbei was ds. W.A. Krige van Victoria gemeente. Dit was in 1846, toe hy daartoe deur die Ring van Graaff-Reinet afgevaardig was. 1) Hierdie kerklike liggaam het bekommerd geraak oor die geestelike toestand van sovele oud-lidmate wat die wildernis ingetrek het sonder die troos van die genademiddels.

Eers is 'n brief aan die hoofde van die Voortrekkers in die omtrek tussen die Grootrivier en Potchefstroom gerig om te verneem of hulle hulp sal verleen, wanneer 'n leraar uit die Ring hulle kom besoek, om slegs die evangelie te kom verkondig; of, as hulle liewers 'n vaste predikant verkies, welke waarborg daar vir die traktement is? Uit die antwoorde hierop ontvang, blyk dat daar meningsverskil onder die emigrante met betrekking tot die voorgestelde herderlike besoek was.

Kommandant M.A. Oberholster, wat omstreeks 1839 leier van 'n groep Voortrekkers was, het namens sy mense groot blydskap te kenne gegee oor „die opgewektheyd welk tans onder ons oude leerhaars gaande ben eens nog aan ons te giedenke het reijk van ons geesegende Verlosser onder ons te wille stegte tot bevordering en uitbryding van Zijn dierbaar Kooningrijk." Hy voeg egter daaraan toe dat daar vooroordeel by sommige aanwesig is. Smellekamp het 'n belofte gemaak om vir hulle leraars uit Holland te laat

toekom/......

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 27 - 39; die Voortrekkers en hul kerk, 34 - 39; en Jaarboek vir die Ned. Geref. Kerk 1931, 59 - 62.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toekom. Oberholster was die Engelse Regering goedgesind en daarom het hy die gebaar van die Graaff-Reinetse Ring verwelkom.

Nie soos Kommandant J.G. Mocke nie, wat 'n afkeurende antwoord stuur en meen dat die Kaapse Kerk te lank gesloer het om hulp te bied. Hulle het reeds moeite en koste aangewend na Delgoabaai. waar Smellekamp aangetref is en hulle het besluit om hul predikante liewers uit Holland af te wag. Mocke was 'n bitter teenstander teen die Britse oorheersing en het hom heftig teen die anneksasie van Natal in 1842 verset, en hom in Transvaal later gaan vestig.

Dus was die mense onder wie die deputaatskap moes gaan preek, van die begin af reeds verdeeld en sommige bevooroordeeld. Dit het die Ring van Graaff-Reinet tog nie laat afskrik nie en ds. W.A. Krige, ouderling Barend Burger, broer van die latere staatspresident T.F. Burgers, en ds. Colin Fraser van Beaufort, is tot afgevaardigdes benoem. Laasgenoemde twee het egter, weens die heersende Kafferoorlog, nie gereed gewees om hul „konterijen" te verlaat nie.

Ds. Krige het dus alleen op reis gegaan. Hy was Stellenbosser van geboorte en het na Utrecht in Holland afgereis vir sy teologiese opleiding. Op 30 Desember 1841 is hy gelegitimeer, het tydelik op Caledon diens gedoen tot 1844, toe hy te Victoria (Wes) bevestig is. Sy grootste werk het hy op Prins Albert verrig, waar hy van 1859 tot 1883 gestaan het. Hy is op sy geboortedorp oorlede op 28 Junie 1884. Met sy oorlyde kon getuig word dat hy altyd probeer het om die evangelie in getrouheid, met erns en volharding te verkondig. [1)]

'n Proewe van sy preekstyl word gevind in 'n leerrede oor Pred. 12 v. 13, 14. [2)] Volgens 'n aantekening op die/.......

1) K.B. 1884.331.

2) In besit van 'n kleinseun, ds. W.A. Krige van Bethlehem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die manuskrip het hy telkens dit gelewer op die laaste Sondag of dag van die jaar en wel te Stellenbosch in 1843, te Victoria in 1844, en in 1866 en 1877. Die preek getuig van 'n degelike kanselvoorbereiding, want elke woord is uitgeskryf tot die laaste leesteken toe. Dit is 'n eg Hollandse preek, besonder lank, - die voorafspraak is omtrent een-derde van die geheel - met drie goeie verdelinge. By die slot van die jaar betreur hy dit dat so baie geen getroue gebruik van die openbare godsdiens maak nie, om dan voort te gaan: „De menschelijke zwakheid laat niet toe, dat alles in het geheugen te bewaren, ja het is te bejammeren en te betreuren dat het woord der prediking maar al te dikwijls hetzelfde lot ondergaat, als het zaad, dat in plaats van in de welbereide aarde van een leergierig en belangnemend hart bewaard te worden, te ontkiemen, uit te spruiten en vrucht te dragen, valt op een hard betreden pad van onopmerkzame en ongevoelige toehoorders of onder de doornen van aardsche bemoeiingen en zorg, die elke overtuiging en goed voornemen onderdrukken en verstikken." Let op die lang sin.

Die prediker sê verder dat hy hulle dikwels die belofte van hierdie en die toekomende lewe voorgehou het, asook die verderf van die sonde en die rampsaligheid van Gods oordeel. „Wat werd u meer en nadrukkelijk gepredikt, dan J.C. die voor ons in het vleesch verscheen en die gedood is in het vleesch om onze Zaligmaker te zijn?" Wat was die doel hiervan? „Wat anders, dan om u tot God te brengen, om u te noopen, dat gy u met God zoudt laten verzoenen, u zoudt laten reinigen van alle ongerechtigheid....." Heerlike Christosentriese verkondiging!

Dat ds. W.A. Krige 'n beoefende christendom voorgestaan het, blyk uit 'n fragment van 'n leerrede oor Jak. 1 v. 22 (a): „Wees daders van die woord, en nie net

hoorders/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoorders nie." [1] Die evangelie leer nie 'n gewaande filosofie of wysheid van woorde of bind die hart aan oppervlakkige leerstellinge nie, maar strewe om heiligheid in wandel te bevorder.

Ds. Krige het 8 Mei 1846 van sy huis vertrek en op Rietrivier vyf dae later aangekom. Die eerste Sondag het hy twee keer gepreek en in die vervolg elke Sabbat twee maal en op Donderdae een keer. Sy verblyf het een maand geduur en hy het van kerkplek tot kerkplek in die Suidelike Vrystaat gereis. Heel kortaf sê hy in sy verslag: [2] „Het avondmaal is volstrekt niet bediend geworden." Waarom nie, word verswyg. Dit kon wees omdat die lidmate so ver van mekaar verwyderd was en daar nie 'n sentrale plek vir die plegtigheid gevind kon word nie. Meer waarskynlik is dit dat daar onrus onder die Voortrekkers oor politieke moeilikhede was en dat onder die omstandighede die heilige sakrament van die nagmaal teruggehou is. Hy skryf dat die broeders van die Modderrivier en omgewing niks met hom te doen wil hê nie „want zeiden zij, wij willen geene leeraar van het Westen hebben - komt er een tot ons - hy moet van het Oosten komen." [3] Die vrees vir die Kaapse predikante wat uit die Engelse staatskas betaal word, was ongetwyfeld aanwesig.

Tog word daar tagtig kindertjies deur ds. Krige gedoop, terwyl die heilige nagmaal geweier word. Dit het meermaal op die besoekreise van die Kaapse afvaardiginge geskied. Die vraag rys of die twee sakramente geskei mag word?

Om die Woordverkondiging krag by te sit, is die

persoonlike/........

---

1) K.B. 1859.

2) Vir rapport sien Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 82 - 85.

3) Hulle verlang 'n Hollandse predikant van Delagoabaai.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



persoonlike aanraking van die prediker met die hoorders noodsaaklik. Daarom het ds. Krige ook huisbesoek gedoen, wat daarin bestaan dat die families hom in sy tent tussen die eredienste kom besoek en hy hulle troos en vermaan.

'n Kommissie van nege is benoem om te ondersoek wat gedoen kan word om 'n kerkgebou en leraar te vind. 'n Kollektelys is aangelê waarop selfs die vrouens vlytig geteken het. Van die aankoop van 'n kerkplek het daar vireers niks tereg gekom nie. Ds. Krige kom tot die gevolgtrekking: „My dunkt zij zien hier brandend, verlangend uit naar een behoorlijk Godshuis en eenen Leeraar."

HOOFSTUK 32/........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 32.

## DIE EERSTE SINODALE AFVAARDIGING.

### Di. A. Murray, Snr. en P.K. Albertyn.

Ds. W.A. Krige het diep onder die indruk van die herderloosheid van die emigrante gekom en besef dat die Kaapse Kerk nou planne moet beraam om hulle te bearbei. Vir die Sinode van 1847 het hy derhalwe 'n beskrywingspunt gereed gemaak nl. dat die HoogEerw. Vergadering sy aandag bepaal by die geestelike aangeleenthede van die uitgewekenes aan die Rietrivier en dat middels in die werk gestel word om so gou moontlik hulle onder die seëninge van die evangelie te bring. Hy is ondersteun deur die kerkraad van Beaufort. Ds. Krige het voor die Sinode ook 'n toespraak gehou waarin hy 'n relaas gegee het van sy reis onder die Voortrekkers en krag by sy voorstel gesit.

Met eenparige stemme het die Sinode besluit om 'n kommissie af te vaardig teneinde die Trekkers te besoek en die genademiddels aan hulle te bring. Di. Andrew Murray van Graaff-Reinet, J.F. Berrangé van Richmond en die ouderlinge Barend Pienaar van Richmond en de Wit van Victoria-Wes is tot lede van die eerste afvaardiging benoem, maar die predikant en ouderling van Richmond het nie kans gesien om die tog mee te maak nie. Ds. Pieter Kuipers Albertijn van Prins-Albert is vervolgens tot die kommissie bygevoeg en al het hy en ds. Murray aanvankelik ook swarighede gevoel om die taak op hul skouers te neem, het hulle tog ingewillig.

Op 3 Maart 1848 het die gedeputeerdes van Richmond per perdewa op hul sending na die Noorde weggetrek. Volgens hulle offisiële verslag [1] het hulle langs die Riet- en Modderriviere orals godsdiensoefening gehou. In Groenkloof aan/.......

1) S. 14 p. 36, K.K.A.; die meeste besonderhede word hieraan ontleen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die Rietrivier het hulle oorgegaan tot die stigting van 'n Ned. Geref. Gemeente Rietrivier, later Fauresmith genoem, waar ds. W.A. Krige reeds die vorige jaar 'n kerklike kommissie aangestel het. Orals is daar groot belangstelling van die kant van die emigrante getoon.

Vandaar reis die afvaardiging na Koffiefontein aan die onder-Rietrivier en na Hexrivier aan die bo-Rietrivier, waar hulle hul ook mog verbly „over de talryke opkomst tot de openbare godsdienst en over de belangstelling waarmede over het algemeen het Woord der Heeren werd ontvangen ofschoon het ook niet aan de zoodanigen ontbrak die zich slechts verheugden over de meer gemakkelijke wyze om de Heilige Doop voor hunne kinderen te ontvangen."

Die entoesiasme vir die Woordverkondiging sou egter nie toeneem nie. Die lug was swanger van politieke troebele. Kort tevore, 3 Februarie, het Sir Harry Smith die Engelse landsvlag oor die Vrystaatse vlaktes laat wapper en die Voortrekkers hul staatkundige vryheid ontneem. Hulle wat so'n dure prys vir hul regte betaal het, sou die afgedwonge juk van die dwingeland nie duld nie en in die Kaapse deputasie sien hulle 'n bondgenoot van Engeland.

Van Modderrivier was die reisigers genoodsaak om, weens die heersende perdesiekte, hulle van ossewaens te bedien. Die plan was reguit Winburg-toe. Voor hul vertrek egter verneem hulle „dat die Emigranten die tegen de maatregelen van ons geëerbiedigd Gouverneur zijn, verklaard hadden, niet te zullen gedoogen dat zij hare reis verder voortzette, of ten minste niet toe te laten iets verder te verrigten." Van hierdie dreigement is nie veel notisie geneem nie en op Winburg het geen onaangenaamhede plaasgevind nie. Godsdiensoefeninge is gehou en die doopsbediening waargeneem. Nuwe kerkraadslede is voorgestel in die plek van hulle wat deur ds. D. Lindley destyds in die amp bevestig is.

In/........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In verband hiermee laat die Kommissie hom in sy verslag 'n aanmerking ontval wat sy ingenomenheid met die Engelse Regering openbaar, waar hulle verklaar dat dit vir hulle hoogs aangenaam was om te verneem „dat de gekozene broeders allen welgezind zijn jegens het Gouvernement". Geen wonder dat die mense agterdogtig teenoor die eintlike doel van hierdie preekreis was nie! Twee kerkraadslede het dan ook hul ontevredenheid betoon toe hulle sien hoe die nominasie uitgeval het en hul haastig vóór die godsdiens van die kerkplek verwyder, nadat een onbesonne teenwerpinge teen die afvaardiging gemaak het. Op hul terugreis het hulle selfs enige doopouers op pad na Winburg teruggestuur met die versekering dat die Kommissie Roomsgesind is! Die opkomste was dan ook klein, circa 300, 'n vierde deel van diegene wat vroeër onder ds. Lindley die gehoor uitgemaak het. Die bekendmakinge is opsetlik deur kwaadwilliges teruggehou, terwyl andere bang was vir die skimp en vervolging van diegene wat teen die Regering gekant was.

Agterdog in Transvaal.

Die oorspronklike plan was om by Winburg om te draai, maar nou besluit hulle om ook Potchefstroom te besoek. 'n Brief word aan ene Louw Botha gestuur om bekend te maak dat op 9 en 12 April Woord en Sakramente op Mooi Rivier bedien sal word. Hy was die saak van die afvaardiging nie goedgesind nie en antwoord dat hy onvergenoegd voel, dat die Kommissie hul outoriteite blykbaar nie erken nie, dat die Landdros hulle nie daar sal toelaat nie en daarom stuur hy die brief terug. Di. Murray en Albertyn het hulle egter nie van stryk laat bring nie, maar na Mooi Rivier afgereis.

Daar moes hulle ontdek dat die vooringenomenheid teen die Kommissie so sterk was, dat dit aanvankelik gelyk het of hulle doel verydel gaan word. Deur die tussenkoms van kommandant Gert Kruger, broer van die latere Staatspresident, wat/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat net die volgende dag daar aangekom het uit Magaliesberg, het sake 'n ander wending aangeneem. Hy het by Landdros Lombaard en Kommandant Pretorius aangedring om die leraars te steun, sodat kennisgewings na alle oorde uitgestuur is om na die kerkdienste op 15 April te kom. 'n Menigte van mense het van die wyke Schoonspruit, Zuikerboschrand, Vaal Rivier en Magaliesberg opgedaag en aan hulle is die Woord van die Here dageliks tweemaal en soms driemaal verkondig. Honderde kinders is toe gedoop, want dit was die eerste besoek deur Ned. Geref. predikante in dié geweste.

Op die dag van hulle vertrek voel hulle bly om te ontwaar dat die vooringenomenheid teen die kommissie plek gemaak het vir 'n hartelike belangstelling. Een vrou het aan hulle toegevoeg: „Ja, julle predikante sê julle kom met die Bybel, maar agter die Bybel sit die Engelse Goewerment". Dieselfde aand word daar 'n diens gehou en 'n groot onweer breek op hulle los. Die leraars word deur 'n vrou uitgenooi om hul tent te verlaat en by haar woning intrek te neem. Ds. Albertyn herken haar toe as die vrou wat bogenoemde uitdrukking gemaak het. Op sy navrae antwoord sy: „Ja meneer, maar nou dat ek u die evangelie hoor preek het, is ek oortuig, die Engelse Goewerment sit nie agter julle nie." [1)]

Pieter Kuipers Albertijn, gebore 6 Desember 1814 te Stellenbosch, het sy teologiese vorming aan die Utrechtse Hoërskool geniet. Na sy terugkeer uit Europa het hy tydelik in die Paarlse gemeente gearbei en later op Clanwilliam (1841 - 1844). Sy eerste vaste standplaas was Prins Albert (1845 - 1850). [2)] Dit was in hierdie tydperk van sy bediening dat hy die reis na die Voortrekkers onderneem het.

Sewe/.......

---

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 108.

2) Dreyer: Eeuwfeest-Album van de Ned. Geref. Kerk van Z.A., 106.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sewe jaar vantevore het hy reeds 'n eenparige beroep na Natal deur die volksraad ontvang. [1] In 1850 is hy andermaal en wel deur die kerkraad van Pietermaritzburg beroep.

Daar was iets merkwaardigs in sy prediking. Hy het die naam gehad van weldeurdagte, deurwrogte stukke te lewer wat van noukeurige voorbereiding getuig het. En tog was sy preke nie buitengewoon geleerd en besonder beeldryk, of in ander opsigte voorbeelde van retoriese kuns gewees nie. Hy was baie welsprekend, [2] maar in 'n ander sin as die elokwensie van die retorikus, wat al die reëls van die welsprekenheid van buite ken. Hy was toegerus met 'n besondere <u>salwing</u> sodat die geoefende oor van die geestelike mens kon vol dat hy van God geleer was om te preek. Sy stembuiging en gebare het getuig van senuweeagtigheid, maar dit was geen gebrek nie, nee, dit het die indrukwekkende van sy rede eerder verhoog. As hy selfs 'n gewone gedagte uitspreek, was die toon sodanig dat 'n mens die indruk kry „de man gevoelt diep het gewigt van wat hy daar vertelt." Die gevoelvolle van die prediker moes werk op die hoorder. [3]

Dit kan ook van Andrew Murray, Snr. getuig word dat die intense piëtistiese vroomheid hoofkenmerk van sy prediking was, [4] sodat die beide leraars 'n diep indruk op die gemoedere van die Boere, verstoke van die genademiddels, moes nagelaat het. Dit was vir hulle in die eerste plek waarlik te doen om Christus die gekruisigde te verkondig en daardie oortuiging het die hoorders aangevoel.

Hulle is versoek om op Magaliesberg te kom preek, maar die terugreis na Winburg was reeds vasgelê . Onderweg daarheen het hulle by die Valschrivier aan die ingesetenes die saad van die evangelie ook uitgestrooi, al was die opkomste

nie/......

---

1) Preller: Voortrekker Wetgewing, 42.

2) De Zuid-Afrikaan, 22 November 1842 en 16 Oktober 1851.

3) Elpis 1878.139.

4) Vir sy preekstrant sien p. 554

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie so groot nie. Op Winburg het baie nou gebruik gemaak van die geleentheid om die Woord te hoor, waar hulle voorheen afsydig gestaan het. Twee dae word in beslag geneem om te preek, te doop en jonglidmate te bevestig. Die Heilige Nagmaal word egter, net soos op Potchefstroom, weens die onrustige toestand van die mense, nie uitgedeel nie.

Van daar reis hulle na Boven Modder Rivier en later na Platjesfontein aan die Riet Rivier, waar die gewone werksaamhede geskied het. Nagmaal sou gehou word, maar is deur slegte weer verhinder. Tot die aankoop van 'n kerkplaas by Suurfontein is ook nou besluit. Teen die end van die maand Mei was die deputasie in die kolonie terug, nadat hulle na skatting tussen 3,000 en 4,000 mense onder die Woord gehad en aan 800 kinders die doop bedien het.

Met die prediking van die eerste afvaardiging staan die element van die politiek baie nou gebonde. Nie dat di. Murray en Albertijn van die kansel oor die troebele staatkundige sake gerep het nie, maar die vrees vir die Engelse inmenging het steeds in die hart van die hoorder geleef. Sir Harry Smith skryf aan Gert Kruger van Magaliesberg dat die Kommissie „were sent by the Synod among you for Christian and political purposes." [1] Dit het geen weinig konsternasie in kerklike kringe in Kaapland te weeg gebring nie en van alle kante is proteste daarteen gehoor. Ds. Abraham Faure, scriba en actuarius van die Sinode, moes noodgedwonge 'n verklaring uitreik dat die doel van die sending na die Noorde „zuiver Kerkelijk" was, soos blyk uit hulle verslag aan die Sinode, waarin hulle nie rapporteer oor staatkundige aangeleenthede nie. [2] Trouens, soos iemand anders in <u>De Zuid-Afrikaan</u> aanteken, toe die Sinode besluit het om 'n Kommissie af te stuur, was Sir Harry Smith nie eers in die

kolonie/......

---

1) S.A. Commercial Advertiser, 2 September 1848.

2) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 111.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kolonie nie. [1]

Die Goewerneur moes homself uit die verleentheid red deur te verklaar dat die drukkerduiwel sy gewone rol gespeel en die woordjie „not" uitgelaat het, sodat dit moes gelees het: „and not political purposes." Die saak is toe daar gelaat, maar dit was dieselfde Sir Harry Smith wat in Februarie van dieselfde jaar in die tent van Andries Pretorius gedreig het dat hy die Afrikaner met die geestelike swaard sou beveg, as hy dit met die wêreldlike swaard nie kon regkry nie. [2]

Al het die predikers nie in die openbaar propaganda gemaak vir die Regering nie, was hulle persoonlike gevoelens ten gunste van die Engelse. Ons het reeds hulle blydskap gesien toe die gekose kerkraadslede op Winburg almal Goewermentgesind was. Ds. A. Murray skrywe ook in 'n begeleidende brief aan die Actuarius dat die meeste Trekkers verlang „to fear God and honour the Queen," maar bang is vir tydelike verliese. [3]

Dit alles het verhinder dat die evangeliesaad wat op die trekkerspad uitgestrooi was, honderdvoudig sou vrugte dra. Tog het die Here beloof dat sy Woord nie leeg tot Hom sal terugkeer nie, en het baie siele in die wildernis lafenis en lig ontvang deur die besoek van die eerste afvaardiging. Daarvan getuig die brief van dankbetuiging van die kerkraad van Riet Rivier aan ds. A. Faure. [4]

HOOFSTUK 33/........

---

1) 14 September 1848.

2) S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 11.

3) S.14 p. 36 K.K.A.

4) Dreyer a.w. 108.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 33.

## DIE TWEEDE SINODALE AFVAARDIGING.

### Di. W. Robertson en P.E. Faure afgestuur.

Die gevolg van die afvaardiging van die eerste kommissie na die Voortrekkers was dat 'n tweede hulle spore spoedig sou druk. Die kerkraad van Riet Rivier het aan ds. A. Faure in sy hoedanigheid as scriba van die Sinode daarom gevra. Hierdie hoogste vergadering sou nie gou weer sitting hê nie, maar dit was binne die bevoegdheid van die Sinodale Kommissie om in die interim sulke sake te behartig. Per rondskrywe is die lede van die kommissie gepols en sonder beswaar is besluit om dr. W. Robertson 1) van Swellendam en ds. P.E. Faure 2) van Wynberg na die gemeentes bokant die Oranjerivier te stuur. Ds. Faure skrywe aan sy broer, Abraham Faure, dat hy spyt het dat hy in die laasgehoue Sinode nie gewillig was om die taak op sy skouers te neem nie, want hy kon geen tevredenheid vir sy siel vind nie. Nou egter is daar geen ekskuus vir hom nie en hy het besluit om na die Noorde af te reis.

Met die amptelike opdrag „om alle zoodanige maatregelen in Vereeniging met de Uitgewekenen te nemen, waarop in hunne geestelijke behoeften op een geregelde wyze kan worden voorzien" het die twee afgevaardigdes begin Oktober 1848 met 'n goewermentswa die lange reis onderneem om - soos ds. A. Faure aan Southey, die Engelse Staatsekretaris in Winburg aankondig - „to commence their peaceful operations of preaching the Gospel of Christ." 3)

Die preekreis het min of meer dieselfde roete gevolg as die vorige afvaardiging. Die eerste preekplek oorkant die grens was Sannaspoort (Fauresmith) aan die Rietrivier. 4)

Die/.......

---

1) Vir preekwyse sien p. 611

2) Vir preektrant sien p. 675

3) Dreyer: Die Voortrekkers en hul kerk, 53, 57.

4) Rapport van die kommissie, K.B. 1849.151 - 170; in brosjurevorm uitgegee, Kaapstad, April 1849.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ontvangs was hartelik. Hulle bemerk dat daar 'n hoë agting vir die godsdiens bestaan en dat 'n honger en dors na geestelik onderrig aanwesig is. Ruim 250 persone kom op nege onderskeie kere van 8 tot 10 November onder die geklank van Gods Woord. „Alleen zij, die de genademiddelen waarderen, maar die gedurende langen tijd, door omstandigheden van derzelver genot verstoken zijn, kunnen gevoelen wat (zoo als wij dit duidelijk zagen) velen by deze gelegenheid gevoelden, toen zij weder deelen mogten in de plegtige verrigtingen van het Heiligdom des Heeren." Aangesien die Heilige Nagmaal vir die eerste keer in hierdie geweste gevier is, het die voorgangers verordineer dat almal wat aan die plegtigheid wil deelneem, vooraf die opsieners moet spreek, 'n maatreël wat weldadig uitgewerk het. Slegs 32 het aangesit.

Die volgende halt het by Zendeling Fontein geskied, by die woning van br. W. Lubbe, 20 myl laer af aan die Rietrivier. Ses openbare godsdiensoefeninge is op 12 en 13 November vir 'n klein gehoor gehou. Sewe lede is hier aangeneem. Sewe uur verder lê Kalkfontein, die woonplaas van Christoffel Jakobs, waar ruim 200 vergader is om die woorde van lewe te hoor. Nog 90 myl gereis en 'n verblydende gesig van 60 waens en tente opgeslaan ontmoet hulle op die plaas van Jakob van Niekerk, Kalkfontein. Die gewone kerklike voorregte word aan die skare meegedeel, asook Bybels en traktaatjies van die S.A. Bybelvereniging, wat 'n gretige stormloop uitlok.

Op Smithfield het die dominees van Woensdag tot Maandag vertoef en altesame twaalf eredienste gelei, waaronder een in Engels was, bygewoon deur ongeveer 50 Engelse. Die kommissie meen dat dit die eerste keer is dat in daardie omgewing vir die lede van hul kerk gepreek word. Kerkraadslede is gekies en voorgestel, en die nodige registers vir 'n nuwe gemeente aangelê. Die 28ste November bereik hulle Bloemfontein, die setel van die Britse Resident, Majoor

© University of Pretoria

Warden/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Warden, waar die fondamente vir 'n nuwe gemeente ook gelê word. Dr. Robertson se ondervinding tydens 'n Engelse diens aldaar, was nie te aangenaam nie. Die opkoms was klein, slegs die offisiere en ses soldate, terwyl die res van die troepe voor die kerkdeure heen en weer verby marsjeer en die aandag van prediker en hoorders aflei. [1] Die eenvoudige Boeremense was baie eerbiediger by en erkenteliker teenoor die godsdiensoefeninge. In 'n brief aan die Sinode skrywe die kerkraad oor die prediking van die leraars: "Zij hebben bedroefden vertroost, liefde gepredikt en zondaars tot bekering geroepen." [2]

Winburg het die deputasie ingewag en sestig waens met tente was rondom die gewese Raadshuis geskaar. Tien keer is die Woord hier verkondig. Treffend was veral 'n biduur bygewoon deur 300 mense. Die opkomste moes na hul mening groter gewees het. Vele wat ander oproerige tonele in die Raadshuis aanskou het, kon nie nalaat om op te merk nie, hoe 'n gans ander toneel nou afgespeel is, toe die Heilige Nagmaal onder die diepste aandoening bedien word.

Vandaar na Kromfontein, die plaas van Piet Venter, fungerende Landdros. Die opkomste na die 7 dienste was die kleinste van die reis, maar die heer Venter wou graag dat die kommissie onder sy dak moet preek. Sy vriendelikheid was so groot en op so'n aartsvaderlike wyse betoon, dat een van die leraars in die oggenddiens Gen. 18 voorgelees en die voorbeeld van die Aartsvader in vers 19 aan die gemeente voorgehou het. Sulke prediking wat gebore word onder die indrukke van die ondervinding, het gewoonlik groot krag.

Dieselfde dag reis hulle na Bloemspruit, waar 'n aand-

diens/.......

---

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 144.

2) K.B. 1849.94.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



diens gehou en vier kinders gedoop word. By Middelspruit aangekom ontwaar hulle by sommige blyke van wantroue teenoor hul persone en hul sending. Dit het later egter plek gemaak vir vertroue en toegeneentheid.

Via Rhenosterrivier bereik hulle eindelik die eerste dorp in die Transvaal, Potchefstroom. Dr. Robertson en ds. Faure maak dadelik hul opwagting by die Landdros en maak met die grootste openhartigheid die doel van hul koms bekend, dat dit van suiwer kerklike en godsdienstige aard was en niks meer nie. Landdros Lombaard en twee Heemrade het hul genoeë openbaar dat die leraars so onomwonde praat. By die publiek was daar nog groot wantroue, te oordeel na die terughoudenheid van die mense op straat. Later egter het hulle hier vriendelikheid ontvang soos nergens op die reis oortref was nie. Die gemeente was ook op Potchefstroom die grootste nl. tussen 600 en 700 toehoorders, wat onder groot seile gesit het, terwyl 'n klein tent vir die spreker gespan was. Om nog meer die geleentheid te gee om onder die Woord te kom, bepaal hulle weer dienste vir die volgende Sondag. Gedurende die week onderneem die afvaardiging 'n tog na Magaliesberg, waar hulle meer Trekkers ontmoet as waarvan hulle gedroom het. Hulle is oorstelp om aan die duisende te dink wat soos skape sonder 'n herder ronddwaal, mense so verbonde aan hul Moederkerk. Op die plaas van Gert Kruger, Hekpoort, word vir 700 gepreek, aangesien daar 'n groot menigte vergader het. Hier in die Magaliesbergse wêreld het hulle ook die Engelse sendeling, Livingstone, teengekom. Hy wou die predikante se hulp inroep vir onderhandelinge met die Boere oor 'n moontlike naturelleskool, maar tydens die godsdiensoefening het hy soos 'n groot speld verdwyn. Dit het die Boere se antipatie teen hom nog meer vergroot. 1) Voor die vertrek van/......

1) Theal: History of S.A. III. 393.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van hierdie landstreek is 'n adres aan die afvaardiging gebied waarin hulle versoek om as gemeente van die Ned. Geref. Kerk erken en bestuur te word. Met trane word hulle bedank vir hul besoek.

Terug op Potchefstroom waar nou werklik 'n groot gemeente vergader is word die Lewensbrood telkens aan die hongeriges gebreek. In 'n adres word gesê dat die twee leraars nie gou vergeet sal word nie „daar gy ons in zoo korten tijd door hartelijke en ernstige prediking van Gods Woord regt dierbaar geworden zijt. Wij zullen aan die dagen nog lang gedenken." 1)

Nou onderneem die kommissie sy terugtog en preek op verskillende plekke: Middelspruit, Witkop, Bloemfontein, Boven Riet Rivier, Smithfield, en kon rapporteer dat hulle ongeveer 4,000 onder die geklank van die evangelie gebring het, waarvoor hulle 3000 myle moes aflê.

Vrees vir politieke inmenging.

As die evangelieprediking van die eerste sinodale afvaardiging na die Voortrekkers ten dele op die rots van verdenking van politieke inmenging gestuit het, veel meer diê van die tweede deputasie, Trouens, die hele onderneming is deur die Staat gefinansieer en daarom kan niemand die Boere kwalik neem, dat hulle agter die vredestog van die leraars die bedekte geestelike swaard van Harry Smith gesien het nie. Uit die rapport aan die Sinodale Kommissie laat die skrywers nie veel blyk van die argwaan wat onder die toehoorders gedurig bestaan het nie, maar uit ander bronne verneem ons dat dit 'n steurende faktor in hul sending na die Noorde was.

Toe lede van die Sinodale Kommissie verlof moes verleen om die tweede deputasie te stuur, het ds. A. Faure hulle verseker dat „de onkosten door het Gouvernement zullen worden betaald." 2) 'n Wa en tent is dan ook deur die owerheid voorsien/...

1) K.B. 1849.77.
2) Dreyer a.w. 128.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorsien. Versigtigheidshalwe, „apprehending that it might injure the cause" is dit ooreengekom dat die Regering nie die geld voorskiet nie, maar dat die dominees later 'n gespesifiseerde rekening aan die staatskas sal voorlê, wat dan vereffen sal word.[1] Wat die saak nou meer vertroebel is dat di. Faure en Robertson die grootste geheimsinnigheid bewaar oor die vraag wie die onkoste van die reis dra. Herhaaldelik is hulle in die Ring van Kaapstad daaromtrent gevra en het hulle ontwykende antwoorde gegee bv. dat hulle nie aan die Ring rekenskap verskuldig is nie. Dit het die suspisie by die kerklike publiek aan die Kaap nog meer verhoog, want die ou gesegde bly waar: „wiens brood ik eet, wiens woord ik spreek."

Die Transgariepse lug was dik met onweerswolke. In die tyd toe die deputasie hulle vir die tog gereed maak, het die protes van die Boere teen die anneksasie van die Oranjeriviergebied oorgeslaan in gewapende verset, waarop gevolg het die verjaging van die Engelse uit Bloemfontein (Julie 1848) en die slag van Boomplaats (29 Augustus d.o.v.), toe die Voortrekkers die onderspit moes delwe. Die leraars het later nog die slagveld besoek, die vars grafte van die Britse gesneuweldes gesien en die gewondes vertroos. Die meeste mense benoorde die Grootrivier was as gevolg van hierdie troebele baie opgewonde en onrustig.

Sir Harry Smith het gevoel dat die aanwesigheid van twee sulke vername predikante - ds. P.E. Faure was toe Moderator Synodi - kalmerend op die ontevredenes kon inwerk. Aan dr. Robertson skryf hy omtrent „the importance I attach to your joint and able exertions to promote social order and content among a people so rapidly progressing in paths of error and ignorance."[2] Daarom het hy hulle ondersteun in hulle missie.

Die/.....

---

1) Idem, 134.

2) Idem, 147.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die twee predikante het ook mooi in sy staatkundige kraam ingepas. Was dit dan nie William Robertson wat aan die begin van die Groot Trek aan John Fairbairn geskryf het dat die hele onderneming 'n „foolish idea" is nie? Nadat hy die oorsake vir die Trek enumereer, is sy opsomming: „there exists among the majority but little ground of complaint against the Government and they are led away by the most foolish reasons." In die privaat en in die openbaar het hy hulle van hulle voorneme om te trek afgeraai en baie het hom later kom bedank. [1) ] Daar was dus geen ooreenkoms tussen hom en die emigrante, veral wat hul groot vryheidsideale betref nie. Op reis bly Robertson voortdurend in aanraking met die Regeringsverteenwoordiger, John Montaqu. Hy beskou dit as sy plig om uit Smithfield te rapporteer: „Along the Riet Rivier the people seem very loyal and well-disposed." Aan Sir Harry Smith laat hy weet dat die burgers maklik oortuig kan word van die voordele van die Engelse Regering. [2)]

Philip Faure was ook die Goewernement goedgesind. In 'n epistel, d.d. Wynberg, 1 Maart 1849, probeer hy om die stoere republikein, Andries Pretorius, tot onderwerping aan die Engelse juk om te praat. Volgens hom moet die christen in alles Gods hand erken, en glo dat geen koning of vors sy gebied sonder sy wil sal uitbrei nie. Daarom pas dit Pretorius om te buig en nie hom met geweld te verset nie. Hy moet sy gewete en Bybel raadpleeg, dan sal hy gans anders optree. „Dat toch niemand meene dat zij nu zoo ver van den zetel van het Britsche Gouvernement verwijderd zijn, dat zij vrij kunnen doen wat zij willen. Is het met een daadzaak voor ieders oogen, dat God de Heere die Natie eene verbazende magt gegeven heeft?" [3)]

Weliswaar/......

---

1) Idem, 6 - 8.

2) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, 104.

3) Idem, 544.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Weliswaar het die twee afgesante nie openlik in hul predikasies hierdie oortuigings gelug nie. Dr. Robertson skryf: „We have abstained in our public services from allusion directly to Rebellion", maar het elke ander geleentheid aangegryp „of speaking very candidly with those who are said to be disaffected, in private; and seldom omit to tell them what has been going on in France after they got rid of their King; and we generally take care to obey the Apostolic command by praying for the Queen and all in authority." [1] Ons onthou nog hoe kwaai die gemeente van Pietermaritzburg gereageer het toe ds. A. Faure vir die koningin gebid het! Dr. Robertson het dit ook goedgedink om by die aanvang van 'n reeks dienste onder die Trekkers te preek oor die teks: „Ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie as Jesus Christus," [2] en die lug so te suiwer vir sy geestelike boodskap.

Ek het geen twyfel dat die Kaapse Kerk die twee evangeliedienaars uitgestuur het alleen met die bedoeling om die weggetrokke lidmate tot geestelike seën te wees nie. Aan die ander kant egter het dr. Robertson en ds. Faure onversigtig gehandel deur hulle sydelings te laat gebruik deur Sir Harry Smith en was die aanklag uit die buiteland dat hulle „politieke handlangers van het Britsche Gouvernement" [3] was nie onverdiend nie. Dog die hoofdoel van die manne was om die evangelie aan onsterflike siele te bring en daarin het hulle groteliks geslaag. H.T. Buhrman skryf vanuit Magaliesberg: „Onbeschryflik is de indruk die door de heilige verrigtingen dezer mannen alhier op de harten der menschen gemaakt is; geen beminnaar van de godsdienst kan die dagen hier doorgebragt hebben zonder in de ziel zich te verheugen

over/......

1) Dreyer a.w. 141.

2) Vgl. die brief van Gen. A. Pretorius aan P.E. Faure, Preller: Voortrekker-Argiefstukke, 364.

3) De Boekzaal der Geleerde Wereld, April 1850.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



over zulk een toneel als hier heeft plaats gevonden." [1)]

Uit dieselfde oord laat Gen. A.W.J. Pretorius van hom hoor en wel aan ds. P.E. Faure: „Uwe komst by ons was als een verkwikkend regen op een dorre land.... Hoe treurig en weenend bevend wij ons hier en een huilend woestijn zonder kerk of leeraar." [2)] Die heidene kry sendelinge en leraars, maar hulle word gedurig van hul kerke en haardstede verjaag, so gaan hy voort. Hy protesteer teen die brief van ds. Faure, waarin hy hulle die mag van Engeland voorstel: „Dit maakte onze hart gaande; wij weeten dat het Gouvernement van Engeland sterker van magt zijn dan wij; maar wij weeten ook tefens, de magt des Heere sterker zijn dan wij alle, en ook weet wij dat Engeland ook zijn struikelblokken heeft gelijk wij." Na hierdie teregwysing gloei sy hart weer as hy dink aan die goeie werk van die Kaapse afvaardiging, om as volg af te sluit: „Aller harten en monden kleeft u en de E.W. Robbizon aan. Zij alle verlang na UEd. bezoek en bid eenparig dat uliden doch weder mogte komen in plaats van andere leeraars die hun nog onbekend is."

HOOFSTUK 34/.....

---

1) De Zuid-Afrikaan, 24 Desember 1848.

2) Preller: Voortrekker-Argiefstukke, 364.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 34.

## PREEKREISE VAN DS. ANDREW MURRAY, JNR.

### Sy eerste besoek aan Transvaal.

Sewe maande nadat hy op Bloemfontein tot vaste predikant ontvang is, het ds. Andrew Murray besluit om toestande in die Oorvaalse gebied te gaan ondersoek en die evangelie aan die Voortrekkers te bring. Hy was bedug dat sy liggaamskragte nie voldoende sal wees vir die ontberings langs die pad nie, maar gee ook nie om nie, as sy siel net geskikter was vir so'n plegtige werk. „Och!" sug hy, „Om de zalving van de Geest op mijn onreine lippen en zijn vertederende en verlichtende en vernieuwende genade op allen die horen." 1) So iemand met so'n gees is 'n geskikte instrument in die hand van die Here om stigting te bring.

Op 7 Desember 1849 steek hy die Vaalrivier oor, reis gedurende 6 weke oor 800 myl, preek op 6 middepunte en hou altesame 37 eredienste. Die waarde van hierdie preekreis kan nie oorskat word nie, omdat hy nie slegs lafenis in die woestyn gebring het nie, maar ook die vooroordeel teen die Kaapse Kerk help verminder het.

Sy eerste kerkplek was Mooirivier (Potchefstroom). Aanvankelik het die Landdros geaarsel om hom te ontvang uit vrees vir Britse invloed, maar alle teenstand het spoedig soo ys voor die hitte van Murray se liefde weggesmelt. Hy vind dit egter moeilik om die hoorders se aandag te bind, omdat - soos hy meen - die genademiddels so lank gelede daar bedien was. Tog was daar seën, te oordeel na die gesprekke van mense oor die preke. Hierna is hulle na Zwartruggens, die land van die Morikwa, waar die opkomste teleurstellend klein was. Vir die eerste keer kom Andrew Murray in aanraking met

die/.......

1) J. du Plessis: Het Leven van Andrew Murray, 105.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die sekte van die Jerusalemgangers, 'n aantal mense wat geglo het dat hulle op reis was na Jerusalem en met die gewone bediening van die Woord en Sakramente nie gediend was nie. Hulle probeer ook om ander van die kerk weg te hou. Na die diens het die leraar hulle gaan opsoek om uit te vind waarom hulle wegbly. Die kanttekeninge op Openb. 17 v. 12 word aan hom voorgelees, waar staan dat die koning van Engeland een van die horings van die bees is en aangesien hy - volgens hulle - 'n verteenwoordiger van die Britse Ryk is, wil hulle met hom niks te doen hê nie. Hy vind dat hulle die Heilige Skrif en veral die profesieë jammerlik verdraai en die Bybel gedurig in die hand en mond het. Sommige sê selfs dat al hul godsdiens ydel is, daar hul saligheid tog van die voorverkiesing van die Here afhang. 1)

Nietemin was die dienste op Zwartruggens geseënd. Casper Kruger, 'n diaken, getuig dat hy daar die Here vir die eerste keer gevind het. Lank het hy die Heiland verwerp en teengestaan, maar nou het hy hom oorgegee.

Kersdag bring hy by Kruger deur in die Magaliesbergse kontrei, waar hy 'n reeks preke lewer. „Nergens heb ik een meer aandachtige Gemeente gevonden, terwijl ook nergens zulke blijken heb genoten van des Heeren tegenwoordigheid in ons midden." 2) Aan sy vader skryf hy dat hy verskriklik vermoeid was van die inspanning. Hy is ook ontevrede met sy eie hart, wat neig om hoogmoedig en hard te word, aangesien die gehoor hom gedurig prys vir sy mooi prediking. 3) Hulle pleit nou ure met hom om hulle predikant te word. Was dit nie dat hy hom gebonde voel aan die gemeentes waar hy nou arbei nie, dan was dit onmoontlik om nie gehoor te gee aan hul smekinge nie. Weliswaar, by

sommige/.......

---

1) Brief d.d. 14 Februarie 1850, K.B. 1850.86.

2) Idem, 87.

3) du Plessis a.w. 109.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sommige is dit alleen 'n wens om nie soos heidene te lewe nie; by andere is dit die besef dat hulle maatskappy nooit sal bloei sonder 'n prediker van liefde om die twis teen te gaan nie, maar daar is ook hongerige siele, wat waarlik na die Woord van die Lewe en die prediking van die gekruisigde Christus, as die Heiland van hul siele, verlang.

Hy ontvang van Kommandant Hendrik Potgieter 'n brief om na die Soutpansberg te kom, vir welke doel 'n wa aangestuur word. Met trane in die oë verneem die boodskappers dat hy die reis nie kan onderneem nie en gebruik hartroerende pleidooie om sy hart te vermurf. Die ander Boere-Generaal, Andries Pretorius, sou hy ook ontmoet, wat hom raadpleeg of hy na die tafel van die Here behoort te kom. Hy het 'n grief teen die Hollander Bührmann omgedra en het toe ook nie nagmaal gebruik nie. Later bedank hy per skrywe „den Heer A. Murree" vir sy „onvermoeide arbeid in het heerlijk werk onder ons verregt, waardoor menig verdorde ziel zijn opgewekt en mild bedaauwd onder Gods Roepstem door U met zulk een nadruk verkondigt." [1]

Sy prediking onder die Voortrekkers.

Die jonge Bloemfonteinse predikant het sy preke baie sorgvuldig voorberei [2] en dit het hom op die plaas van D. Erasmus baie gehinder dat hy so weinig tyd kry om stil te wees en hom te prepareer vir sy kanselarbeid. 'n Mens wonder soms waar hy, en die ander reisende predikers onder die emigrante, die preke van haal, want hulle is nou nie omring met die boeke van hul studeerkamer nie. Uit 'n boekie, [3] waarin Andrew Murray 'n indeks van al sy preke in sy vroeëre bediening gehou het, blyk dat hy op al sy reise nooit oor dieselfde teks gepreek het nie. Al daardie menigte van boodskappe/......

1) Gerdener: Boustowwe, 548.

2) du Plessis a.w. 97.

3) By die Murraypapiere in K.K.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boodskappe kon hy nie met die weinige tyd tot beskikking, in die veld gemaak het nie. Hy het dus waarskynlik ou preke saamgeneem en elk na gelang van omstandighede gewysig en toegepas. Hy troos hom op die plaas van br. Erasmus met die gedagte dat hy in so'n geestestoestand verkeer, dat dit vanself 'n gedurige voorbereiding is. „Och! konde ik maar meer in den hemel leven, ademende de geest van Gods Woord, dan zou my de Heer het gebrek aan geregelde studie overvloediglijk vergoeden," 1) is sy versugting.

Op hierdie kerkplek het hy vry ernstig siek geword, sodat hy nie al die preekbeurte kon waarneem nie. Dikwels verhit van die prediking en direk daarna in die koue lug buite, het hy 'n swaar verkoue opgedoen. Niks egter kan sy entoesiasme demp nie en hy sit die tog voort na Ohrigstad in geselskap van Caspar Kruger en Frans Schutte. Hy ontdek dat die mense byna almal na die hoëveld weggetrek het, omdat die koors hulle getalle gedesimeer het. Ten spyte van liggaamlike swakheid kom hy op Lydenburg al sy pligte na en ontmoet o.a. die heer Bührmann, 'n Amsterdamse onderwyser.

Die waens moet nou omdraai, want Bloemfontein met al sy behoeftes wag reeds. Eers egter by Mooirivier langs, waar „kerk" bestel is. Die Volksraad sou daar sit en 'n menigte van mense was in die dorp bymekaar. Toe die prediker die môre in die groot tent opstaan, was hy verbaas om die groot skare van ongeveer duisend siele voor hom te sien. Aan die kante het nog 'n menigte van begerige toehoorders saamgedring om die Woord te probeer opvang. Ander kon nie naby genoeg kom om duidelik te hoor nie. Aan die lesers van <u>De Kerkbode</u> skryf hy: „Gij kunt het u voorstellen dat het moeijelijk was om my in te houden en schoon ik van geene vermoeijing

wist/.....

---

1) J. du Plessis a.w. 111.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wist toen ik de Mooi Rivier verliet, heb ik later gevoeld dat ik my geheel afgewerkt had, door het zoo herhaaldelijk spreken tot zulk eene groote schare, want men wil toch zoo gaarne dat een ieder hooren zal."[1] Aan sy vader meld hy dat hy soms twyfel of dit waarlik die hulp van die Here is waardeur hy in staat gestel word om te preek, dan of dit slegs sy natuurlike vermoëns is, wat, as hy opgewonde raak, hom help om ernstig te preek en skynbaar 'n diep indruk op die hoorders maak.[2] Andrew Murray was baie eerlik in die ontleding van sy eie gemoed en was altyd bevrees dat hy homself sal preek en nie Christus nie.

Toe hy in die erediens dit het oor die naam „Emmanuel" ondervind hy dat sy hart verruim word, maar bemerk dat min in staat was om sulke onderwerpe op prys te stel. „Wat zy hebben willen," skryf hy, „is knorren en als dat maar iets goeds wilde uitrichten, zou ik gewilliglik knorren; doch ik gevoel er bedroefd over, dat het zalige Evangelie van Gods liefde verlaagd moet worden om niets meer te zijn dan een tuchtmeester, die dryft en dreigt."

Al was hy baie ernstig op die kansel, bly hy die apostel van liefde. Die volgende Maandagmôre preek hy oor 1 Joh.4 v. 7: „Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God." Nou is hy besig met aktuele prediking, want tydens die sitting van die Volksraad het allerlei onenigheid en twis onder die burgers tot openbaring gekom. Hy trag om so openhartig moontlik te spreek oor die haat wat onderling heers en wys hulle op die plig van die nagmaalganger om mekaar lief te hê. Die Raad het sy sitting met die oog op die kerklike verrigtinge na Dinsdag verskuiwe. „Velen verklaarden zich als zeer dankbaar voor mijne woorden, en ik

geloof/.......

---

1) K.B. 1850.88.

2) J. du Plessis a.w. 113.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geloof dat er waarlik een goede stemming ontstond, en dat velen de noodzakelikheid gevoelen, van naar vrede en eensgezindheid te streven."

Sy vermoede was reg, want later skryf kom. Hendrik Potgieter aan ds. P.E. Faure dat daar nou eensgesindheid onder hulle geledere aangebreek het, nie 'n mens se werk nie, maar die werk van God. Op 11 Maart 1850 is die strydbyl tussen die Pretorius- en Potgieterpartye begrawe. Die twee aanvoerders het in 'n tent in Rustenburg ontmoet om die ou geskille uit die weg te ruim. Die hele volk het buite in afwagting gestaan wat die uitslag sou wees: vyandskap of broederskap, broedermoord of broedermin. Eindelik word die klap van die tent opgeslaan en - beide vaders staan met die hande in mekaar gesluit en die Bybel lê voor hulle oop. 'n Godverheerlikende gejuig styg na die hemel op. [1)]

Maandagaand hou hy sy afskeidsdiens oor dieselfde onderwerp na aanleiding van Fil.1vs. 27: „Alleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus, ens." Hy getuig dat hy na liggaam en gees ruime ondersteuning van Omhoog geniet en dat hy die gevoelens van die Apostel Paulus tot sy eie kon maak. Daarna, van 10 tot 2 uur in die nag, word kerkraadsvergadering gehou, waarop aangedring word dat hy 'n beroep na Mooirivier moet aanneem.

In die brief aan sy vader raadpleeg hy hom oor die openbare kanselgebed. Hy het nooit tydens sy reis vir die hooggeplaatses m.a.w. die Volksraad, gebid nie en sommige het dit opgelet. Ouderling Wolmarans het met hom daaroor selfs gepraat. „Ik weet zelf niet wat ik denken moet van de handelingen van de Boeren tegenover de Engelsen: in vele opzichten zijn zij, mijns inziens, te rechtvaardigen," skryf

Murray/.....

---

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 167;
J. Stuart: De Hollandsch Afrikanen, 201.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Murray. Gestel nou, gaan hy voort, dat hulle verkeerd is, so bly hulle nog „de machten die er zijn." Hy kan tog bid dat die regeerders deur die vrees van die Here beheers en deur sy wysheid in staat gestel word die welsyn van die volk te behartig.

Uit dit alles blyk dat Andrew Murray, Jnr. uiters versigtig was om nie aanstoot aan sy hoorders te gee nie. Op die terrein van die staatkunde wou hy hom op daardie tydstip van sy bediening nie begeef nie. Aan die ander kant wil hy ook nie sondig deur maar na die smaak van die luisteraar te preek en te bid nie. Hy skryf: „Ik vreesde dat ik ertoe kon worden geleid, het te doen (om vir die Raad te bid) terwille van de populariteit, en ik heb de Heer gebeden, my daarvoor te willen bewaren." Sy eerlikheid, innigheid en opregtheid word ook openbaar wanneer hy die seëninge en voorspoed van die preekreis opsom en dink oor die weinige vooruitgang wat hy persoonlik in die genade gemaak het, oor die gebrek aan liefde teenoor medesondaars, oor die hardheid en onverskilligheid van sy eie sondige hart, oor die afwesigheid van die ware hemelse gesindheid waarin 'n gesant van Christus behoort te lewe, oor die hoogmoed en selfvoldaanheid waarmee hy vir homself die eer toeëien wat alleen aan God toekom. Hy eindig met hierdie loflied: „Och! loof met my de Heer, geliefde Vader, en lofzing Hem voor al zijn barmhartigheid en verdraagzaamheid, biddende dat de Heer zelf my vergeven en vernieuwen wil, opdat ik meer geskikt mag worden gemaakt, Hem waarlik te verheerliken." 1)

Eindelik bereik hy Bloemfontein nadat sy reisgesel, diaken Coetzer, langs die pad aan die Delagoa-siekte beswyk het. Ds. Murray self het swak, maer en baie bleek gelyk. Sy gees egter is onbeteueld want hy skryf dat hy oor tien dae

weer/......

1) J. du Plessis, a.w. 114.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weer met sy reise sal begin om die nagmaal langs die Riet-rivier te gaan bedien.

Tweede en derde reis.

'n Paar maande daarna aanvaar hy sy tweede reis na die Oorvaalse. Op 16 Oktober 1850 arriveer hy by Mooirivier. Baie het hom verwelkom want die Raadsitting het juis be-eindig en die dorp was vol mense. 'n Ruime kruiskerk was in aanbou en het dakhoogte gestaan waaroor seile gespan is om as die nodige kerk vir die naweek te dien. Nog was die ruimte egter te beperk. Daar was groot belangstelling in die godsdiensoefeninge, alhoewel die sitting van die Raad nie sonder sy nadelige invloed was nie, aangesien baie ge-moedere onthuts was. Die Woord was geseënd en baie het kom getuig dat dit goed was om na so'n lange afwesigheid weer gevoed te word. [1]

In sy opgaafboekie van preekbeurte [2] stip hy as volg aan:

„19 Oct. Mooi Rivier Jes. 55:2 b avond 1 Cor. 11;
20 Oct. Mooi Rivier (avl) Joh. 19:5 b, av. Matth. 25:10 b;
21 Oct " " av. (voorst.) Ps. 119:9;
22 av. Gats Rand - I. Boshoff Jer. 3 : 22;
23 vm. Gats Rand Matt.6 : 33;
24 av. Suikerboschrand (Jak. Smit) Luk. 24:13."

Hieruit blyk, by die naslaan van die tekste, hoe ge-pas sy tekskeuse vir elke geleentheid was. Dog dit bring ons ook verder op die reis van Mooirivier na Gatsrand en Suikerboschrand. Op Gatsrand het hy 'n vrou ontmoet van die duiwel besete, wat hom veel kommer besorg. Op Rhenoster Poort ten huise van Andries Spies preek hy drie keer vir 'n gehoor/......

1) Idem 124.

2) In K.K.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehoor van 50 mense. Aan Lydenburg kon slegs 'n naweek afgestaan word, aangesien die prediker Maandagmôre na Soutpansberg moes vertrek. Drie drukke dae van katkisasie, die bediening van Woord en sakramente en honderde privaat gesprekke. Geen wonder dat hy kla dat hy heel uitgeput was nie. 'n Lewendige gevoel word in die godsdiensoefeninge ondervind, terwyl hy die vrug van sy vorige besoek in die katkisasie kon sien. Toe iemand vra wanneer hulle nou weer „kerk" gaan hê, antwoord hy dat hulle oor 'n jaar weer deur 'n leraar besoek sal word. Hierop sê Andries Beetge: „Maar is dan één jaar niet een al te lange tijd om honger te lijden?" Daarop kon Andrew Murray hom geen antwoord gee nie. Die gevaar was dat goeie indrukke in die erediens gewek word maar dat dit net so gou verdwyn, as daar niemand is om daaroor te waak en dit te versterk nie. 'n Jongman sê aan hom: „De toestand dier gemeente is als een stuk koorn, schoon en ryp, maar er is niemand om te oogsten, of vogelen te verjagen, of zij eten al het zaad, en alles wordt verloren." 1)

Geen wonder dat die dominee hulle goed besig gehou, terwyl hy by hulle was en soms tot sonsondergang gepreek het. Toe hy een middag baie ernstig preek, sien hy tot sy verbasing 'n jongman sy stoeltjie vat en die kerk uitstap: Die prediker stop hom dadelik en vra: „Waarheen?" Sy antwoord was: „Mynheer, myn vader het ver my geleer als de zon ondergaan moet ons de osse vasmaak." 2)

By Soutpansberg het hy nie gekom nie, maar op Warmbad het dertien waens met Potgieter-mense by hom aangesluit om die Woord te kom hoor. Dit was vir hulle 'n lange afstand van nege skofte. Die behoefte was groot, want slegs 2 uit

25/.....

1) Brief aan de Sinodale Kommissie d.d. 26 Desember 1850, K.B. 1851.63.

2) Mej. Murray: „In the Early Days", 'n lesing voor die Literary Society, Graaff-Reinet, (1906).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



25 applikante vir aanneming word goedgekeur. „Ik werd in staat gesteld om, met byna meer eenvoud en ernst dan elders, Christus hun voortestellen als enkel en vryelik door het geloof te worden aangenomen." Persoonlik voel hy egter ook nog nie daardie vaste vertroue op God soos hy graag wens nie. „Ik zie het duidelik in, dat het geloof een strijd is, en ik grijp de Heer soms aan, doch ik ben er zo weinig aan gewend, het vlees te kruisigen, en werkelik te geloven, dat ik het een moeilike arbeid vind, waaraan ik veel meer yverige inspanning, en veel meer geheime worsteling met God zal moet wyden, dan tot nogtoe geskied is." Hoe anders sou hy later praat, toe hy in Engeland met die Keswick-beweging in aanraking kom. Daarna het hy besef dat dit nie ons ywerige inspanning en ons worsteling is nie, maar die oorgawe aan Christus en sy Gees.

Van die Bad reis hy suidwaarts om die Pienaarsrivier onpassabel te vind. Hy bereik die lae r van die Boere wat slaags was met die kaffers. Sommige versoek om hul kinders te laat doop, maar hy weier omdat hulle geheel onvoorbereid was vir die sakrament. Nie alleen het die oorlogsgees hoogty gevier nie, maar sommige drink en vloek. Aan die Magaliesberg gekom vind hy daar 'n halfvoltooide kerkgebou, wat tot heiligdom moes dien. „Tegen myn eigen verwachtingen aan, werd ik geholpen om met een zekere mate van gevoel te prediken." Al weet hy nie of die indrukke op die onbekeerdes blywend sal wees nie, vertrou hy dat die Here enige sal vergader. Hy het die genoeë om voor die heenreis ettelikes te sien, wat opgebou en verlewendig is deur die bediening van so'n onwaardige dienskneg. Dit het hom groteliks verbly toe 'n man, wat vroeër baie neerslagtig was, hom groet met die woorde: „Ik vertrouw later de gelegenheid te hebben, u te vertellen wat grote dingen God voor mijn ziel gedaan heeft."

Die/.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aandrang om hom as hul eie leraar te besit, was oorweldigend. As hy sy eie neiging volg, dan is dit 'n uitgemaakte saak, want hy hou so baie van hierdie mense, maar hy wil die wil van die Here volg. Hy is oortuig dat die Here die werk van Sy hande onder hierdie volk nie sal verlaat nie. „Een getrouw God moet dat verlangen naar Zijn Woord, dat Hy zelf verwekt heeft, verzadigen." Wat hom egter tref, is dat almal hom verkies, en nie van ander leraars wil hoor nie. Sou dit 'n teken vir hom wees?

Naby Morikwa is hy gearresteer deur 'n aantal manne, wat weier dat hy na die kerkplaas sou afreis. Hy is as 'n soort gevange beskou. Dit was weer die werk van die Jerusalemgangers. Die volgende dag sou daar 'n openbare verhoor plaasvind en vele is verwag om teenwoordig te wees. Ds. Murray neem sy plek op die wakis in en á Brakel word te voorskyn gehaal. Allerlei dwase bewysvoeringe aangaande die noodsaaklikheid vanuit die Antichris te kom, word aangevoer as 'n bewys dat Murray die Engelse Regering moet verlaat vir daardie kant van die Vaalrivier. Enige onsinnige vrae moes hy eers beantwoord, waarna hy die doel van sy koms eenvoudig blootlê. Hy laat hulle maar op 'n ingebeelde oorwinning hulle beroem en na 'n magsvertoon van Adriaan Stander word hy toegelaat om na Morikwa (of Marico) te reis.

Hy preek 3 keer op die Sondag, maar omdat die lidmate so rusteloos is, bedien hy nie die nagmaal nie. Om met sektes 'n openbare disputasie te hou, is nie gewens nie. Murray was baie daarteen om op die Maandag met die Jerusalemtrekkers slaags te raak, maar sommige uit die gemeente het hom daartoe oorgehaal. Hy ontmoet die leiers Paul Roos, Stoffel de Wet en Jakob Erasmus, wat weer probeer bewys dat Engeland een van die horings van die bees van Openbaringe 17 v. 3 is en Andrew Murray geenware dienskneg van Christus kan wees nie. Hy was heeltemal tevrede met die uitkoms van die openbare debat, maar dit is altyd moeilik om sulke heethoofde van hul

© University of Pretoria

dwaashede/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dwaashede te oortuig. Hy was jammer dat die sektemense met 'n ingebeelde veiligheid en heiligheid die weg van die verderf bewandel, want hulle soek hul saligheid in die teenstand teen die Antichris. Ds. Murray het verder gevoel dat die aandag van die mense geheel-en-al afgetrek is van die ernstige waarhede, wat hulle die vorige dag gehoor en wat diep indrukke nagelaat het.

Hierdie afwyking van die Jerusalemgangers was 'n gevaarteken. Sulke dwepery was by die geslagte voor 1800 - 1830 onbekend, maar daar het algaande 'n dekadensie in die innerlike geesteslewe van die volk gekom. 1) Een van die oorsake was dat daar geen kerkleiers met hulle in die woestyn meegetrek het nie. Deugdelike leiding sou hulle deur die apokaliptiese doolhof gehelp het.

Later het Ds. A. Murray, Jnr. 'n eenparige beroep na Mooirivier ontvang en 'n memorie met elfhonderd handtekeninge is voor die Sinodale kommissie van die N.G. Kerk gelê. Hy het die beroep nie aanvaar nie!

Vir 'n derde keer sou hy die emigrante anderkant die Vaal gaan besoek en wel in Mei 1851. Hierdie keer het ds. J. Murray van Burgersdorp hom vergesel. Die besoek was kort en vlugtig, slegs vier weke uit en tuis. Die enigste 2 plekke waar hulle vertoef het, was Mooirivier en Magaliesberg, waar nuwe kerke ingewy moes word. John Murray se teks in Mooirivier was Ps. 87 v. 3 en dié van Andrew op Rustenburg Ps. 132 v. 14. By die algemene dankbaarheid was daar net een gedagte onder die mense: moet ons dan altyd sonder leraar bly? Selfs die bemoedigende antwoord: „Die Here sal voorsien" skyn weinig indruk te maak. 2)

Omdat beide die Kaap Kolonie en die Soewereiniteit met kafferoorloë te make gehad het en die twee leraars se teenwoordigheid in hul gemeentes wenslik was, het hulle so gou moontlik teruggekeer.

HOOFSTUK 35/.......

1) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek, 495 - 497.

2) K.B. 1851.175

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 35.

### DIE DERDE SINODALE AFVAARDIGING.

Al het hy die beroep na die Oorvaalse Voortrekkers bedank, Andrew Murray se liefde vir hulle was nie minder nie. 'n Andermaal het hy vir hulle gaan preek, hierdie keer in geselskap van sy akademievriend, ds. Jan Henoch Neethling van Prins Albert. Die vorige male het hy uit eie beweging die reise onderneem, maar nou is hy en ds. Neethling amptelik deur die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk gestuur. Die tog het drie maande geduur, van 1 Maart tot 3 Junie 1852, en het verder Noord getrek as enige van die vorige besoekers, nl. tot by Soutpansberg.

Op voetspoor van vorige ekspedisies het hulle eerste op Potchefstroom afgepeil, dan ooswaarts na Suikerboschrand en Lydenburg, noordwaarts na die Potgieter-mense, dan suidwaarts via Warmbad, Rustenburg, Marico en Schoonspruit om dan weer oor die Vaalrivier te steek. Dit was in kort die reisplan.

Op Potchefstroom was die kerkruimte wat ongeveer 600 mense kan bevat, oorvol. Die kleinste leë plekkie was groot genoeg vir 'n veldstoeltjie en niemand het enige ongemak met die sit gewraak nie. Ds. Neethling sê dat dit 'n lieflike skare was en, uitgenome 'n kindjie hier en daar, was daar niks wat die aandag afgetrek het nie. Aller oog was op die spreker gerig en menige gelaat getuig van die ernstige aandag. Die gesang is kragvol, die gebed eenparig. Wanneer die seën uitgespreek is, neem elkeen sy stoel onder die arm en begeef hom na sy tent. Dan vervolg hy: „Ik heb de eer genoten, dat ik in menige deftige kerk en vergadering optreden mogt; en vooral staat my hier de groote kerk in de Kaap voor den geest. Maar vraagt men mij, waar ik de meeste overeenkomst vind met de Christelijke eenvoudigheid, waar ik

my/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



my het meest voelde opgewekt om in eenvoudigheid het kruiswoord te verkondigen? - ik antwoord: nergens meer dan hier!" [1]

J.H. Neethling, op Stellenbosch gebore, het sy teologiese studies ontvang aan die Utrechtse Universiteit, waar hy met John en Andrew Murray 'n lewenslange vriendskap aangeknoop het. Hy is dadelik opgeneem in die geselskap van die lede van „Sechor Dabar" en het dus in aanraking gekom met die manne van die reveil. Die gees van herlewing en evangeliese ywer was steeds kenmerk van sy latere bediening. Terug in Suid-Afrika het hy op Prins Albert sy eerste standplaas gevind om later sy lewenswerk op Stellenbosch te gaan verrig. Hy was nederig in gesindheid, standvastig in karakter, onverskrokke in handelwyse, liefderik in geaardheid en innig vroom in sy godsdiens. [2] As prediker kon hy nie opweeg teen sy geniale kollega, Andrew Murray, nie, maar sy prediking was tog opreg en skriftuurlik. Ds. D. Postma het hom op Stellenbosch (1858) hoor preek en getuig: „dit was een regt geestelijke predikatie, ernstig in verband tot het geweten zijner hoorderen. Mijne ziel werd waarlijk verkwikt." [3]

Die gehoor op Potchefstroom het nie alleen vir hom inspireer nie, maar ook sy vriend, om hul beste op die kansel te lewer. Van hom word gesê: „Zijne prediking was eenvoudig, warm en waar. En de gemeente (men kon het op elks aangezigt lezen) verstond hem." [4]

Van Mooirivier nou voort en wel na Soutpansberg „het verste punt, waarheen de moedige Zuid-Afrikaan zich ter woon heeft gewaagd.... waarheen wy het zaad van Gods Woord wenschten te brengen." Eers oor Suikerboschrand.

Hier/.......

---

1) K.B. 1852.303.
2) Dreyer: Eeuwfeest-Album van de N.G. Kerk in Z.A., 99.
3) D. Postma: Geschiedenis van de Geref. Kerk, 65.
4) J.H. Neethling se verslag, K.B. 1852.304.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hier geniet ds. Neethling vir die eerste keer die ondervinding wat sy reisgenoot dikwels voorheen beleef het, om in 'n kerk van fluitjiesriet te preek. Die klankbord van die kansel was 'n gedroogde ossehuid, maar die stem het tog nie te goed gedra nie. Gedurig moet die spreker op die pad kla van oorspanning van die stembande.

In hulle reisjoernaal word slegs eenkeer melding gemaak van politieke wanklanke en dit is hier. Hulle verneem van enige gemeentelede wat om staatkundige oorweginge nie na die kerk gekom het nie. Later het hierdie vooroordeel teen die twee leraars verminder, want toe hulle drie maande later op Mooirivier diens hou, het hierdie mense die dienste bygewoon.

Ds. Neethling gee ons 'n baie skilderagtige beskrywing van die reis na Lydenburg. Hy vertel o.a. hoe die kaffers getref was deur die eerbied wat die blankes aan die kerkleiers betoon. Een staaltjie gee 'n bewys van die lewendigheid en vuur van Andrew Murray se prediking en sy gestikulasies. Dit is altyd goed om te weet welke indruk 'n preek op die hoorders maak. In hierdie geval was dit 'n stomme heiden wat van ver af die prediker gadeslaan. Ons laat ds. Neethling se eie woorde volg: „Mijn reisgenoot is, naar dat een ieder weet, niet de bedaardste spreker. De kaffer verstond geen woord maar zeide later: hy had niet gedacht dat de witte mensch zoo bang was voor zijn Kapitein. De kleine kapitein - zijne bedoeling was jong, wijst hun den vinger, zij zitten stil; - hy scheldt op hen, zij zitten stil; - hy vloekt hen - zij zitten dood stil!" 1)

Op Lydenburg word die dienste waargeneem in die Voortrekkerkerkie, wat vandag nog bewaar word, maar destyds slegs die mure tot dakhoogte gehad het. Die verlange na die

Woord/......

---

1) K.B. 1852.319.

© University of Pretoria

Woord en na 'n vaste leraar was ontsettend. Kerkraad en gemeente het net een wens en dit is om ds. Murray tot predikant te verkry. Baie skilder hulle ellende deur die vreeslike, maar waar woord „herderloos". Ds. Neethling pleit dat die kerk hulle nog nie verstoot het nie, 'n bewys waarvan die toesending van die deputasie was. Ten spyte van armoede en verwaarlosing het die jongelinge 'n kennis van die Skrif aan die dag gelê, wat selfs menige bolandse seun of dogter nie euwel sou staan nie - dank sy die ywer van Meester Poen.

Byna is hulle verhinder om na die Soutpansberg verder te reis, want enige vername manne het hulle ten sterkste afgeraai, aangesien die geelkoors so kwaai daar woed. Die afvaardiging wou hulle egter nie van koers laat bring nie en het die gevaar trotseer. Die kaffers het van alle kante gestroom om vir die eerste keer 'n blanke te aanskou. Dit het hulle harte laat brand om hulle die evangelie te verkondig, „maar onze tong is gebonden, en lang zal het duren, eer hier de heilmare in Christus wordt gepredikt." 1) Hierdie twee predikers het voorwaar geen politieke oogmerke of enige ander bybedoeling met hulle sending onder die Voortrekkers gehad nie, maar was deur 'n suiwere liefde vir die onsterflike siel gemotiveer. Elke geleentheid het hulle dan ook aangegryp om langs die lange pad hulle medereisigers te bearbei.

Besondere tonele was dit wat hulle moes sien by die aankoms by die laer van die voorste Voortrekkers. Arm en behoeftig as gevolg van die strooptogte van die inboorlinge, maer en geel van die gevreesde koors, honger na die Ewige Brood. Alles was in afwagting vir hulle koms, die kerktent gespan, terwyl die Landdros en Heemrade hulle plegtig daarheen lei. Ds. A. Murray skryf: „De arme lieden aan de

Zoutpans-/.....

1) K.B. 1853.130.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Zoutpansbergen vierden waarlijk feest, en zelfs de kinderen verheugden zich over - zij wisten niet recht wat." [1] Ds. Neethling het meteens die kinders eenkant bymekaar gemaak om met hulle te onderhandel, maar die ouers was so nuuskierig dat hulle gevolg het. Hy ontdek dat die kleinspan heelwat kennis van die Bybel besit. Wat die evangelieprediking betref, ds. Murray het „met veel vrymoedigheid en ernst, herhaaldelik gepredikt, voor eene zeer aandachtige gemeente. Hierin heb ik hem, zoo goed ik kon ondersteund." [2]

By die Warmbad het hulle kommandant Hendrik Potgieter ontmoet wat die badwater terwille van sy gesondheid geniet het. Toe hy hulle die hand gee, was sy versugting dat sy bede nou van God gehoor is. Hier is ook kerk gehou.

In die Rustenburgse omgewing het die koors verwoesting onder die Boere aangerig, o.a. het Casper Kruger beswyk. Hierdie omstandigheid het die gemeente ontvankelik vir die evangelie gemaak. „Waar het bleek, vermagerd gelaat ons aankondigde, dat de gevreesde ziekte naderde, of slechts langzaam afnam; waar het zwart van diepen rouw, de traan op menige wang, ons, in gedachten, naar het graf van dierbare gestorvenen voerde; daar is de prediking van het leven mede-deelend kruis, den prediker een voorregt, den hoorderen meer dan Gileads balsem voor verwonden."

Op die kerkplek, ‚Klein Marico' was hulle bly om te bemerk dat die invloed van die Jerusalemgangers aan die uitsterwe was. Dit het veral gegeld van die huisgesin van Jan Enslin, die hoof van die fanatiese party. Baie van hulle soek nou die troos van die evangelie, wat hulle vroeër geweier het. Tog het sekere huisgesinne weggebly, al het selfs die kinders van die „profetes" hul kinders na die doop gebring. Andere het bely hoe dit hulle smart dat hulle voor-

heen/........

---

1) J. du Plessis a.w. 145.

2) K.B. 1853.132.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heen deur die sekte meegesleur was. Die jongeres het besef dat die poging om na Jerusalem oor land te reis hopeloos was. Ds. Neethling was gewoonlik verantwoordelik vir die katkisasie en een van sy vrae by die aanneming was: „Waar is Jerusalem? Kan men van hier, over land, daarheen reizen?" Een seun het laggend geantwoord: „Mijnheer! hy komt in de vliegen." 1)

Die reis het afgesluit met kerkdienste op die plaas van Wessel Badenhorst van Hartebeesfontein en op Potchefstroom, waar elke erediens herhaal moes word omdat die kerkgebou die menigtes nie kon bevat nie. 2) Andrew Murray getuig dat hy baie persoonlike sielsorg verrig het. Verskeie persone het sekerheid van die geloof ontvang, nadat hy hulle op Jesus as die enigste Saligmaker gewys het. Een man het hom laat haal en uitgeroep: „God heeft Christus aan mij gegeven; ik heb mijn Zaligmaker gevonden." Ook moes hy die ter-dood-veroordeelde Pieterse, wat 'n moord begaan het, besoek en voorberei. 3) Dit is die bekende geval waarvan Stuart ons vertel dat die Volksraad in verleentheid was hoe om hom op te hang, aangesien vroeër nooit lyfstraf op 'n Afrikaner toegepas was nie. 4) Dit sê ongetwyfeld veel vir die goeie karakter en inslag van die mense onder wie di. Murray en Neethling die evangelie moes verkondig.

As gevolg van hierdie kerklike deputasies en die seëninge van hul prediking, het daar 2 briewe van Magaliesberg en Potchefstroom gekom wat groot invloed uitgeoefen en meegewerk het om die Kaapse Sinode tot inlywing van die Transvaalse gemeentes te laat besluit. Di. A. Murray en J.H. Neethling het aktief die weg hiertoe help oopmaak. 5)

HOOFSTUK 36/.........

---

1) Met „vlie gen" word die tetsevlieg bedoel. Sien S.P.Engelbrecht: „Die Jerusalemgangers", Almanak van die Ned.Herv. Kerk (1947), 64.

2) K.B. 1853.136.

3) J. du Plessis a.w. 147.

4) J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen, 265.

5) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 249.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 36.

## LEESDIENS EN PREEKBUNDELS.

### Leesdiens.

In die dae van 'n oorstelpende predikante-nood en die verbeuring van baie kerklike voorregte, waaraan hulle in die gereëlde lewe van die kolonie gewoon was, moes die Voortrekkers ander voorsiening vir hul onsterflike behoeftes maak. Sondae is leesdiens deur die ouderlinge of oudstes gehou, waar hulle gewoonlik uit 'n beproefde predikasieboek lees of in sommige gevalle 'n vrye voordrag uit die Skrif gee.

Nie dat dit vir die Trekkers 'n vreemde kerklike handeling was nie. In die Kaapland met sy uitgestrekte gebiede en weinige gemeentes moes hulle meermaal hulle bedien van preekbundels en was dit, naas die Bybel, een van die magtige hefbome om hulle van ontaarding te bewaar. Selfs hulle wat naby 'n kerk was, het soms nie ter kerke gegaan nie, maar tuis gebly en 'n gedrukte preek gelees. Hierdie euwel word in 'n Kaapse kerkblad [1] in 1828 gestriem. Die oogmerk van hulle wat predikasieboeke in die lig stuur, is nie 'n aansporing om die erediens te verwaarloos nie, maar eerder om die kerkgang te bevorder. „Wilt gij hiervan overtuigd worden? Lees dan maar de nagelaten leerredenen van den grooten, helaas te vroeg gestorven Borger," sê die blad. Preekbundels is veral uitgegee om verafgeleë lidmate te bedien.

In die afwesigheid van 'n leraar kan die leesdiens tot opbou van die gelowiges dien. Dit het egter ook sy beperkinge, want die persoonlikheid en voordrag van die prediker het groot invloed op die hoorder. Toe Koningin Elizabeth in die sestiende eeu vrye prediking verbied het, het/.......

---

1) N.Z.A.T. 1828.409.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het Aartsbiskop Grindal aan haar verduidelik: „The reading of Homilies hath his commodity, but is nothing comparable to the office of preaching. The godly preacher is termed in the Gospel fidelis servus et prudens qui novit famulitio Domini cibum demensum dare in tempore, who can apply his speech according to the diversity of times, places and hearers, which cannot be done in Homilies." 1) Vir die Voortrekkers egter was die hulp van hul preekbundels soos 'n Elim in die woestyn.

Sarel Arnoldus Cilliers.

Iemand wat 'n gesogte voorganger in hierdie tydsgewrig was, was die vrome Sarel Arnoldus Cilliers. As kind reeds het hy hom onderskei in die hou van oefeninge. Toe hy tien jaar oud was het hy begin soek na sy Heiland. Drie verskyninge van sy „Ziele-Bruidegom" - tipiese piëtistiese taal - het hom te beurt geval, wat hom uiteindelik noop dat „sy siel bewillig om met Hom in verbond te gaan." 2) Kort daarna het hy vir sy Here getuig. Hulle het as kinders op die winterveldse plaas van Oom Hans Lubbe van Wortelfontein gespeel, toe 'n brandende begeerte hom beetpak om aan almal bekend te maak hoe nodig dit is om die hart aan Jesus Christus te wy. Hy vertel sy maats van die liefde van God as Vader en smeek hulle om Hom deur die geloof aan te neem. Die Sondag daarna word daar 'n buitediens op die plaas deur 'n sekere van de Sandt gehou. Sy maats het dit almal bygewoon. Die namiddag kom hulle egter terug en vra die jonge Sarel eenparig om weer vir hulle oefening te hou, aangesien sy godsdiensoefening vir hulle aangenamer is as die van van de Sandt. Noodeloos om te sê was hy baie ingenome met hierdie versoek

en/.......

1) Garvie: The Christian Preacher, 148.

2) Brieven van S.A. Cilliers, Aanhangsel F, by G.B.A. Gerdener: Sarel Cilliers die Vader van Dingaansdag. Lewenskets van die grote Voortrekker, Kaapstad, 1919.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en het daaraan voldoen. Hy meen dat hy hulle almal vir die Here gewen het.

'n Volgende keer het een van sy broers en 'n slawejong sy gehoor uitgemaak. „Ik stelde myn gehoor voor Jezus in Zijn dierbaarheid als volkomen Zaligmaker, dat wy door Hem alleen kunnen zalig worden, en als wij Hem missen dat wij ons seker zullen bevinden onder het getal der rampzaligen. Hoe zwart geverfd van eeuwige spijt zal dan ons hart zijn, daar wij uitgenoodigd waren door het geklank van de roepstem des Evangelies en zijn getrouwe knechten en door vele andere middelen." Die twaalfjarige knaap was nou so „opgetogen" met sy sukses dat hy bid om deur die Here geroep te word om in sy wingerd gebruik te word. Sy ideaal om predikant te wees is egter nooit vervul nie.

Uit hierdie ontboeseminge van Cilliers is dit af te lei dat hy in sy vormingsjare in die distrikte Graaff-Reinet en Hantam (Colesberg) in aanraking was met piëtistiese invloede, wat sy hele loopbaan later gekleur het.

In 1836 sluit hy met vrou en ses kinders by die Potgieter-trek aan. Vir hom was dit die wil van God dat hy die onderneming moes aanvaar. Hy was onmiddellik 'n ligpunt in sy omgewing en het die troos van die evangelie in moeilike dae gebring. Ds. P. Huet was getref hoedat die emigrante gedurig met drome omgegaan het. Ook Cilliers was 'n dromer. Voor die slag van Vegkop het hy gedroom dat die Matabeles gaan aanval en almal tot die godsdiens geroep. Hy maan elkeen tot waaksaamheid en getrouheid en wys op die droom van Farao, hoe die maer koeie die vettes en die dun are die volle verslind het. Hy het die Allerhoogste gevra om beskerming. Op soortgelyke wyse het hy na die sege weer 'n dankstond gehou. [1)]

Op 8 Februarie 1837 is hy in die laer tot diaken

gekies/.....

1) Gerdener: Sarel Cilliers, 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekies; aan die einde van die trek in Pietermaritzburg is hy gepromoveer tot ouderling, 'n pos wat hy 'n kwarteeu beklee het. Op sy ouderlingskap was hy baie gesteld en teken hom dikwels in sy briewe as „ouderling" of „oud-ouderling."

Die gevoel tussen hom en eerw. Erasmus Smit was baie gespanne, omdat Cilliers ook oefeninge, veral vir die Potgieter-mense, waargeneem het. In die tweede kerkraadsvergadering kom 'n skriftelike bekendmaking voor hulle dat S. Cilliers hedemiddag in die laer die godsdiens sal waarneem. Erasmus Smit protesteer by die Kommissaris-politiek (Piet Retief), want volgens die ou gebruik mag niemand in die kerk oefening hou sonder eers deur die kerkraad geëksamineer te wees en sonder dat hy behoorlik verlof daartoe ontvang het nie. Die Kommissaris het die leraar gelyk gegee. Nou word aan Cilliers gevra waar hy die oefening wil hou en op sy antwoord: „in dit leger", word hy voor die kerkraad geroep. Toe aan hom die Algemene Reglemente van die Sinode van 1824 getoon word, was hy tevrede om ten gunste van eerw. Smit terug te trek. Nou verduidelik die Voorsitter dat dit gebruiklik in ons kerk is om deur goeie lidmate oefeninge en katkisasie te laat waarneem, maar dan moet hulle eers deur die kerkraad geëksamineer word. Die weg staan ook vir Sarel Cilliers oop en 'n dag in die week kan vir die toets bepaal word. En dan lees ons: „waarop de heer Cilliers weer antwoordde dat hy eerst met zijne broeders wilde spreken." [1] Dit is duidelik dat hy deur die ontevrede Potgieter-mense na die laer gestuur was.

Toe die Wen-kommando op reis na Dingaan se stat was, het die Voortrekkers elke aand 'n eenvoudige diens gehou, waarby Sarel Cilliers gewoonlik voorgegaan het. Op Sondag, 2 Desember het hy Josua 10 gelees en daaroor 'n kragtige rede gehou/......

---

1) Dagboek van Erasmus Smit, in dato 14 Januarie 1838.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehou. Hy het hom dus nie by 'n predikasieboek bepaal nie, maar gewoonlik ex tempore gepreek. Die afneem van die belofte by Danskraal het die vorm van 'n diens aangeneem. Aan die begin het Cilliers verduidelik dat as daar iemand was wat nie die gelofte wou aflê nie, hy hom moet verwyder. „Ik stelde het voor wat David zegt, doet belofte maar betaald zijde Heer, het is beter dat wy niet beloof als dat wij beloofd en niet betaal." Hy laat sing uit Ps. 38:

„Want, O trouw en eeuwig Wezen,
In mijn vrezen
Staat mijn hoop op U alleen.
Gij zijt myn God zult in ellenden
Bystand zenden
En verhoren mijn gebeen."

Hy doen 'n vurige gebed, lees die eerste 24 verse van Rigters 6 en hou 'n vrye toespraak na aanleiding daarvan. In sy nagebed het hy die bekende gelofte in naam van almal afgelê, terwyl aan die einde die 406 man as uit een mond die woord „Amen" na hom herhaal het. Sy preekstoel was 'n kanonwa. 1)

## Ouderlinge C. Hattingh en D.F. Jacobs.

'n Ander ouderling van wie ons graag melding maak is Christiaan Hattingh. Hy was die afgevaardigde van die gemeente Cradock op die Ring van Graaff-Reinet in 1839. Toe hy tydens die sitting gewaar dat daar onder die lede seer weinig of 'n floue belangstelling in die geestelike behoeftes van die „uitgewekenes" was, sodat hulle van daardie oord weinig hulp kan verwag, besluit hy om persoonlik na hulle te gaan. Op 10 Februarie 1840 aanvaar hy die reis, vergesel van twee bure. Die eerste Sondag was hulle aan die Buffelsvallei as gaste van die heer P. de Wet. Deur laasgenoemde

word/......

1) Gerdener a.w. 51.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word hy versoek „een Predicatie te lezen, welke begonnen wierd met eene gebed, en het zingen dat 2 eerste versen uit de 12de Evangelische Gezang en weder geëindigd met een gebed en het zingen van het 11de vers uit de 33ste Psalm." 1)

Oorkant die Oranjerivier herken hy dadelik 'n paar families wat hom omhels en onder 'n stortvloed van trane soen. Hy het daar die nag „gebivouakeerd" en 'n skrifgedeelte gelees omtrent die lyde en omwandeling van ons Heiland en Saligmaker, wat met gebed afgesluit is. In sy Dagverhaal vertel hy dat die geestelike vreugde wat dit vir hulle gebaar het, op ieder se aangesig te lees was. Hy beskou dit sy plig om „als Ouderling eener Christelijke Kerk, mijne Landgenoten zoolang zij van het voorrecht ontstoken zijn Godshuis te bezoeken, hen in hunne reizen te bezoeken, tot Godsvrucht te kunne vermanen, ene met geestelijke redevoeringen te ondersteunen, te meer terwijl ik tot mijne innige droefenis bespeurd heb, hoe weinig de Herders genegen waren hunne afgedwaalde kudden te hoeden." Hy het dus nie alleen 'n preek voorgelees nie, maar ook 'n vrye toespraak gehou.

Hy reis verder na die Caledonrivier, na die sendingstasie Maroko en na Sandrivier, waar hy vir 'n paar families oefening hou. Die plan is nou die Drakensberge oor na Natal-toe. Hy ontmoet verskillende leiers, soos Andries Pretorius en Karel Landman, en woon 'n erediens van eerw. E. Smit in Pietermaritzburg by. Dit lyk nie of hy homself beskou as juis uitgestuur om te preek nie, want in enkele gevalle woon hy nederig die godsdiensoefening by, waar 'n ander ouderling voorgaan en hy net die slotgebed verrig. Sy missie was meer een van goeie wil teenoor en belangstelling in die Voortrekkers.

Onder hulle self was daar manne wat die gawe ontvang het om te leer en te katkiseer. Na die vestiging van ge-

meentes/....

1) Dagverhaal gehouden door den Heer C. Hattingh, by Dreyer: Kaapse Kerk en die Groot Trek, 34.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meentes en die verkiesing van ouderlinge, het hierdie waardige manne dikwels die Lewensbrood vir die hongeriges uitgedeel. So iemand was David Francois Jacobs, wat in die gemeente Suikerboschrand, vir jare 'n kerkleier was. Reeds van 1820 was hy kerkraadslid en later ook voorleser van die gemeente, Beaufort. 1) Hy was 'n waardige persoon met 'n vrome lewenswandel. Op die Trek het hy gereeld Sondae oefeninge gehou. Die Natalse Volksraad het op voordrag van die landdros van Winburg hom op 3 Januarie 1840 as katkiseermeester vir die mense ten wèste van die Drakensberge aangestel.

Die derde Kaapse afvaardiging ontmoet hom op Mooirivier en ds. J.H. Neethling getuig dat hy „van de uitgebreidste nuttigheid was door zijnen Christelijken wandel als door het woord ter oefening, waarin hy, by welzijn, elke Zondag der gemeente voorging." Hulle het hom soms gaan afhaal om „door oefening en katechisatie, het Woord Gods bekend te maken", 'n gewoonte wat die predikante vurig aangemoedig het. 2)

Iemand anders wat waardevolle diens onder die emigrante gedoen het, was die <u>voorleser</u>. Die ou gewoonte om 'n voorleser vir die erediens aan te stel, is deur hulle van die kolonie saamgebring. Gewoonlik was die onderwyser 'n ontwikkelde persoon en bekwaam om hierdie pos te vul. Ds. J. Spyker van Kaapstad skryf aan die Inspekteur van Middelbaar en Laer Onderwys te 's Gravenhage om onderwysers vir die Voortrekkers en sê dat hulle gewillig is om by te dra, wanneer so'n onderwyser die neiging toon om as voorleser en voorganger in die kerk op te tree en „aldaar eene gedrukte

of/........

1) S.P. Engelbrecht: Kerklike toestande onder die Voortrekkers ten weste van die Drakensberge, tot op die jaar 1842, by Voortrekker-gedenkboek, Universiteit van Pretoria

2) K.B. 1842.303, 317.

© University of Pretoria

of andere preek voor te lezen." [1]

J. Stuart het ons 'n beskrywing van so'n diens onder die Voortrekkers gegee. Die bure van die omliggende plase kom bymekaar en die oudste in jare lees 'n predikasie voor en doen 'n gebed „uit eigen brein". Niks stoor die aandag nie. Die suigelinge lê aan die bors van die moeder en die kleintjies sit met oop oë en monde te luister na die grysaard. Hulle verstaan die sin, al begryp hulle die woorde nie. In die kerkgeboue by ontstentenis van die leraar gee die ouderling 'n bybelverklaring of hou hy 'n eenvoudige toespraak. [2]

Hy gee een insident wat noemenswaardig is. Hy vertel wat op 25 April 1852 te Potchefstroom gebeur het. In plaas van die gewone namiddaggodsdiens nooi die ouderling die gemeente uit tot 'n meer broederlike - en susterlike-samekoms in die kerkgebou „ten einde dáár een ieders gemoedsbezwaren te vernemen en elkander daarin te verligten." Stuart sê dat hy teenwoordig was, maar gevoel het asof hy verplaas is in een van die eerste gemeentes, deur die Apostels saamgeroep. As hierdie geval nie so geïsoleerd gestaan het nie, sou 'n mens ook aan die konwentiekels van die Piëtiste kon gedenk het, want hierdie rigting het baie van die Voortrekkers beinvloed.

Preekbundels.

Onder die boekery van die lede van die voorttrekkende gemeente het die Bybel nommer een gestaan. Sarel Cilliers het 'n Lutherse Bybel van 1702 gebruik, terwyl ander 'n Statebybel van 1648 en die Deux-aes-Bybel of „Bybel van de Uilenspiegel" hanteer het. [3] Verder was daar die Psalms

van/......

1) Gerdener: Boustowwe, 547.
2) J. Stuart: De Hollandsch Afrikanen, 209.
3) Anna de Villiers: Voortrekker-lektuur, by Voortrekker-gedenkboek U.P. 1938, 131.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Datheen, die Gesange van Sluyter, die stigtelike liedere van van Lodenstein, 'n Lutherse Gesangboek en selfs 'n paar liederbundels in manuskrip o.a. van Mej. D.M. Goosen. Gebedeboeke het ook nie ontbreek nie.

Ons het opgemerk dat in die oefeninge ook van predikasieboeke gebruik gemaak is. Die Voortrekkers het by voorkeur gepraat van hulle „outeurs". In die ou kolonie was daar reeds 'n tamelike sirkulasie van hierdie boeke uit Holland, wat die Trekkers in hul wakiste meegeneem het. Toe hulle in Natal kom en Smellekamp die belofte gee van hulp uit die buiteland, skryf vier stuks van hulle aan diaken J. Swart in Amsterdam om tog te stuur: „eenige predikatieboeken, waaronder van Kist, Bybel-historie van van der Palm en van Lier." [1]

Die enigste preekbundel wat op Suid-Afrikaanse bodem sy oorsprong te danke het, en wat onder hulle geliefd was, was „Eenvoudige Leerredenen" van ds. H.R. van Lier van Kaapstad, deur ons reeds breedvoerig bespreek.[2] Dit het 'n sterk piëtistiese inslag gehad en was werklik „eenvoudig" in teenstelling met die taai inhoud van die ander Hollandse werke.

Ewaldus Kist, predikant van Dordrecht, was as moralis in sy gemeente en by die geleerde wêreld bekend. [3] In sy „Beoefeningsleer" [4] bring hy die sedelike kant van die Christelike godsdiens in kerklik-regsinnige gees weer in ere. Kist het egter nie altyd moraal gepreek nie, soos duidelik blyk uit 'n leerrede ook in Suid-Afrika herdruk nl. „De Goddelijke voorzienigheid beschaamt dikwijls op eene treffende

wijze/......

---

1) J. Stuart: De Hollandsch Afrikanen, 173.

2) Sien p. 169

3) Sien p. 21

4) Deur die Z.A. Boekvereeniging by N.H. Marais in 1861 herdruk. Sien ook K.B. 1856.61.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wijze onze vooruitlopende zorgen," 1) waarin hy na aanleiding van die besorgdheid van die vrouens op die paasmôre, die ongeloof bestraf (Mark. 16 v. 3, 4). Dit is 'n preek vol van tere inhoud. Die feit dat hierdie uitgawe van die leerrede vergesel gaan van 'n brief van „uw heilzoekende Vriend, Een leeraar der Hervormde kerk" aan die Voortrekkers, bewys dat die preek van Kist spesiaal vir hul voordeel bedoel was. 'n Preekbundel van hom „Leerredenen over Gods Deugden", wat as sy beste beskou word, rus tans in die Voortrekker-museum in Pietermaritzburg.

'n Ander „outeur" was Coenraad Mel, 'n duitser van geboorte, inspekteur van kerke en skole in die vorstedom Hersfeld in Duitsland, in Nederland 'n gesogte skrywer. Hy word geroem as 'n man van skrander oordeel, nougesette godsaligheid en onvermoeide vlyt. Sy bekendste werk was „Posaunen der Ewigkeit oder Predigten vom tode, auferstehung der todten, jüngsten gericht Untergang der Welt, hölle und Ewigkeit," waarvan in 1744 die sesde druk in Leipzig en Köningsberg verskyn het. Die vertaling hiervan : „De

Heraut/.......

---

1) „Leerrede door wylen den WelEerw. Zeer Gel. Heer Ewaldus Kist, in leven predikant der Hervormde Kerk te Dordrecht - waar achter gevoegd een Brief van eenen Leeraar der Hervormde Kerk aan zijne Landgenooten in Z.A." (Kaapstad 1838). Ek meen dat die „leraar der Hervormde Kerk" niemand anders as ds. A. Faure was nie. Op 25 Mei 1838 skryf hy aan die Sekretaris van die Goewerneur: „I have adressed a letter to my fellow Colonists on the subject" nl. om hulle van die Trek af te raai. Daarop sê Dreyer in 'n voetnoot (Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 9) dat ten spyte van die grondigste ondersoek dit hom nie geluk het om hierdie brief op te spoor nie. Hy stel die vraag of die brief ooit verstuur is, want hy kan dit nergens vind nie. My konklusie is dat ons hier die „brief" ontdek het. Al skryf hy anoniem, verraai sy styl hom deurgaans. Hy is baie skerp teen die onderneming gekant en vra hulle: „Zegt mij dan, is deze uwe handelwijze wel iets anders dan opstand tegen God, ondankbaarheid tegen uwen Hemelschen Vader, ontevredenheid met zijne wijze en heilige beschikkingen, en een ijdel jagen naar ingebeelde rust?"

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Heraut der Eewigheid of Leerredenen van den Dood, de opstanding der doden, het laatste Oordeel, Helle en Hemel" (derde druk Amsterdam 1752) is ook in die Voortrekkermuseum. Ds. A. Murray, Jnr. skryf vanuit Bloemfontein aan sy broer John dat daar „heel wat debiet schijnt te zijn voor de werken van C. Mel." [1]

Die Voetiaan, Bernardus Smytegelt, was 'n ander geliefde ou skrywer onder die Boeremense. [2] In etlike wonings word vandag nog sy „Het gekrookte riet of 145 predicatiën over Mattheus XII: 20, 21" en „Des Christens eenige troost in leven en sterven, of Verklaring over den Heidelbergschen Catechismus, benevens vijf belydenis-predicaties" aangetref, waarin die gereformeerde Piëtisme van sy rigting duidelik uitkom. „Des Christens heil en cieraad" is in die museum op Pietermaritzburg. Toe Mevrou M. Jonker, wie se bekeringsgeskiedenis deur ds. W. Robertson vir ons opgeteken is, [3] voel dat haar einde nader kom, sê sy aan haar dogter: „De vyand wil my mijn grondstaat betwisten, doch geef my hier Smytegelds Keurstoffe." Die preekbundel word gebring en sy soek 'n preek uit oor „Ik ben uw God" en laat dit vir haar voorlees. Toe die preek klaar was sê sy: „Zie daar, vyand, al uwe listen ontdekt." Ons bring verder in herinnering die uitroep van 'n toehoorder, nadat hy ds. D. Postma gehoor preek het: „Nu hebben wij Smijtegelt weer gehoord!" [4]

Die man wat die kroon onder die „outeurs" gespan het, was Wilhelmus á Brakel, die Rotterdamse predikant. [5] Hy was hoog vereer deur sy aanhangers. Sy „Redelijke Godsdienst"

wat/.......

---

1) J. du Plessis: Leven van A. Murray, 97.

2) Sien p. 129

3) K.B. 1850.208.

4) Postma: De Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Z.A., 234.

5) Sien p.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat in 1700 die lig gesien het, het 'n tal van drukke beleef. [1] Dit was nie 'n predikasieboek nie, maar meer 'n populêre dogmatiek van die gereformeerdes, wat oor allerlei geloofskwessies leiding probeer gee het. á Brakel was 'n innig gelowige, 'n Voetiaan, wat die diepste roersele van die siel kon ontleed. Daarby was hy deur en deur prakties. Al het hy veel goeds gestig vir die kerk van die Here, was daar ook 'n nadelige element in sy „Redelijke Godsdienst". Hy het veel van die labadisme oorgeneem. [2] Vir hom bestaan die kerk alleen uit beproefde gelowiges, hoe deugsaam die ander ook mag wees; die meeste gereformeerde mense het dus geen deel aan die genadeverbond nie. Aan die ander kant wyk hy van die Labadiste af, deur die Bybel aan te prys as die rykste bron vir godsdienskennis.

á Brakel is deur die Voortrekkers gebruik en soms misbruik op verskillende tye en op diwerse maniere. Elkeen wat 'n sekere beskouing wou verdedig, het sy hulp ingeroep. Daartoe het die „Redelijke Godsdienst" hom ook maklik geleen. So vertel Pierre Huet van sy reis van Aliwal Noord na Port Elizabeth dat hy iemand ontmoet wat „op byna overtuigende wijze uit A. Brakel en uit de Heilige Schrift (ik noem A. Brakel opzettelijk het eerste) aangetoond heeft dat ik geen regt had om te prediken." [3]

Op sy tweede alleenreis onder die Voortrekkers het Andrew Murray by Morikwa die Jerusalemgangers teengekom. Hy het posisie op 'n wakis ingeneem, terwyl veertig Boere rondom staan om hom onder kruisverhoor te neem. Nou word W. á Brakel te voorskyn gehaal en allerlei dwase bewysvoeringe aangaande die noodsaaklikheid om onder die Antichris

uit/......

---

1) In my besit is een van die 21e druk.

2) Ypey en Dermout: Geschiedenis III.302.

3) Elpis 1859.43.

© University of Pretoria

uit te kom aangevoer, as bewys dat Murray van onder die Engelse Regering uitkom na daardie kant van die Vaalrivier.[1]

Ook in die Gesange-stryd is hy tot hulp ingeroep. In 'n woordetwis tussen ds. P.A.C. van Heyningen en M.P.A. Coetzee van Lydenburg het laasgenoemde uit die hoofstukke „Men moet zich by de kerk voegen en mocht de kerk verlaten" en „De merktekenen van de ware en valsche kerk" gelees en sy redes daarop gegrond waarom hy die Ned. Geref. Kerk verlaat. [2]

Daar is ook nog ander stigtelike boeke wat die ronde onder die Trekkers gedoen het bv. Florentius Costerus: „De Geestelijke Mensch", Jac. Wellemsen: „Godvruchtige Avondmaalganger", [3] Litteman: „De Verdienste van Jezus" [4] en Wilhelm Leendert Krieger: „Gesprekken en Overdenkingen over het Lyden en sterven, de Geboorte en de Hemelvaart van onze Heere Jezus Christus. [5] Die indrukke van die Franse sendelinge is nogal interessant, dat die Boere hulle van geen Bybel of boek bedien, wat van weë enige „Evangelische Societeit" gedruk is nie [6], m.a.w. hulle het toegesien dat elke predikasieboek die <u>imprimatur</u> of „approbatie" van die Classis of ander kerklike owerheid wegdra. Vir vreemde leer was hulle bedug.

Wat ons verder tref is dat boeke soos dié van á Brakel, Smijtegelt, van Lier e.a., wat die gees van die Piëtisme adem, by hulle gewild was.

BESLUIT/.......

---

1) J. du Plessis: Het Leven van Andrew Murray, 129.
2) Postma a.w. 221.
3) Rotterdam 1837.
4) Utrecht 1792.
5) Amsterdam 1803. Hierdie preekbundels is in die Voortrekkermuseum gehuisves.
6) Groen van Prinsterer a.w. 27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# B E S L U I T.

Al was die Kaapse predikante aanvanklik nie gewillig om die Trek mee te maak nie, het die Here tog voorsien in hul geestelike behoeftes deur aan hulle sendelinge en ander predikers te stuur. Die verkondiging onder die Voortrekkers was deur verskeie faktore bepaal.

Die prediking het 'n sterk Ou Testamentiese kleur gedra, want die ooreenkoms tussen die trek van Israel deur die woestyn en dié van die Boere deur die „heete ingewanden" van Afrika was baie opvallend. Tekste is by voorkeur uit die Ou Testament geneem.

Omdat die leiers dikwels onder mekaar verskil en in onvrede geleef het, moes ireniese prediking aan die beurt kom. Die boodskap van vrede het kragtig van die lippe van sulke manne soos eerw. Smit, di. D. van Velden en A. Murray, Jnr. gevloei.

Die emigrante was dikwels geestelik verwaarloos deur afsondering en gebrek aan leiding, sodat sommige sektariese neigings hulle begin openbaar het. Apologetiese en rigting-gewende preke moes teen die Jerusalemgangers gelewer word om hulle van die dwalinge terug te bring.

Die prediking was verder meesal streng soteriologies met die onmiddellike behoeftes van die siel as doelstelling. As 'n preek enigsins 'n sweem van politieke inmenging weg-gedra het - veral Engelse politiek - dan was dit uiters onwelkom. Die vrees vir Britse oorheersing was by die Voortrekkers baie sterk en daarom moes selfs nie vir die Engelse koningin gebid word nie. Anders is dit natuurlik wanneer dit hul eie staatkundige aangeleenthede geld; Erasmus Smit hou 'n inwydingspredikatie by die inswering van Piet Retief as goewerneur.

Deur die gebrek aan predikers moes hulle gebruik

maak/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak van sendelinge en andere wat nie heeltemal ooreengekom het met hulle belydenis nie. Eerww. Lindley en Döhne het op die stuk van die uitverkiesing nie suiwer gestaan nie.

Sendingprediking was nie orals ewe gewild nie. Aan die hand van die kaffers het hulle baie gevoelige verliese gely, sodat die Boere heelwat vooroordeel moes oorwin. Teen die sending as sodanig was hulle nie gekant nie, getuige die maandelikse bidure vir die uitbreiding van Gods koninkryk deur eerw. Smit. Die prediking van ds. P. Huet met sy pleidooi vir gelykstelling het hulle egter veel teen die bors gestuit.

Gevoed deur hulle gereformeerd-piëtistiese skrywers en preekbundels het die Voortrekkers voorkeur gegee aan evangeliese preke wat van geestelike warmte getuig het. Daarom ook dat ds. Andrew Murray o.a. so'n gunsteling onder hulle was.

© University of Pretoria

© University of Pretoria